

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



# Die Kerkorde

'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde

Deur

Dr. G.P.L. van der Linde  
Hoogleraar aan die Teologiese Skool  
van die Gereformeerde Kerke  
in Suid-Afrika en PU vir CHO

1983

**Nota:** in die teks dui [xxx] die oorspronklike bladsynommers in die gedrukte weergawe aan. Waar die nuwe bladsy in die middel van 'n woord of Skrifverwysing voorkom, word die bladsynommer na die begin van die woord/verwysing verskuif.

## Inhoud

Woord vooraf .....	12
VAN DIE SKRYWER .....	13
HOOFSTUK 1: DIE AGTERGROND VAN DIE KERKORDE .....	14
HOOFSTUK 2: OOR DIE DIENSTE.....	18
ARTIKEL 1.....	18
DOEL VAN DIE KERKORDE .....	18
CHRISTUS DIE ENIGSTE HOOF.....	18
DIE DIENSTE .....	18
INDELING VAN DIE KERKORDE .....	19
ARTIKEL 2: DIE DIENSTE .....	20
DIENS .....	20
AMP EN DIENS .....	20
WAARDIGHEID .....	20
VERANTWOORDELIKHEID EN GESAG .....	20
VIER SOORTE DIENSTE .....	21
ARTIKEL 3: DIE ROEPING TOT DIE DIENS IS NOODSAAKLIK .....	22
WIE MAG PREEK? .....	22
WETTIGE ROEPING .....	22
DIE ROEPING .....	23
INDRINGING IN DIE DIENS VAN 'N ANDER .....	23
HULPDIENS.....	23
AMPSGELYKHEID .....	23
KANDIDATE IN DIE TEOLOGIE .....	24
PROPONENTE .....	24
TUGMAATREËLS .....	24
ARTIKEL 4: DIE WETTIGE BEROEPING EN TOELATING .....	25
WETTIGE BEROEPING .....	25
VOORBEREIDING.....	25
DIE EKSAMINASIE .....	27
WAARIN WORD GEËKSAMINEER?.....	27
OPLEIDING ELDERS .....	27
DIE BEROEPING .....	28
DIE KIESREG .....	28
BEROEPING .....	29
HET DIE HELE GEMEENTE KIESREG?.....	29
DIE VERKIESING .....	29
DIE ONDERSOEK NA DIE LEER EN LEWE .....	29
DIE APPROBASIE .....	30
DIE BEVESTIGING .....	30
DIE HANDOPLEGGING.....	31
DIENS IN 'N KOMBINASIE VAN KERKE .....	31
ARTIKEL 5: BEROEPING VAN EEN KERK NA 'N ANDER .....	32
DIE BEROEPING NA 'N ANDER KERK .....	32
DIE GRONDSLAG VIR DIE BEROEPING VAN EEN KERK NA 'N ANDER.....	32
DIE ERNS VAN DIE ROEPING .....	33
BEROEP VIR 'N TWEEDE MAAL .....	33
DIE VERKIESING .....	34
ANTWOORD OP 'N BEROEP .....	34
DIE KONTROLERING .....	34
DIE VERGADERING VAN DIE KERKRAAD SAAM MET DIE KLASSISDEPUTATE .....	34

DIE BEVESTIGING .....	35
ARTIKEL 6: BEDIENAAR VAN DIE WOORD ONDER 'N BESKERMHEER .....	36
BEROEPING ONDER BESONDERE OMSTANDIGHEDE.....	36
ONTSTAAN VAN DIE ARTIKEL.....	36
TOEPASSING VAN DIE ARTIKEL.....	36
ARTIKEL 7: VERBONDE AAN 'N BEPAALDE KERK .....	37
HOE VER STREK DIE ROEPING EN TOELATING?.....	37
TENSY HY GESTUUR WORD.....	37
KAN 'N KLASSIS OF SINODE BEROEP EN STUUR? .....	38
ARTIKEL 8: TOELATING VAN DIE WAT NIE GESTUDEER HET NIE .....	39
DIE VRYMAG VAN GOD.....	39
DIE GAWES .....	39
TOELATING TOT DIE DIENS .....	40
PROEFTYD .....	40
ARTIKEL 9: TOELATING VAN PREDIKERS UIT ANDER KERKE OF SEKTES .....	41
MOENIE HAASTIG DIE HANDE OPLÊ NIE.....	41
NUWELINGE.....	41
KANSELRUIL .....	42
ARTIKEL 10: VERTREK VAN EEN KERK NA 'N ANDER.....	43
DIE BEWILLIGING .....	43
TOESTEMMING VAN DIE KLASSIS.....	44
APPÊL .....	44
ANTWOORD OP BEROEP .....	44
BEWYS VAN LOSMAKING .....	45
ARTIKEL 11: ONDERHOUD EN ONTSLAG VAN 'N BEDIENAAR VAN DIE WOORD ....	46
DIE VERSORGING.....	46
'N BEHOORLIKE ONDERHOUD .....	46
WAT IS BEHOORLIKE VERSORGING? .....	47
KOMBINASIE.....	47
SUSTENTASIE .....	48
WIE VERSORG? .....	48
BYVERDIENSTE .....	48
WYSHEID EN OOTMOED NODIG .....	49
DIE WYSE VAN INSAMELING .....	49
"... OF HULLE UIT HULLE DIENS ONTSLAAN ..." .....	49
ARTIKEL 12: OORGAAN TOT 'N ANDER STAAT VAN DIE LEWE.....	51
'N SKRIFBEGINSEL?.....	51
ALLEEN OM GEWIGTIGE REDES.....	52
DIE OORDEEL OOR DIE REDES.....	52
EIEWILLIGE NEERLEGGING VAN DIE AMP.....	52
DIE WEG TERUG.....	53
ARTIKEL 13: ONBEKWAAMHEID VIR DIE DIENS .....	54
AANSOEK OM EMERITERING .....	54
GEVOLGE VAN EMERITERING .....	54
DIE POSISIE VAN DIE EMERITUS.....	54
WAT WORD ONDER OUDERDOM VERSTAAN? .....	55
VERTREK UIT DIE KERK WAT HOM GEËMERITEER HET .....	55
WEDUWEES EN WESE .....	56
VERKIESING TOT OUDERLING.....	56
DIE VERSORGING .....	56
DIE GESKIEDENIS .....	56
'N ONDERSTEUNINGSFONDS .....	57
ARTIKEL 14: TYDELIKE ONDERBREKING VAN DIE DIENS .....	58
ONDERBREKING VIR 'N TYD LANK .....	58
NOODSAAKLIKHEID VIR DIE ONDERBREKING .....	58
'N ONBEPAALDE - BEPAALDE TYD .....	58
DIE TERUGKEER.....	59

ARTIKEL 15: BEDIENING VAN WOORD EN SAKRAMENTE IN 'N ANDER KERK .....	60
DIE BEWILLIGING VAN DIE KERKRAAD .....	60
ARTIKEL 16: DIE AMP VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD.....	61
OM IN DIE GEBEDE TE VOLHARD.....	61
DIE BEDIENING VAN DIE WOORD.....	62
DIE BEDIENING EIS ALLE KRAGTE OP .....	62
GOED AG GEE OP HULLE MEDEBROEDERS EN DIE GEMEENTE.....	62
DIE DISSIPLINE UITOEFEN .....	63
ARTIKEL 17: GELYKHEID IN DIE DIENS .....	64
WERKVERDELING .....	64
GELYKHEID IN ALLE DELE VAN DIE WERK .....	64
WAAK TEEN INDRINGING IN DIE DIENS VAN 'N ANDER .....	64
TRAKTERING .....	65
VOLGENS DIE OORDEEL VAN DIE KERKRAAD.....	65
GELYKHEID OOK IN DIE GEVAL VAN OUDERLINGE EN DIAKENS.....	65
ARTIKEL 18: DIE DIENS VAN DIE PROFESSORE .....	66
OORSPRONG VAN DIE ARTIKEL.....	66
DIE TAAK VAN DIE PROFESSORE.....	66
MOET PREDIKANT WEES.....	67
ARTIKEL 19: SORG VIR STUDENTE .....	68
BEGINSELAGTERGROND.....	68
SOVEEL NODIG .....	68
HOE MOET DIE KERKE SORG?.....	68
DIE MIDDELE .....	68
WIE ONDERSTEUN WORD.....	69
GETROUDE STUDENTE .....	69
SAMEVATTING .....	70
ARTIKEL 20: SORG VIR EMERITUSPREDIKANTE SE AFHANKLIKES.....	71
OORSPRONKLIKE ARTIKEL.....	71
NUWE ARTIKEL .....	71
ARTIKEL 21: KERK EN SKOOL.....	72
VERBAND MET OPLEIDING.....	72
NUWE REDAKSIE .....	72
SKRIFTUURLIKE GRONDSLAG .....	72
DOOPBELOFTE .....	73
OUERS EN SKOLE .....	73
C.N.O.-STRYD .....	73
TOESIG VAN DIE KERKRAAD.....	73
GEEN VERKERKLIKING VAN SKOLE NIE .....	73
ARTIKEL 22: VERKIESING VAN OUDERLINGE.....	75
PRINSIPIËLE REGSTELLING .....	75
WIE KIES? .....	76
HOE KIES DIE GEMEENTE? .....	76
WIE IS VERKIESBAAR?.....	78
OUDERDOMSGRENS .....	79
BEVESTIGING .....	79
ARTIKEL 23: DIE AMP VAN DIE OUDERLINGE.....	80
OUDERLINGE IS DIENAARS VAN CHRISTUS .....	80
GESAG .....	80
HULLE DIENS .....	80
TOESIG OOR BEDIENAARS VAN DIE WOORD .....	81
HUISBESOEK .....	81
VERMANING.....	81
HUISBESOEK EN NAGMAAL.....	81
VOOR ELKE NAGMAAL .....	82
ANDER TOT DIE CHRISTELIKE GODSDIENS OPWEK .....	82
ARTIKEL 24: VERKIESING VAN DIAKENS .....	83

VERKIESING VAN DIAKENS .....	83
WIE VERKIESBAAR IS .....	83
ARTIKEL 25: DIE AMP VAN DIE DIAKENS.....	85
DIE EINTLIKE AMP .....	85
KOMPONIS VAN DIE GEMEENSKAP .....	85
ARMVERSORGING.....	86
HOE SORG DIE DIAKENS? .....	87
IN DIE EREDIENS .....	87
PLEK VAN KOLLEKTE.....	87
MET GESAMENTLIKE OORLEG UITDEEL .....	87
VOORKOMING .....	87
OOK AAN ANDER .....	88
HUISBESOEK .....	88
VERSLAG AAN DIE KERKRAAD.....	88
ARTIKEL 26: OORLEGPLEGING MET ANDER LIGGAME .....	89
NUWE REDAKSIE .....	89
VERHOUDING TOT ANDER LIGGAME .....	89
DIE GEREFORMEERDE STIGTING .....	89
OORLEGPLEGING MET KENNIS VAN DIE KERKRAAD .....	89
VERSKILLENDE BESLUITTE.....	90
ARTIKEL 27: DIENSTYD VAN OUDERLINGE EN DIAKENS .....	91
NIE VOLTIDSE DIENS NIE .....	91
GEEN VOORSKRIF NIE .....	91
KONTINUÏTEIT NODIG.....	91
BEVESTIGING NA HERVERKIESING .....	91
ARTIKEL 28: PLIG VAN DIE AMPSDRAERS TEENOR DIE OWERHEDE .....	92
OU REDAKSIE .....	92
ONTSTAAN .....	92
PLIG JEENS DIE OWERHEID .....	93
<b>[118] HOOFSTUK 3: OOR DIE KERKLIKE VERGADERINGS ARTIKELS 29-52 ....94</b>	
ARTIKEL 29: DIE KERKLIKE VERGADERINGS .....	94
TWEË BEGINSELS.....	94
BELEWING VAN EENHEID .....	94
TEN MINSTE TWEË VERGADERINGS .....	94
KERKRAAD.....	94
KLASSIS.....	94
PARTIKULIERE SINODE .....	95
INDELING.....	95
NASIONALE SINODE .....	95
ALGEMENE SINODE .....	95
EKUMENIESE SINODE .....	96
ARTIKEL 30: DIE AGENDA VAN KERKLIKE VERGADERINGS .....	97
DIE KERK EN WÊRELD.....	97
DWALING VAN DIE KERK.....	97
REFORMASIE .....	97
OP KERKLIKE WYSE .....	98
SELFSTANDIGHEID VAN ELKE KERK.....	98
MAG NIE INGRYP NIE .....	99
ONDERLINGE AFHANKLIKHEID VAN KERKE.....	99
ONMAG .....	99
BEROEP OP MEERDERE VERGADERINGS .....	99
WANBESTUUR .....	99
VERSKIL ONDER GEREFORMEERDES .....	99
ARTIKEL 31: GESAG VAN DIE VERGADERINGS.....	100
OORSPRONKLIKE REDAKSIE .....	100

NUWE REDAKSIE .....	100
DIE MEERDERHEIDSTEM .....	100
KONFORMASIE .....	100
WYSE VAN STEM .....	101
GEEN BESLISSENDE STEM NIE .....	101
BESLUIT IS BINDEND .....	101
DIE REG VAN APPEL .....	102
DIE BEWYSLAS .....	102
MINDERHEIDSAANTEKENING .....	102
REGSKRENKING .....	103
UITVOERING VAN BESLUIT .....	103
ADVOKAAT .....	104
ARTIKEL 32: ERKENNING VAN CHRISTUS AS HOOF .....	105
ARTIKEL 33: SAMESTELLING VAN MEERDERE VERGADERINGS .....	106
DIE SAMESTELLING .....	106
GELOFSBRIEWE .....	106
OPENLIKE VERKLARING .....	107
DIE AGENDA .....	107
GEEN OOP AGENDA NIE .....	107
KEURSTEM .....	107
ARTIKEL 34: OPTEKENING VAN WAT NOODSAAKLIK IS .....	109
WAT OPGETEKEN MOET WORD .....	109
ARTIKEL 35: DIE TAAK VAN DIE VOORSITTER .....	110
DIE WOORD VOOROP .....	110
ARTIKEL 36: DIE VERHOUDING TUSSEN DIE VERSKILLENDEN KERKLIKE VERGADERINGS .....	111
DIESELFDE SEGGENSKAP .....	111
ARTIKEL 37: DIE KERKRAAD .....	113
AMP GEWORTEL IN DIE PLAASLIKE KERK .....	113
IN OORLOG MET MEKAAR .....	113
WATTER AMPSDRAERS VORM DIE KERKRAAD? .....	113
BREÏKERKRAAD .....	114
GEMEENTE VERGADERING .....	114
VOORSITTER .....	114
ALGEMENE PRAKTIËSE OPMERKINGS .....	114
ARTIKEL 38: INSTELLING VAN 'N KERKRAAD .....	115
OORSPRONG VAN ARTIKEL .....	115
GOEDKEURING VAN DIE KLASSIS .....	115
LEIDING BY DIE INSTELLING .....	116
UITSONDERINGSGEVALLE .....	116
ONTBINDING VAN 'N KERK .....	116
KLEIN GETAL OUDERLINGE .....	116
KOMBINASIE .....	116
ARTIKEL 39: VERSPREIDWONENDES .....	117
DIE PLEK .....	117
OORSPRONKLIKE DOEL .....	117
ARTIKEL 40: SAMEKOMS VAN DIAKENS .....	119
ONTSTAAN .....	119
WERK VAN DIE DIAKENS .....	119
TOESIG VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD .....	119
KONFERENSIES .....	120
DIAKENS EN MEERDERE VERGADERINGS .....	120
ARTIKEL 41: DIE KLASSIS .....	121
BEGINSEL .....	121
HISTORIES .....	121
NABURIGE KERKE .....	122

AFVAARDIGING .....	122
DIE KLASSIS .....	122
VOORSITTER .....	123
AGENDA .....	123
ARTIKEL 42: ADVISERENDE STEM .....	124
ARTIKEL 43: SENSUUR OP MEERDERE VERGADERINGS .....	125
ARTIKEL 44: VISITASIE .....	126
DOEL VAN VISITASIE .....	126
GEEN INSPEKSIE .....	126
DIE VISITATORE .....	127
RAPPORTAAN DIE KLASSIS .....	127
ARTIKEL 45: ROEPENDE EN KORRESPONDERENDE KERKRAAD .....	128
BEVOEGDHEID .....	128
OPROEP BUITENGEWONE VERGADERING .....	128
ARTIKEL 46: VASSTELLING VAN DIE AGENDA .....	130
ARTIKEL 47: DIE PARTIKULIERE SINODE .....	131
NABURIGE KLASISSE .....	131
AFVAARDIGING .....	131
ARTIKEL 48: ONDERLINGE KORRESPONDENSIE .....	133
KORRESPONDENSIE .....	133
ARTIKEL 49: DEPUTATE .....	134
PLEK VAN DEPUTATE .....	134
ARTIKEL 50: DIE NASIONALE SINODE .....	135
SAMESTELLING .....	135
TYD VAN SAMEROEPING .....	135
BUITENGEWONE SINODES .....	135
VERVROEGDE SINODE .....	136
WERKWYSE .....	136
ARTIKEL 51: DIE ALGEMENE SINODE .....	137
DIE SAMESTELLING .....	137
SAAMROEPING .....	137
ARTIKEL 52: KORRESPONDENSIE .....	138
REDAKSIE .....	138

#### **HOOFSTUK 4: OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES**

##### **ARTIKELS 53-70..... 139**

ARTIKEL 53: ONDERTEKENING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE .....	139
VERBAND .....	139
NET DIENSKNEGTE .....	139
DIE WOORD DIE BRON .....	139
DIE BELYDENISSKRIFTE .....	139
ONDERTEKENING .....	140
ONDERTEKENINGSFORMULIER .....	140
ARTIKEL 54: ONDERTEKENING DEUR OUDERLINGE EN DIAKENS .....	142
ARTIKEL 55: HANDAWING VAN DIE SUIWERE LEER .....	143
DIE REDAKSIE VAN DIE ARTIKEL .....	143
BELANGRIKHEID VAN DIE ARTIKEL .....	143
STRYD TEEN DWAALLEER .....	144
ARTIKEL 56: DIE HEILIGE DOOP .....	145
DIE VERBOND VAN GOD .....	145
BELOFTE .....	145
EIS .....	145
DIE SEËL VAN DIE VERBOND .....	146
TEKEN .....	146
VERSEKERING AAN DIE PERSOON .....	146
DIE DOPELING .....	147



DIE KINDERDOOP .....	147
PROBLEME IN DIE PRAKTYK .....	148
MOET KINDERS VAN AFVALLIGE (KERKLOSE) OUERS GEDOOP WORD? .....	148
KINDERS VAN AFGESNEDENES .....	148
BUIITE EG GEBORE .....	148
ADOPSIE .....	148
OUERS WAT DOOPLEDE IS .....	149
OUER WAT NIE LID VAN DIE KERK IS NIE .....	149
DOOP IN 'N ANDER KERK .....	149
LEEFTYDSGRENS VIR DIE KINDERDOOP .....	149
ERKENNING VAN DIE DOOP .....	150
KINDERS IN 'N INRIGTING .....	150
TYD VAN DIE DOOP .....	150
PLEK .....	151
DIE BEDIENAAR VAN DIE DOOP .....	151
WYSE WAAROP DOOP BEDIEN WORD .....	151
DIE FORMULIER .....	152
ARTIKEL 57: AANVRAAG VAN DIE DOOP .....	153
NADERE ONDERRIG NOODSAAKLIK .....	153
ARTIKEL 58: GEBRUIK VAN DOOPFORMULIERE .....	154
FORMULIERE NOODSAAKLIK .....	154
ARTIKEL 59: VOLWASSE DOOP EN DIE NAGMAAL .....	155
VERSKIL TUSSEN KINDER- EN VOLWASSEDOP .....	155
ARTIKEL 60: DOOPREGISTER .....	156
BEGINSELAGTERGROND .....	156
NAAMGEWING .....	156
ARTIKEL 61: DIE NAGMAAL .....	157
DOOP EN NAGMAAL .....	157
DIE TAFELGENOTE .....	157
AFLEGGING VAN BELYDENIS .....	158
TOELATING DEUR VOLLE KERKRAAD .....	158
VOOR DIE GEMEENTE .....	159
AANSLUITING UIT ANDER KERKE .....	159
HUISBESOEK .....	159
TOELATING UIT ANDER GEREFORMEERDE KERKE .....	159
ARTIKEL 62: DIE MANIER OM NAGMAAL TE VIER .....	161
MIDDELMATIGE DINGE .....	161
DINGE WAT NAGEKOM MOET WORD .....	161
ARGUMENTE VIR DIE GEBRUIK VAN KELKIES .....	161
DRUIWESAP .....	162
BYGELOOF .....	162
NA DIE PREEK .....	162
DIE FORMULIER .....	162
TWE VIERINGE OP EEN SONDAG .....	162
VOORBEREIDING .....	163
ARTIKEL 63: TYD VAN DIE NAGMAALSVIERING .....	164
ARTIKEL 64: PLEK WAAR DIE NAGMAAL BEDIEN WORD .....	165
ARTIKEL 65: GEEN LYKPREDIKASIES .....	166
WAAK TEEN DWAALLEER .....	166
FAMILIESAAK? .....	166
ARTIKEL 66: DAE VAN VEROOTMOEDIGING EN GEBED .....	167
'N REG KRAGTENS DIE VERBOND .....	167
BESONDERE NOOD .....	167
HISTORIESE AGTERGROND .....	167
UITSKRYWING .....	168
SKULDBELYDENIS EN SMEKING .....	168
AANGEWESSE BROEDERS .....	168

GEEN AFDWINGING NIE .....	168
UITSKRYWING IN DIE PRAKTYK .....	168
ARTIKEL 67: CHRISTELIKE FEESDAE .....	170
MOTIVERING VIR HUIDIGE REDAKSIE.....	170
HOORT DIE ARTIKEL SÓ TUIS IN DIE KERKORDE?.....	170
ONDERHOUDING VAN DIE SONDAG .....	170
FEESDAE .....	170
ALLEEN TOEGEWING.....	171
GOEIE VRYDAG .....	171
ARTIKEL 68: KATEGISMUSPREDIKING .....	172
WOORDBEDIENING.....	172
ARTIKEL 69: DIE KERKLIED .....	174
VERBONDSGEMEENSAP .....	174
SKRIFBERYMINGE .....	174
DIE ORREL.....	175
EENHEID BEWAAR .....	175
ARTIKEL 70: DIE HUWELIK.....	176
INSTELLING VAN GOD .....	176
GEBOOE.....	176
VOLGENS DIE FORMULIER .....	176
VERBODE HUWELIKE .....	176
HUWELIKSBEVESTIGER .....	176
<b>HOOFSTUK 5: OOR DIE KERKLIKE TUG ARTIKELS 71-86.....</b>	<b>178</b>
ARTIKEL 71: DIE KERKLIKE TUG .....	178
TUG .....	178
DISSIPLINE .....	178
SENSUUR .....	178
ONDERSKEID TUSSEN TUG EN STRAF .....	178
DIE TEMPEL VAN GOD MAG NIE GESKEND WORD NIE.....	178
DIE KERK MOET KERK GEHOU WORD.....	179
TUGMIDDEL .....	179
VOORWERP VAN DIE TUG.....	179
TUG OOR DOOPLIDMATE .....	179
ARTIKEL 72: HEIMLIKE SONDES (1) .....	180
WANNEER WORD OPGETREE? .....	180
DIE BELYDENIS AANTAS.....	180
WANDEL.....	180
HEIMLIKE SONDES .....	181
ONDER VIER OË .....	181
ARTIKEL 73: HEIMLIKE SONDES (2) .....	182
VERGIFNIS NA BEROU EN BEKERING .....	182
ARTIKEL 74: OPENBARE SONDES .....	183
OPENBAAR DEUR VERHARDING.....	183
HOE DIE SONDE AANGEGEE WORD .....	183
SONDAAR MOET SY SAAK SELF STEL .....	183
BESTRAFFING .....	183
NOUKEURIG OPTEKEN.....	183
OPENBARE SONDES .....	184
SÊ DIT AAN DIE GEMEENTE .....	184
ARTIKEL 75: VERSOENING .....	185
AS TUG DIE DOEL BEREIK .....	185
GENOEGSAME TEKENS .....	185
WYSE VAN VERSOENING .....	185
OPENBARE VERSOENING .....	186
DEUR 'N AANKONDIGING .....	186

VERSKYNING VOOR DIE GEMEENTE .....	186
MET ADVIES .....	186
ARTIKEL 76: OPTREDE BY VERHARDING IN DIE SONDE.....	187
LANG PROSES .....	187
DIE KLEIN BAN.....	187
ARTIKEL 77: DIE AFSNYDING .....	189
DIE GROOT BAN.....	189
EERSTE STAP .....	190
TWEDE STAP .....	190
INLIGTING VAN DIE KERKRAAD .....	190
DERDE STAP .....	190
SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES .....	191
VERHOUDING TOT DIE AFGESNEDENE .....	191
KINDERS VAN AFGESNEDENES .....	191
AS DIE SONDAAR DIE KERK BEDANK.....	191
ARTIKEL 78: VERSOENING EN WEEROPNEMING .....	193
ARTIKEL 79: TUG OOR AMPSDRAERS.....	195
DIE BEDIENING BEKLAD.....	195
REG VAN VERWEER .....	196
INSAE IN BESWARENDE STUKKE.....	196
OORDEEL SONDER PERSOONLIKE VERWEER.....	196
DIE KERKRAAD HANDEL .....	196
HULP VAN NABURIGE KERKE.....	196
DEPUTATE .....	196
WAAK TEEN WILLEKEUR EN VOORoordeel .....	197
BESLIS SAAM.....	197
PROSEDURE.....	197
BESLUIT OOR AFSETTING.....	197
ONTSLAG AANVRAAG DEUR 'N AANGEKLAAGDE .....	199
GEEN MAKLIKE WEG TERUG NIE .....	199
HERSTEL IN DIE AMP .....	199
EIEWILLIGE NEERLEGGING VAN DIE AMP .....	199
OUDERLINGE EN DIAKENS.....	199
ARTIKEL 80: AFSETTINGSWAARDIGE SONDES .....	200
ONBEKWAAMHEID .....	200
ARTIKEL 81: ONDERLINGE SENSUUR .....	201
ERNS VAN ONDERLINGE SENSUUR .....	201
GEEN FORMELE AANKLAG NIE.....	201
BEMOEDIGING .....	202
LEER EN LEWE .....	202
VOOR ELKE NAGMAAL .....	202
ARTIKEL 82: ATTESTASIES.....	203
VERHUISING.....	203
PLIG VAN DIE KERKRAAD .....	203
SAAMGEE .....	203
OP AANVRAAG VAN DIE LIDMAAT .....	203
NET AAN KERKE IN KERKVERBAND .....	204
GEEN REISBILJET NIE .....	204
REIS ATTESTASIE .....	204
ONDERTEKENING .....	204
VORMS.....	205
BESONDERE VRAE .....	205
AFSTIGTING .....	205
MAG 'N ATTESTASIE AANGESTUUR WORD SONDER DAT DIE LIDMAAT DIT AANVRA?	205
.....	205
MOET 'N ATTESTASIE ALTYD AANVAAR WORD?.....	206
ARTIKEL 83: VERTREKKENDE ARMES .....	208

ARTIKEL 84: GEEN HEERSKAPPY .....	209
POUS SE PRETENSIE .....	209
ARTIKEL 85: VERHOUDING TOT BUITELANDSE KERKE .....	211
ARTIKEL 86: VERANDERING VAN DIE KERKORDE .....	212
AKKOORD VAN GEMEENSKAP.....	212
MET ALGEMENE STEMME .....	212
KERKLIKE VERGADERINGS KAN DWAAL .....	213
VERANDERING .....	213
GEEN GROOT BEHOEFTE NIE .....	213

## Woord vooraf

Dit is werklik met groot vreugde dat die Publikasiekomitee van die Teologiese Skool te Potchefstroom in 'n jaar se tyd alreeds 'n vierde teologiese merk kan laat verskyn. Die embleem PTP is in teologiese kringe nie meer onbekend nie.

Nadat hy alreeds jare lank met die Kerkreg besig is, het prof. Van der Linde die vrug van sy klaskamerarbeid ook diensbaar vir die kerke gestel. Daarin het hy hierdie komitee pragtig gehelp om sy ideaal te bereik: teologie nie ter wille van die teologie self in die eerste plek nie, maar ter wille van Christus se kerk. Hiermee is natuurlik nie die laaste woord oor die gereformeerde Kerkreg gesê nie, maar os dit kan prikkel en stimuleer tot groter verdieping en uitbouing van ons gereformeerde erfenis en dat die regering van die gemeente deur sy Hoof Christus meer en meer deur die lidmate beleef word, is ons baie verheug

Met hierdie publikasie het daar egter ook nog iets anders bygekom, naamlik dat dit moontlik gemaak is deur die entoesiastiese steun en daadwerklike uitvoering van broeder T.G. van Wyk van Pretoria. Eintlik kon ons sê dat sonder sy hulp die publikasie daarvan vir die komitee op hierdie stadium 'n onbegonne taak was. Wat 'n voorreg dat daar drukkers is met so 'n liefde vir die gereformeerde teologie!

"Vivat schola, vivat religio" - Mag die skool lewe, mag die godsdiens lewe! Met hierdie spreuk van Prins Willem van Oranje, is dit ons wens en bede dat hierdie geskrif tot groot seën vir die kerke sal wees.

V.E. d'Assonville

(Voorsitter van die Potchefstroomse Teologiese Publikasies)

## **VAN DIE SKRYWER**

*Met dankbaarheid en erkentlikheid aan T.G. Van Wyk Drukkers (Edms.) Bpk., en aan die Publikasiekomitee van die Teologiese Senaat word hierdie werk, wat ses jaar gelede as 'n klasdiktaat vorm begin aanneem het, aan studente in die Kerkreg sowel as die kerke wat gedurig met die kerkreg besig is, gebied.*

*In voorbereiding is 'n boek "Gereformeerde Kerkreg", waarin aandag gegee word aan die Skriftuurlike uitgangspunte van die Kerkreg. Die werk sal nuttig saam met "Die Kerkorde" gebruik kan word.*

*In die jare wat verby is, het die kerke veel nut gehad van L.S. Kruger, B. Spoelstra, T. Spoelstra en H.L.M. du Plessis se Handleiding by die Kerkorde. Dit is tans uit druk en derhalwe vul hierdie aangebode werk die leemte op wat so ontstaan het.*

*Die skrywer*

*POTCHEFSTROOM*

*JUNIE 1982*

*Opgedra aan  
my liewe vrou en ons  
seun Gerhard.*

## **[1] HOOFSTUK 1: DIE AGTERGROND VAN DIE KERKORDE**

Die kerk is die eiendom van die Here. Christus is Hoof van die kerk. Daarom is dit vanselfsprekend dat die kerke hulle aan Hom moet onderwerp. Hy skryf voor hoe elkeen hom in die huisgesin van God, dit is die kerk, moet gedra.

Hierdie voorskrifte het Hy in sy Woord gegee en dit moet deur die geroepe diensknegte aan die kerk voorgehou word terwyl hulle ook moet sorg dat die gedrag van die kerk daarmee ooreenstem.

Die Apostels het reeds op elke plek waar 'n kerk vergader is deur hulle prediking dit op die manier georganiseer wat deur Christus aan hulle deur die Heilige Gees voorgeskryf is.

Die manier waarop hulle dit gedoen het, het die grondslag gelê vir wat later genoem is die presbiteriale kerkregeringstelsel.

Gedurende die eerste eeue is in die kerkregering op die werk van die Apostels voortgebou. Ongelukkig is veral vanaf die begin van die tweede eeu, onder druk van die vervolginge sowel as die opkomende dwaalleer, begin om 'n verkeerde nadruk te lê op die posisie van die predikant – toe nog biskop genoem. Alle aandag is op hom gevestig. Hy is deur die Romeine gesien as die leier van die kerk en hulle het gemeen dat as die predikant voor die dreigemente sou swig of so nie doodgemaak word, sou die kerk vanself doodbloei. Die kerk het weer van sy kant die predikant gesien as die een by wie die eenheid van die kerk berus. Hy moes leiding gee in die vervolginge sowel as in die verwarring wat die ketters ten opsigte van die leer gestig het. Daar is na die predikant (biskop) opgesien om te sorg vir die eenheid van die kerk deur die waarheid teenoor die leuen wat die ketters versprei het te handhaaf.

Hoewel dit waar is dat die predikant ook 'n taak het met die oog op die bewaring van die eenheid van die kerk, het die duiwel die haglike omstandighede wat destyds geheers het, gebruik om 'n verkeerde beklemtoning van die werk van die predikant te gee. Dit het dan ook daartoe aanleiding gegee dat die predikant veral sedert die einde van die derde eeu beskou is as 'n soort absolute koning in die kerk. Die ouderlinge en diakens is al hoe meer net as sy helpers gesien. Die predikant het uiteindelik teen die vierde eeu alleenseggenskap in die kerk gehad. Hy het nou 'n ware biskop - 'n opsiener, 'n baas - in wêreldse sin geword. Hy was al hoe minder dienskneg van Christus en al hoe meer heerser oor die erfdeel van die Here.

**[2]** Gedurende die vroeë Middeleeue het dit al sover gekom dat die biskop van Rome aanspraak daarop gemaak het dat hy die opvolger van Petrus is en daarom die biskop van die biskoppe is. Elke biskop was toe nog die heerser in sy eie kerk, maar hy het dit met verloop van tyd net as gevolmagtigde van die biskop van Rome geword. Uiteindelik was die biskop van Rome ook nie meer net opvolger van Petrus nie, maar wel ook die plaasvervanger van Christus op aarde. Hy is toe genoem papa, die vader van wie almal afhanklik is. Vandaar die benaming: pous.

Daarmee het die duiwel daarin geslaag om die dienskneg in die plek van die Here in die kerk te laat heers. Die kerk is vervals deur die ontrou van die diensknegte wat van stap tot stap die kerkregeringstelsel waarvan die grondslag in die Skrif gegee is, verruil het vir 'n stelsel wat in hulle oog meer dienstig was om die kerk uit sy nood in die wêreld uit te help. Die Pous is gebore uit goeie bedoelings!

Die Here laat egter nie die werk van sy hande vaar nie. Toe daar in die uitwendige organisasie niks meer van die wese van die kerk opgemerk kon word nie, het Hy manne verwek om sy kinders uit die vervalste kerk uit te lei en weer as ware kerk te vergader.

Luther het aan die begin van die sestiende eeu die voortou geneem. Terwyl hy geworstel het om 'n genadige God te vind, het hy as professor die Psalms, die Galasiërbrief en eindelijk Romeine met sy studente behandel. Deur die studie het hy tot die ontdekking gekom dat Jesus Christus ons Middelaar en daarom ook ons Koning is. Wie deur die geloof in Hom verlos is van die toorn van God, is tegelyk ook aan Hom onderworpe.

Luther het so vanaf 1517 met volle krag weer geproklameer dat Christus die enigste Koning van sy kerk is. In die kerk geld alleen sy Woord wat deur mense bedien moet word. Luther het weer die amp in ere herstel.

Hy was begenadig om hierdie grondbeginsel waarop die presbiteriale kerkregeringstelsel rus weer duidelik op die voorgrond te stel. Hy kon die stelsel egter in die verwarde tyd nie nader uitwerk in 'n kerkorde en in die praktyk toepas nie. Dit was veral aan Calvin beskore om dit te doen. Hy het die grondlyne van die presbiteriale kerkregeringstelsel weer uit die Skrif opgediep en in sowel die verskillende uitgawes van die institusie vanaf 1536 as kommentare op die Bybelboeke en in preke uitgestippel.

Calvin het ook sedert 1537 die beginsels in Genève begin toepas in soverre as wat die stadsowerheid dit toegelaat het. Hy het deeglik rekening gehou met die feit dat die kerk nog in 'n oorgangstadium verkeer het. Daar is pas van die Roomse dwaalleer afstand gedoen en daar kon nie verwag word dat alles oombliklik in die kerk vlot sou verloop ooreenkomstig die voorskrifte van Christus nie. Daarom was hy geduldig en toegeeflik teenoor die stadsowerhede wat vir hulleself 'n aandeel in die kerkregering opgeëis het. In sy toegeeflikheid het Calvin egter gewaak <sup>[3]</sup> dat die allesbeheersende beginsel dat die kerk alleen volgens die voorskrifte van Christus regeer mag word, nie verkrag word nie. In 1538 het hy hom liever laat verban uit Genève as om die kerklike tug in die hande van die owerhede te gee.

Die kerke in Frankryk sowel as die vlugtelingkerke in Duitsland en Engeland het die beginsels wat Calvin aangedui het vir die kerkregering en ook sy voorbeeld in die toepassing daarvan, gevolg.

Die bepalende invloed van Calvin word in al die kerkordes wat tussen 1537 en 1571 ontstaan het opgemerk. En as die Nederlandse Kerke vir die eerste keer op eie bodem te Emden gedurende 1571 vergader om 'n kerkorde op te stel, kon alleen op die werk van Calvin en die kerke wat deur hom beïnvloed is, voortgebou word. Verskillende sinodes van die Nederlandse kerke het daarna die Kerkorde wat te Emden opgestel is, verbeter en aangevul totdat die Sinode van Dordrecht 1618/19 'n finale beslag daaraan gegee het.

Die Nederlandse kerke moes egter ook van die begin af stry teen die bemoeiing van die owerhede in die kerkregering. Die sinodes moes op een of ander manier altyd sorg dat die owerhede medeseggenskap kry in die beroeping van predikante sowel as die verkiesing van ouderlinge en diakens.

Ook kon die kerkordes wat deur die sinodes opgestel is eers regs krag in die kerke kry nadat die owerheid dit goedgekeur het. Teen die einde van die sestiende en die begin van die sewentiende eeu het die owerheid ook die reg tot die sameroeping van 'n nasionale sinode vir homself toegeëien. So was die Dordtse Sinode van 1618/19 saamgeroep in opdrag van die Prins van Oranje en die Stategeneraal om te oordeel oor die Remonstrantse leringe.

Verder moes politieke kommissarisse die belange van die owerheid ter sinode gehandhaaf het.

Na afloop van die Sinode van Dordrecht het die Nederlandse owerheid nie toegelaat dat daar weer 'n nasionale sinode saamgeroep kon word nie. Kerklike sake is onder toesig van die owerhede deur die kerkrade gereël.

## **DIE KERK AAN DIE KAAP**

Toe die verversingspos in 1652 aan die Kaap gestig is en die kerk daar gevestig is, het die owerhede reeds 'n vaste greep op die kerkregering gehad in Nederland. Die gevolg was dat die kerk aan die Kaap van die begin af onder die opperheerskappy van die owerhede gestaan het. Daar was wel 'n band met die Klassis Amsterdam, maar die kerkraad moes hulle eerstens aan die owerheid onderwerp. Die predikante is nie beroep nie maar deur die owerheid aangestel.



[4] Ouderlinge en diakens kon alleen na goedkeuring van die goewerneur in hulle amp bevestig word. Waar sprake was van die toepassing van die Dordtse Kerkorde kon dit alleen gebeur indien die owerheid dit goedgekeur het.

Nadat die bewind van die Oos Indiese Kompanjie beëindig is en die Kaap onder gesag van die Bataafse Republiek gekom het, is aan die Kerk in 1804 'n nuwe kerkorde gegee deur die Kommissaris-Generaal J.A. de Mist. Prof. J.P. Jooste (1946) sê hiervan: "Daardeur het die kerke in die Kolonie te staan gekom voor die feit dat hulle 'n kerkorde of kerkreglement moes ontvang wat opgestel was deur 'n staatsman van liberale beginsels, nadat hy volgens eie getuienis die 'Consideration van Gouverneur en Raden van Politie' ingewin het." (bl. 90). Van 'n Skriftuurlike kerkregeringstelsel was daar nou selfs bedektelik nie meer sprake nie. Die kerkorde was geheel en al vrug van die rewolusionêre denkbeelde oor die kerk as 'n vrye genootskap wat georganiseer is om 'n hoogste wese te eerbiedig en deug en goeie sedes onder die burgers te bevorder. Christus is nie meer as Koning van die kerk erken nie, maar die owerheid het volledig aan die kerk voorgeskryf hoe hy hom moet gedra en die kerk was alleen aan die owerheid verantwoording vir sy gedrag verskuldig. Politieke kommissarisse moes sorg dat die kerkrade die bepalings van die kerkorde nakom.

Toe die Engelse die Kaap in 1806 beset het, was een van die voorwaardes vir die oorgawe dat die kerklike regte en voorregte wat onder die Bataafse bewind geniet is, gewaarborg moes word. "Daarmee" sê Kleynhans (1974) "is die waarborg gegee dat daar ten opsigte van die kerk-staatverhouding geen ingrypende verandering sou plaasvind nie. Die Kerkorde van De Mist sou ook onder die nuwe regering van krag bly." (bl. 37).

Predikante aan die Kaap het in 1824 op grond van die Kerkorde van De Mist daarop aangedring dat 'n sinode van Kaapse kerke byeengeroep sou word. Die sinode het 'n "Algemene reglement vir die bestuur van die Nederduits Hervormde Kerk in Suid-Afrika" opgestel.

Die sinode moes met advies van die politieke kommissaris die Kerkorde van De Mist as grondwet erken en dit as grondslag neem by die opstelling van die Algemene Reglement. Dit is gewysig, verbeter en vermeerder aan die hand van die Algemene Reglement van die Hervormde Kerk in Nederland van 1816. Laasgenoemde het dieselfde rewolusionêre gees as die Kerkorde van De Mist geadem. Die gevolg was dat daar in 1824 net voortgebou is aan 'n onskriftuurlike kerkregeringstelsel waardeur die kerk geheel en al ondergeskik gestel is aan die staat.

Die Skotse predikante wat intussen gewerf en aangestel is in die Kaapse kerke, kon hulle egter nie met die toedrag van sake versoen nie. Hulle het 'n stryd teen die owerheidsoorheersing in die kerk aangeknoop wat in [5] 1837 op die spits gedryf is. Op die Sinode van 1837 is 'n kommissie aangestel om die Reglement te hersien. Hulle het op die Sinode van 1842 verslag gelewer en die gevolg was dat 'n nuwe reglement aanvaar is wat nog die een van 1824 as grondslag gehad het.

Die staatsbemoeiing in kerklike sake is deur die reglement egter beperk tot die bekragtiging van die reglement en die toesig dat die kerk daarvolgens regeer word. Hierdie reglement is in 1843 deur Ordonnansie No. 7 gewettig en van toe af was die kerk in Suid-Afrika vry om homself te regeer onder toesig van die owerheid ooreenkomstig die goedgekeurde reglement.

Hoewel die kerk vry geword het om eie sake te kan reël is die kerkregering nog altyd beheers deur die beginsels wat De Mist daarvoor neergelê het. Daar is afskeid geneem van die reformatoriese kerkreg.

Die reglement is aanvanklik ook deur die Hervormde Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek aanvaar. Dit was aan hierdie Reglement wat die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk ds. D. Postma op sy vergadering van 11 Januarie 1859 wou bind met die besluit: "Die Kerkelike inrichting, maar ook niets meer, wenscht de Vergadering bovengenoemd dat hier zal instand blijven." Hierop het ds. Postma geantwoord dat hy

dan nie in die Hervormde Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek sou kon dien nie. "Ik acht, dat ik gisteren dit genoeg uit Gods Woord en de Gereformeerde Kerkregering het aangetoond ...". Verder skryf hy in sy joernaal, soos afgedruk by D. Postma (1905), dat vyftien broeders dit onmoontlik gevind het "onder zulk een overheerschend Kerkbestuur langer in de Kerkelijke Gemeenschap te blijven ...". Hulle het toe tot die besluit gekom om "te bestaan als eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen zooals die zich te Dordrecht, in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne Nationale Synode, de Kerkorde gewijzigd naar dat onze tegenwoordige omstandigheden het vorderen."

Die wysigings waarvan sprake is, is op so 'n wyse deur ds. D. Postma aangebring dat dit in sommige opsigte neergekom het op 'n wesentlike verandering van die Dordtse Kerkorde. Dit is seker ook die rede waarom die Sinode van 1862 te Reddersburg die gewysigde kerkorde ter syde gestel het en die Dordtse Kerkorde netso aanvaar het, behalwe dat die regte wat in sekere artikels aan die owerheid gegee is, weggelaat is. Die sinode het voorts ook besluit dat die kerkorde sover moontlik gehandhaaf sou word onder die landsomstandighede. Die beginsel dat daar meerdere vergaderings moet wees, is wel toegepas, maar nie letterlik volgens die kerkorde nie. In die plek van die klassis en partikuliere sinode het die algemene vergadering gekom sodat daar net drie kerklike vergaderings was in die plek van die vier wat art. 29 genoem het.

[6] Na 1862 is daar ooreenkomstig art. 86 deur verskillende sinodes wysigings aan die kerkorde gebring. Die Sinode van Potchefstroom 1964 het 'n deurtastende hersiening van die Kerkorde goedgekeur; terwyl latere sinodes, veral met die oog op die konstituering van 'n algemene sinode, verdere wysigings aangebring het.

Hierdie wysigings raak egter nie die beginsels wat in die Dordtse Kerkorde vervat is nie, sodat ons met reg kan sê dat die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nog steeds gegrond is op die reformatoriese kerkordes, wat weer gewortel is in die Skrif.

## LITERATUUR:

1. BRONKHORST, A.J. 1947. Schrift en Kerkorde. Den Haag.
2. BOUWMAN, H. 1928 & 1934: Gereformeerde Kerkrecht I en II.
3. DU PLOOY, A. Le R. 1981: Kerkverband 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie. PU vir CHO. (Proefskrif).
4. VAN DER WALT, J.J. 1976: Christus as Hoof van sy Kerk en die Presbiteriale Kerkregeringstelsel. Pro Rege.
5. VAN DER LINDE, G.P.L. 1965: Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel. Pro Rege.
6. JOOSTE J.P. 1946. Die Verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e eeu. Sacum.
7. POSTMA, D. 1905: Geschiedenis der Gereformeerde Kerk. Paarl.
8. KLEYNHANS, E.P.J. 1974: Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962. Bloemfontein.
9. SNYMAN, S.D. 1980: 'n Ondersoek na die Kerkregtelike Beskouinge van Ds. D. Postma soos dit na vore kom in sy 1859 K.O. Teologiese Skool Potchefstroom, Studentestudies.
10. PONT, A.D. 1981: Die Historiese agtergronde van ons Kerkreg. H.A.U.M.
11. SIZOO, DR. A.: Johannes Calvyn, Institusie. (Deel 111 Boek IV). Uit het Latyn vertaald. Tweede druk. Delft.

## [7] HOOFSTUK 2: OOR DIE DIENSTE

**"Om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig: die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die kerklike tug, waaroor hierna agtereenvolgens gehandel word."**

### ARTIKEL 1.

#### DOEL VAN DIE KERKORDE

Die artikel het 'n inleidende karakter en omskryf die doel van die kerkorde.

Die kerke is een in belydenis en daarom moet hulle ook één wees in kerkregering. Die kerkorde is vrug van die belydenis en word deur die kerke gesamentlik vasgestel sodat elkeen kan weet hoedat hy hom in die huisgesin van God moet gedra.

In die vasstelling van die kerkorde is uitgegaan van 1 Korinthiërs 14:40: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan." Die oorspronklike woorde, wat met "welvoeglik" en "ordelik" vertaal is, toon dat die Heilige Gees in hierdie teks deur die apostel Paulus beveel dat alles in die kerk in ooreenstemming met die voorskrifte vir die kerk moet gaan.

Die kerk is die vergadering van die gelowiges (N.G.B. Art. 27). Hulle is deur Christus vergader om hulle te onderhou en te beskerm (H.K. Sondag 21) en om hulle te leer om alles te onderhou wat Christus hulle beveel het (Matt. 28:19). Hulle moet die sout van die aarde en die lig van die wêreld wees (Matt. 5: 13-16).

Die kerk moet kerk bly en aan sy doel beantwoord en om daaraan te kan beantwoord moet dit ooreenkomstig die voorskrifte van Christus regeer word.

#### CHRISTUS DIE ENIGSTE HOOF

Christus is die enigste Hoof en Koning van sy kerk. Hy alleen het seggenskap daarvoor en Hy self sorg dat die kerk beantwoord aan die doel waarvoor Hy dit saamgeroep het. Daarom word in artikel 1 gepraat van "die kerk van Christus". Hy het dit duur gekoop, met sy bloed. Die skape luister daarom na die stem van die Goeie Herder. Hulle volg Hom gewillig en met vreugde (Joh. 10). Hier is geen sprake van dwang nie. Die [8]kerkorde het 'n geestelike karakter. Die nuwe mensheid in Christus word juis gekenmerk deur die "spreek Here U dienskneg hoor." Die doel van die kerkorde is dan om te sorg dat die stem van die Goeie Herder gehoor en daarna geluister sal word. Dit kan alleen gebeur as die kerk geregeer word ooreenkomstig die voorskrifte van Christus soos Hy dit in sy Woord openbaar.

#### DIE DIENSTE

"Om die goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig: die dienste ...".

Christus self sorg dat die goeie orde in sy kerk onderhou word, maar Hy doen dit deur die *diens* van mense. Hy gebruik mense om sy voorskrifte vir die gedrag van sy kerk in sy Woord nate speur, dit te omskryf, dit toe te pas en te handhaaf. Hy dra egter nie sy gesag aan die mense oor nie; Hy oefen sy gesag deur hulle uit; Hy werk self deur hulle.

Om hierdie waarheid tuis te bring het die opstellers van die kerkorde, terwyl hulle nog sterk onder die indruk was van hoedat die Pous Christus uit sy kerk verdring het, die Nuwe Testamentiese begrip *diakonia* (diens) in artikel 1 op die voorgrond gestel. Die mense deur wie Christus sy kerk regeer, is maar geroepe diensknegte. Hulle moet net deurgee wat Hy beveel in sy Woord. Hulle is gesante, koningsbodes, engele, gestuurdes.

Die Heilige Gees noem hulle ook steeds deur die Apostels in hulle briewe diensknegte of slawe. Hulle het geen waardigheid of gesag in hulle self nie. Hulle waardigheid het hulle van die diens wat hulle verrig en hulle gesag van die Woord wat hulle bedien.

### **INDELING VAN DIE KERKORDE**

Waar Christus sy kerk deur die diens van mense regeer, is dit vanselfsprekend dat daar in die kerkorde eerstens voorskrifte met betrekking tot die mense sal wees. In artikels 2-28 word dan alles in verband met die dienste gereël.

Nadat die hoofskap van Christus uitgelig en die dienskarakter van die amp beklemtoon is, stel artikel 1 dat die manier waarop die werk verrig moet word, aandag moet kry. Dit gebeur in die afdeling oor die samekomste of kerklike vergaderinge (art. 19-52).

Dit is ook nodig dat toesig gehou moet word oor die leer, sakramente en seremonies (art. 53-70).

Ten slotte moet gesorg word dat die leer en lewe van die kerk suiwer sal bly. Dit gebeur deur die voorskrifte oor die tug (art. 71-86).

Die doel van die kerkorde is dan ten slotte om te sorg dat die kerk so ingerig en geregeer word dat dit kerk van Christus is en bly.

## [9] ARTIKEL 2: DIE DIENSTE

**"Daar is vier soorte dienste: die van die bedienaars van die Woord, die van die professore aan die Teologiese Skool, die van die ouderlinge en die van die diakens."**

### DIENS

Met artikel 2 begin die afdeling *oor die dienste*. Oor die begrip diens is reeds een en ander by die verklaring van die vorige artikel gesê. Tog is dit nodig om hier weer eens daarby stil te staan.

Die begrip diens benadruk dat iemand 'n werk doen wat aan hom gegee is om te doen. Hierdie werk kan ook nie op willekeurige manier gedoen word nie. Dit moet alleen gedoen word op die manier wat die opdraggewer voorskryf.

### AMP EN DIENS

Dieselfde gedagte lê in die begrip amp: om besig te wees met 'n werk wat aan jou opgedra is. In die sin gebruik ons dan die begrippe diens en amp as sinonieme. Amp is diens. 'n Diens of amp in die kerk is dan 'n werk wat Christus aan iemand gegee het om in en vir sy kerk te doen op die manier wat Hy self voorskryf. Christus is die Hoof van sy kerk. Hy gee opdragte en dit moet uitgevoer word. Wie die opdrag uitvoer, dien Hom sowel as die kerk. Hy is dienaar of ampsdraer van Jesus Christus ten behoeve van sy kerk (Kolossense 1:25).

Die eerste taak van die dienaar of ampsdraer is dan om te *luister* wat die opdrag van Christus, sy Here, aan hom is. Hy moet die Bybel ken en omdat hy gehoor het wat die Here wil sê, kan hy ook sê: so sê die Here!

### WAARDIGHEID

Deur die dienskarakter van die amp word ook die waardigheid daarvan beklemtoon. Die dienaar of ampsdraer mag nooit tot skande van sy Here loop nie. Dit moet aan hom gesien kan word dat hy 'n dienaar is en in wie se diens hy is. Dit sluit alles in - vanaf sy uiterlike voorkoms tot sy optrede in die kerk sowel as die wêreld. Die bediening mag nooit beklad word nie (2 Kor. 6: 3-10).

## [10] VERANTWOORDELIKHEID EN GESAG

Andersyds word ook die verantwoordelikheid van die ampsdraer ingeskerp. Hy is maar dienaar, maar 'n dienaar wat die koninklike Woord moet deurgee.

Sy eerste verantwoordelikheid bly om te luister, maar daarna om met gesag deur te gee wat hy gehoor het. Hy het 'n opdrag van Christus en hy moet wat Christus hom beveel het op so 'n manier deurgee dat die hoorder besef: dit is die Woord van die Here, ek moet daarna luister. Ek het nie met die boodskapper, die dienaar te doen nie, maar met sy Sender, die Here! Daar moet na die ampsdraer geluister word *omdat* en vir sover hy die Woord van Christus aan sy kerk deurgee. Die dienskneg weer moet begryp dat die wat aan sy sorgtoevertrou is, van sy hand geëis sal word (Eseg. 3:16).

Hier is nie sprake van *ampshoogheid* nie; eerder van *diensheerlikheid* - aan die dienskneg moet eer betoon word ter wille van sy Here. Hoe getrouer die dienskneg hoe meer kan hy hom ook koester in die heerlikheid van sy Here.

" 'n Leerling is nie bo die meester nie, en 'n dienskneg nie bo sy heer nie. Dit is vir die leerling genoeg dat hy soos sy meester word en die dienskneg soos sy heer. As hulle die heer van die huis Beëlsebul genoem het, hoeveel te meer sy huisgenote" (Matt. 10:24 en 25).

In die diensheerlikheid is ook lyde opgesluit. Die ampsdraer moet altyd bewus daarvan

wees dat hyself niks is nie en dat hy altyd minder en die Here altyd meer moet word deur sy arbeid.

Die oomblik wat die ampsdraer sy dienskneggestalte aflê en self koning wil speel, word oor die erfdeel van die Here geheers met verwoestende gevolge.

#### **VIER SOORTE DIENSTE**

Aanvanklik het Christus die sorg vir sy kerk aan die Apostels opgedra. Spoedig het dit egter geblyk dat die volle omvang van die diens nie deur een persoon gedra kan word nie. Daar is verskillende persone nodig om in die kerk die dienste te lewer wat Christus nodig ag.

Die dienste wat Christus as die Ampsdraer in Homself verenig het, en wat reeds in die O.T. afgebeeld is onder Israel deur die profete, priesters en konings en aanvanklik aan die Apostels opgedra is, is *nou* verdeel onder verskillende persone. 'n Mens verwag dan ten minste drie groepe ampsdraers wat die profetiese, priesterlike en koninklike ampte uitoefen.

Die reformatore onderskei egter aanvanklik net twee groepe of soorte ampsdraers. So praat Calvyn in 1536 net van die biskop (presbiter) en <sup>[11]</sup> diaken. Ook a'Lasco en Maarten Micron het in "De Christelike Ordinanciën der Nederlandscher Ghemeinten te London 1554" net twee soorte dienste, die van die ouderlinge en die diakens, geken. By nadere ondersoek blyk dit egter dat sowel Calvyn as a'Lasco en Micron drie ampte onderskei. Hulle praat van twee soorte ouderlinge. Die een soort arbei in die Woord en leer en behartig dus die profetiese amp. Dit is die bedienaars van die Woord.

Die tweede soort ouderling se werk is dan meer toegespits op die regering van die kerk. Hulle word sedert die eerste Kerkorde, opgestel deur die eerste Nederlandse Sinode te Emden 1571, art. 6, ouderlinge genoem. Hulle beklee die koninklike amp.

Derdens is daar die diakens wat die priesterlike amp bedien in die beoefening van barmhartigheid.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 30 en 31) maak ook net van hierdie drie dienste of ampte melding.

Calvyn het later op grond van Efesiërs 4:11 aanvaar dat daar vier ampte is (Institusie, 1559, IV, III). Die Nederlandse Kerke het hom sedert die Sinode van 'S Gravenhage 1586 hierin nagevolg en so het die sogenaamde doktore-amp of die van die professore in die teologie in die kerkorde gekom. Die diens van die doktore of professore is dan om die Heilige Skrif uit te lê en te verdedig.

Hoewel daar in artikel 2 van vier soorte dienste gepraat word meen sommige dat daar tog net drie ampte is. Die vier soorte dienste is verdeel onder die drie ampte van bedienaar van die Woord, ouderling en diaken. Die voorstanders van die opvatting voer aan dat diens in artikel 2 'n ruimer betekenis het as wat gewoonlik onder amp verstaan word.

Dit is na my mening egter nie 'n prinsipiële kwessie of daar in die artikel van vier dienste en daarmee vier ampte en of van vier dienste en *drie* ampte sprake is nie. Dit gaan in die artikel eerstens nog altyd oor die werk wat eie is aan dit wat Christus opgedra het aan die Apostels. Die bedienaars van die Woord sowel as die doktore of teologiese professore oefen die profetiese, die ouderlinge die koninklike en die diakens die priesterlike amp uit. Die professore is bedienaars van die Woord wat afgesonder is deur die kerke vir die opleiding van toekomstige bedienaars van die Woord (2 Tim. 2:3). Die diens van die professore is niks anders as 'n differensiasie van die van die bedienaar van die Woord nie. Waarom dan nie van vier ampte gepraat kan word nie is nie duidelik nie. Ons kan sê die werk wat Christus in sy kerk gedoen wil hê is verdeel in vier dele waarvan elke deel aan 'n ander persoon opgedra is, vandaar dat daar vier dienste of ampte in die kerk van Christus is.

## **[12] ARTIKEL 3: DIE ROEPING TOT DIE DIENS IS NOODSAAKLIK**

**"Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie."**

### **WIE MAG PREEK?**

In artikel 3 word gereël wie op die preekstoel toegelaat mag word.

Die verbiedende formulering van die artikel is opvallend. Dit kan toegeskryf word aan die wanpraktyke waarmee geworstel is gedurende die sestiende eeu toe die kerke van die reformasie nog in 'n oorgangstadium verkeer het. Daar was monnike, gewese priesters en ander wat een of ander amp in die Roomse kerk beklee het wat in die kerke die Woord wou bedien. Daarby het persone uit die kringe van die Wederdopers, wat aanspraak gemaak het op 'n inwendige verligting en roeping deur die Heilige Gees, hulleself opgewerp as boodskappers van die Here.

Die persone het van plek tot plek gegaan en oral waar hulle mense byeen kon kry gepreek op grond van 'n eie reg. Hulle was ook aan niemand verantwoording verskuldig nie.

Op die manier het die suiwerheid van die leer in gedrang gekom. Teen die *lopers*, soos hulle genoem is, moes opgetree word omdat hulle kerkverwoestend gewerk het. Vandaar dat die aandag eerstens op hulle gevestig is deur 'n verbod teen hulle optrede.

Die verbiedende formulering gemik teen die lopers, vestig die aandag op 'n gelyksoortige probleem wat gedurende die afgelope dekades ontstaan het deur die toenemende getal bedienaars van die Woord wat uit die diens tree. Die roeping tot die diens van die Woord is ingeruil vir 'n ander beroep en tog gaan van hulle nog rond om op versoek te preek onder die dekmantel dat hulle 'n stigtelike woord spreek of 'n leesdiens hou. Die argument van kerkrade wat sulke lopers op die preekstoel toelaat, is dat hulle tog die nodige gawes het om te kan preek. Soms word die gawes so hoog aangeslaan dat dit tot 'n skade van die kerke gereken word as hulle nie sou toegelaat word om te preek nie.

By hierdie verskynsel kan ook die moderne vraag waarom 'n begaafde lidmaat nie die Woord en sakramente by geleentheid mag bedien nie, gevoeg word. Dit is immers die Heilige Gees wat die boodskap en die <sup>[13]</sup> drang om dit deur te gee in die hart lê. Die Heilige Gees is aan die kerk gegee, nie net aan 'n paar nie.

Hierdie soort argumente is nie nuut nie; dit is gedurende die apostoliese tyd (Handelinge 8:18-21 en II Korintheërs 2:17) en die tweede eeu deur die Montaniste en tydens die reformasie en daarna, deur die Wederdopers gebruik. Baie staan daarteenoor verleë; dit sou nie die geval gewees het as daar maar net gelet is op die beginsel waarop artikel 3 rus nie.

### **WETTIGE ROEPING**

By die diens van die Woord gaan dit nie in die eerste plek om die geleerdheid, gewildheid of uiterlike begaafdheid nie. Dit gaan volgens die Ou sowel as Nuwe Testament in die eerste plek om die *wettige roeping* daartoe.

Die profete en die apostels het elke keer hulle roeping tot die amp op die voorgrond gestel (vgl. o.a. Jeremia 1; Jesaja 6; 2 Kor. 2: 14-17; Romeine 1:1; 10:13 en 14). Op grond hiervan stel ook die Nederlandse Geloofsbelydenis die eis dat die bedienaars van die Woord wettig geroep moet wees: "So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbehoorlike middele homself in te dring nie, maar hy moet die tyd af wag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuie kan hê van sy beroeping om daarvan seker en gewis te wees dat dit van die Here kom."



## DIE ROEPING

Die roeping val uiteen in twee dele: die *in-* en *uitwendige roeping*.

Die inwendige roeping is die volhardende en standvastige innerlike drang, deur die Heilige Gees gewek, tot die diens van die Woord. Die amp word eerstens begeer (1 Tim. 3:1) al gaan dit ook dikwels gepaard met huiwering en selfs verset (Ex. 3: 10-17; Jeremia 1:6; Jona 1:3).

By die begeerte tot die amp kom ook die gawes van verstand, van liggaams- en geesteskragte - van alle gawes wat nodig is vir die diens van die Woord.

Die inwendige roeping lei dan tot die suksesvolle voorbereiding om die gawes te ontwikkel tot bekwaamheid vir die diens (vgl. o.a. 2 Tim. 2:2 en Galasiërs 1: 15-17),

Die inwendige roeping moet dan ten slotte bevestig word deur die uitwendige, waaroor artikel vier handel.

### [14] INDRINGING IN DIE DIENS VAN 'N ANDER

Oorspronklik het die Sinode van Dordrecht 1618/19 die formulering van Middelburg 1581 ook aan ons deurgegee. Tot met die revisie van 1964 het art. 3 ook in ons K.O. gelui: "Dit sal vir niemand, al is hy Doktor, Ouderling of Diaken, geoorloof wees om die diens van die Woord ... uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep is nie." Tans is die "al is hy Doktor, Ouderling of Diaken" weggelaat. Klaarblyklik is dit weggelaat omdat dit tog opgesluit is in die "*niemand*".

Agterna beskou is dit jammer dat die "al is hy Doktor" ens. weggelaat is. Die oorspronklike artikel het daarmee doelbewus gewaak teen die indringing in die diens van 'n ander. Vir elke afsonderlike diens geld 'n afsonderlike roeping. En die roeping tot een diens gee nie die reg tot die behartiging van 'n ander nie. 'n Ouderling of Diaken mag nie preek en die sakramente bedien nie.

## HULPDIENS

In afwesigheid van die bedienaar van die Woord kan 'n ouderling of diaken of selfs 'n lidmaat hulpdiens lewer deur voorlesing van die Skrif en 'n predikasie geskryf deur 'n bedienaar van die Woord.

In uitsonderlike gevalle, as die predikante-nood hoog was, het die kerke 'n begaafde ouderling of lidmaat wel toegelaat om as oefenaar 'n stigtelike woord te spreek. Dit was dan 'n woord van 'n broeder tot die broeders en geen gesagvolle bediening van die Woord nie. Hierdie soort hulpdiens is egter gedurende die afskeiding van 1834 in Nederland streng beperk. In Suid-Afrika is daar in die Geref. Kerke self baie selde van 'n oefenaar se dienste gebruik gemaak in die verlede. In die Kleurlingkerke te Venterstad en Philipstown was die oefenaar egter vir 'n tydlank 'n bekende figuur.

Die toelating van 'n oefenaar bly 'n noodvoorsiening en selfs as sodanig moet sy optrede altyd gedek wees deur wat prof. J.D. du Toit " 'n tydelike of enigsins" 'n roeping genoem het.

## AMPSGELYKHEID

Daar word dikwels met 'n beroep op ampsgelykheid beweer dat 'n ouderling ook die reg moet hê om die seën uit te spreek, ampsdraers te bevestig, huwelike te bevestig en selfs in noodgevalle om die doop te bedien.

Hierdie beroep op die ampsgelykheid om aan die ouderlinge die reg te gee om te doen wat by die opdrag van die bedienaar van die Woord toehoort, verloor uit die oog dat hoewel die ampte gelyk is hulle tog nie eenders is nie. Hulle moet van mekaaronderskei word. Dit bly <sup>[15]</sup> verskillende opdragte wat uitgevoer moet word deur die verskillende ampsdraers. Wat aan die bedienaar van die Woord opgedra is, mag die ouderling of diaken nie doen nie.



## **KANDIDATE IN DIE TEOLOGIE**

Hoewel dit nie in die artikel gereël word nie het die kerke dit altyd toegelaat dat kandidate in die teologie in hulle derde jaar voor die gemeentes kan optree onder toesig van die kerkraad en die teologiese professore. Hierdie optrede vorm deel van hulle opleiding en is nie amptelike bediening van die Woord nie.

## **PROPONENTE**

Proponente wat reeds beroepbaar gestel is, word ook deur die kerke toegelaat om op versoek " 'n stigtelike woord" te spreek sodat daar met die oog op 'n beroep kennis geneem kan word van hulle gawes. Op 'n vraag of 'n proponent nie tot ouderling verkies kan word om sy optrede so amptelik te maak as hy 'n tydlank in 'n kerk werk nie, het prof. Rutgers negatief geantwoord. So 'n verkiesing tot ouderling sou hom nog geen reg gee om die werk van 'n bedienaar van die Woord te verrig nie. Hy kan alleen hulpdiens verrig op die manier soos hierbo uiteengesit.

Rutgers merk verder ook op dat 'n proponent buitendien nie met sy aankoms in 'n kerk vanweë sy onbekendheid en kort verblyf, in aanmerking kan kom vir die verkiesing as ouderling nie. Boonop is 'n proponent gewoonlik ook nog te *jonk* om vir ouderling in aanmerking te kom (Kerkelike Adviezen).

## **TUGMAATREËLS**

Die Sinode van 1964 het met die revisie van die K.O. die slot van die oorspronklike artikel weggelaat. Daarin is bepaal dat die klassis moet oordeel of iemand wat hom volhardend in die diens van die Woord indring tot "'n skeurmaker verklaar of op 'n ander manier gestraf sal moet word." Hierdie bepaling is seker nie weggelaat omdat die oortreding tans minder ernstig bejeën moet word nie. Die weglating moet daaraan toegeskryf word dat dit vanselfsprekend is dat so iemand onder die tug moet kom.

## [16] ARTIKEL 4: DIE WETTIGE BEROEPING EN TOELATING

**" Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die Klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (preparatoir) geëksamineer is, bestaan uit:**

**ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede deur die kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of soos deur die kerkraad vasgestel is en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;**

**ten tweede, die ondersoek na die leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die klassis (waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet plaasvind;**

**ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie;**

**ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate, volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is."**

Sonderroeping kan niemand hoe geleerd, voortreflik of gewild ookal, die Woord en sakramente bedien nie. Daarenteen *moet* na die geroepene *geluister* word, al het hy ook gebreke, want "ons tree dan op asof God deur ons vermaan" (2 Kor. 5:20).

### WETTIGE BEROEPING

Dit is opmerklik dat daar in die artikel sowel as in artikel 3, soveel nadruk gelê word op die *wettige* beroeping.

Daar kan dus so-iets soos 'n *onwettige* beroeping wees. Dan roep die kerk iemand wat nie deur Christus geroep is nie. *Beroeping* en *roeping* kom in so 'n geval nie ooreen nie. 'n Kerk kan nie sommer enigeen *beroep* nie. Daar moet eers seker gemaak word of Christus die een wat deur die kerk aangewys word vir die diens ook werklik wil roep.

[17] Onder *beroeping* word dan die hele uitwendige kerklike handeling om die geroepe dienskneg van die Here aan te wys vir sy diens, verstaan. Deur die handeling moet die een wat beroep is tot die diens *van* die Woord met vrymoedigheid kan sê: "ek is waarlik van die Here geroep. Hy, en niemand anders nie, het op my beslag gelê. Daarom *kan* en moet ek met gesag die Woord bedien en *kan* en *moet* die kerk *na my luister*. Ek is seker die Goeie Herder laat sy stem deur my hoor!"

### VOORBEREIDING

Die inwendige roeping dring tot voorbereiding vir die diens wat uitloop op die eksaminasie, waardeur bepaal word of die een wat die amp begeer die nodige gawes vir die diens het en of die gawes so ontwikkel is dat die diens behartig kan word.

Die charismatiese bewegings lê tereg nadruk op die inwendige roeping. Hulle doen dit egter eensydig sodat die oordeel oor die egtheid van die roeping subjektief is. Daar word verklaar: "ek is geroep," en daarmee is dit afgehandel. 'n Eis tot voorbereiding en 'n toets of eksamen om vas te stel of so een bekwaam is vir die diens van die Woord is dan ongeoorloof. As die Heilige Gees roep, kan geen mens die geroepene verhinder om sy opdrag uit te voer nie.

Die optrede van Jesus teenoor sy dissipels weerspreek egter hierdie opvatting. Hy roep

die dissipels om van hulle vissers van mense te maak (Matt. 4:19). Daarna berei Hy hulle tot met sy hemelvaart voor vir die taak deur hulle te leer.

Ook roep Hy vir Paulus en as laasgenoemde vra "Here wat wil U hê moet ek doen?" antwoord Hy: "Staan op en gaan na die stad en dit sal jou gesê word wat jy moet doen" (Handelinge 9:6). Daarna moes hy volgens Galasiërs 1:15-18 vir drie jaar na Arabië gaan waar hy deur die Here self opgelei is vir sy diens (vgl. Galasiërs 1:15-18).

Hierdie eis tot voorbereiding blyk ook uit die duidelike opdrag wat aan Timotheüs gegee is: "en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer." (2 Tim. 2:2).

Die praktyk het ook getoon dat die eensydige opvatting van die charismatiese bewegings, dat elkeen wat die inwendige roeping het maar sonder meer kan preek, nie gehandhaaf kan word nie. Om chaos in hulle geledere te voorkom moes hulle ook maar terugval op die eis tot voorbereiding en eksaminasie voor beroepbaarstelling.

Wanneer daar in die inleiding van artikel 4 vereis word dat "iemand wat nie van te vore in die diens van die Woord gestaan het nie" deur die klassis "voorbereidend geëksamineer" moet word, veronderstel dit dat so een reeds een of ander opleiding agter die rug het.

**[18]** Tydens die reformasie en kort daarna het dit die kerke vrygestaan om te beroep wie hulle wou. Daar het egter spoedig stemme opgegaan teen onbekwame predikante wat op die wyse in die diens gestel is. Daarom het die Sinode van Dordrecht 1578, bepaal dat daar 'n "beproeving" (eksamen) aan die beroeping voorafgegaan moet word as 'n soort waarborg dat net bekwame persone beroepbaar sal wees.

Na die bevryding van 'n groot deel van Nederland gedurende 1572, het die Universiteit van Leiden tot stand gekom en daarmee het die opleiding tot die diens van die Woord ook op vaste voet gekom.

Hoewel die owerhede nie aan die kerke seggenskap wou gee in die sake wat die teologiese fakulteit geraak het nie, is die verhouding tussen die professore en die kerk tog deur die kerke gereël.

Dat hierdie reëlins nie doeltreffend kon verseker dat die suiwerheid van die leer in die opleiding gehandhaaf kon word nie, is vanselfsprekend. Die kerke het geen seggenskap gehad oor die optrede van die professore aan die Universiteit nie.

Die kerke het wel by die owerhede aangedring om regsinnige professore te benoem, maar, soos dit uit die stryd rondom Arminius en sy geesgenote duidelik geword het, was hulle magteloos om te verseker dat die opleiding aan hulle vereistes sou voldoen. Die dwaalleer is dan ook vanuit die Universiteit die kerke ingedra.

Sedert die Afskeiding van 1834 het die gedagte dat die opleiding van bedienaars van die Woord kragtens beginsel die uitsluitlike verantwoordelikheid van die kerk is op die voorgrond gekom.

Eers is die opleiding in opdrag van die kerke deur "gekeurde" predikante saam met hulle gewone kerklike werk behartig. Dit was egter 'n noodmaatreël en spoedig vervang met die opleiding aan die Theologiese Hoogeschool wat deur die kerke gesamentlik te Kampen opgerig is.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het van die begin af aangesluit by die opvatting dat die opleiding van dienaars van die Woord die taak van die kerke is. Vandaar die ywer waarmee daar van die begin af onder leiding van ds. D. Postma gewerk is om die oprigting van die Teologiese Skool te Burgersdorp in 1869 moontlik te maak. (v.d. Vyver G.C.P., My Erfenis is vir my mooi).

Blykens o.a. 2 Tim. 2:2 in die lig van die normatiewe handeling van Jesus self wat sy dissipels apart geneem en opgelei het sodat hulle die gelowiges later kon leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het, is dit 'n voorskrif van Christus dat die opleiding

ampelik moet geskied. En die amp funksioneer nie los van, of buite die kerk om nie.

### **[19] DIE EKSAMINASIE**

In artikel 4 word bepaal dat die kerke gesamentlik moet vasstel of iemand bekwaam is vir die diens van die Woord. Die klassis moet die voorbereidende eksamen afneem. Die beginsel wat dus hier voorop staan is dat die kerke mekaar moet bystaan in die oordeel oor wie deur die Here geroep word tot die diens van die Woord. Daarom moet ten minste die kerke wat in die buurt van die een wat beroep is, meewerk aan die beoordeling. In beginsel kan nog meer kerke daarby betrek word. So is die eerste kandidate *wat* opgelei is vir diens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, dan almal saam in die sinode beoordeel.

Na die oprigting van die Teologiese Skool is dit aan die kuratore van die Teologiese Skool opgedra om die eksamen namens die kerke af te neem. In 1964 is egter teruggekeer na die letterlike bepaling van artikel 4 en is die voorbereidende eksamen aan die klassis opgedra.

Dit het egter geblyk dat die aantal kerke wat in meeste van die klassisse byeen is te gering is en dat daar weens 'n tekort aan kragte nie 'n behoorlike eksamen afgeneem kan word nie. Daarom het die Sinode van 1970 besluit dat die voorbereidende eksamen deur die partikuliere sinodes afgeneem moet word.

Met die besluit is die beginselbepaling dat 'n kerklike vergadering moet eksamineer gehandhaaf, net die toepassing daarvan is verander.

Wanneer 'n kandidaat hom by 'n partikuliere sinode aanmeld vir die voorbereidende eksamen moet hy, om tot die eksamen toegelaat te word, 'n bewys dat hy die Kandidaatseksamen aan die Teologiese Skool te Potchefstroom met sukses afgelê het, voorlê. Hierdie bewys moet vergesel wees *van 'n getuigskrif van sy kerkraad aangaande sy leer en lewe*.

### **WAARIN WORD GEËKSAMINEER?**

Die vereistes vir die eksamen het deur die jare gevarieer. Die beginsel was egter nog altyd dat daar in die voorbereidende eksamen toegespits moes word op die *kennis* wat nodig is vir die diens van Woord sowel as die vermoë om die kennis oor te dra. Daarom is vasgestel dat die kandidate ondervra moet word in die Dogmatiek, Kerkreg, Homiletiek, Kategetiek, Pastoraal, Liturgiek, Hermeneutiek en Etiek. Daarby moet die kandidaat ook 'n preek inlewer en voordra tot bevrediging van die vergadering.

Die voorbereidende eksamen word verder afgesluit deur die ondersoek na die redes waarom die kandidaat die amp begeer en na sy persoonlike en huislike lewe.

### **[20] OPLEIDING ELDERS**

Kandidate wat nie aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika opgelei is nie, maar deur kerke met wie ons in korrespondensie leef word ook ooreenkomstig bogemelde bepalings geëksamineer nadat eers vasgestel is of die opleiding aan die vereiste standaard voldoen. Daar kan en is al na so 'n ondersoek geëis dat 'n kandidaat eers, hoewel nie die volle nie, dan tog 'n aanvullende opleiding aan die Teologiese Skool te Potchefstroom moet ondergaan.

Indien 'n kandidaat wat deur kerke met wie ons in korrespondensie leef ook reeds deur daardie kerke beroepbaar gestel is, moet eers ondersoek ingestel word na die standaard van sowel hulle opleiding as die van die voorbereidende eksamen. Ook in die geval kan, indien nodig, aanvullende eksamens vereis word. Wanneer iemand wat deur kerke met wie ons nie in korrespondensie is nie opgelei is, en selfs al daar gedien het as bedienaar van die Woord in die Gereformeerde Kerke beroepbaar gestel wil word, moet hy ook eers na die nodige opleiding van die Teologiese Skool te Potchefstroom 'n bewys kry van die suksesvolle aflegging van die Kandidaatseksamen voordat hy tot die voorbereidende

eksamen toegelaat kan word.

Wanneer 'n partikuliere sinode met meerderheid van stemme vasgestel het dat 'n kandidaat wel bekwaam is vir die diens van die Woord, word hy beroepbaar gestel. Wanneer die stemme staak sal dit volgens die Sinode van 1873 beteken dat die kandidaat nie toegelaat word nie.

Indien hy toegelaat is, moet hy 'n formulier onderteken waardeur hy onderneem om hom aan die kerklike tug te onderwerp solank as wat hy proponeer. Daarna word aan die kerke kennis gegee dat hy beroepbaar is en kan hy proponeer, dit is onder toesig van kerkrade wat hom nooit om sy preekgawes te laat blyk met die oog op 'n beroep.

## **DIE BEROEPING**

Die finale stadium van die beroeping begin met "die verkiesing na voorafgaande gebede."

Dit is opmerklik dat daar gedurende die sestiende eeu in die Nederlandse vlugtelingkerke in London voor die verkiesing van 'n bedienaar van die Woord 'n vas- en biddag afgekondig is. Op die dag moes in die diens van die Woord 'n uitleg gegee word van wat die amp behels. In die Kerkorde, wat deur die predikant Micron opgestel is, is noukeurig voorgeskryf wat alles aangaande die amp voorgehou moes word. Hierdie voorskrifte vorm nog die inhoud van die bevestigingsformulier vir bedienaars van die Woord. In die vlugtelingkerke is die hoë roeping en die erns daarvan voor *die verkiesing* aan die gemeente wat moes kies voorgehou. Tans word dit eers na die verkiesing tydens die bevestiging gedoen.

[21] Die gebed voor die verkiesing is nodig omdat die wat kies in die Naam van die Here optree. Hy gebruik hulle om die een wat Hy roep aan te wys (Handelinge 1: 21-26; 13:2).

Die verkiesing geskied volgens die reël wat daarvoor plaaslik in gebruik is. Daar kan byvoorbeeld gekies word uit 'n twee of drietal. Die getal wat deur die kerkraad aan die gemeente voorgelê word kan weer gekies wees uit 'n groslys wat saamgestel is nadat die gemeente geleentheid gehad het om die aandag op sekere proponente te vestig. Hierdie en dergelike nadere reëlings om die verkiesing behoorlik te laat plaasvind, is aan die oordeel van die kerkraad oorgelaat.

## **DIE KIESREG**

In artikel 4 is bepaal dat die verkiesing deur "die kerkraad en die diakens" plaasvind.

H. Bouwman (1928 Gereformeerde Kerkrecht deel 1 bl. 379) wys daarop dat *die gemeente* volgens die oorspronklike apostoliese gebruik die kiesreg gehad het. Eers in die vierde eeu is die reg vanweë onreëlmatighede wat deur onder andere persoonlike, familie of politieke invloed by verkiesings ingesluip het, van die gemeente weggeneem.

Hoewel die reformatore daarvan bewus was dat die kiesreg eintlik aan die gemeente behoort het, het die onkunde van die gemeentelêde op daardie stadium egter ook nie toegelaat dat hulle hul reg kon uitoefen nie.

Calvyn het probeer om die bandeloosheid van die gemeente te bedwing deur net aan die manslidmate bo 23 jaar die kiesreg onder leiding van die kerkraad te gee. Die kerkraad moes toesien dat die verkiesing ooreenkomstig die Woord van God plaasvind uit 'n groslys wat aan die vereistes vir ampsdraers voldoen.

Die Nederlanders het egter nie die weg gevolg nie maar die verkiesing in die hande van die ouderlinge saam met die diakens gegee. Hulle het dan as kieskollege in die plek van die gemeente getree.

Hierdie Nederlandse oplossing het op een of ander onverklaarbare manier selfs na die hersiening van die Kerkorde gedurende 1964, in artikel vier bly staan.

Ten spyte daarvan word in die praktyk die weg wat Calvin aangewys het deur ons by die verkiesing van 'n bedienaar van die Woord gevolg, met die verskil dat alle belydende manslidmate en nie net die bo 23 jaar daaraan deel het nie. Die gemeente kies onder leiding van die kerkraad. Prinsipiëel is dit ook die suiwer weg, gesien onder andere in die lig van Handeling 1:21 e.v.; 6:2, sowel as die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 31. Artikel 4 van die Kerkorde sal dienooreenkomstig verander moet word.

## **[22] BEROEPING**

Die beroep en die voorwaardes daaraan verbonde word formeel na die verkiesing deur die kerkraad namens die kerk (gemeente) aan die beroepene bekend gemaak. Dit verander egter niks aan die feit dat dit die gemeente (kerk) is wat beroep nie. Die gedagte dat die keuse van die gemeente net as 'n advies aan die kerkraad, wat finaal beroep, dien, moet afgewys word. Hoewel die gemeente (kerk) onder leiding van die kerkraad beroep, bly dit nog die gemeente (kerk) wat beroep.

## **HET DIE HELE GEMEENTE KIESREG?**

Die Gereformeerde kerke het nog altyd op grond van die Skrif uitgegaan van die standpunt dat alle mondige, dit is alle belydende manslidmate die kiesreg mag uitoefen. Vroue het blykens 1 Korintiërs 11:2-16 en 14:34-40 klaarblyklik nie kiesreg nie.

Gereformeerdes soos A. Kuyper en later H. Bouwman verskil egter hieroor van gedagte. Hulle het gemeen dat die kiesreg ook aan die vroue toekom. Die saak het die laaste jare ook weer ons aandag begin opeis en die Sinode van 1982 het opdrag gegee aan deputate om verdere ondersoek na die posisie van die vrou in die Kerk in te stel.

## **DIE VERKIESING**

Die verkiesing vind plaas op 'n vergadering van die gemeente onder leiding van die kerkraad. Dit is nie 'n openbare kerkraadsvergadering nie; wel 'n vergadering van die gemeente met 'n eie doel, naamlik die verkiesing van 'n bedienaar van die Woord.

Die vergadering moet deur 'n bedienaar van die Woord gelei word. As daar net een bedienaar van die Woord in 'n kerk is, spreek dit vanself dat die ander kerke aan hulle hulp moet verleen by die verkiesing. Die hulp word deur die klassis gegee in die persoon van die konsulent wat benoem is.

## **DIE ONDERSOEK NA DIE LEER EN LEWE**

Die bepaling in artikel 4 dat daar *na die verkiesing* "'n ondersoek na die leer en lewe van die beroepene deur die klassis (waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet plaasvind", moet wees, moet teen die historiese agtergrond gesien word.

Aanvanklik was dit die belangrikste eksamen omdat daar eers nie 'n voorbereidende eksamen was nie en later was dit nie in die hande van die kerke nie. Die sogenaamde peremptoireksamen was toe die enigste weg <sup>[23]</sup> waarlangs die kerke kon verhinder dat daar onbekwame en dwalende predikante op die preekstoel gebring word. Toe die voorbereidende eksamen in die hande van die kerke gekom het is hierdie tweede vergadering egter behou. Dit dien om seker te maak dat die leer en lewe van die beroepene aan die vereistes wat aan 'n bedienaar van die Woord gestel word, beantwoord.

Die Sinode van 1970 het die toepassing van die artikel effe gewysig. Daar is naamlik besluit dat 'n kandidaat na voltooiing van sy studie die voorbereidende (praeparatoir) en die tweede (peremptoir) eksamen gelyktydig moet aflê.

Indien 'n proponent na nege *maande* egter nog nie beroep is nie, moet die partikuliere sinode waar hy die eksamen afgelê het, oordeel of hy weer vir 'n tweede keer geëksamineer moet word nadat hy beroep is.

## DIE APPROBASIE

Die volgende stap in die beroepingsproses is dat die naam van die beroepene "minstens drie Sondae in die kerk aangekondig" moet word met die oog op "die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk."

Oorspronklik het hierdie approbasie en goedkeuring die piek van die aktiewe deelname van die lidmate in die verkiesing van 'n bedienaar van die Woord ingeneem. Die lidmate was vanweë hulle onkunde tydens die eerste jare van die reformasie en ook vanweë die gevaar van losbandigheid by die verkiesing, nie in staat om hulle kiesreg uit te oefen nie. Hulle kon egter nie heeltemal opsy geskuif word nie, vandaar dat die approbasie-reg die plek van die aktiewe kiesreg ingeneem het. Die lidmate moes ten minste die werk wat die kerkraad en diakens in hulle plek gedoen het, aanvaar en goedkeur.

Later toe die lidmate weer die aktiewe kiesreg teruggekry het, is die bepaling in verband met die approbasie tog behou. Hoewel die verkiesing nou deur die bevoegde manslidmate plaasvind, word daar na die verkiesing nog geleentheid gegee om besware daarteen in te bring. Die gemeente kry die kans om na die verkiesing van die proponent tot bedienaar van die Woord die beroepingfinaal te aanvaar en goed te keur. Daar kan ten spyte van die toesig deur die kerkraad tog onreëlmatighede by die verkiesing plaasgevind het, of daar kan na die verkiesing iets wat bedenkinge oor sy leer en of lewe of ampsgawes laat ontstaan, onder die aandag kom wat dit onwenslik maak om met die beroep van die aangewese proponent voort te gaan.

Indien iemand iets het wat die heroorweging van die uitslag van die verkiesing noodsaak, moet dit binne *veertien dae* by die kerkraad <sup>[24]</sup> aangebring word. Daar kan vanselfsprekend nie 'n onbepaalde tyd na die verkiesing gewag word voordat die beroep gefinaliseer is nie.

Die beroep kan dus eers op die proponent (in art. 4 is nog net sprake van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie") uitgebring word nadat die approbasie-reg uitgeoefen is. Dit beteken dat die beroepsbrief eintlik eers na die derde afkondiging afgestuur kan word.

## DIE BEVESTIGING

Die beroeping is afgehandel met die uitstuur van die brief waarin meegedeel word dat die kerk die proponent verkies het tot bedienaar van die Woord. Hy word dan versoek om die diens te aanvaar terwyl die kerkraad ook onderneem om hom te versorg. Hulle maak ook vaste beloftes aangaande die versorging.

Op hierdie beroep moet dan skriftelik geantwoord word. Indien die beroep opgevolg word, word die proponent deur die "openlike bevestiging voor die gemeente" bevestig.

Die bevestiging is die openlike diensaanvaarding deur die geroepene; sowel as sy openlike toelating en ontvangs deur die kerk wat hom beroep het.

Die diensaanvaarding sowel as die toelating en ontvangs gaan egter ook die ander kerke met wie die betrokke kerk saamleef, aan. Daarom is "die bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate."

Die kerke aanvaar ook die proponent, wat so wettig geroep is, as bedienaar van die Woord van wie se dienste hulle by geleentheid kan gebruik maak. Die feit gee dan ook 'n besondere betekenis aan die bystand wat die klassis (die naburige kerke) aan die roepende kerk gee in die gewigtige taak om 'n bedienaar van die Woord in diens te stel.

Die klassis moet toesien dat die dienaar wat ontvang word behoorlik geroep is en dat die ooreenkoms tussen die bedienaar van die Woord en die kerk behoorlik gereël is. Daarom is dit nodig dat die kerkraad saam met die deputate en die proponent wat bevestig moet word vroegtydig voor die bevestiging vergader om op al die sake in te gaan.

Die bevestiging self vind plaas "volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is." 'n Formulier het nodig geblyk te wees om die nodige soberheid en eenvormigheid by die



bevestiging te verseker.

Die formele bevestiging kan desnoods nagelaat word soos dit in die gevaarvolle tye gedurende die sestiende eeu in Nederland wel gebeur het. Die besondere wyse waarop ds. D. Postma beroep en toegelaat is deur die Gereformeerde kerk Rustenburg 1859 het ook die gewone *formele* bevestiging uitgesluit.

## **[25] DIE HANDOPLEGGING**

In die formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord word die handoplegging voorgeskryf in die geval van die bevestiging van 'n proponent. In die praktyk lê die bedienaar van die Woord wat die leiding in die bevestiging het saam met ander bedienaars van die Woord wat teenwoordig is, die regterhand op sy hoof terwyl hy die kort gebed uitspreek.

Oor die gebruik dat *alle* bedienaars van die Woord wat teenwoordig is, aan die handoplegging deel moet hê, is daar bedenkinge. Om enige sweem van 'n soort bygelowige amps-oordrag uit te skakel sal dit beter wees as die gebruik afgeskaf word en dat alleen die diensdoende bedienaar van die Woord die regterhand oplê.

S.C. Huh (1972) betoog in sy proefskrif (Presbyter in volle Rechten) dat nie net die predikant nie, maar wel die hele kerkraad (al die ouderlinge) aan die handoplegging deel moet hê. Omdat dit onprakties kan wees om al die ouderlinge by die handoplegging te betrek sê hy dat die handoplegging deur een dienaar van die Woord moet geskied namens die presbiterium (kerkraad).

Die aanbeveling behoort gevolg te word. Dit pas beter by die betekenis van die handoplegging. Die seremonie dui tog op niks anders as die openlike afsondering van die persoon tot die diens van die Woord sowel as die erkenning van die gawes wat deur die Heilige Gees verleen is en word vir die diens nie.

Calvyn het reeds in die eerste uitgawe van die Institusie (1536) gewaarsku dat die handoplegging liefds nagelaat moet word as dit aanleiding tot bygelowigheid gee. Daarom behoort die aanbeveling dat die bedienaar van die Woord wat die leiding by die bevestiging het, alleen namens al die ouderlinge die regterhand moet oplê, aanvaar te word. Die handeling sal beter pas by die betekenis van die handoplegging. Calvyn verklaar dat die offeraar in die O.T. sy hand op die offer gelê het om dit sodoende vir God aan te bied. "Daarom het die apostels deur die handoplegging aangedui dat hulle iemand op wie hulle hulle hande gelê het, vir God aanbied." (Institusie 1536, vertaling. H.W. Simpson, bl. 432).

## **DIENS IN 'N KOMBINASIE VAN KERKE**

Dit het by ons gewoonte geword om wanneer 'n kerk te klein is om alleen 'n bedienaar van die Woord te onderhou, twee of meer kerke te kombineer met die oog op die beroep van 'n predikant. Die Sinode van 1939 het in art. 34 riglyne vir die vorming van so 'n kombinasie gegee wat vandag nog van krag is. Vir ons doel is dit belangrik om daarop te wys dat op dieselfde manier soos hierbo uiteengesit in die beroeping van 'n **[26]**proponent te werk gegaan moet word. Al verskil is dat behoorlike reëlings tussen die betrokke kerke met die oog op die beroeping vooraf getref moet word, sodat hulle gesamentlike optrede aan al die vereistes vir die beroeping en toelating sal voldoen. Hoedat dit gereël kan word, is duidelik in die leidraad wat die sinode gestel het in 1939.



## **[27] ARTIKEL 5: BEROEPING VAN EEN KERK NA 'N ANDER**

**"Waar 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:**

**ten eerste: die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is en van die algemene ordonnansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedien het en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;**

**ten tweede: die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk, as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk aangekondig is, geen wettige besware ingedien is nie;**

**ten derde: die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassisdeputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van die losmaking;**

**ten laaste: die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassisdeputate, volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is."**

### **DIE BEROEPING NA 'N ANDER KERK**

In artikel 4 is reeds uitgegaan van die beginsel dat die beroeping en toelating "van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie" ook 'n saak van die kerke met wie in kerkverband geleef word, is.

Hoewel 'n bedienaar van die Woord net aan die kerke wat hom beroep het, verbonde is, kan so 'n geroepe en bevestigde dienaar ook op versoek in ander kerke wat in dieselfde kerkverband is, in die diens van die Woord optree (art. 15).

Dit is egter ook moontlik dat 'n ander kerk die dienste van so 'n bedienaar van die Woord permanent begeer en hom dan beroep.

Die moontlikheid kan afgelei word uit die handelwyse van veral die Apostel Paulus onder leiding van die Heilige Gees. Alhoewel die Apostel in die sendingsituasie enersyds nie in dieselfde posisie verkeer het as die <sup>[28]</sup> hedendaagse bedienaar van die Woord nie, was sy posisie tog weer andersyds dieselfde na die instituering van die kerke as vrug van sy prediking. Hy tree dan daarna op as bedienaar van die Woord in die kerk vir solank dit nodig was. So was hy omtrent een jaar en ses maande lank verbonde aan die Korinthise Kerk onder die direkte aanwysing van die Here (Handelinge 18:9-11).

Daarna moes hy ook onder die voorsienige bestel van die Here vertrek en elders gaan dien. Dit gebeur in verskillende kerke ook met Timotheüs en Titus.

Hieruit kan ons aflei dat as dit die Here van die kerk behaag, laat Hy 'n besondere dienaar van die Woord 'n tyd lank in 'n kerk (gemeente) werk om dan die sorg van 'n ander kerk aan hom op te dra (Kyk ook Handelinge 20:17-25).

### **DIE GRONDSLAG VIR DIE BEROEPING VAN EEN KERK NA 'N ANDER**

Die beroeping van een kerk na 'n ander is alleen moontlik kragtens die eenheid van die kerke in Christus. Hierdie eenheid word metterdaad ook in die kerklike organisasie beleef.

Vandaar dat dit reeds in artikel 4 aan die lig gekom het dat die kerke op 'n vaste grondslag saamwerk in die beroeping en toelating van iemand wat tevore nog nie in

die diens van die Woord gestaan het nie. Die kerke moet almal aan dieselfde voorskrifte by die beroeping voldoen; voorskrifte wat hulle gesamentlik uit die Woord van God vasgestel het.

Die kerke is één in leer, diens en tug en daarom hoef 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal op die voorgeskrewe wyse deur die kerke geëksamineer is, nie weer eksamen af te lê as hy van een kerk na 'n ander beroep word nie.

Dieselfde geld ook vir bedienaars van die Woord wat buite die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het, in soverre kerkverband met die kerke beleef word deur korrespondensie. In so 'n geval geld die besluit van die Sinode van Middelburg K.P. (1904) met betrekking tot kandidate en proponente egter ook vir predikante wat wel nie weer geëksamineer sal word nie, maar dat hulle tot 'n broederlike onderhoud verplig is. Die besluit maak voorsiening dat die onderhoud met kandidate en proponente deur die kuratore gevoer sal word. Wanneer dit 'n bedienaar van die Woord is wat beroep is, moet die onderhoud seker deur die klassis saam met deputate van die partikuliere sinode gevoer word voordat hy toegelaat kan word as bedienaar van die Woord in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Predikante uit kerke met wie nie in kerkverband geleef word nie, is nie beroepbaar in die Gereformeerde Kerke nie alvorens hulle nie langs die weg van artikel 4 beroepbaar gestel is nie.

## **[29] DIE ERNS VAN DIE ROEPING**

Dit gaan in die beroeping van 'n bedienaar van die Woord om die eer van God en die heil van die kerk. Daar moet dus in die beroeping gewaak word teen *ligvaardigheid*. 'n Bedienaar van die Woord mag nooit op "beroepe jag" uit wees nie. 'n Sug na groter eer in 'n belangriker kerk of na 'n groter traktement, mag nooit die dryfveer wees tot die soek en aanname van 'n beroep na elders nie. Wanneer 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander beroep word, moet dit alleen na oorweging van die eer van God en die heil van die kerk gebeur.

As reël, so het die Sinode van 1879 besluit, is dit nie in belang van die kerk dat 'n bedienaar van die Woord spoedig vertrek nie. Om 'n spoedige vertrek teen te werk is reeds in 1879 bepaal dat die koste wat 'n kerk met die oorkoms van 'n predikant gehad het, deur die roepende kerk vergoed moet word indien hy maar een jaar in die kerk vanwaar hy vertrek, gedien het.

Ook in 1945 het die sinode dit uitgespreek dat "dit nie wenslik is dat 'n leraar wat nog geen twee jaar in sy gemeente werksaam is nie, beroep sal word, aangesien die kort bediening in stryd is met die belange van die gemeente" (Acta 1945, artikel 89).

## **BEROEP VIR 'N TWEEDE MAAL**

Dit gebeur ook dat 'n bedienaar van die Woord vir 'n tweede of selfs derde maal tydens dieselfde vakature deur 'n kerk beroep word.

Daar kan gegronde redes voor wees, maar daar moet in so 'n geval nougeset gewaak word teen misbruike. Op die manier kan onder andere so maklik onbehoorlike druk op 'n bedienaar van die Woord uitgeoefen word om tog 'n beroep na die betrokke kerk op te volg.

Dit kan ook gebeur dat 'n predikant 'n tweede beroep uitlok deur in sy brief van bedanking te sinspeel op 'n vir hom meer gunstige geleentheid of gunstiger voorwaardes, soos 'n hoër traktement wat hom kan beweeg om 'n volgende beroep op te volg.

Om dergelike misbruike te voorkom het die Nederlandse Gereformeerde kerke op die Sinode van Hertogenbosch in 1875 bepaal dat geen kerk in dieselfde vakature dieselfde persoon mag beroep nie tensy die klassis waaronder die vakante kerk ressorteer, die gronde waarop dit gebeur, beoordeel het.

Dit sou goed wees indien die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika ook so 'n besluit sou neem.

### **[30] DIE VERKIESING**

Om die heilige karakter van die amp van die bedienaar van die Woord en die erns van die beroeping te beskerm, moet altyd in gedagte gehou word dat dit God die Here is wat deur sy Gees die kerke gebruik in die beroepingswerk. Dit is ook Hy wat in sy voorsienigheid dit so beskik dat 'n predikant sy diens in een kerk verlaat vir die in 'n ander. Daarom word daar ook in artikel 5, net soos in artikel 4, nadruk gelê op die bepaling dat die verkiesing "na voorafgaande gebede" moet plaasvind.

Die verkiesing en goedkeuring deur die gemeente vind op dieselfde wyse plaas soos reeds onder artikel 4 uiteengesit.

### **ANTWOORD OP 'N BEROEP**

Die kerkorde bevat geen voorskrif oor die tyd wat moet verloop waarin 'n antwoord op die beroep gegee moet word nie. Die roepende kerk moet dit reël en die reëling moet in die beroepsbrief meegedeel word.

Dit het egter al gewoontereg geword dat 'n predikant binne *drie* en 'n proponent binne ses weke moet antwoord.

### **DIE KONTROLERING**

Oorspronklik was in die artikel sprake van die approbasie of goedkeuring van die klassis. Met die revisie van 1964 is dit verander na "die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassisdeputate ..."

Die bedoeling het egter dieselfde gebly naamlik dat die kerkraad saam met die klassis die beroepe bedienaar van die Woord sal toelaat nadat bevind is dat die beroeping en losmaking ordelik geskied het en dat die attestasie oor leer, lewe en ampsbediening gunstig is.

Om die approbasie te verkry is dit dus nodig dat die nodige stukke vir kontrole op 'n vergadering van die kerkraad saam met die deputate van die klassis voorgelê word.

In die praktyk kom hierdie vergadering kort voor die bevestiging – selfs net 'n halfuur daarvoor – byeen. Die kontrolering van "die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van losmaking" word dan haastig afgehandel asof dit 'n blote formaliteit is. Teen hierdie praktyk moet ernstig gewaarsku word.

Wat sal gebeur as alles gereed gemaak is vir die bevestiging en die gemeente net sit en wag dat die tyd moet aanbreek en daar word gevind dat die stukke nie in orde is nie?

Die vergadering moet vroegtydig byeenkom sodat daar nie 'n verleentheid geskep word as sekere sake nog eers voor die bevestiging reggestel moet word nie.

### **[31] DIE VERGADERING VAN DIE KERKRAAD SAAM MET DIE KLASSISDEPUTATE**

Blykens artikel 5 is dit *deputate* van die klassis wat saam met die kerkraad vergader om die stukke te kontroleer.

Dit beteken dat die approbasie van die klassis *eers na die rapport van die deputate* kan plaasvind. As dit die geval is en die klassis sou om een of ander rede tot 'n ander bevinding kom as die kerkraad saam met die deputate en nie die beroeping goedkeur nie, sal dit meen dat die bevestiging wat intussen plaasgevind het, ongeldig verklaar moet word.

Die probleem sou nie kon ontstaan het as die oorspronklike redaksie van artikel 5, dat die klassis die beroep moet goedkeur, behou is nie.

Die Sinode van Middelburg 1904 het met die oog op landsomstandighede egter besluit

dat daar deputate as kommissie van die klassis by die losmaking en bevestiging van 'n predikant teenwoordig moet wees wat van die afloop van die vergadering moet kennis gee aan die kerkraad van die korresponderende kerk van die klassis.

Dit blyk dus dat die Sinode die mag van beslissing aan die deputate van die klassis gedelegeer het. Vandaar dat hulle 'n kommissie genoem word. Hierdie reëling is egter in stryd met die gereformeerde kerkreg. Waar deputate nou namens die klassis beslis oor 'n beroep kan saam met Rutgers gesê word dat daar deur die gebruik 'n beginsel van die kollegialisme ingeloods is (Kerkelijke Adviezen).

Solank daar in artikel 5 sprake is van klassisdeputate, moet die bevestiging uitgestel word tot na die behandeling van hulle rapport deur die klassis.

Die artikel sal egtes so gewysig kan word dat i.p.v. aan klassisdeputate, aan naburige kerkrade opgedra word om saam met die kerkraad die beroep goed te keur. Dan sal dit 'n saamgetrokke klassis wees wat wel beslissingsmag het.

### **DIE BEVESTIGING**

Die bevestiging vind op dieselfde manier plaas as in die geval van iemand wat vir die eerste maal in die diens gestel word. Die bedienaar van die Woord moet opnuut aan die kerk wat hom beroep het, verbind word. Al verandering wat gemaak word, is dat die handoplegging nagelaat word by die bevestiging van iemand wat reeds in 'n ander kerk gedien het.

## **[32] ARTIKEL 6: BEDIENAAR VAN DIE WOORD ONDER 'N BESKERMHEER**

**"Geen bedienaar van die Woord mag onder 'n beskermheer of in gestigte of op 'n ander wyse diens van die Woord aanvaar nie, tensy hy daarvoor toestemming verkry het en toegelaat is volgens die voorgaande artikels; en hy is ook net soos die ander aan die Kerkorde onderworpe."**

### **BEROEPING ONDER BESONDERE OMSTANDIGHED**

In hierdie sondige wêreld is daar omstandighede wat dit vir die kerk in sy bestaan besonder moeilik maak. Dit is dan asof dit onmoontlik is om die kerk in te rig of te regeer ooreenkomstig die bevel van Christus.

Eerder as om die gelowiges onder sulke omstandighede aan hulle lot oor te laat, het die Heilige Gees die kerke gelei om in die Kerkorde so voorsiening te maak dat die bediening van die Woord tog ook onder die aller moeilikste omstandighede amptelik kan voortgaan.

### **ONTSTAAN VAN DIE ARTIKEL**

Histories het artikel 6 sy oorsprong te danke aan die Roomse gebruik om hofpredikers aan te stel. Na die bevryding van die Nederlande het Prins Willem van Oranje die gebruik voortgesit. Ook die adel en ryk landhere het hulle eie predikante self bly aanstel.

Die kerke het teen die gebruik in verset gekom, maar tog die omstandighede waaronder dit plaasgevind het, in ag geneem. Die Sinode van Dordrecht 1578 het bepaal dat daar eers onder die howelinge of die personeel van die heer 'n kerk geïnstitueer moes word. Nadat 'n kerkraad ingestel is, kon hulle 'n predikant beroep wat dan deur die beskermheer aangestel sou word.

Die probleem is egter nie daarmee opgelos nie. Daar is ook nog geestelike versorgers vir hospitale en ander inrigtings benoem waar geen kerke geïnstitueer kon word nie. Die huidige bepaling is deur die Sinode van 'S Gravenhage 1586 vasgestel, waardeur bedienaars van die Woord wat onder beskermhere of in gestigte moes werk, beroep moet word deur die kerk waaronder die hof of inrigting ressorteer. Die beroeping moet dan plaasvind in oorleg met die beskermheer of bestuur van die inrigting. Die [33] beskermheer of bestuur stel dan instruksies op vir so 'n bedienaar van die Woord, maar dit mag nooit in stryd wees met die K.O. nie en die bedienaar van die Woord bly altyd onderworpe aan die Kerkorde.

### **TOEPASSING VAN DIE ARTIKEL**

Hier is inderwaarheid so ver gegaan as wat moontlik is. Met die omstandighede word rekening gehou en daar word selfs aan persone en owerhede seggenskap gegee in sake wat net die kerk aangaan. Die voorbehoud is egter dat *die wesenlike van die amp en die kerkregering nie aangetas word nie*. Daar moet aan die diens van die Woord voorsien word deur 'n wettige beroeping.

Dit spreek vanself dat die artikel alleen in werking gestel word in gevalle waar daar op geen ander manier in die diens van die Woord voorsien kan word nie. Die beroeping en aanstelling van leer-kapelane geskied ooreenkomstig hierdie artikel vandag. Die kerk wat beroep, moet sorg vir 'n behoorlike ooreenkoms met die betrokke owerhede, sodat daar nie afbreuk aan die heerskappy van Christus in sy kerk gemaak word nie.

Dit spreek ten slotte vanself dat die diensaanvaarding onder beskermhere of die bestuur van 'n inrigting altyd die versorging van lidmate van 'n Gereformeerde Kerk ten doel het.

## [34] ARTIKEL 7: VERBONDE AAN 'N BEPAALDE KERK

**"As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader."**

### HOE VER STREK DIE ROEPING EN TOELATING?

Volgens die Roomse ampsbegrip kan die persoon wat in die diens gestel is, die amp op enige plek en enige tyd na goeddunke uitoefen. Die priesterwyding laat die gewyde persoonlik oor die amp beskik, die mag om die heilige dinge te bedien kleef aan sy persoon. Roomse priesters het gedurende die Middeleeue en tydens die Reformasie dan ook oral rondgetrek en hulle dienste aangebied. Hierteen het onder andere die Franse Gereformeerde Kerke reeds so vroeg as 1563 op die Sinode van Armentiërs opgetree en bepaal dat elke dienaar aan 'n besondere kerk (gemeente) verbonde moet wees. Later het die Gereformeerde Kerke in Nederland op die Sinode van Dordrecht 1574 aangaande dienaars wat nog nie geëksamineer en nog nie wettiglik beroep of gestuur is nie, besluit dat hulle geëksamineer moet word.

Op die plek waar so iemand gewerk het en begeer is, moes dan 'n kerkraad ingestel en hy aan die kerk verbind word. Die Sinode van Dordrecht 1590 het die saak ook met betrekking tot sy woonplek duidelik gestel en bepaal dat "elke herder by sy skape behoort te woon, behalwe as daar in 'n uitsonderingsgeval geen woning is nie."

Die Sinode van Dordrecht 1618/19 se formulering van die artikel spreek baie sterker as ons huidige redaksie. Die verbiedende "Niemand sal tot die diens van die Woord beroep word nie of hy moet op 'n bepaalde plek gevestig wees ..." laat die beginsel duideliker op die voorgrond staan. *Niemand kan predikant wees as hy dit nie van 'n bepaalde kerk (gemeente) is nie.* Die oomblik as 'n bedienaar van die Woord die band met die kerk wat hom beroep het, breek sonder om aan 'n ander kerk verbind te word, kan hy nie meer aanspraak maak op die naam en eer van 'n bedienaar van die Woord nie. Daarom mag 'n professor of onderwyser of direkteur van maatskappye of enige ander persoon wat, al was hy voorheen predikant, en nie meer aan 'n kerk verbonde is en daar gevestig is nie, nie meer preek of enige amptelike werk verrig nie. 'n Predikant kan nie na eie goeddunke rondswerf nie. Met die roeping gaan die binding aan en woning by 'n bepaalde kerk gepaard.

### [35] TENSY HY GESTUUR WORD

Daar is net een uitsondering: Dit is wanneer "hy gestuur word om elders kerke te vergader."

Dat die uitsonderlike geval kan voorkom dat 'n predikant deur 'n bepaalde kerk beroep is, maar hom nie daar kan vestig nie, is reeds uit die Nuwe Testament duidelik. Paulus en Barnabas is deur die Antiochiese kerk geroep en gestuur om kerke onder die heidene te vergader (Handelinge 13:1-4). Hierdie optrede dien tot vandag nog as voorbeeld van die manier waarop Christus sy dienaars wat onder die heidene (sending) en afvalliges (evangelisasie) die Woord moet bedien, roep en stuur. Die tydsomstandighede kan egter ook uitsonderlike optrede noodsaak.

Tydens die Reformasie – en daarop het artikel 7 aanvanklik veral betrekking gehad – moes die gelowiges uit die valse (Roomse) kerkorganisasie en ander ontroue herders uitgelei word. Die verstrooide gelowiges in die vervolging moes as kerke georganiseer en bedien word terwyl *hulle self nie bedienaars van die Woord kon beroep of onderhou nie.* Toe daar boonop predikante, onder andere die beroemde ds. Moded, begin rond preek en geweier het om hulle op 'n bepaalde plek te vestig, het die kerke in 1581 bepaal dat

predikante hulle op 'n bepaalde plek moet vestig of anders deur 'n bepaalde kerk beroep en dan uitgestuur word om kerke elders te vergader.

### **KAN 'N KLASSIS OF SINODE BEROEP EN STUUR?**

In die verlede is predikante in Nederland deur 'n klassis of sinode beroep en in diens gestel en dan uitgestuur as sendelinge. Dit is gewoonlik gedoen met die oog op die arbeid in die kolonies waarvoor een kerk te swak was. Die optrede stry egter teen die beginsels vervat in artikel 3 tot 7. 'n Klassis of sinode is nie 'n kerk wat kan beroep of stuur nie. Wanneer een kerk alleen nie in die vermoë is om 'n sendeling uit te stuur nie, kan die kerke wat in die klassis of sinode vergader, dit wel doen. Maar dan vorm hulle 'n kombinasie van kerke wat gesamentlik beroep en stuur. Dan is dit die kerke en nie die meerdere vergadering, klassis of sinode, wat handel nie.

James Bannerman 1974 (The Church of Christ) kom egter tot 'n heeltemal ander konklusie op grond van die eenheid van die kerke in Christus. Wie as bedienaar van die Woord toegelaat word in 'n kerk "becomes, in virtue of his ordination, a minister of the visible church throughout the whole world, qualified and entitled to preach the Gospel, not merely within the bounds of the single congregation over which he is so set as overseer, but <sup>[36]</sup> also any congregation where Providence may order his lot." (bl. 318). Elke pastor het ook 'n verantwoordelikheid teenoor lidmate van elke ander kerk; teenoor die hele sigbare kerk. So gesien, hoef die predikant dan nie aan 'n bepaalde kerk (gemeente) verbind te wees nie.

In die lig van wat reeds, veral in artikel 1-4 gesê is, moet hierdie opvatting afgewys word. Die beginsel vereis dat die roeping tot die diens van die Woord altyd van 'n bepaalde kerk moet uitgaan. Die roeping bepaal ook die arbeidskring sowel as die woonplek van die bedienaar van die Woord.

## [37] ARTIKEL 8: TOELATING VAN DIE WAT NIE GESTUDEER HET NIE

**"Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë sowel as gawes van welsprekendheid. As so iemand hom aanmeld, moet die klassis, as die partikuliere sinode dit goedvind, hom eksamineer en na gunstige bevinding hom 'n tydlank private preekproewe laat lewer, om dan met hom te handel soos die klassis stigtelik oordeel."**

### DIE VRYMAG VAN GOD

In artikel 8 word weer eens beklemtoon dat studie noodsaaklik is om tot die diens van die Woord toegelaat te word. Die vermoë om te studeer en die toenemende bekwaamheid as gevolg daarvan is 'n deel van die uitwendige bevestiging van die inwendige roeping.

Die kerke het ten spyte van die eis tot studie van die begin af tog ook erken dat God die Heilige Gees nie gebind is aan die weg van studie om die wat Hy roep bekwaam te maak nie. Hy skenk ook buitengewone gawes wat in staat stel om die veeleisende diens, veral in 'n tyd waarin daar geen geleentheid vir studie is nie, behoorlik te behartig. Deels het die toestand waarin die kerke gedurende die eerste tyd van die Reformasie verkeer het, die oë vir die waarheid geopen. Daar was in die Nederlande voor die einde van die sestiende eeu nog geen universiteite waar voornemende bedienaars van die Woord kon studeer nie. Hulle moes hulle opleiding veral in Genève aan die Akademie van Calvyn ontvang. Daar is toe reeds op die Sinode van Emden 1571, voorsiening gemaak dat daar in "aansienlike gemeenten" 'n soort praktiese oefenskool onder leiding van die predikante met die oog op die prediking ingestel word. Die Sinode van Dordrecht 1574 beperk die oefeninge net tot die by wie die volgende dinge aanwesig is: "ten eerste Godsaligheid en ootmoedigheid; ten tweede die gawe van welsprekendheid; ten derde goeie verstand en onderskeidingsvermoë."

Hierdie besluite kan nog as 'n soort voorsiening vir opleiding gesien word. Maar nadat die universiteite in die lewe geroep is, is dit gehandhaaf en is sedert die Sinode van Dordrecht 1618/19 die beginsel dat <sup>[38]</sup> ongestudeerdes wel tot die diens van die Woord toegelaat kan word, onomwonde in artikel 8 erken. Die voorwaarde vir die toelating is egter dat dit duidelik gesien kan word dat die Heilige Gees die persoon op 'n buitengewone manier bekwaam gemaak het. Daar moet *sekerheid* wees van sy *buitengewone* gawes. Almal moet dus kan sien dat die persoon die gawes besit. Hy is opvallend in die gemeente.

### DIE GAWES

Die gawes wat hom opvallend maak en waaraan hy uitgeken kan word, word uitdruklik in die artikel genoem.

#### Godsaligheid

Dit moet vir almal duidelik wees dat hy "die vrees van die Here ken" (Kyk 2 Kor. 5:11) en reeds ver gevorder het in die verborge omgang met God sowel as in die heiligmaking. Dit alles moet uit sy gewone gedrag blyk.

Hier betaam skugterheid in die oordeel. Geen wêreldse maatstawwe kan voorgeskryf of aangelê word om die godsaligheid vas te stel of te meet nie. Dit sou aanleiding gee tot 'n uiterlike vroomdoenery. Hier sal die werk van God die Heilige Gees in die persoon vanself blyk omdat dit, as sy werk, vanself oortuig.

#### Ootmoedigheid en ingetoënheid

So 'n persoon word ook deur nederigheid gekenmerk omdat hy die vrees van die Here



ken. Hy sal 'n houding hê wat daarvan getuig dat hy gedurig die oue mens in hom kruisig. Daar is ingetoënheid en geen selfverheffing of 'n selfaanbieding in selfoorskating by hom op te merk nie.

Prof. van der Vyver het gesê so iemand "moet gebalanseerd en selfbeheersd wees, dus die teenoorgestelde van *voor* op die wa ..." (klasdiktat).

'n Persoon met buitengewone gawes het die kinderlike gesindheid waarvan Jesus spreek as Hy sê: "julle moet soos die kindertjies word" (Matt. 18:3). Die liefde van Christus en geen eiwaan of sug na eie voordeel nie, dring so een om hom vir die diens van die Woord aan te meld.

### **Goeie verstand**

Hy moet bekwaam wees om 'n ander te leer (2 Tim. 2:2). Hy moet die Heilige Skrif verstaan en so 'n insig daarin hê dat hy dit aan 'n ander kan uitleë.

### **[39] Onderskeidingsvermoë**

'n Helder oordeel en insig moet getuig van 'n buitengewone geestelike volwassenheid. Die persoon moet in besit wees van geestesvermoëns "deur die gewoonte geoefen om goed van kwaad te onderskei" (Hebr. 5:14).

### **Welsprekendheid**

Die Woord moet verkondig word. Die aanleg om goed te kan praat, gedagtes helder te formuleer en ordelik uit te spreek sodat ander kan verstaan, moet opvallend wees.

## **TOELATING TOT DIE DIENS**

'n Persoon met buitengewone gawes moet deur sy kerkraad onder die aandag van die klassis gebring word. Vanselfsprekend moet die kerk in wie se midde hy opvallend is vanweë sy gawes, die nodige duidelike getuienis daarvan gee.

Indien die klassis oortuig is van die buitengewone gawes, moet die oordeel aan die partikuliere sinode voorgelê word. Die vergadering moet hulleself dan ook oortuig van die buitengewone gawes en daarna in ooreenstemming met die sinodebesluit van 1970 insake beroepbaarstelling, oorgaan tot die eksaminasie.

Die eksamen moet die hele veld dek wat gewoonlik in die voorbereidende (praeparatoir) eksamen gedek word.

Om reg te laat geskied aan so 'n persoon met besondere gawes is groot wysheid by die ondersoek nodig. Die ware kennis en bekwaamheid van die een wat ondervra word kan so maklik deur 'n spel van geleerdheid in die eksamen bedek word, in plaas daarvan dat dit aan die lig gebring word.

### **PROEFTYD**

Wanneer so 'n begaafde persoon die eksamen met welslae afgelê het, moet hy eers 'n proeftyd ondergaan waartydens hy ook sy gawes enigsins kan oefen met die oog op die bediening. Die partikuliere sinode wat hom geëksamineer het, dra dit dan aan 'n klassis op om hom 'n tyd lank preekproewe te laat lewer.

Prakties meen dit dat hy onder die sorg van 'n kerkraad geplaas word en dat hy 'n tyd lank preke moet maak onder leiding van die kerkraad. Daarna laat die kerkraad hom toe om in die kerke van die klassis preekproewe te hou vir verdere beoordeling.

**[40]** Die preekproewe moet 'n tyd lank gelewer word. Oor die tydsduur beslis die klassis of tans die partikuliere sinode. Dit kan oor 'n jaar of selfs twee jaar strek "soos die klassis (partikuliere sinode) stigtelik oordeel...". Eers daarna besluit die klassis (partikuliere sinode) of hy beroepbaar gestel kan word.

## **[41] ARTIKEL 9: TOELATING VAN PREDIKERS UIT ANDER KERKE OF SEKTES**

**"Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdienst toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid, en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is."**

### **MOENIE HAASTIG DIE HANDE OPLÊ NIE**

In artikel 9 gaan dit nog steeds oor hoe die wag by die preekstoel betrek moet word. Die Satan is altyd op die loer uit om verwoesting, ook onder die dekmantel van 'n ywer vir die diens van die Here, in die kerk aan te rig. Slaag hy daarin om die bediening van die Woord aan te tas, het hy die kerk in sy mag.

Daar moet altyd gewaak word teen indringers in die diens van die Woord. Veral in tye van verwarring soos gedurende die beginjare van die Reformasie, kan dit maklik gebeur dat valse leraars insluip.

Voor 1964 het die redaksie, soos dit sedert die sestiende eeu aan ons deurgegee is, melding gemaak van "*nuwelinge, mispriesters, monnike* en *persone* wat een of ander sekte verlaat het." Met die revisie van 1964 is 'n redaksie aanvaar wat net die aandag vestig op persone wat voorheen in diens was by kerke met wie die gereformeerde kerke gebreek het, of by sektes wat voorgee dat hulle kerk is en dit nie is nie. Sulke persone wou ook tydens die Reformasie hulle diens net so voortsit by die gereformeerde kerke. In baie gevalle is noodgedwonge van hulle dienste gebruik gemaak. Die droewe gevolge daarvan het die kerke egter spoedig genoodsaak om die geeste op die proef te stel of hulle uit God of uit die Antichris was (Kyk Joh. 4:1).

"Moenie haastig iemand die hande oplê nie" (1 Tim. 5:22). Daar moet seker gemaak word of dit nie maar net ter wille van die brood of ander vleeslike motiewe is dat iemand uit 'n ander kerk of een of ander sekte wil aansluit nie. Groot versigtigheid moet betrag word voordat so iemand tot die diens van die Woord toegelaat word.

In artikel 9 word erken dat iemand wat in 'n vervalste of dwalende kerk en selfs 'n sekte gedien het, wel die roeping kan hê om sy diens in die Gereformeerde Kerk voort te sit. Dit sal egter eers na 'n proeftyd moet blyk.

**[42]** Die prosedure waarvolgens so iemand beproef word, sal afhang van waar hy vandaan kom. In elk geval sal eers moet vasgestel word of hy van die dwalinge genees, en nou die suiwer leer toegedaan is.

Van 'n Roomse priester of 'n pastoor uit 'n sekte wat tot die gereformeerde belydenis gekom het en aansoek doen om as bedienaar van die Woord op te tree, sal byvoorbeeld verwag word om nadat hy 'n tyd lank onweerlegbare blyke van opregtheid in belydenis en wandel getoon het, 'n volledige opleiding te ondergaan. Daarna sal hy langs die weg van artikel 4 beroep en toegelaat kan word.

Met iemand wat voorheen in die Nederduitse Gereformeerde Kerk of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gedien het, word weer op 'n ander manier gehandel. In die verlede is byvoorbeeld van 'n gewese Nederduitse Gereformeerde predikant verwag dat hy hom tot bevrediging van die Senaat van die Teologiese Skool op hoogte moes stel van die vereistes vir die Kandidaatseksamen. Daarna is aan hom kandidaatstatus verleen na 'n proeftyd in 'n paar kerke onder leiding van die betrokke predikante. Eers daarna is hy ooreenkomstig artikel 4 geëksamineer en beroepbaar gestel.

### **NUWELINGE**

Dit is jammer dat die "nuwelinge" in die huidige redaksie van artikel 9 weggelaat is. Die deputate vir die revisie van die Kerkorde het die volgende motivering vir die verandering gegee; "Die artikel, gesien die verband met voorgaande en volgende artikels, handel oor

bedienaars van die Woord. Daarom die duideliker en meer gemoderniseerde formulering met 'predikers' (Handelinge Sinode 1964 bl. 68).

Hierdie motivering is egter nie heeltemal juis nie. Die ou formulering het wel "predikers" bedoel, maar nie net "predikers" nie. Die nuweling waarvan sprake is in die ou redaksie sluit aan by 1 Timotheüs 3:6, waar dit sien op iemand wat pas uit die heidendom oorgekom het. So een wat pas tot die geloof gekom het, by die kerk aangesluit het en self nog baie moet leer, is nog nie bevoegd om in die kerk van die Here voor te gaan as opsiener of herder en leraar nie. (Kyk Bouma, Kommentaar op het Nieuwe Testament. 1 Timotheüs).

Die Kerkorde het sedert die Reformasie dus wel veral predikers in artikel 9 in die oog gehad, maar daarby ook ander persone wat pas uit die heidendom bekeer is of uit die Roomse kerk of 'n sekte aangesluit het. Vandag sal dit ook betrekking hê op iemand wat deur evangelisasiewerk tot die kerk toegevoeg is. Wanneer so iemand dan dadelik sou aansoek doen om bedienaar van die Woord te word, moet die aansoek met groot versigtigheid bejeën word.

#### **[43] KANSELRUIL**

Hoewel die Kerkorde geen reëling oor die sogenaamde kanselruil maak nie, is dit volgens artikel 9 veral in samehang met artikel 3, 4, 5 en 10 vanselfsprekend dat so iets nie moontlik is nie. 'n Kerkraad mag alleen iemand wat *wettig in 'n Gereformeerde Kerk* geroep is op die kansel toelaat. Die wettige roeping van iemand wat tevore nog nie in die diens was nie of wel in diens was by 'n kerk met wie in kerkverband saamgeleef word, sowel as by "ander kerke of een of ander sekte" word deur die artikels gereël.

In uitsonderlike gevalle as 'n kerkraad oordeel dat 'n bedienaar van die Woord wat verbonde is en bly aan 'n ander kerk, suiwer is in leer en lewe, kan hulle hom ooreenkomstig die gees van die Kerkorde in elk geval nie laat preek sonder dat ten minste die klassis ook daarvoor geoordeel het nie.

## **[44] ARTIKEL 10: VERTREK VAN EEN KERK NA 'N ANDER**

**""n Bedienaar van die Woord wat eenmaal beroep is, mag die kerk waaraan hy verbonde is, nie sonder bewilliging van die kerkraad met die diakens en toestemming van die klassis verlaat om op 'n ander plek 'n beroep op te volg nie; en geen kerk mag hom ontvang voordat hy van die kerk en klassis wat hy gedien het, wettige getuienis van sy losmaking getoon het nie."**

In artikel 3 is bepaal dat niemand die Woord of sakramente mag bedien sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie. Vanaf artikel 4 tot 9 is die beroeping en toelating onder besondere omstandighede gereël.

Artikel 10-14 handel voorts oor verskillende grade van losmaking uit die diens in die bepaalde kerk waar die bedienaar van die Woord geroep, toegelaat en bevestig is.

Artikel 10 reël die losmaking van 'n bedienaar van die Woord wat die kerk wat hy dien, wil verlaat om op ""n ander plek 'n beroep op te volg".

Hy mag nie sommer die kerk waaraan hy verbonde is in die steek laat nie. Hoewel dit die Here behaag het om hom elders heen te laat beroep, kan hy die kerk nie verlaat sonder dat hy behoorlik losgemaak is nie. Hy moet met eer vertrek.

### **DIE BEWILLIGING**

Dit hou eerstens in dat die kerkraad en die diakens gewillig moet wees dat hy gaan. Dat juis die kerkraad en die diakens sy vertrek moet bewillig, is deur die Sinode van 'S Cravenhage 1586, wat ook die "oud-ouderlinge en oud-diakens" bygetrek het, so verklaar dat "op die manier die gemeente meewerk ...". Hulle verteenwoordig die gemeente. Eintlik moes die gemeente toestemming gegee het, maar die huidige redaksie uit die sestiende en sewentiende eeue is nie sonder rede behou nie. Waar die ouderlinge die leiding moet neem en verantwoordelik is vir die ordelike verloop van sake, is hulle op hoogte van die belange van die gemeente en hulle verhouding tot die predikant. En waar die diakens ook kragtens hulle amp so intiem met die gemeente saamleef, kan dit veronderstel word dat hulle ook so op hoogte sal wees van sake dat hulle tot eer van God, die heil van die gemeente en in belang van die predikant kan beslis.

**[45]** Die gedagtes wat heersend is in die betrokke kerk oor die vertrek van die predikant al dan nie, kan so deur die kerkraad en diakens behoorlik in rekening gebring word met minder gevaar dat sondige neigings die oorhand kry, wat makliker op 'n groot vergadering saam met die gemeente kan gebeur. Bowendien behou die lidmate die reg om hulle gevoelens oor die saak aan die kerkraad met die diakens bekend te maak.

'n Bedienaar van die Woord wat na 'n ander kerk 'n beroep kry, moet dit dan eerstens aan die kerkraad bekend maak en hulle advies vra oor wat hom te doen staan. Daarna moet hy sy beslissing aan hulle bekend maak en indien hy die beroep wil opvolg, vra dat hy eervol losgemaak word.

Die kerkraad met die diakens oordeel dan of die belange van die kerk nie te veel skade sal ly as hy vertrek nie. Hulle moet daarin ook oorweging skenk aan die belange van die kerk waarheen hy beroep is sowel as die van die klassis.

Die kerkraad met die diakens (die sogenaamde breë kerkraad) moet vir hulleself duidelikheid kry wat die wil van Christus met die beroep is. Dit is nie noodwendig dat Hy – soos soms beweer word – altyd wil hê dat die predikant moet vertrek nie. Dit kan 'n beproewing wees vir 'n bedienaar wat onder moeilike omstandighede arbei en dreig om slap te word. Onder die beroep kan hy weer tot die besef kom van wat sy taak is en dat hy dit ter plaatse moet volbring. Die gevaar bestaan selfs dat 'n kerk uit onbehoorlike motiewe 'n predikant beroep. Hulle het dalk 'n gerug gehoor dat die broeder 'n lae

traktement kry en beroep hom nou teen 'n hoër traktement om hom weg te lok. Of hy is ongelukkig en sal 'n beroep aanneem, ens. ens. Die vraag ontstaan of so 'n beroep wel van Christus is. Elke beroep moet biddend oorweeg word in die lig van alle omstandighede.

Gemaksug, vreesagtigheid, kleinmoedigheid en so meer kan 'n predikant ook soms laat sug om so gou moontlik uit 'n "moeilike" gemeente te kan padgee. In so 'n geval gryp hy die geleentheid met die eerste beroep aan. Die gevaar is so werklik dat die Sinode van 1945, (art. 89a) besluit het dat dit nie wenslik is "dat 'n leraar wat nog geen twee jaar in sy gemeente werksaam is nie, beroep sal word, aangesien die korte bediening in stryd is met die belange van die gemeente." Ook het die Sinode van 1879 in dieselfde gees besluit dat as 'n predikant wel binne 'n jaar weer uit 'n gemeente vertrek, "dan zal de roepende gemeente de onkosten teruggeven die door de gemeente om hom te verkrijgen, gemaakt waren." Die besluit geld tans nog.

### **TOESTEMMING VAN DIE KLASSIS**

Nadat die kerkraad met die diakens die losmaking bewillig het, moet die beslissing van die predikant en bewilliging van die kerkraad ook aan die klassis voorgelê word en toestemming vir die vertrek gevra word.

[46] Die klassis het belang by die saak omdat die kerke in die buurt op mekaar aangewys is. Daarom moet die klassis toesien dat die bewilliging om die beroep op te volg, ordelik geskied het en dat die predikant nie uit verkeerde motiewe deur die kerkraad en diakens gedwing word om teen sy sin te vertrek nie. Waar daar reeds in die buurt baie vakatures is, moet die klassis vasstel of daar nie 'n al te groot bedieningsnood deur die vertrek van die broeder sal ontstaan nie. As die belange van die kerke in die buurt dit verg, kan die klassis sy toestemming weier. Natuurlik mag dit nie gebeur voordat noukeurig op al die redes gelet is wat die predikant dwing om die beroep te aanvaar en die kerkraad daarin laat bewillig het nie.

Dit kan dan selfs wees dat as alles in aanmerking geneem word, die klassis wel toestemming tot die vertrek gee ten spyte van die bedieningsnood wat sal ontstaan.

Net soos in die geval van art. 5 het die sinode besluit om die toestemming om 'n beroep op te volg aan 'n saamgetrokke klassis, bestaande uit 2 deputate uit 2 naburige kerkrade met die konsulent op te dra. Die reiskoste van die deputate moet deur die kerk wat beroep het gedra word.

Wat die tyd van die vergadering van die kerkraad saam met die deputate betref, geld dieselfde as wat in art. 5 in die verband gesê is.

### **APPÈL**

Indien 'n kerkraad die opvolging van 'n beroep nie bewillig nie of 'n klassis toestemming tot vertrek weier en die predikant tog meen dat hy moet gaan, is die weg van appèl vir hom oop.

Wanneer 'n predikant 'n beroep kry, is dit 'n saak van groot erns. En as en die predikant en die kerkraad en die gemeente en die klassis hulle voor die aangesig van die Here stel, word gewoonlik tot 'n eenstemmige beslissing gekom. Waar sondige motiewe en begeertes by een van die partye die botoon voer, kom daar botsings wat gewoonlik tot skande vir die Naam van die Here, van die kerk en van die predikant is.

### **ANTWOORD OP BEROEP**

Die predikant mag eers aan die roepende kerk kennis gee dat hy die beroep opvolg nadat hy die bewilliging van die kerkraad met die diakens en die toestemming van die klassis verkry het. Dit is onordelik, soos reeds gebeur het, dat 'n predikant kennis gee dat hy die beroep aanneem en dan weer ontheffing van sy gegewe woord vra omdat die klassis toestemming weier.

#### **[47] BEWYS VAN LOSMAKING**

Ten slotte moet aan die predikant wat vertrek 'n amptelike akte van losmaking gegee word om ooreenkomstig artikel 5 aan die kerkraad en die deputate van die klassis met sy bevestiging voor te lê. Die dokument moet 'n getuienis aangaande die predikant se leer en lewe tydens sy dienstyds bevat en dat hy eervol losgemaak is.

Dit is die beste om die dokument in triplikaat uit te reik: een aan die predikant, een te stuur aan die korresponderende kerkraad van die klassis en een vir die kerkraad self. In die losmakingsakte moet duidelik gestipuleer word dat die losmaking in werking tree sodra die predikant in die ander kerk bevestig is. Indien die tydverloop tussen die afskeid en die bevestiging langer as 'n week is, as die predikant byvoorbeeld eers met verlof gaan, moet daar ooreengekom word dat die kerkraad die predikant vir die hele periode voor die bevestiging nog vir sy rekening hou.

## [48] ARTIKEL 11: ONDERHOUD EN ONTSLAG VAN 'N BEDIENAAR VAN DIE WOORD

**"Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode nie."**

Waar in artikel 10 die verantwoordelikheid van die bedienaar van die Woord teenoor die kerk aan wie hy verbind is, beklemtoon word, word in artikel 11 die verantwoordelikheid van die kerk teenoor die bedienaar van die Woord benadruk.

Die verantwoordelikheid word deur die kerkraad namens die kerk nagekom. In die geval van die versorging van die bedienaar van die Woord is die kerkraad die verteenwoordiger van die lidmate.

### DIE VERSORGING

Die kerk moet die bedienaar van die Woord "met behoorlike onderhoud" versorg. Met die bewoording van die artikel het die kerke reeds so vroeg as in 1564 op die Sinode van Antwerpen die beginsel dat die kerk *self sy bedienaars moet versorg, op die voorgrond gestel*. Die Sinode van Middelburg 1581 bepaal ook dat "die kerke moet sorg dat aan hulle dienaars 'n behoorlike onderhoud gegee word."

Uit hierdie bewoording, sowel as die van die huidige artikel 11, kan 'n tweede beginsel afgelei word. Dit is dat die bedienaar van die Woord nie 'n salaris kry nie. Hy word nie besoldig soos ander werknemers nie. Hy moet van die evangelie leef (1 Kor. 9:13 en 14) en die kerke moet "voorsien in die noodsaaklike behoeftes van hulle herders" (Sinode van Antwerpen 1564). Daar word dan ook gepraat van die *traktering* van die predikant en nie van die beloning nie.

### 'N BEHOORLIKE ONDERHOUD

Oor die vraag wat 'n behoorlike onderhoud is, is daar al baie gesê, miskien in sommige geval lê te veel. Waar 'n bedienaar van die Woord die kerkraad gedurig op die verpligting om hom met 'n behoorlike onderhoud te <sup>[49]</sup>versorg wys, onttaard die verhouding tussen hom en die kerk baie gou in die van 'n huurling teenoor sy werkgewer en hulle loer op mekaar om te sien watter voordeel die een op die ander kan behaal.

Hoewel bedienaars van die Woord oor die algemeen goed versorg word, sal kerkrade aan die saak van 'n woning vir die bedienaar van die Woord by emeritering ernstig aandag moet gee. Gewoonlik kan hy nie self uit sy onderhoud daarvoor voorsiening maak nie.

Om swakker kerke in staat te stel om hulle bedienaars van die Woord behoorlik te versorg, is al aan die hand gegee dat 'n "sentrale kas" gestig word waaruit alle kerke dan put om hulle bedienaars van die Woord volgens 'n vasgestelde skaal te versorg.

Die Sinode Potchefstroom 1949 het die plan tereg van die hand gewys. Hoewel so 'n skema dalk geregverdig kan word deur die redenasie dat die kerke so aan mekaar hulp betoon in die saak van die versorging, blyk dit tog by nadere oordenking dat die beginsel van die selfstandigheid en verantwoordelikheid van die plaaslike kerk hier so in die gedrang kom dat die praktyk eindelik die beginsel kan verdring. Die voorstel neig al te veel na die kollegialistiese denkbeeld dat die predikante in diens "*van die Kerk*" is en net toegewys is aan 'n gemeente wat 'n **onderafdeling van die Kerk** is. Die Kerk (prakties dan = die sinode) is dan verantwoordelik vir die onderhoud van die predikant.

Die skriftuurlike kerkbegrip sluit so 'n reëling uit. Die plaaslike kerk is 'n komplette



openbaring van die liggaam van Christus - die universele kerk - en volkome selfstandig en verantwoordelik vir sy eie organisasie. Natuurlik sluit dit nie uit dat die kerke mekaar daarin kan en ook moet bystaan nie. Die een moet op die ander ag gee. Dit gebeur deur sustentasie.

### **WAT IS BEHOORLIKE VERSORGING?**

Wat behoorlik is, moet elke kerk in verantwoordelikheid voor God vir homself vasstel.

'n Klassis kan *wel* oordeel of dit behoorlik is in 'n bepaalde geval. Maar dit kan nie vooraf enige basis of sogenaamde leidraad vir die kerke neerlê nie. Dit sou òf die huurling-werkgewer-verhouding bevorder òf die kollegialistiese kerkbegrip voed òf selfs 'n hiërargiese tendens laat ontstaan in die sin dat die kerke wat finansiële sterk is (of andersom) en in die meerderheid is in die klassis, die ander in die saak kan oorheers.

Wat vir kerk A *behoorlik* is, kan vir kerk B *oordadig* en vir kerk C te *karig* wees. Daar is soveel faktore wat in ag geneem moet word, byvoorbeeld die lewensduurte in die besondere omgewing waar die kerk geleë is; die <sup>[50]</sup> vereistes wat ten opsigte van die maatskaplike lewe aan die bedienaar van die Woord gestel word; die lewenspeil van die lidmate, die eise wat sy huisgesin stel, studieskuld en so meer.

Hierdie dinge verskil van plek tot plek en van predikant tot predikant.

Elke kerkraad moet egter, al is die ander vereistes ook hoe minimaal, sorg dat wat absoluut nodig is vir die bestaan, voorsien word.

'n Bedienaar van die Woord moet sonder sorg oor die daaglikse behoeftes kan leef om só al sy aandag en kragte aan die diens van die Here en aan die gemeente te kan lewer (2 Tim. 2:4).

'n Kerk moet dus eers vasstel of hulle 'n bedienaar behoorlik *kan* versorg voordat tot 'n beroep oorgaan word.

As die kerk te swak is, moet eers seker gemaak word of hulp van die naburige kerke gekry kan word en op watter hulp staat gemaak kan word.

### **KOMBINASIE**

Gewoonlik kan die hulp twee vorme aanneem. 'n Paar kerke staan mekaar by en vorm 'n kombinasie met die oog op beroep, of sustentasie word deur die gesamentlike kerke gelewer.

In die geval van kombinasieberoep verwys ek na die Sinodale advies 1939, Acta art. 43 (Bylaag by art. 4 K.O.).

Wanneer twee of meer kerke met mekaar kombineer om 'n bedienaar *van* die Woord te bekom en te versorg, moet altyd in gedagte gehou word dat dit, hoewel 'n behoorlike ooreenkoms gesluit word, geen blote saketransaksie is nie. Dit is kerke wat smag na die bediening van die Woord en wat te swak is om dit self te bekostig en nou dra hulle mekaar se laste sodat hulle dit kan bekostig. Selfs al kan kerk A dit bekostig maar kerk B kan nie, kan en moet kerk A met B 'n kombinasie aangaan, as dit enigsins moontlik is, uit die drang van die liefde vir B. So word dan aan kerk B barmhartigheid bewys sonder dat kerk B se selfstandigheid en verantwoordelikheid opgehef word. In die ooreenkoms wat gemaak word, word die *verpligtinge na vermoë* en die regte *na behoefte* so billik moontlik aan elke kerk in die kombinasie toegewys. Die Gees van Christus verhoed dat presies uitgewerk word dat die predikant kry van A soveel, daarom moet sy dienste presies volgens die bydraes verdeel word. Natuurlik meen dit nie dat kerk A met 500 lede, wat met kerk B met 100 lede gekombineer is, net op presies dieselfde regte as kerk B kan aanspraak maak nie. Kerk A se behoeftes is anders en meer en die werk neem meer tyd in beslag as kerk B s'n. Daarmee moet in die verdeling van werk rekening gehou word.

<sup>[51]</sup> Daar moet ook teen hiërargie gewaak word. Die sterker kerk mag die swakkere nooit



in so 'n kombinasie oorheers nie. Die gekombineerde kerkraadsvergaderinge moet altyd so gelei word dat elke sweem van *oorheersing* deur *oorstemming* afgeweer word. Beslissings op so 'n gekombineerde vergadering moet altyd met *instemming van al die betrokke kerke* geneem word. Daar moet dus *kerkgewys* en nie *persoonlik* gestem word nie.

Die bedienaar van die Woord moet steeds in so 'n geval waak dat hy nie die belange van een kerk bo die van die ander stel nie. Daar mag deur sy optrede nie eers die geringste idee ontstaan dat hy die een kerk teen die ander in die kombinasie wil afspeel nie.

## **SUSTENTASIE**

Wanneer sustentasie aangevra word om 'n predikant behoorlik te kan onderhou moet dit werklik noodsaaklik wees. 'n Kerk mag onder andere nie 'n duur kerkgebou oprig en al die inkomstes daarvoor benut en dan vir die bedienaar van die Woord se onderhoud sustentasie aanvra nie. In so 'n geval moes daar maar eers gewag gewees het met die bouery en sorg gedra is dat die diens van die Woord sy voortgang het. Die kerk wat om sustentasie aansoek doen moet voorts sorg dat hulle aansoek in ooreenstemming is met die bepalinge van die betrokke meerdere vergadering. Hoewel vanselfsprekend, is dit tog nodig dat benadruk word dat daar by sulke aansoeke met groot *openheid, stiptheid* en *waarheid* gehandel word.

## **WIE VERSORG?**

Natuurlik die *kerk* en nie die owerheid nie. Dit het verwoestende gevolge vir die kerk as die owerheid die beurs dra. Na die reformasie het die kerk in die saak van die onderhoud van die bedienaar van die Woord die spoor byster geraak toe die owerheid op die "kerkgoedere" beslag gelê en hulle daaruit, op versoek van die kerke, die bedienaars van die Woord versorg het. Spoedig, onder invloed van die erastianisme, het dit 'n beginsel geword dat die owerheid vir die onderhoud verantwoordelik is.

Die gebruik is na S.A. oorgeplant in 1652. Selfs het die Gereformeerde kerke in die O.V.S. in die vorige eeu staatsteun ontvang. Dit was egter skenkings van die owerheid aan onder andere die Gereformeerde Kerke Petrusburg, Boshof, Fauresmith, Reddersburg en Bloemfontein wat onder moeilike finansiële toestande aanvaar is met die uitdruklike voorbehoud dat die owerheid nie daarmee 'n seggenskap in die kerkregering verwerf nie. As beginsel in die verband kan dan ook tereg gehandhaaf word dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is en dat elke skenking, bydrae of voordeel wat die kerk mag toeval maar aan die beginsel geweld aandoen, nie aanvaar mag word nie.

[52] Die kerk is deur Christus belas met die versorging van die bedienaar van die Woord. "Maar laat hom wat in die Woord onderrig ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee" (Gal. 6:6).

Die ouderlinge moet toesien dat die kerk die verpligting nakom en daarom is die kerkraad ook die kanaal waardeur die gelowiges die bedienaar van die Woord versorg. Vandaar: "Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig,...". Die bedienaar van die Woord mag *hom nie met die sake van die lewensonderhoud bemoei nie*; daarvoor moet die kerkraad sorg deur 'n behoorlike onderhoud te bied. Die arbeider is sy loon waardig. "So het die Here ook vir die wat die Evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die Evangelie moet lewe." (1 Kor. 9:14. Vgl. Verder 2 Tim. 2:4, 5 en 6; Filippense 4:10 e.v.; Matth. 10:10; 1 Kor. 9: 7-14; 1 Tim. 5:17 en 18; 2 Thess. 3:7-9 en Gal. 6:6).

## **BYVERDIENSTE**

Die bedienaar van die Woord is 'n gesant van Christus wat versorg word *sodat hy alle aandag en kragte aan sy diens kan wy. Daarom is dit sonde as 'n predikant wat behoorlik versorg word, hom tog nog besig hou met allerlei geldmaakskemas*. Gewoonlik ly 'n gemeente 'n geweldige geestelike skade as die predikant daarop uit is om geld te maak. As 'n predikant sakeman wil wees of wil boer, moet hy liever ontslag vra en nie

die kerk van die Here langer verwaarloos nie.

*Wie onvergenoegd is met sy versorging deur Christus en vir homself beter wil sorg, loop 'n groot smart tegemoet.*

### **WYSHEID EN OOTMOED NODIG**

Die versorging is 'n saak wat met groot wysheid en teerheid deur beide die wat versorg en hy wat versorg word, hanteer moet word. 'n Wyse en kundige wyksouderling wat die vertroue van die predikant wegdra en 'n predikant wat weet om vergenoegd te wees, is tot groot seën in 'n gemeente.

*Die bedienaar van die Woord moet altyd onthou:* Christus versorg my deur sy kerk en ek moet Hom dankbaar wees.

*Die kerk moet onthou:* Christus beveel ons om sy dienskneg te versorg, en wee ons as ons ontrou is.

Indien die kerkraad faal om hulle plig na te kom moet die bedienaar van die Woord se gedrag in die gemeente so wees dat hy selfs in die <sup>[53]</sup> nalatigheid teenoor sy persoon, vrymoediglik met die Woord van die Here kan vermaan oor die versuim. Die Apostel Paulus toon die gesindheid waarin en wyse waarop so 'n vermaning moet geskied in Filippense 4:10-19 en 1 Kor. 9:1-17 aan.

### **DIE WYSE VAN INSAMELING**

Die wyse waarop die kerkraad die middele tot versorging moet bekom, lewer nogal probleme. Die een uiterste is om die nodige te vind deur wat Van Dellen en Monsma noem; "Moneymaking schemes...". (Commentary on the Church Order).

Ope kollektelyste word deur die stad en land gedra. Basaars, raaikompetisies en die soort metodes is, indien dit nie sonde is nie, dan tog die kerk van die Here onwaardig. Elke lidmaat is verplig om na vermoë by te dra in verantwoordelikheid teenoor die Here (Kyk veral Haggai 1:1-11 en Maleági 1:1-14; Handeling 5:1-11).

Bydraes moet *vrywillig* maar nie *eiewillig* wees nie.

Die kerkraad moet reël hoe die bydraes afgedra moet word. Die *beginsel* is dat elkeen bydra en *hulle bydrae by die kerkraad afdra*.

Dit is verder 'n saak van die kerkraad om dit op die mees verantwoorde manier te laat geskied. Die gedagte dat dit verkeerd sou wees dat die diakens die bydraes moet insamel en dat die beginsel juis vereis dat die bydraes by die erediens afgedra moet word, is 'n groot misverstand. 'n Praktiese metode word so tot 'n beginsel verhef.

Die beswaar dat dit ook nie die *eintlike* werk van die diakens is nie, gaan nie op nie. Wie se *eintlike* werk is dit dan anders? Dit kan tog nie die ouderlinge s'n wees nie. Hulle regeer immers en is ook nie kollektante nie! Deur die eeue heen het die kerk, onder leiding van die Heilige Gees, dit egter goed gevind om die taak om die bydraes in te samel, benewens hulle "*eintlike*" werk, aan die diakens op te dra. En vandag se "prinsipiële" besware rus op denkkonstruksies en geen Skrifgronde nie.

Dit bly nog maar die beste metode van insameling en ook 'n metode waardeur die diaken se "*eintlike*" werk bevorder word.

### **"... OF HULLE UIT HULLE DIENS ONTSLAAN ..."**

Hierdie tweede deel van art. 11 klink vreemd. Dienaars van die Woord is immers lewenslank aan die kerk verbind en dit is vanselfsprekend dat die kerk hulle lewenslank versorg.

<sup>[54]</sup> Die Heilige Gees het die kerke deur die eeue egter so gelei dat daar by die opstel van die artikel terdeë rekening gehou is met die feit dat die kerk nog in 'n sondige wêreld is en self nog sonde het (Kyk 1 Joh. 1).

Net soos artikel 10 wil verhoed dat die predikant sommer wegloop, netso wil artikel 11 verhoed dat 'n kerkraad sommer sy verantwoordelikheid om die predikant te onderhou, afskud.

Dit mag egter wees dat 'n kerk onvoorsiens so veragter op finansiële gebied dat hulle nie meer by magte is, selfs met aansienlike hulp, om 'n predikant te onderhou nie. Dan mag die kerkraad nie sommer skouers optrek en aan die predikant sê: gaan heen in vrede en word versadig en warm nie! Daar moet met advies en goedkeuring van die klassis en deputate van die partikuliere sinode gehandel word.

Dit kan ook wees dat die lidmate weier om by te dra tot die onderhoud van die predikant omdat die verhouding tussen hulle en hom nie reg is nie.

Dit kan ook wees dat die predikant se roepings-troue arbeid, veral in die prediking, so indruis teen die sin van 'n kerk wat al ver gevorderd het op weg na wêreldgelykvormigheid, dat daar so 'n gespanne verhouding ontstaan dat dit onmoontlik geword het om met die bediening voort te gaan.

Dit kan ook wees dat 'n predikant deur sy optrede eerder die gemeente afbreek as opbou, sonder om hom aan 'n openbare growwe sonde skuldig te maak, of selfs sonder dat daar sprake is van een of ander aanwysbare sonde wat die diens beklad.

In dergelike gevalle – daar kan meer wees as bogenoemde voorbeelde – moet die kerkraad saam met die klassis en die deputate van die partikuliere sinode eers vasstel wat die oorsaak is van die onvrugbare diens van die predikant. Is dit 'n aanwysbare openbare sonde, moet artikel 79 in werking kom.

Indien daar karaktergebreke is, wat tog ook sonde is, maar nie optrede onder artikel 79 regverdig nie, moet so 'n predikant ernstig vermaan word. As dit nie help nie, moet geoordeel word of die broeder wel die nodige amptsgawes het om te kan voortgaan met die bediening. As hy nie die nodige gawes blyk te hê nie, moet hy losgemaak word van die kerk en aangeraai word om oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe. As daar twyfel is oor sy vermoëns, moet dit op 'n kiese manier onder die aandag van die kerke gebring word.

Kry hy dan binne 'n redelike tyd, wat nader bepaal moet word, geen [55] beroep nie, moet dit as 'n voldonge feit aanvaar word dat hy tot 'n ander staat van die lewe oorgaan.

Is dit egter van die begin af duidelik dat daar geen of min blaam op die predikant geplaas kan word vir die gespanne verhoudinge en loop dit uit op 'n breuk tussen predikant en kerk, moet aan so 'n predikant baie ruim tyd gegun word om 'n ander beroep te vind. Hy is immers uit die diens van die kerk vanweë sy getrouheid! In so 'n geval moet die losgemaakte predikant sterk aanbeveel word by ander kerke deur die klassis en deputate van die partikuliere sinode.

Wanneer 'n predikant kragtens artikel 11 van 'n kerk losgemaak word, is die losmaking vanselfsprekend nie absoluut aan die begin nie. Hy bly nog verbonde aan die kerk en die kerk moet nog toesig hou oor sy leer en lewe en hom onderhou totdat hy 'n beroep kry. Al is hy onthef van die aktiewe dienswerk in die kerk, word hy eers ooreenkomstig artikel 5 losgemaak van die kerk waaraan hy verbonde was nadat hy in 'n ander kerk bevestig is.

Vanselfsprekend sal die verbreking van die band tussen 'n bedienaar van die Woord en die kerk wat hom beroep het, ooreenkomstig artikel 11 'n seldsaamheid bly. Artikel 11 mag nooit gebruik word omdat die kerk opsien teen 'n tugproses nie. Ook nie om bloot ontslae te raak van 'n predikant wat in alles onberispelik is, maar tog nie oor so 'n aangename persoonlikheid of bogemiddelde amptsgawes beskik nie. Daar moet gewaak word dat die artikel nie misbruik word om maklik van die predikant ontslae te raak om een of ander onbenullige rede nie.

## [56] ARTIKEL 12: OORGAAN TOT 'N ANDER STAAT VAN DIE LEWE

**"Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot 'n ander staat van die lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waarvoor die kerkraad en die klassis moet oordeel met advies van die partikuliere sinode".**

"Die bedoeling in artikel 12 is om te bepaal hoe 'n bedienaar onder uitsonderlike omstandighede sy amp eervol mag neerlê ..." (Acta Potchefstroom 1964, p.100, pt.2).

### 'N SKRIFBEGINSEL?

In die vorige artikels is telkemale veronderstel dat 'n bedienaar van die Woord *lewenslank* in die diens betrek is.

Die vraag is nou of die veronderstelling op 'n beginsel rus en of dit maar net die vrug van die praktyk is. Gee die Skrif enige aanduidings dat die diens lewenslank is, of is dit 'n praktiese aangeleentheid omdat daar soveel voorbereiding aan verbonde is?

Wanneer Jesus Christus met sy openbare prediking begin, kom Hy twee vissers teë "En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak" (Matth. 4:19).

Hier het ons die eerste aanduiding dat Jesus Hom in sy Messiaanse arbeid ook van mense sou bedien. Vir hierdie diens eis Hy al hulle tyd en al hulle kragte, en so verstaan Petrus en Andreas en bietjie later Johannes en Jakobus dit ook. "En hulle het *adelik die nette laat staan* en Hom gevolg" (Matth. 4:20). *Hulle laat vaar hulle gewone beroep wat moes dien tot hulle lewensonderhoud en gee hulle self volkome in die diens van Christus, terwyl hulle hul geheel aan sy sorg toevertrou.* In Matth. 4:21 en 22 en Markus 1:20 word bygevoeg "en hulle het hul vader Sebedeüs met *gehuurde mense in die skuit laat staan en Hom gevolg*" (Kyk ook Matth. 9:9).

Wanneer Jesus die skare in bewoënhed aanskou "omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie," sê Hy: "Bid dan die <sup>[57]</sup> Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur" (Matth. 9:36a). Dit gaan dus nie om 'n tydelike onderbreking van 'n aardse beroep nie, maar om 'n lewenslange opdrag om die oes te berei. Die volle oes sal eers as die laaste basuingeskal gehoor word, berei wees. (Matth. 24:14).

Die lewenstaak eis al sy tyd en kragte op sodat hy ook moet lewe deur die vervulling daarvan. Dit word baie duidelik in Matth. 10:7-42. Veral in verse 9 en 10, "... want die arbeider is sy voedsel werd." Ook in Markus 3:13 en 14 word die permanensie van die twaalf se opdrag beklemtoon. Voorts is dit duidelik uit Handeling 9 waar die roeping van Saulus beskryf word, dat hy *altyd* tot beskikking van die Here moet wees (Handeling 9:6). Die Heilige Gees laat Paulus self ook beelde gebruik wat alle twyfel uit die wegruim in die verband. Hy vra in 1 Kor. 9:6 en 7 "Of het net ek en Barnabas geen reg om die hande-arbeid na te laat nie? Wie dien ooit as soldaat op eie koste? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrug nie? Of wie pas 'n kudde op en geniet nie van die melk van die kudde nie...?" "So het die Here ook vir die wat die Evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die Evangelie moet lewe" (vers 14). Die hele lewensbestaan is betrek op die Evangelie. Dit is 'n lewenstaak om bedienaar van die Woord te wees.

Die hoofsaak in artikel 12 is dus dat "'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is", en hy mag dit nie verlaat nie. "As reël word deur die K.O. aangeneem dat die bedoelde oorgang nie geoorloof is nie." (Rapport oor artikel 12,13 en 14 aan Sinode Bloemfontein 1939, Acta p.76).

## ALLEEN OM GEWIGTIGE REDES

Hy mag nie, dit sou ontrou wees "*behalwe om gewigtige redes.*"

Hier vind ons weer die versigtigheid waarmee die Heilige Gees die vaders bedeel het by die formulering van die Kerkorde. God bly soewerein, ook in sy roeping van 'n bedienaar van die Woord. Hy kan sy kneg van die verdere diens ontslaan.

Dit is egter die uitsondering. Die Here toon deur gewigtige oorsake dat sy dienskneg se werk voltooi is.

Die probleem is om vas te stel *wat* as sulke gewigtige oorsake of redes geld.

Dit kan fisiese oorsake wees. 'n Bedienaar van die Woord kan onbekwaam word vir die diens deur 'n fisiese gebrek wat intree, maar wat hom nie vir 'n ander werk onbekwaam maak nie. Hier sal versigtig geoordeel moet word en vasgestel moet word of hy nie vanweë sy onbekwaamheid moet emeriteer nie. Kry hy 'n ander werk moet hy aansoek doen om oor te <sup>[58]</sup> gaan tot 'n ander staat van die lewe.

Dit kan ook blyk dat hy nie oor die gawe van volharding wat nodig is vir die verhewe diens, beskik nie. Die gemeente mag dan nie onder sy onbekwaamheid ly nie. Daarom moet die kerkraad hom in so 'n geval aanraai om oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe.

'n Derde gewigtige rede kan wees dat daar van elders by die bedienaar van die Woord aangedring word om 'n ander noodsaaklike taak te gaan verrig ten bate van kerk of volk. Hy *soek* dan nie 'n ander betrekking nie, hy word dan *feitlik teen wil en dank daarin gedwing*.

## DIE OORDEEL OOR DIE REDES

Die oordeel oor die gewigtigheid van elkeen van die redes berus nie by die bedienaar van die Woord alleen nie. Hy is verbonde aan die kerk en die kerk moet saam met hom oordeel. Die oordeel geskied deur die kerkraad en die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode.

Wanneer 'n bedienaar van die Woord sy versoek om oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe aan die kerkraad rig, moet hy hulle oortuig van die noodsaaklikheid daarvan. Hy moet aantoon dat hy nie self die betrekking gesoek het nie en bewys *dat dit noodsaaklik is dat juis hy* die werk moet gaan doen, alvorens die vergadering hom daartoe verlov kan gee en hom eervol kan ontslaan.

Deur die Sinode van Bloemfontein 1939 (Acta bl. 75 en 80) en Aliwal Noord 1942 (Acta bl. 115/16) is besluit dat iemand wat oorgaan tot 'n ander staat van die lewe wel die naam en die eer van 'n bedienaar van die Woord kan behou indien die werk wat hy gaan verrig 'n geestelike strekking het en ten bate van die Evangelie is, soos om parlamentslid te word en die Christelike politiek te beoefen. Dit kan ook, as dit ten bate van die kerk self is byvoorbeeld om sekretaris penningmeester van die Administratiewe Buro te word, of wanneer die betrekking in direkte verband met die bediening van die Woord gebring kan word, soos om redakteur van die Kerkblad te wees.

Potchefstroom 1964 het hierdie besluite egter herroep "omdat dit strydig is met die gees en rigting van die Kerkorde, naamlik dat die *diens* wat 'n persoon, waartoe hy middellik deur God geroep en bevestig is, *sy amp bepaal*. Sodra hy daarbuite tree, verval sy amp en hy word eervol losgemaak indien sy verandering deur die kerkraad en klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode, as "*necessitas*" beoordeel word. Die bedoeling in artikel 12 is om te bepaal hoe 'n dienaar in <sup>[59]</sup> uitsonderlike omstandighede sy amp eervol mag neerlê en nie hoe hy dit kan behou nie!" (Acta 64, p.100).

## EIEWILLIGE NEERLEGGING VAN DIE AMP

Wanneer 'n bedienaar van die Woord oorgaan tot 'n ander staat van die lewe sonder die oordeel van die kerkraad en klassis met die deputate van die partikuliere sinode, verlaat

hy sy diens troueloos en dit moet so aangeteken word. Verder moet hy openlik onwaardig vir die kerkdienst verklaar word. Eintlik is daar vir so iemand wat die diens troueloos verlaat het, geen weg terug na die bediening nie. Hy sal alleen onder buitengewone omstandighede weer in die diens toegelaat kan word. Dieselfde geld van 'n persoon wat wel die oordeel van die kerkraad gevra het, maar dat geoordeel is dat hulle nie van die noodsaaklikheid oortuig is nie en hy dan ten spyte van die oordeel, bly aandring op sy ontslag en dit neem. Hierby kan ook gevoeg word die geval waar 'n bedienaar vra om oor te gaan na 'n ander staat van die lewe omdat hy *nie meer die roeping* gevoel nie. Hy moet dan ontslag kry, maar dan moet dit so aangeteken en bekend gemaak word. Ook vir hom sal die weg terug byna onmoontlik wees.

## **DIE WEG TERUG**

Die Kerkorde bepaal nie 'n weg vir iemand wat onder artikel 12 oorgegaan het tot 'n ander staat van die lewe, om weer na die bediening terug te keer nie.

Daar kan egter in die praktyk 'n geval voorkom waar 'n bedienaar van die Woord net vir 'n tyd 'n ander taak moet gaan verrig, maar die duur van die noodsaaklike onderbreking kan nie vooraf nader bepaal word as dat dit 'n geruime tyd sal wees nie. So iemand kan dan nie onder artikel 14 verlof kry nie en moet dan vir 'n tyd oorgaan tot 'n ander staat van die lewe. As die taak afgehandel is, *kan* en *moet* hy terugkeer na die diens.

Potchefstroom 1973 het bepaal dat iemand wat wil terugkeer tot die diens van die Woord hom na die kerkraad moet wend waar hy woon vir 'n oordeel en aanbeveling by die kerk en klassis waar hy uit die amp is, met die oog op 'n aanbeveling by die partikuliere sinode (in wie se ressort laasgenoemde kerk en klassis ressorteer) vir sy beroepbaarstelling (Acta 1973, p.318).

'n Bedienaar van die *Woord* wat skuldig is onder art. 79 en 80, maar berou betoon en ontslag vra, mag nie onder art. 12 eervol uit die diens tree nie. Hy moet onder art. 79, 80 ontslag kry as hy dit vra omdat hy besef dat hy <sup>[60]</sup> nie met die diens kan voortgaan nie. Vanselfsprekend sal so 'n ontslag in feite as afsetting gereken moet word by 'n eventuele aansoek "om herstel in die amp".

Artikel twaalf stel eintlik die *mag nie* voorop met 'n *tensy* of behalwe as die *uitsondering*.



## [61] ARTIKEL 13: ONBEKWAAMHEID VIR DIE DIENS

**"As 'n bedienaar van die Woord, volgens oordeel van die kerkraad met goedkeuring van die klassis en advies van die deputate van die partikuliere sinode onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens weens ouderdom, siekte of andersins, behou hy die eer en die naam van 'n bedienaar van die Woord en moet die kerk wat hy gedien het, hom in sy nooddruf eervol versorg."**

Artikel 12 word beheers deur die beginsel dat die bedienaar van die Woord lewenslang "aan die kerkdienste verbonde is."

In artikel 13 word op die beginsel voortgebou. Selfs as die bedienaar van die Woord oud of sieklik geword het of deur een of ander oorsaak, buite sy beheer, onbekwaam vir die diens geword het, bly die band tussen hom en die kerk wat hom beroep het nog stewig vas. Hulle moet hom dan ook nog eer as bedienaar van die Woord en "hom in sy nooddruf eervol versorg."

In die praktyk word 'n predikant wat onbekwaam geword het vir sy diens en daarom uittree, 'n emeritus genoem. Die benaming is ontleen aan die gebruik van die Romeine om 'n soldaat wat die tyd van sy diens uitgedien het, 'n emeritus te noem. Om te emeriteer is dan om uit die diens te tree.

### AANSOEK OM EMERITERING

Wanneer 'n bedienaar van die Woord vanweë die gemelde oorsake onbekwaam word vir die vervulling van sy pligte, moet hy hom tot sy kerkraad wend en vra om van sy verpligtinge onthef te word.

Die kerkraad ondersoek dan die redes wat hy aanvoer en indien dit geldig bevind word, lê hulle dit aan die klassis voor wat dan met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hy daarvan onthef kan word.

Die kerkraad gee aan die bedienaar van die Woord wat so onthef word van sy verpligtinge 'n akte van emeritering, medeonderteken deur die betrokke deputate.

## [62] GEVOLGE VAN EMERITERING

Die bedienaar van die Woord wat onbekwaam geword het, word onthef *van sy verpligtinge*, maar nie *ontslaan uit die diens nie*. Hy behou die naam en die eer, dit wil sê die *bevoegdheid* tot die diens van die Woord, alhoewel hy vrygestel is van die verpligting om die bevoegdheid te gebruik tot gereelde diens. Hy ontvang dus die eer wat 'n bedienaar van die Goddelike Woord toekom, al is hy dit nie meer metterdaad nie. Hy het nog dieselfde reg op versorging deur die kerkraad.

### DIE POSISIE VAN DIE EMERITUS

Prof. J.D. du Toit sluit in sy diktaat by Bouwman (1934 I p.477), Rutgers (Adviezen) en Jansen 1917, (Van de Diensten p.362) aan wat sê dat hy nog reg het om kerkraadsvergaderinge by te woon en deel te neem aan die beraad en beslissinge en selfs om as voorsitter op te tree. Dit kom daarop neer dat 'n emerituspredikant *die reg* het om nog soos voorheen sy ampspligte uit te oefen, *maar nie die verpligting* daartoe het nie. Indien die opvatting reg is, sou dit *meen dat so 'n emerituspredikant*, veral as hy nog oor 'n mate van krag beskik, 'n onbestendige en selfs verwarrende invloed in die kerk kan uitoefen deur willekeurig op sy regte aanspraak te maak tot skade van die kerk. Dit sou onder andere beteken dat hy die werk van sy opvolger kan dwarsboom deur sy leiding op kerkraadsvergaderinge teen te staan, hom in 'n besondere rigting te probeer stuur, preekbeurte te eis en so meer.

Die uitspraak van Potchefstroom 1967 (acta p.59) gaan tereg in teen hierdie opvatting as dit verklaar: "Geen kerk het egter die reg om op sulke dienste van sy emerituspredikant aanspraak te maak nie ... net so min as wat die geëmeriteerde spesiale ampsvoorregte besit waarvolgens hy kan eis om sulke dienste te verrig."

Hy het geen aanspraak om die bevoegdheid tot die bediening in praktyk te bring nie. Hy *het* die bevoegdheid maar *nie die reg* om weer die ampspligte uit te oefen nie tensy hy daartoe *deur 'n kerkraad uitgenooi* word en as sy *kragte dit toelaat*. Met ander woorde *'n emerituspredikant het geen reg meer om 'n kerkraadsvergadering by te woon, eredienste te hou of enige ander ampsplig uit te oefen tensy hy daartoe uitgenooi word deur 'n kerkraad nie*.

## **WAT WORD ONDER OUDERDOM VERSTAAN?**

Potchefstroom 1961 (Acta art. 164, p.227) aanvaar 'n aanbeveling van die deputate van beheer van die E.P.P.W. en W.-fonds en verklaar ouderdom in art. 13 K.O. "as synde 65 jaar en ouer te wees." Dus, al is 'n bedienaar van die Woord op 65 jaar nog *ten volle bekwaam om die diens te verrig* <sup>[63]</sup> *kan hy tog op grond van onbekwaamheid weens ouderdom emeriteer*. In die praktyk kan dit baie probleme oplewer.

So 'n geëmeriteerde kan dan 'n ander werk aanvaar teen 'n goeie salaris. Beteken dit nou dat hy moet oorgaan tot 'n ander staat van die lewe (art. 12) en/of verbeur hy nou sy versorging deur die kerk? Op hierdie vrae het die Sinode van 1979 geantwoord dat indien 'n emerituspredikant deeltydse diens in 'n ander kerk verrig, moet die traktement wat hy daarvoor ontvang in berekening gebring word by die bepaling van die bedrag van sy emeritusversorging. Wanneer hy egter 'n ander beroep beoefen en 'n werk doen wat nie ampswerk is nie, gaan hy oor na 'n ander staat van die lewe en verloor die naam en eer van 'n bedienaar van die Woord (acta bl. 342).

'n Ander praktiese probleem by die toepassing van art. 13 K.O., in die lig van die verklaring dat ouderdom beteken 65 jaar of ouer te wees, is dat daar nou 'n eensydige handeling van die predikant kan wees. Wie oordeel nou of hy moet emeriteer op 65 of nie? In die praktyk kom dit daarop neer dat die predikant alleen daaroor beslis. Dit is goed dat daar weer op die verklaring van wat ouderdom is, ingegaan sal word.

Dit lyk tog of reglementering hier oorbodig en selfs nadelig is. Elke predikant en kerkraad moet en afsonderlik en gesamentlik voor die aangesig van die Here die saak uitmaak.

Wanneer die onbekwaamheid, selfs op 'n betreklike jong leeftyd, deur siekte veroorsaak word, moet die aansoek gepaard gaan met die nodige deskundige mediese getuienis dienaangaande. Dit kan wees dat die siekte hom net vir die bediening van die Woord onbekwaam maak, maar dat hy nog heeltemal in staat is om 'n ander beroep uit te oefen en so in sy eie onderhoud kan voorsien. In so 'n geval mag die kerkraad nie summier versorging aan hom weier nie, maar daar moet sterk by hom aangedring word om oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe. Solank as wat hy nog nie 'n eerbare werk kry nie, is die kerkraad verplig om hom onder art. 13 K.O. as bedienaar van die Woord te onderhou.

## **VERTREK UIT DIE KERK WAT HOM GEËMERITEER HET**

Indien 'n emerituspredikant uit die kerk waar hy geëmeriteer het, vertrek na 'n ander, bly die band tussen hom, met sy gesin, en sy kerk nog bestaan. Die kerk waarheen hy verhuis, ontvang en versorg hom en sy gesin net as lidmate, maar vir hulle lewensonderhoud bly hulle afhanklik van die kerk wat hom beroep en geëmeriteer het. Hy bly ook wat sy ampsbevoegdheid betref afhanklik van die kerk. In die geval van tug moet die kerkraad waar hy woon die saak in die hande gee van die kerkraad aan wie hy as <sup>[64]</sup> bedienaar van die Woord verbonde is. Hulle handel dan in oorleg met die kerkraad waar hy woon (Acta 1970, p.428/9).

Hoewel so 'n verhuising van 'n emeritus-predikant deesdae algemeen voorkom, bly dit 'n



abnormale toedrag van sake dat iemand wat nog kragtens sy amp verbonde is aan een kerk, lid word van 'n ander. Die vraag is nog of daar nie 'n ander reëling in so 'n geval getref moet word nie. Dit lyk tog nie korrek dat hy gewoonweg lid van die kerk is waar hy woon en nogtans onder toesig van 'n ander kerk is nie. Artikel 7 kom hier in gedrang.

## **WEDUWEES EN WESE**

Wat die versorging van die weduwee en wese van 'n bedienaar van die Woord of 'n emeritus betref, is daar noukeurige bepalings in die reglement vir die E.P.P.W. & W.-fonds.

## **VERKIESING TOT OUDERLING**

Dit het ook gebeur dat 'n emeritus-predikant, wat nog in staat is om herderlike werk te doen, tot ouderling verkies en bevestig word. Op 'n vraag oor die praktyk het die Sinode van 1967 geantwoord dat hy nie in 'n ander amp bevestig kan word sonder om uit sy amp as bedienaar van die Woord te tree nie. Dit is "strydig om die naam en eer van een amp te dra en 'n ander amp te beklee ..."

Dit beteken nie dat hy geen herderlike werk mag doen waar hy nog in 'n wyk met vrug kan dien nie. Die kerkraad kan hom daartoe aanwys en as hy daartoe in staat is, kan hy die diens verrig kragtens sy amp as bedienaar van die Woord. Indien hy daartoe versoek word nadat hy verhuis het, sal die aanvaarding van die diens in die gemeente waar hy woon seker nader gereël moet word met die kerkraad aan wie hy verbonde is as bedienaar van die Woord. Hieroor is daar seker nadere besinning dringend nodig.

## **DIE VERSORGING**

"Die kerk wat hy gedien het" moet die emeritus-predikant "in sy nooddruf eervol versorg." Dieselfde regte en pligte waarvan in die verband in art. 11 melding gemaak is, geld op grond van die Skrif ook hier.

Die plaaslike kerk waaraan die bedienaar van die Woord verbonde is wanneer hy onbekwaam word om te dien, is verantwoordelik vir sy versorging, ongeag die duur van sy diens in die besondere kerk. Al het hy voorheen 30 jaar lank 'n ander kerk gedien en die kerk waar hy onbekwaam geword het, net ses maande, bly die laaste kerk nog vir hom verantwoordelik.

[65] Die feit, sowel as die werklikheid dat die meeste kerke nie weer 'n bedienaar van die Woord sal kan beroep as hulle ten volle verantwoordelik is vir die versorging van 'n emeritus-bedienaar van die Woord nie, maak dat art. 13 nooit letterlik in die praktyk toegepas kon word nie. Prinsipieel is die artikel onaanvegbaar en kan in die praktyk wel deur enkele sterk kerke toegepas word, maar die geskiedenis het getoon dat die beginsel van die verantwoordelikheid van die plaaslike kerk ook vir sy emeritus-predikant wel gehandhaaf moet en kan word, maar nie noodwendig op dieselfde wyse as in art. 11, in die geval van die predikant wat nog in volle diens is nie.

## **DIE GESKIEDENIS**

In Nederland het die toepassing van die artikel 'n droewige geskiedenis. Eers - voor die Afskeiding en Doleansie - het die predikant by gebrek aan die behoorlike nakoming deur kerkrade van die verpligtinge in art. 13 opgelê, tot die dood toe, in een geval selfs tot hy reeds 90 jaar was, in die diens gebly al kon hulle die werk al jare nie meer behartig nie. Later het die Christelike Gereformeerde Kerke van 1834 mekaar bygestaan om art. 13 te kon toepas. Daarin is hulle deur die kerke van die Doleansie in 1886 gevolg. Eers het die Kerk van die Afskeiding dit gesamentlik op 'n vrywillige basis gedoen en later het hulle kerke wat nie hulle emeritus-predikant kon versorg nie, hulpbehoewend verklaar en dan het die klassis so 'n kerk te hulp gekom met kollektes. As selfs met die hulp van die klassis die verpligting nog nie nagekom kon word nie, is die hulp van die partikuliere sinode ingeroep. Deur sustentasie kon die emeritus-predikant dan versorg word en die

gewone bediening van die Woord, deur weer 'n beroep uit te bring, ook nog voortgaan (Kyk H. Bouwman 1934,1. pp. 478 e.v.).

Die Geref. Kerk in S.A. het reeds sedert 1873 die weg van onderlinge hulpverlening in die uitvoering van art. 13 gevolg. In die "Voorbericht" van die Handeling, Burgersdorp 1873, skryf ds. D. Postma "dat van de voorname zaken die besproken zijn" was "een gemeenschappelijk dragen der lasten tot eene geregelde uitvoering van art. 13 onzer kerkorde ter verzorging van swakke predikanten, derzelver weduwen en weezen." Die huishoudelike reglement vir die bestuur van die fonds praat van "het ondersteuningsfonds tot eene geregelde uitvoering van art. 13 ..." (Bylae 5, p.57, Acta 1873, kyk ook artikel 52, Acta 1873).

## **'N ONDERSTEUNINGSFONDS**

Wat het die Sinode verstaan onder die "gemeenschappelijk dragen" en die "ondersteuningsfonds"? Blykens die Reglement voor een ondersteuningsfonds" (Acta 1873, art. 52 p.17), het die ondersteuning betrekking op die predikante. "Het doel van dit fonds is volgens art. 13 der Kerkorde, <sup>[66]</sup> de predikanten, die door ouderdom en ziekte onbekwaam worden voor den dienst, te ondersteunen ..." (art. 1). Dit is 'n ondersteuningsfonds omdat geëmeriteerde predikante daaruit ondersteun word "tot het in werking brengen van art. 13 der Dordsche Kerkorde van 1618 en 1619." En die artikel bepaal dat die kerk wat hy (laaste) gedien het, hom moet versorg. Die fonds ter ondersteuning van die predikante moes dus die kerke in staat stel om hulle verpligtinge ooreenkomstig artikel 13 na te kom. In die lig gesien is dit duidelik wat ds. Postma in die "Voorbericht" onder "gemeenschappelijke dragen" verstaan het: die plaaslike kerke het saamgespan om mekaar in staat te stel om die artikel na te kom. Deur 'n vasgestelde bydrae tot die fonds het elke kerkraad gesorg dat sy predikant by eventuele emeritering van 'n vaste jaarlikse uitkering versekersou wees (Kyk artikels 2-4 van die Reglement). Interessant is dat die predikante self ook moes bydra tot die fonds. "N.B. De Synode wenscht opgemerkt te hebben, dat zij heeft bepaald dat ook de leeraren als aanzienlijke leden der gemeente mede bijdragen voor de behoeften van dien stand."

Dit is tot met die Sinode van 1961 algemeen aanvaar dat die fonds gedien het as manier om art. 13 kerkorde "in werking te bring". Die bydrae tot en uitbetaling uit die fonds is beskou as die nakoming van die vereistes wat die artikel aan die bepaalde kerk stel. Die Sinode van 1961 verklaar egter dat die fonds 'n "hulpfonds" is in die sin van 'n sustentasiefonds (Acta. p.226). Die verklaring wat pas by die praktyk van die Geref. Kerken in Nederland is so oorgedra met die gevolg dat 'n heel ander praktyk by ons ontwikkel het. Teen hierdie interpretasie dien 'n beswaar op die Sinode van 1964 waarin uitgespreek word dat die fonds *geen hulpfonds in die sin van 'n sustentasiefonds is nie, maar wel 'n hulpfonds in die sin dat die kerke mekaar daardeur bystaan om die emeritus-predikante in hulle nooddruf eervol te versorg ooreenkomstig art. 13*. Dit wil sê dat die kerk sy verpligting teenoor sy emeritus-predikant behoorlik nakom deur die uitkering uit die emeritus-fonds.

Dit sluit egter nie uit dat die kerkraad moet vasstel of die bedrag wat uit die gesamentlike fonds uitgekeer word, wel aan die behoeftes van sy emeritus-predikant of sy weduwee en wese voldoen nie. Die versorging van die emeriti en hulle afhanklikes bly nog die volle verantwoordelikheid van die kerk wat hy gedien het, al staan al die kerke mekaar by in die nakoming van die plig.

## [67] ARTIKEL 14: TYDELIKE ONDERBREKING VAN DIE DIENS

**""n Bedienaar van die Woord wat weens siekte of om enige ander rede sy diens 'n tyd lank moet onderbreek, wat nie sonder bewilliging van die kerkraad en advies van die klassis mag gebeur nie, bly steeds onderworpe aan die beroeping van daardie kerk."**

### ONDERBREKING VIR 'N TYD LANK

Daar kan omstandighede ontwikkel wat dit noodsaaklik maak dat 'n predikant "sy diens vir 'n tyd lank moet onderbreek." Hier gaan dit dus om iemand wat net vir 'n tyd nie sy diens kan verrig nie en daarom nie ooreenkomstig art. 12 of art. 13 behandel kan word nie.

Dit kan nodig wees om verder te studeer met die oog op die verdere bekwaming vir die diens. Dit kan ook gebeur dat die bedienaar van die Woord liggaamlik en/of geestelik so afgetakel raak dat hy, op mediese advies 'n jaar of selfs langer sy diens moet onderbreek om weer te herstel.

Gedurende die Reformasie moes predikante dikwels hulle gemeentes 'n tyd lank verlaat omdat die vervolgings die diens onmoontlik gemaak het. Soms moes 'n predikant ook 'n tyd lank hulp bied aan 'n kerk wat swaar gely het onder die verwarring van die tyd.

In al dergelike gevalle is die verwagting dat die predikant na korter of langer tyd weer sy diens sal hervat. Meestal is dit na 'n *bepaalde* tyd. Tog kan daar omstandighede wees waarin nie presies vasgestel kan word hoe lank die onderbreking kan duur nie. 'n Jong predikant moet byvoorbeeld sy diens weens siekte 'n tyd lank onderbreek. Menslik gesproke *kan hy herstel*, maar *hoe lank* dit sal neem voordat hy weer in staat sal wees om te werk, kan nie dadelik vasgestel word nie. Dan moet hy wel die nodige verlof kry, maar as dit jare duur sonder dat daar uitsig op herstel kom, moet ooreenkomstig art. 12 en 13 gehandel word.

### NOODSAAKLIKHEID VIR DIE ONDERBREKING

Die onderbreking kan ook noodsaaklik word deur 'n opdrag wat die predikant kry om onder andere mee te werk in 'n kommissie wat hom ses maande, 'n jaar of selfs twee jaar besig sal hou. In so 'n geval moet die <sup>[68]</sup> kerkraad en klassis, voordat verlof toegestaan word, eers oordeel of dit noodsaaklik is dat daar op die predikant se tyd en kragte deur sodanige arbeid beslag gelê word. Daar moet altyd onthou word dat die roeping tot Woordbediening voorop staan en dit kan nie sommer ligtelik op die agtergrond gedwing word nie, selfs nie eers 'n tyd lank nie. Die taak wat die onderbreking noodsaak, moet van ernstige aard wees en die bydrae wat die bedienaar van die Woord in die verband kan lewer, moet duidelik aangetoon word.

### 'N ONBEPAALE - BEPAALE TYD

Wanneer die diens vir 'n presies-bepaalde tyd is, lewer die reëling daarvan nie probleme nie. As dit wel tydelik is, maar die tydsduur nie presies vooraf vasgestel kan word nie, word die saak moeilik. In die verband kan verwys word na ds. V.d. Westhuizen wat van die Kerkraad van Gobabis verlof ontvang het om 'n opdrag tot vertaling van die Bybel in die Boesmantaal, uit te voer. Dat die arbeid net vir 'n tyd is, is duidelik, maar hoe lank dit gaan duur, is nie so duidelik nie. 'n Tweede voorbeeld van 'n onderbreking wat vir 'n "onbepaalde - bepaalde tyd" kan wees is die van 'n bedienaar van die Woord wat opdrag kry om die onderrig van 'n propedeutiese vak aan die PU vir CHO te behartig wanneer en vir solank daar nie 'n ander geskikte persoon gevind kan word om dit te doen nie (Kyk Acta 1976, p.91/2). Die probleem in dergelike gevalle is dat die predikant onderworpe bly aan die beroeping van "daardie kerk" en dus, nadat sy taak afgehandel is, na die kerk moet terugkeer terwyl daar reeds iemand in sy plek beroep is. Die "onbepaaldheid"

van die "bepaalde tyd" en die belange van die gemeente verplig die gemeente om iemand te beroep om die werk te doen.

### **DIE TERUGKEER**

Die vraag is nou: wat gebeur as hy terugkom? Kan die gemeente ook sy dienste "bekostig", gaan hy gewoonweg voort met die werk naas die ander predikant. Meestal sal die kerk hom dan nie meer kan dra nie. Sy versorging is intussen behartig deur die liggaam wat hom die tydelike opdrag gegee het. Al weg is dan dat hy by sy eventuele terugkeer deur sy kerkraad vir 'n beroep aanbeveel word.

Met die oog op die moontlikheid dat so 'n predikant nie dadelik 'n beroep kan kry nie, sal in die ooreenkoms waarin sy versorging vir die tyd van diensonderbreking gereël word, ook vir sy versorging in die wagtyd voorsiening gemaak moet word.

Vanweë hierdie onsekere posisie waarin so 'n predikant kan kom in geval van 'n "onbepaalde-bepaalde" onderbreking en ook vanweë die gevaar van misbruik wat van die artikel gemaak kan word in so 'n geval, sal dit seker net in hoogs uitsonderlike gevalle soos hierbo genoem, kan toegestaan word.

## **[69] ARTIKEL 15: BEDIENING VAN WOORD EN SAKRAMENTE IN 'N ANDER KERK**

**"Geen bedienaar van die Woord mag in 'n ander kerk die Woord of sakramente bedien sonder bewilliging van die kerkraad van daardie kerk nie, en niemand wat die diens van sy kerk onderbreek of nie in vaste diens staan nie, mag hier en daar preek sonder die toestemming van die klassis of 'n partikuliere sinode nie."**

### **DIE BEWILLIGING VAN DIE KERKRAAD**

In artikel 15 word verder voortgebou op artikel 3. Om die diens van die Woord uit te oefen is nodig dat iemand "wettig daartoe beroep en toegelaat is."

Wanneer iemand beroep is, is dit deur en vir die plaaslike kerk. Wil hy by geleentheid in 'n ander kerk optree, het hy nie die reg daartoe nie tensy "die kerkraad van daardie kerk" daartoe instem. Daar moet tenminste 'n "tydelike" roeping wees. Die kerkraad hou wag oor die preekstoel en kan alleen kragtens die eenheid in leer, diens en tug, diegene toelaat om te preek wat elders wettig daartoe geroep en toegelaat is en deur hulle bewilliging ook vir die geleentheid of geleenthede die roeping om die Woord en sakramente in die besondere kerk te bedien, ontvang het.

Die bedienaar van die Woord het nie 'n vanselfsprekende reg om in elke kerk in die kerkverband te preek nie. Reeds die Sinode van Emden (1571) moes in die verband orde op sake stel. Daar het chaos gedreig deur die optrede van rondreisende predikers.

Met die oog op die predikante wat sonder kerke was en ter wille van 'n verdienste in ander kerke wou preek, is bepaal dat alleen wanneer 'n kerkraad daarin *bewillig*, kan 'n predikant van elders in 'n kerk voorgaan in die diens van die Woord of alleen wanneer die kerkraad so 'n predikant daartoe uitnooi. Die *kerkraad bepaal in elke geval óf daar gepreek moet word en deur wie*. Die kerkraad is in die bepaling egter gebonde aan die beginsel wat in artikels 3, 4, en 5 begrepe is.

In die geval van predikante wat nie in vaste diens is nie (artt. 11,13 en 14) en tog wil preek waar nog geen kerkraad ingestel is nie - hier en daar - moet die klassis of 'n partikuliere sinode toestemming tot so iemand se optrede gee.

## [70] ARTIKEL 16: DIE AMP VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD

**"Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente, en eindelijk om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind."**

Die roepingsgedagte beheers artikel 3-15. Christus maak van die diens van mense gebruik om sy kerk te regeer.

Artikel 16 het nog steeds die roeping ten grondslag. Dit waarvoor die bedienaar van die Woord geroep is, word in hoofsaak gegee. Dit is opmerklik dat nie in besonderhede gedaal word nie, maar net gekonsentreer word op die drieërlei aspek van die taak van die bedienaar van die Woord. Dit kom ooreen met die aard van die Kerkorde wat ten doel het om in alles net te bind aan die wil van die Hoof van die kerk. Dit is nie die *letter* nie, maar *wat die Heilige Gees bedoel* het met die voorskrif wat as agtergrond dien vir die artikel, wat van belang is. Vandaar dat net die kern van die taak van die bedienaar van die Woord duidelik gestel word, sonder om daarmee besonderhede soos die kategetiese onderrig, sieke-besoek en huisbesoek van die diens uit te sluit. Dit gaan in die artikel om die feit dat net die Koningswoord in die kerk gehoor moet word.

### OM IN DIE GEBEDE TE VOLHARD

Die bedienaar van die Woord is deur Christus geroep "om in die gebede ... te volhard, ..." (Hand. 6:4)

Let daarop dat die gebede in die artikel, net soos in Handeling 6:4, voorop staan.

Calvyn wys in sy kommentaar op die gedeelte daarop dat die volhardende gebed *voorwaarde* vir die *diens* is. So kon Moses alleen as leier volhard deur die gebed. Ook die apostel Paulus maak gedurig melding van sy gedurige gebede om te kan volhard in die hoë roeping. Die bedienaars van die Woord sal tevergeefs ploeg, saai en natlei ooreenkomstig <sup>[71]</sup> 1 Kor. 3:7 e.v. as die Here nie laat groei nie. Dit help nie om met groot inspanning te arbei as die Here nie sy seën daarop gee nie; die arbeid moet deur die gebed gedra word.

Die bedienaar van die Woord moet homself steeds, met die oog gevestig op Jesus wat Homself gedurig afgesonder het om te bid, veral in Getsemané, voor die aangesig van die Here stel om die hoë roeping te kan vervul. (Kyk 2 Kor. 2:16 en 2 Kor. 4:7). Niemand is tot die diens bekwaam as Hy wat roep hom nie bekwaam maak nie.

Die volhardende gebed is egter ook nodig namens en ten behoeve van die gemeente.

Jesus beveel: "Bid en vir julle sal gegee word ..." (Matth. 7:7). Dit is 'n opdrag aan alle gelowiges. Die gelowiges is egter swak en weet dikwels nie wat om te bid nie. Soms is die beproewing so geweldig dat die gebedsvermoë totaal verstomp. Die Heilige Gees kom ons swakhede dan te hulp en tree self vir ons in met onuitspreeklike sugtinge (Rom. 8:26). Hy kom sy kinders ook te hulp deur opdrag te gee aan sy diensknegte om namens en vir hulle te bid (Kyk Jak. 5:14; 1 Tim. 2:1,2; Efésiërs 3:14-19).

Ook die O.T. profete bid namens en vir die volk (Kyk o.a. Nehemia 1:4-11; Daniël 9; Jesaja 62:6 en 7).

Die bedienaar van die Woord moet vir die volk van God bid soos Christus self aan die regterhand van die Vader vir ons bid (1 Joh. 2:1). Hierdie gebede geskied in elke erediens, by siekbeddens, in die katkisasie, met huisbesoek en oral waar die bedienaar van die Woord daartoe geroep word om namens en vir die gemeente te bid. Met die gebede moet aangehou word. Daar mag nie gerus word om die Here aan sy beloftes te herinner nie (Jes. 62).

By die verrigting van die taak moet gewaak word teen

'n ydele herhaling van woorde, 'n "mooi biddery" om aandag te trek (Matth. 6:5 e.v.);  
'n preek af te steek of die preek weer op te som;  
platvloerse gemeensaamheid (Kyk H.K. Sondag 46 antw. 121).

Met die gebed, veral ook die gebed namens en vir die gemeente of enkele gelowiges, betree die bedienaar heilige grond. Skugterheid, eerbied, ootmoed, en nederigheid betaam hom voor die grote God. Maar ook moet hy vervul wees met tedere erbarming en medelye ten behoeve van die gelowiges. Hy moet hom met die gemeente en enkele gelowiges kan vereenselwig as hy bid en dank!

**[72]** Dit vereis voorbereiding deur 'n man vol van die Heilige Gees. Hoe arm is baie kanselgebede nie juis omdat nie geworstel word om te kan bid nie.

## **DIE BEDIENING VAN DIE WOORD**

Die Hoof van die kerk moet deur die diens van die wat Hy geroep het self in die gemeente gestalte kry. Die dienskneg dring homself dus nie op die voorgrond nie, maar hou aan om, tydig en ontydig, net die Woord van sy Sender deur te gee. Soos die O.T. profeet laat hy hoor: só sê die Here HERE! Hy is maar apostel, gestuurde, gesant, slaaf van Christus (Kyk o.a. Matth. 28:19; 2 Kor. 5:20; 1 Petrus 1:10-12; 2 Tim. 4:2-5).

Hy moet die Woord bedien. Dit beteken dat hy dit moet voorsit soos wat die huisvrou goedvoorbereide voedsel op tafel bring. Hy moet arbei in Woord en leer (1 Tim. 5:17). Die Skrif moet biddend ondersoek word. Deur ywerige studie moet hy die inhoud van die Woord leer ken en deur gebed die taal van die Heilige Gees leer. Hy moet die gemeente laat hoor wat die Gees vir hulle sê. (Openb. 2:19). Die Woord moet reg gesny word (2 Tim. 2:15) sodat die gelowiges toegerus kan word vir hulle dienswerk (Ef. 4:12).

Die Woord moet in die openbaar in die erediens en aan die huise met huisbesoek, insluitend siekebesoek, bedien word (Hand. 20:20). 'n Predikant wat nie huisbesoek doen nie is ontrou aan sy opdrag. Dit sluit ook die bediening aan die kinders in (kyk Josua 4:6 e.v.; Matth. 19:13,15).

## **DIE BEDIENING EIS ALLE KRAGTE OP**

Uit bostaande is dit duidelik dat die diens van die Woord alle kragte en gawes te alle tye van hom wat tot die diens geroep is, verg. Dit is dan 'n groot misstand - byna kan gesê word misdaad - as 'n bedienaar van die Woord nie studeer nie, maar al sy tyd as "sosiale werker" verkwis. Daarteen moet veral vandag gewaak word terwyl die sukses al dan nie van 'n predikant se werk gemeet word aan dit wat hy aan struktuurverbetering en sosiale opheffingswerk doen. Die eintlike werk - die volharding in die gebed en bediening van die Woord - kom al hoe meer op die agtergrond en daarmee word die kerk ten gronde gerig. 'n Bedienaar van die Woord wat sy diens laat opgaan in maatskaplike werk, die prediking laat ontaard in moralisering, het baie te verantwoord! *Hy volhard nie in die diens van die Woord nie*, maar wil die hoorders wat traag geword het om te hoor (Hebr. 5:11) en die gesonde leer nie verdra nie, in hulle gehoorstreel (kyk 2 Tim. 4:3). Hy vervul nie sy bediening nie.

Die Woord wat so bedien word, moet deur die bediening van die sakramente beseël word (kyk Matth. 28:19; 1 Kor. 11:23 en H.K. Sondag XXV). Woord en sakrament hoort bymekaar. Die sakramente mag net in die erediens as seël op die Woord bedien word.

## **[73] GOED AG GEE OP HULLE MEDEBROEDERS EN DIE GEMEENTE**

Die bedienaar van die Woord is ook herder, opsiener, regeerder (Kyk o.a. 1 Tim. 5:17 en 1 Petrus 5:1-3). Hy moet ag gee op homself en op die kudde waaroor die Heilige Gees hom aangestel het (Hand. 20:28). Hy moet net soos alle gelowiges ook op medebroeders wat die ouderlinge en die diakens insluit, ag gee (Gal. 6:2 en Hebr.

10:24; 1 Tim. 3:15). Hy moet onordelikes vermaan, die kleinmoediges bemoedig, die swakkes ondersteun; teenoor almal lankmoedigwees (kyk 1 Thess. 5:14 en 15). Dit moet geskied in die prediking sowel as in die persoonlike optrede teenoor elkeen met die Woord.

### **DIE DISSIPLINE UITOEFEN**

Die persoonlike optrede van die bedienaar van die Woord in die kerkregering dien tot vermaning, bemoediging, bestraffing en so meer deur die diens van die Woord in die openbaar, aan die huise in gesinsverband of onder vier oë.

Indien daar dissipline uitgeoefen moet word in geval van verharding in die sonde, mag hy nie meer alleen optree nie (kyk art. 71-81). Dan moet hy saam met die ouderlinge handel (kyk Matth. 18:17; Spreuke 11:14 en 15:22).

Origens moet die bedienaar van die Woord saam met die ouderlinge en diakens ook sorg dat die kerkorde in die kerk gehandhaaf word.



## **[74] ARTIKEL 17: GELYKHEID IN DIE DIENS**

**"Waar daar meer as een bedienaar van die Woord aan 'n kerk verbonde is, moet in hulle dienspligte sowel as in ander opsigte volgens die oordeel van die kerkraad en, indien nodig, van die klassis, soveel moontlik gelykheid bestaan. Dit moet ook in die geval van die ouderlinge en die diakens onderhou word."**

In die vorige artikel is die diens van 'n bedienaar van die Woord omlyn.

### **WERKVERDELING**

Tans gaan dit oor die werkverdeling waar meer as een bedienaar van die Woord aan 'n kerk verbonde is. Die beginsel-agtergrond is hier nog steeds dat Christus self die gesag oor sy kerk voer. Hy dra sy gesag aan niemand oor nie. Die ampsdraers is alleen sy dienaars, gesante, wat sy voorskrifte moet nakom. Elke ampsdraer is in diens van Christus (kyk 1 Kor. 3:5). Almal is gelyk in die diens, met dieselfde verpligtinge en dieselfde regte. Hulle is gelyklik dienaars van die Here, die Koning van die kerk.

Die artikel waak teen die hiërargie wat so eie is aan die sondige menslike aard. Die dissipels wou al die een oor die ander heers (Matth. 18:1; kyk verder Markus 9:34 en 35; 1 Kor. 4:1; 1 Petrus 5:1; 2 Kor. 5:20; en N.G.B. Art. 31).

Die kerke het die artikel op die Sinode van Middelburg 1581 in die Kerkorde gevoeg klaarblyklik omdat probeer is om na die model van die vlugtelingkerke in Emden en London, superintendente in te voer.

### **GELYKHEID IN ALLE DELE VAN DIE WERK**

Elke predikant moet dieselfde diens lewer as die ander oor die volle linie van wat by die diens tuishoort. Preekbeurte, katekisasie, huisbesoek, siekebesoek en so meer moet eweredig verdeel word. Volgens Voetius (Pol. Ecclesiastica II) moet 'n dienaar al die vermelde werksaamhede behartig. 'n Predikant mag nie beroep word om net te preek of net hospitaalbesoek te doen of katekisasie te hou nie. Elke predikant moet besig wees *in al die dele* van die diens. Alleen in uitsonderlike gevalle, byvoorbeeld by ouderdom of liggaamlike verswakking wat nog nie emeritering regverdig nie, kan 'n bedienaar van sommige dele van sy diens vrygestel word.

**[75]** Maar *soveel moontlik* moet elke predikant in die betrokke kerk gelyklik besig wees in die diens - d.w.s. met prediking, huisbesoek, katekisasie ens.

In die praktyk kom dit daarop neer dat, met die oog op die herderlike werk, aan elkeen van die bedienaars van die Woord 'n eweredige deel van die gemeente toegewys word.

Indien daar meer as een samekoms plek per Sondag is, sal ook aan elkeen opgedra word om in die eredienste wat gehou word in die deel wat aan hom toevertrou is, voor te gaan. In geval van net een samekoms sal hulle om die beurt moet preek.

Ook sal kerkraadsvergaderinge om die beurt gelei word terwyl hulle ook om die beurt deur die kerkraad na meerdere vergaderinge gestuur sal word.

### **WAAK TEEN INDRINGING IN DIE DIENS VAN 'N ANDER**

Die kerkraad moet, waar meer as een bedienaar van die Woord aan 'n kerk verbonde is, sorg vir 'n noukeurige verdeling van werksaamhede en voorts dat elke predikant hom stip daaraan hou en dat die een nie in die diens van die ander indring nie. Dit kan so maklik gebeur dat ontevredenes in die gemeente poog om een bedienaar van die Woord teen die ander af te speel. Satan lê steeds op die loer en gryp elke moontlikheid tot verleiding aan.

## TRAKTERING

Die gelykheid moet in eike opsig betrag word. Traktering, behuising, verlof toesegging en emeritaatversorging moet gelyk wees. Dieselfde of gelyke ampseer moet aan elkeen betoon word. Dit sluit egter nie uit dat 'n onderskeiding in gawes nie erken mag word nie (kyk 1 Tim. 5:17). Ook nie dat jongeres die oueres in die diens hoef te eer as hulle seniors nie. Tog bly dit eis dat elkeen sy ampseer kry wat hom toekom kragtens sy amp. Al is daar dan om bogemelde redes 'n graadverskil in agting, onder andere as gevolg van groot wysheid, besondere offervaardigheid en trou, bly die gelykheid nog daarin dat elkeen na die maat wat hom toekom, eer ontvang.

Wat die traktering betref beteken dit ook nie dat elkeen eenders behandel moet word nie. Elke bedienaar van die Woord moet na die vermoë van die kerk en sy behoeftes eerbaar versorg word. Een wat pas in die diens bevestig is en nog sonder 'n gesin is, word *gelyk* met 'n kollega wat al 20 jaar diens en 'n groot gesin het, behandel deur 'n kleiner bedrag te ontvang.

### [76] VOLGENS DIE OORDEEL VAN DIE KERKRAAD

Soms is dit moeilik om vas te stel wat 'n gelyke verdeling van werk sou wees. Moet 'n ou dienaar langs 'n jonge presies dieselfde kwantiteit werk kry? Of hoe verdeel mens die werk presies gelykop as daar in 'n kerk 'n oumensdorpie of ouetehuis, 'n jeugsentrum en 'n paar skool- en/of universiteitskoshuise is? Veral as dit in die natuurlike area van 'n toegewese deel van net een predikant val? Om per kop of per gesin te deel kan beteken dat die broeder wat dan net met die ou mense te doen het, nooit katekisasie hoef te hou nie. Of die broeder met 'n hospitaal in sy wyk sal baie meer siekebesoek moet doen ens. ens.!

Die kerkraad het wysheid nodig om in die werksverdeling die gelykheidsbeginsel te handhaaf. In geval van onvermoë of selfs onenigheid in die verband moet die kerkraad die klassis se hulp inroep - liever te gou as te laat. Dit geld delikate verhoudinge in die kerk. Die harmonieuse samewerking tussen die predikante in dieselfde kerk is tot groot seën; maar as dit in die verhoudinge misloop, kan dit verwoestende gevolge in die betrokke kerk hê.

### GELYKHEID OOK IN DIE GEVAL VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Dit spreek vanself dat hier ook gelet moet word op *vermoë* en *moontlikhede*. 'n Betreklieke bejaarde ouderling kan nog goeie diens lewer, maar nie meer in 'n wyk met soveel besoekpunte as wat 'n jonger man kan behartig nie. Of in 'n stadsgedeelte is nie baie lidmate nie en daar is nie meer as een ouderling te vinde nie, dan moet so 'n broeder noodwendig baie meer besoekpunte behartig as een in 'n gebied waar meer kragte beskikbaar is.

Dieselfde geld vir diakens. Daar moet egter in elke geval gesorg word dat elke ouderling die volle diens van 'n ouderling en elke diaken die volle diens van 'n diaken verrig. Iemand kan nie van sy ouderlingswerk vrygestel word omdat hy skriba of kassier is en nog in die amp bly nie. Daar moet wesenlik gelykheid in die dienspligte bly.

## **[77] ARTIKEL 18: DIE DIENS VAN DIE PROFESSORE**

**"Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen ketterye en dwalinge te verdedig."**

### **OORSPRONG VAN DIE ARTIKEL**

Die ou redaksie van die artikel het gelui: "Die amp van Doktore of Professore in die Teologie ...". Reeds Calvyn het die doktore-amp as 'n vierde kerklike amp naas die van die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens, aangedui. Hulle amp was om die Skrif uit te lê, Institusie IV; 3,4 en volgens sy uitleg van Ef. 4:11, ook om bedienaars van die Woord op te lei en die ware leer te verdedig. Die Nederlandse kerke van die Reformasie het hierdie opvatting met Calvyn gedeel. Die doktore-amp het by die vlugtelingkerke 'n belangrike plek ingeneem in die sogenaamde profesieë, veral met die oog op die opleiding van predikante. Op die wyse het die doktore-amp van die begin af duidelike trekke van wat later by professore in die teologie teruggevind is, vertoon. Bouwman verklaar dan ook dat Calvyn die doktore met die professore vereenselwig het. (Gereformeerde Kerkrecht I p.495).

Nadat die universiteit te Leiden in 1575 opgerig en die opleiding en die verdediging van die waarheid aan die professore in die teologie toevertrou is, het die doktore-amp as 'n selfstandige amp op die agtergrond te staan gekom. Die professore het veral sedert 1586 die plek van die doktore ingeneem. (Kyk H. Bavinck: Het Doctoren Ambt, Kampen, 1899).

Die huidige redaksie maak net melding van die professore. Let egter daarop dat daar by kom: "aan die Teologiese Skool." Agter hierdie byvoeging skuil die groot beginselvraag van by wie die opleiding tuishoort, waaromheen vanaf die einde van die vorige eeu tot min of meer in die veertiger jare van die twintigste eeu die groot stryd in die Gereformeerde Kerken in Nederland gewoed het. Dr. A. Kuyper op voetspoor van Voetius, en die ondersteuners van die V.U., Amsterdam het uitgegaan van die gedagte dat die opleiding by die universiteit tuishoort; hoewel daar tog 'n ooreenkoms tussen die universiteit en die kerk moet wees veral met die oog op die benoeming van die professore. Hierdie standpunt is tewens reeds deur die Geref. Kerke sedert 1581 ingeneem <sup>[78]</sup> toe dit begin blyk het dat daar by die Universiteit van Leiden vreemde leringe verkondig is.

Teenoor hierdie rigting het gestaan die wat die opleiding as 'n taak van die kerk beskou. Die kerk moet toesien dat daar bedienaars van die Woord opgelei word. Die Teologiese Hoëskool te Kampen, gestig deur die Christelike Gereformeerde Kerk en oorgeneem deur die Verenigde Kerke in 1892, was die vrug van die rigting. Hierdie standpunt word ook deur die Gereformeerde Kerke in S.A. gehuldig.

Hierdie uitgangspunt is van ouds af onder andere gegrond op 2 Tim. 2:2 en kan ook gegrond word op die normatiewe voorbeeld van Jesus wat self sy apostels opgelei het.

### **DIE TAAK VAN DIE PROFESSORE**

Die taak van die professore in die teologie is volgens art. 18 om bedienaars van die Woord op te lei. Hulle moet aan die jong manne wat hulle inwendig geroepe voel tot die diens van die Woord, en wat sover vasgestel kan word "getroue manne (is) wat bekwaam sal wees om ook ander te leer", die apostoliese leer toevertrou (kyk veral Ef. 4:12 - toegespits op opleiding). Die manne moet gelei word om die Heilige Skrifte te ken "wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim. 3:15).

Die opleiding het dus eerstens die "gewisse kennis" van "alles wat God in sy Woord

geopenbaar het" in die oog. Die opleiding moet voorts van so aard wees dat daar ook by die studente 'n toename in die "vaste vertroue" op die beloftes van die Woord sal wees by die vermeerdering van die kennis. In die proses moet die professore ook die suiwere leer teen ketterye en dwalinge verdedig.

### **MOET PREDIKANT WEES**

Om aan die roeping te kan voldoen moet 'n professor aan die teologiese skool nie alleen 'n grondige kennis van die Skrif hê nie, maar hy moet ook vol wees van die Heilige Gees en die studente voorgaan in die godsaligheid. Hy moet self deurdronge wees van die grootsheid van die roeping waarvoor hy die studente oplei. Tereg het die Sinode van 1973, op grond van 2 Tim. 2:2 herbevestig dat 'n professor alleen uit die geledere van die diensdoende predikante in die Gereformeerde Kerk in S.A. beroep mag word. Voorts het die Sinode verklaar dat 'n professor aan die teologiese skool 'n predikant is wat afgesonder is deur die kerke wat in kerkverband leef, om die diens van die opleiding te behartig. Hy word onthef van die ander fasette van sy ampswerk as predikant, maar hou die bevoegdheid <sup>[79]</sup> daartoe onder toesig van die plaaslike kerk. Eintlik is dit nie heeltemal reg om te praat van ontheffing van die ander fasette van die ampswerk nie. In sekere sin word dit wel in die opleiding uitgeoefen.

Die professor aan die Teologiese skool word beroep deur die kieskollege in naam van al die kerke. Hy word bevestig deur die kerk waar hy woon as predikant wat as professor in diens van al die kerke geroep is en die kerk oefen ook die tug oor hom uit.

Die Kuratorium van die Teologiese Skool hou oor hom in naam van al die kerke toesig in so verre dit sy arbeid aan die teologiese skool betref. Indien hy aangekla word dat hy aan die skool in leer of lewe dwaal, oordeel die kuratorium daaroor en beslis oor sy verdere verbondenheid aan die skool. Oor sy verdere diens as predikant oordeel die kerk waar hy woon egter op die gewone wyse ooreenkomstig die betrokke artikels van die K.O.

Indien hy deur die kerkraad ooreenkomstig art. 79, 80 K.O. van sy diens geskors of afgesit word na 'n klag wat voortspruit uit sy optrede buite die teologiese skool, is die Kuratorium ook verplig om hom uit sy diens aan die skool te skors en/of af te sit. (Vgl. Acta 1973, p.315/6).

## [80] ARTIKEL 19: SORG VIR STUDENTE

**"Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word."**

### BEGINSELAGTERGROND

Die Kuratorium van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in S.A. rapporteer aan die Sinode van 1976 dat "Die beginsel vervat in artikel 19 K.O. is: Niemand wat die roeping voel om predikant te word, moet weens geldgebrek verhinder word om die studie te voltooi nie" (Handelinge 1976, p.105). Volgens hierdie stelling word in artikel 19 net gereël dat waar nodig, dit is aan "behoeftevolle studente", steun gegee moet word. Dit lyk asof sowel Jansen (1917 Van de Dienste, p.493) as Meulink en de Wolff (1967 Korte verklaring van de Kerkenordening, p.60) in hulle verklaring van die artikel van dieselfde gedagte is.

### SOVEEL NODIG

So 'n verklaring van die artikel is eensydig. Die hoofsaak in artikel 19 is dat die kerke moet sorg in so verre dit aan hulle opgedra is dat die "sewe sterre" (Openb. 1:20); die "getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer" (2 Tim. 2:2) nie van hulle plek in die kerke sal verdwyn sodat daar 'n honger en dors, nie aan brood en water nie, maar om die Woorde van die Here te hoor, sal wees nie (vgl. Amos 3:11).

### HOE MOET DIE KERKE SORG?

Reeds in art. 3 is benadruk: *God roep tot die diens. Mense kan nie bedienaars van die Woord maak nie.* Tog lyk dit of art. 19 in stryd is met die waarheid. Indien art. 19 egter - soos dit moet - gelees word in die lig van die beginsel gestel in art. 3, kan daar geen sprake van 'n teenstrydigheid wees nie. God roep tot die diens en gebruik in die roeping die gemeente. Hulle verkies (art. 4), dit is egter God wat deur hulle roep. Israel kies Saul, maar God maak hom Koning ooreenkomstig sy wil. Hier gaan dit om God wat roep en sommige van die wat *Hy wil roep* ook deur *bemiddeling van sy kerk inwendig bewus maak daarvan*. Dit is: Hy kan ook die begeerte tot die amp deur die optrede van die kerk in die hart van die jong manne wat Hy wil roep, werk. Dit het gebeur met Samuel deur Hanna en Eli se <sup>[81]</sup> bemoeiing (1 Samuel 1-3) en met Timotheüs deur die opvoeding van sy moeder en grootmoeder en die leiding van Paulus wat hom aanspreek as "my geliefde kind" (2 Tim. 1:2-7).

Die opvoeding deur verbondsvaders onder toesig van die ampte sowel as die kerklike onderrig in die verbondswaarhede is die weg waarlangs die kerk ook sorg dat daar genoeg studente in die Teologie is. Die gawes van hart en verstand word so ontwikkel; die vrees van die Here gekweek en opgemerk. Sulke begaafde jongmanne wat vroom en in die vrees van die Here wandel, moet dan ook vroeg reeds amptelik aangemoedig word om hulle vir die diens van die Woord te bekwaam. So word die begeerte na die diens aangewakker en die jongman bewus van die inwendige roeping. (Vgl. ook Utrecht 1888, by F.L. Bos 1950, De Orde der Kerk).

### DIE MIDDELE

Diegene wat kragtens die inwendige roeping - waarvan hulle ook deur die bemoeiing van die kerk bewus geword het - "na 'n opsiensamp verlang" (1 Tim. 3:1) het *middele* nodig om die lang en moeilike studie te voltooi.

Die *Here voorsien* na sy belofte ook die middele aan elkeen wat Hy waarlik roep (vgl. Filip. 4:6 en 19). Dit gebeur op verskillende maniere. Hy voorsien

1. deur bemiddelde ouers (vgl. Joh. Jansen 1952, p.84: Korte verklaring der Kerk

Orde). Ouers wat 'n seun of seuns het wat innerlik geroepe voel tot die diens van die Woord, is kragtens die verbond verplig om hulle studie te bekostig (vgl. ook derde doopvraag) en die kerk moet toesien dat hulle hul verpligting nakom;

2. deur een of ander bemiddelde broeder of suster wat, onder die besef van hulle verantwoordelikheid en daartoe opgewek deur die kerk, 'n student of studente ondersteun. Die Here het baie van die ouere predikante op hierdie manier gedurende die studiejare so laat versorg;
3. deur 'n plaaslike kerk wat 'n student of studente uit sy midde of op aanbeveling uit 'n ander kerk (met wie in verband geleef word) vir sy sorg neem. Dit is 'n praktyk wat in die Geref. Kerk in S.A. baie voorkom (vgl. ook Dordrecht 1678 in Bouwman Gereformeerde Kerkrecht I p.506 en 509); en
4. deur die kerke gesamentlik langs die weg van meerdere vergaderings (vgl. Vlissingen 1581 en Utrecht 1888, in F.L. Bos 1950). In S.A. het die Sinode van Middelburg 1904, art. 224 'n "Kas ex bonis" opgerig waaruit die studente ondersteun is. Later is die kas omskep in "Die Kas vir Teologiese Studente." 'n Reglement waarvolgens die ondersteuning <sup>[82]</sup> gebied word is deur die Kuratorium opgestel. Studente wat nog besig is met die propedeutiese studie wat aan die PU vir CHO gedoen moet word (Potchefstroom 1958); sowel as studente wat reeds ingeskryf is vir die kandidaatstudie aan die Teologiese Skool, word ondersteun.

## WIE ONDERSTEUN WORD

Uit bostaande is dit duidelik dat die stelling van die Kuratorium dat niemand wat die roeping tot die diens van die Woord gevoel deur geldgebrek verhinder moet word om die studie te voltooi nie, net gedeeltelik waar is. Dit is ook waar dat die kerke nie verplig is om in elke geval elke student wat homself as geroepe aandien te ondersteun nie. Die kerke moet *"soveel nodig sorg dat daar studente... is."* Die ondersteuning word ook bepaal deur die behoefte. As daar genoeg studente is kan dit 'n oorweging wees om 'n behoeftige student - al verklaar hy dat hy homself geroepe voel - af te wys. Verder is die gesamentlike kerke nie verplig om studente wat reeds of deur bemiddelde ouers of weldoeners of 'n plaaslike kerk genoegsaam ondersteun word, ook nog te versorg nie. Dit is ook nie vanselfsprekend dat elkeen met *dieselfde bedrag* ondersteun moet word nie; die ondersteuning word *deur die behoefte bepaal*. Reeds Middelburg 1581 en 'S Gravenhage 1586 het bepaal dat die kerke moet sorg dat studente *wat nie in staat is* om die studiekoste te dek nie, ondersteun moes word *ex bonis publicis*; dit is uit die publieke goedere wat die owerhede uit die Roomse Kerk se boedel gekonfiskeer het. Die kerke het dit as hulle reg beskou dat die owerhede die inkomstes hulle ten goede laat kom. Die goedere was immers vir die kerk bestem (Vgl. hieroor verder Bouwman 1928, p.506).

## GETROUDE STUDENTE

Die moeilike kwessie van studente-huwelike moet ook hier ter sprake kom, want dit maak die onderhoudingsaspek meer gekompliseerd. *Eensyds*, so het die kuratore onlangs gewaarsku, moet studente nie gedurende hulle studiejare in die huwelik tree en sodoende 'n ondraaglike las op die kerke lê om hulle met hulle gesinne te versorg nie.

*Andersyds* moet die vrou nie ligtelik die versorgster van die huis gemaak word, veral in geval van pare wat direk in die huwelik tree as studente nie.

Studente wat reeds 'n ander beroep gevolg het en hulle gesinslewe al gevestig het en dan weer terug kom om te studeer, val in 'n ander kategorie. Tog moet ook in die geval met die feit dat die vrou nou die "broodwinner" word, deeglik rekening gehou word. Maar veral die wat hulle *huwelikslewe pas begin en waar die vrou die broodwinner is*, moet deeglik rekening hou met die abnormale omstandighede. Die jong student kan nie verwag dat die kerk sy gesin onderhou nie en as die vrou

[83] dit moet doen, kan daaruit probleme in die huweliksverhouding gebore word.

### **SAMEVATTING**

Artikel 19 het dan as agtergrond die beginsel dat die preekstoel nie onbeset bly nie.

## **[84] ARTIKEL 20: SORG VIR EMERITUSPREDIKANTE SE AFHANKLIKES**

**"By die afsterwe van 'n bedienaar van die Woord moet die kerke wat hy gedien het of in die geval van 'n professor aan die Teologiese Skool, die kerkverband, sy weduwee en wese eervol in hulle nooddruf versorg."**

### **OORSPRONKLIKE ARTIKEL**

Vroeër het artikel 20 die preekoefeninge van diegene wat onder artikel 8 hulle voorberei vir die diens van die Woord, gereël. Tans word dit onder artikel 8 gereël. Dit was ook die gewoonte om die preekoefeninge van teologiese studente onder die artikel te reël, vandaar dat die sinodebesluit (1885) waarin die sogenaamde preekverlof gegee word, tans in die bylae verskuif is na artikel 19, waar dit streng genome nie tuishoort nie.

### **NUWE ARTIKEL**

Die huidige artikel 20 is 'n nuwe artikel wat in 1964 ingevoeg is. Dit vorm 'n addendum by artikel 13 K.O. Alles wat daar gesê is oor die noodsaak dat die kerke die predikante, insluitende professore, wat ook predikante is wat emeriteer, moet versorg, geld ook vir hulle weduwees en wese. Hulle versorging is ook nader gereël in die Reglement vir die E.P.P.W. en W.-Fonds (Bylae by art. 13 K.O., uitgawe 1978 bl. 49).



## [85] ARTIKEL 21: KERK EN SKOOL

**"Die kerkrade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied."**

### VERBAND MET OPLEIDING

Die artikel kan gesien word as 'n algemene agtergronds-tekening sowel as afsluiting van die artikels wat handel oor die opleiding. Voordat 'n student in die Teologie kan studeer (art. 19), het hy al 'n groot deel van studie en vorming agter die rug. Die opvoeding en onderwys, so het dit in die verklaring van art. 19 al aan die lig gekom, is vir die toekomstige predikant van die allergrootste belang. Maar die feit bring ook die belang wat die kerk in die algemeen het by die opvoeding en onderwys van verbondskinders, die kerkjeug, na vore. Die kerk het ook 'n roeping met betrekking tot die kinders wat deur die doop as lede van die liggaam van Christus aangemerks is.

### NUWE REDAKSIE

Die huidige redaksie is deur die Sinode van 1967 vasgestel. Dit moet nie beskou word as 'n vervanging van die Dordtse artikel, wat eintlik 'n weergawe van die van 'S Gravenhage 1586 is nie, maar, soos dit deur die deputate vir die hersiening van die K.O. in 1964 genoem is, 'n *herformulering*.

Die oorspronklike artikel het gelui: "Die kerkeraden zullen alom toezien dat er goede schoolmeesters zijn die niet alleen de kinderen leren lezen, schrijven, spraken en vrije kunsten, maar ook de zelve in de catechismus onderwijzen."

Na die letter kan dit beteken dat die kerkrade skole moet oprig en beheer. Tog was dit nooit so bedoel nie (vgl. Joh. Jansen 1917), *De Kerkenordening. Van de Diensten.* p.549; H.H. Kuyper se rapportaan die Sinode van 'S Gravenhage 1914). Antwerpen 1565 het reeds besluit: "De ouders zullen als herders van hun gezinnen om hun kinderen in de vrees des Heeren te vormen, vermaand worden om hen niet te zenden naar scholen of welke andere inrichtingen ook waarin zij zouden kunnen worden bedorven of gedrenkt met schlechtheid van leven of leer ..."

[86] Sedert die Middeleeue is die skole òf deur die owerhede òf deur die Roomse Kerk opgerig en beheer. Die reformatore sluit by die bestaande toestand aan en gaan uit van die feit dat daar skole is wat van die owerhede uitgaan en dat hulle Rooms is. Daarom word aanvanklik sedert 1572 op kerklike vergaderinge gepraat van die *reformasie* van die skole. En as 'S Gravenhage art. 21 formuleer, bedoel hulle dat die kerke by die owerhede, wat die plek van die verdrewe Roomse owerhede ingeneem het, moet aandring om te sorg dat daar gereformeerde onderwysers aangestel word wat aan die kinders 'n gereformeerde skoolopvoeding kan gee (vgl. Jansen 1917, p.560). Die bedoeling was nie dat die kerk skole moes oprig, onderwysers *aanstel en beheer nie*, maar dat die owerhede wat seggenskap oor die skole gehad het, dit moontlik moes maak vir ouers om hulle taak teenoor hulle kinders te vervul. Daar is in artikel 21 nie gekies vir owerheidskole of kerkskole nie. Van die kerke is verwag om toe te sien, deur aandrang by die owerhede, dat daar skole is waarheen gelowige ouers ooreenkomstig die besluit van Antwerpen 1565, hulle kinders kan stuur.

Die Sinode van 1964 het so tereg besluit dat die artikel herformuleer moet word om alle misverstand uit die weg te ruim.

### SKRIFTUURLIKE GRONDSLAG

Die nuwe formulering (1967) van art. 21 sluit direk by die Skrif aan (Ef. 6:4).

En vaders, moenie julle kinders vertoorn (prikkel) nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here. Gesien in die lig van die Prediker 12:13 waar aan die "seun" gesê word "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooe," val

die Skriftuurlike grondslag van die huidige redaksie op.

Die verbondsgeslag moet deur verbondsouers na die voorskrifte van die Here opgevoed word (vgl. 2 Tim. 1:5 in die lig van 2 Tim. 3:14-17 en Kol. 3:10 en 21. Let verder ook op Deut. 4:10 en 6:7; sowel as Josua 4:21-24 en Rigters 2:10 e.v.).

## DOOPBELOFTE

Die artikel sluit so ook aan by die doopbelofte soos vervat in die antwoord op die derde doopvraag aan die ouers: "... beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind, as dit tot sy verstand gekom het... in die leer na u vermoë te onderrig *of te laat* onderrig ...?"

Die kerkrade moet toesien dat die belofte gestand gedoen word deur ouers as hulle hul kinders na die skool stuur. Dit hou in dat hulle die <sup>[87]</sup> kinders na skole moet stuur waar die onderwys in die lig van Gods Woord geskied.

## OUERS EN SKOLE

Dit hou verder in dat kerkrade vandag moet toesien dat, in die lig van die reg wat ouers kragtens die wet het, gelowige ouers toesig moet hou dat die onderwys in die skole waarin hulle kinders hulle bevind, Christelik is.

Eindelik hou dit in dat kerkrade ouers op hulle plig moet wys om te sorg dat daar Christelike skole opgerig word as daar nie sulke skole bestaan waarheen hulle hul kinders kan stuur nie.

## C.N.O.-STRYD

Dit was dan ook die agtergrond vir die hele C.N.O.-stryd in S.A. sedert 1901. Daar was wel verskil oor die vraag of die kerk of die ouers of die owerheid die skool moet stig. Mens dink hier veral aan die C.N.O.-rapporte op die sinodes sedert 1933. Eers is die stelsel van staatskole geheel verwerp en gekies vir vrye ouerskole, hoewel staatsondersteun. Later het die klem meer geval op groepskole. Die owerhede moes aan elke groep ouers die skool wat by hulle pas, voorsien, so dan ook aan Christenouers. Miskien het die Gereformeerde Kerke hulle bevoegdheid oorskry toe 'n skoolpraktyk in fyn besonderhede uitgewerk is en daarmee ook 'n besondere skoolbeleid aan die owerhede voorgeskryf het. Die optrede het geneig, mede op grond van die letterlike betekenis wat die ou redaksie van art. 21 kan hê, tot 'n toestand waarin die kerk die staat wou voorskryf wat om te doen. Die gedagte was egter nog altyd oorheersend om die beginsel wat art. 21 beheers, en in die nuwe redaksie *weer* sterk op die *voorgond tree*, dat die kerkraad *moet* toesien dat ouers hulle verbondsverpligtinge sal nakom ook as hulle hul kinders skool toe stuur, te handhaaf.

## TOESIG VAN DIE KERKRAAD

Uit die voorgaande blyk duidelik dat die artikel alleen die toesig van die Kerkraad op die ouers beoog. Kerkrade, sê Rutgers 1921 (Kerkelijke Adviezen I), het geen direkte toesig op die skole nie. Alleen wanneer daar 'n ooreenkoms tussen die kerke en die owerhede aangegaan is waarin die owerhede aan die kerke wel 'n seggenskap gee, het die kerke 'n seggenskap in die skole. Anders het die kerke alleen 'n seggenskap *oor die ouers wat*, in ons geval in S.A., 'n toesig-reg het oor die skole en daarom as lidmate aangespreek kan word oor die uitvoering van hierdie plig. Verder het die kerk ook seggenskap oor onderwysers *alleen in soverre hulle lidmate is wie se /eer en lewe onder die toesig van die kerkraad staan* (vgl. Rutgers 1921, p.133 e.v.; ook Jansen 1917, p.555 e.v., en H.H. Kuyper in <sup>[88]</sup> Jansen 1917 p.560 e.v.).

## GEEN VERKERKLIKING VAN SKOLE NIE

Die artikel het dus nie die verkerkliking van die skole op die oog nie, maar bepaal die taak van die kerkraad met betrekking tot die skoolopvoeding van verbondskinders. Kerkrade moet toesien dat die opvoeding ook kragtens die verbondseise geskied. Dit

sluit egter nie uit dat, in *buitengewone tye* en onder *buitengewone omstandighede*, in geval van die onvermoë van ouers om self hulle verpligting na te kom, *die kerke self skole kan oprig nie*. (Vgl. H. Bouwman I p.520). Dan sou dit selfs die plig van die kerk wees. Die kerkorde reël egter in artikel 21 die normale plig van die kerkraad in die aangeleentheid en reglementeer nie die oprigting en beheer van skole nie.

## [89] ARTIKEL 22: VERKIESING VAN OUDERLINGE

**"Die ouderlinge word deur die gemeente onder leiding van die kerkraad verkies volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is. By hierdie reëling staan dit elke kerkraad vry om vooraf aan die gemeentelêde geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig en om saam met die diakens vir approbasie voor te dra of om tweetalle of 'n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies. Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is, en geen wettige beswaar ingekom het nie, bevestig volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is."**

Met artikel 22 begin 'n nuwe onderdeel van die eerste deel van die Kerkorde. In die volgende vyf artikels word gehandel oor die diens van die ouderlinge en diakens terwyl in art. 28 samevattend die plig van predikante, ouderlinge en diakens met betrekking tot die owerheid, omskrywe word.

### PRINSIPIËLE REGSTELLING

Die huidige artikel 22 toon 'n redaksionele wysiging wat meteen 'n prinsipiële regstelling was. Die regstelling is deur die sinode van 1964 aangebring.

Oorspronklik is in artikel 22 nog in navolging van die Kerkorde uit die 16e eeu (vgl. Meulink en De Wolff, 1967, p.65/66) bepaal dat "Die ouderlinge moet deur die oordeel van die kerkraad en die diakens verkies word volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik... is." Volgens hierdie redaksie beteken dit dat dit finaliter die kerkraad en die diakens is wat kies, hoewel die gemeente ook 'n aandeel in die verkiesing kry. Jansen 1937 en 1952, Korte Verklaring van de Kerkenordening met 'n beroep op Voetius; sowel as Meulink en de Wolff 1967, meen blykbaar dat dit prinsipiël die regte uitgangspunt is met betrekking tot die verkiesing van ouderlinge (ook predikante en diakens). Hulle aanvaar egter ook dat die kiesreg aan die kerk gegee is en dat dit van die begin af so deur die kerk aanvaar en toegepas is. Die kerkraad met diakens oefen dan net as organiese, maar tog kleiner en meer verantwoordelike deel van die gemeente, die kiesreg uit. Hulle tree op as kieskollege. Die kiesmetode, dat 'n deel van die gemeente namens die hele gemeente intree, was <sup>[90]</sup> nodig tydens die 16e eeu toe die kerk nog in so 'n vervalde staat was dat hulle vanweë onkunde en geestelike agterlikheid nie in staat was om hulle kiesreg uit te oefen nie. Toe toestande verbeter het, is wel groter medewerking aan die gemeente as geheel in die verkiesing gegee, maar die kieskollege-gedagte is tog in die artikel behou.

Die prinsipiële uitgangspunt van Jansen e.a. dat die kerkraad eintlik finaliter kies, kan in die lig van hulle eie verklaring alleen so opgevat word dat hoewel die gemeente *kies*, *final*, die kerkraad tog nog moet toesien dat die verkiesing wettig is, d.w.s. of die verkiesing ooreenkomstig die Skrif, belydenis en K.O. plaasgevind het. Indien 'n verkiesing nie *wettig* was nie, kan en moet die kerkraad weier om die verkiesing met bevestiging op te volg. Die kerkraad moet toesien dat die gemeente nie willekeurig optree tydens die verkiesing nie.

Die redaksie van artikel 22 is tereg gewysig om te lui: "Die ouderlinge word deur die gemeente onder leiding van die kerkraad verkies ...". Christus roep tot die diens ten behoeve van die kerk (gemeente) deur die kerk (gemeente). Die formulering verdryf die misverstand wat die ou redaksie, gesteun deur die onduidelike verklarings o.a. van Jansen en wat nog in die kerke leef, gewek het dat die gemeente eintlik deur hulle aandeel (stemming) net advies gee en dat dit eintlik die kerkraad is wat - hoewel meestal in opvolging van die advies - die ouderlinge verkies. Van hierdie gedagte moet afgesien word. Die kiesreg behoort aan die gemeente. (Vgl. o.a. Handeling 1:23; 6:2 en 3 en Art. 31 N.G.B.- Kyk vir 'n breedvoeriger uiteensetting van die kiesreg van die

gemeente die verklaring van art. 4).

## WIE KIES?

Hier word uitgegaan van die gedagte dat die *kiesreg in die gemeente* by die *belydende manslidmate* wat nie onder sensuur is nie, berus. (Vgl. verklaring van art. 4 K.O.). Alleen wanneer 'n dooplid belydenis van geloof afgelê het, kan hy as mondige lid met die verantwoordelikhede wat by die mondigheid pas, bekleed word. Sommige, soos Rutgers (Kerkelijke Adviezen p.143) en Bouwman (Geref. Kerkrecht I) meen dat dit wenslik is dat die kiesreg alleen aan manlike belydende lede van 23 jaar en daarbo toegeken moet word.

## HOE KIES DIE GEMEENTE?

Die verkiesing word nie in die K.O. gereguleer nie. Daar word eerstens gesorg dat die voorskrifte van Christus in die kerkregering eerbiedig word. In hierdie geval dat die gemeente *kies*.

[91] Tog hou die Kerkorde rekening daarmee dat die verkeerde toepassing van die beginsel, die doel daarvan om in die naam van die Here ouderlinge aan te wys, kan veryd.

As die gemeente onder andere hulle kiesreg volgens die vrye verkiesings-metode uitoefen, kan daar baie maklik ongewenste persone in die diens van die ouderlingskap indring. Onthou moet word dat die kerk uit verlostes wat nogtans sonder is wat nog teen die ou mens moet stry, bestaan. Dit kan so maklik gebeur dat dit in so 'n vrye verkiesing draai om politieke verdelinge of selfs rondom die persoon van die predikant. Die verkiesing loop dan uit op 'n kragmeting van partye en is nie die ootmoedige aanwysing van manne in die diens van Christus, onder leiding van die Heilige Gees nie.

Die Heilige Gees het die kerk by die samestelling van die K.O. so gelei dat daar, sonder reglementering, tog 'n weg aangewys is om hierdie en ander gevare die hoof te bied. Die kerkraad kan die beste sorg, en moet tevens sorg, dat alleen persone vir die verkiesing in aanmerking kom wat aan die vereistes voldoen, indien hulle van die begin af die leiding in die verkiesing neem. Dit kan gebeur deur "aan die gemeentelêde geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig." Dan is dit geen vrye verkiesing nie en tog word die gemeente nie in sy kiesreg te kort gedoen nie.

Die gemeente is dan gebonde om, onder leiding van die kerkraad net uit te kyk na manne uit hulle midde wat "vol van die Heilige Gees en Wysheid" is (Hand. 6:3). Hulle lê hulle oordeel dat hierdie manne aan die vereistes voldoen, eers voor diegene wat deur die Heilige Gees "as opsieners aangestel" is (Hand. 20:28) om te waak (vers 31) teen die wrede wolwe wat die kudde nie sal spaar nie (vers 29) en wat verkeerde dinge praat "om die dissipels weg te trek agter hulle aan" (vers 30).

Hierna kan die verkiesing dan op twee maniere geskied.

Nadat gemeentelêde die aandag op geskikte persone gevestig het, roep die ouderlinge die diakens by hulle om saam met hulle vir die verkiesing die nodige aantal "ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra ...".

Gewoonlik word dit so verstaan asof die kerkraad en diakens maar weer as kieskollege optree en dat die gemeente uiters die reg van beswaar het in sover dit die verkiesing betref. Dit is egter 'n wanopvatting. Let daarop dat bepaal is: "om saam met die diakens *vir die verkiesing ...* voor te dra". Dus hulle is nog nie gekies nie, die gemeente moet nog kies. Maar in die geval bestaan die verkiesing dan daarin dat *vir* of *teen* die persoon of persone gestem word. Aan die beginsel dat die gemeente kies, word dan [92] in die geval alleen voldoen as die kerkraad en die diakens net soveel name as wat daar ouderlinge verkies moet word, aan die gemeente voorlê met die verklaring dat dit op die oomblik die enigste persone is wat aan die vereistes van die Skrif vir die ouderlingskap voldoen en beskikbaar is en dat die gemeente gevra word om *vir* of *teen* elkeen van die

persone te stem.

So oefen die gemeente dan tog nog in approbasie die aktiewe kiesreg uit. Is die *teenstemme* teenoor 'n naam in die meerderheid beteken dit eenvoudig dat die persoon nie gekies is nie en daarmee is dit uit.

Word die approbasie-metode egter so toegepas soos dit oor die algemeen gebeur, dat die wat voorgehou word, klaar gekies is deur die kerkraad en diakens, beteken dit dat as daar beswaar teen die voorgelegde persoon is, dit 'n tugprosedure afgee. Met die gevolg dat daar in die reël geen beswaar ingebring word nie al geval die persoon 'n groot deel van die gemeente nie.

Die approbasie-metode word tans veral gebruik in gemeentes waar daar deur omstandighede 'n gedurige wisseling van ouderlinge plaasvind of in klein gemeentes wat nie 'n oorfloed van beskikbare kandidate het nie. Dit moet egter soveel moontlik vermy word en as dit gebruik word, sal die gevare daaraan verbonde tot 'n groot mate uitgeskakel kan word deur die aktiewe stemreg - soos wat voorgeskryf in die artikel - ook in die geval van approbasie te handhaaf.

Die mees bevredigende en teweens die normale, Skrifverantwoorde wyse om ouderlinge (predikante en diakens) te kies is "om tweetalle of 'n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies." As daar een ouderling gekies moet word, stel die kerkraad en die diakens ten minste twee name aan die gemeente voor; as twee gekies moet word, word vier of ten minste drie name ens. voorgelê.

Dit is ook gewens dat die tweetalle of dubbele getalle voor die tyd bekend gestel sal word sodat die gemeente die nodige kennis aangaande die persone kan bekom. As die name egter eers op die verkiesingsvergadering voorgelê word, sal dit nie so 'n verkiesing ongeldig maak nie (vgl. Rutgers 1921, p.142).

Die wat verkies is se name word dan verskillende male aangekondig voordat hulle bevestig word. Daar moet voor die bevestiging plaasvind, ter nadere kontrole vanweë die erns van die diens van die ouderlingskap, nog geleentheid vir die indiening van besware gegee word. Die kerk is nog in die sondige wêreld en dit is nog sondige mense wat kies en verkies word. Prof. J.D. du Toit wys ook daarop dat "die hele gemeente nie op (d.i. *vir*) dieselfde persoon gestem het nie. Iemand het dus die reg om beswaar <sup>[93]</sup> in te bring" (Diktaat, Kerkreg s.j.). Daar moet sover dit menslik moontlik is, seker gemaak word dat die verkiesing wettig is; d.w.s. dat die regte persone op die regte wyse gekies word. Vandaar die bepaling dat die bevestiging eers kan plaasvind "nadat hulle name verskillende male aangekondig is, ...".

Volgens Rutgers (1921, p. 171) is dit vanselfsprekend dat die bevestiging uitgestel word indien daar beswaar teen 'n verkose persoon inkom, totdat daar uitsluitel oor is. Ingeval die kerkraad die beswaar nie handhaaf nie en daar in beroep na die klassis gegaan is en die klaer nog nie gelyk kry nie en hom op die partikuliere sinode beroep, kan dit nodig wees om tog met die bevestiging voort te gaan. Anders kan 'n klaer 'n bevestiging vir 'n onbepaalde tyd vertraag. As met die bevestiging voortgegaan word, het die kerkraad dan in elk geval al reeds die steun van die klassis vir sy optrede.

Daar moet egter versigtig gehandel word in so 'n geval. Die erns van die besware en die invloed wat die vertraging op die gemeente sal hê, moet deeglik in ag geneem word (Vgl. Jansen 1937, p.97 en Van Dellen en Monsma, p.106, *The Church Order Commentary*).

Wanneer daar in die verkiesing 'n staking van stemme voorkom, moet deur middel van die lot met aanroeping van die naam van die Here beslis word. (Sinode 1910, art. 176, vgl. Hand. 1:26; ook Rutgers 1921, p.155). Die aanbeveling van Rutgers en andere om te bepaal dat by staking van stemme die oudste in jare as verkies verklaar word, is vir my willekeurig. Sover ek kan vasstel berus die aanbeveling nie op deugdelike gronde nie. Geen ander grond behalwe dat dit vroeër gewoonte was, word genoem nie.

## WIE IS VERKIESBAAR?

Die Heilige Gees skryf veral deur die apostel Paulus in 1 Tim. 3:1-7 en Titus 1:5-9 voor aan watter vereistes iemand wat vir die ouderlingskap in aanmerking kom, moet voldoen. Dit is veral vandag, onder al die klagtes van kerklike verval, maar ook met die oog op die geweldige aanslag wat van buite teen die kerk geloods word, van groot belang om die regte (ware) ouderlinge te hê tot opbou van die kerk. Die welsyn van die kerk draai veral om die ouderlinge; die opsieners (vgl. Hand. 20:23).

Die ouderling moet

- *onberispelik* wees; d.w.s. daar moet geen aanmerking gemaak kan word op sy leer of lewe deur die gemeente nie. "Hy moet iemand wees op wie laster en aanklag geen vat het nie." (C. Bouma, 1942, De Kommentaar op het Nieuwe Testament. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus, p.131); <sup>[94]</sup> "die man van een vrou wees"; nie skuldig wees aan bigamie en ook nie aan indirekte bigamie nie. Dus nie iemand wat na 'n *ongeoorloofde egskeiding weer getrou het* nie. In werklikheid is so een met twee vroue getroud aangesien sy egskeiding onwettig is voor die Here. 'n Man pleeg byvoorbeeld owerspel en trou na sy egskeiding as gevolg van die owerspel weer met 'n ander vrou en betuig daarna berou op so 'n wyse dat die kerkraad dit aanvaar en hom van die tug onthef. Na 'n tyd word dan dikwels in die praktyk, vandag, geredeneer dat die man se berou so eg en dat sy lewe nou so onbesproke en sy kerklike meelewing so goed is dat daar geen beswaar kan wees teen sy verkiesing tot die ouderlingskap nie. Hy is immers nie *meer* onder die tug nie.

Hierdie redenasie is nie net vals nie, maar gaan ook direk in teen die voorskrif van die Heilige Gees in 1 Tim. 3:2 en Titus 1:5; hy is nie 'n man *van een vrou* nie;

- *nugter* wees. Hy moet hom nie net weerhou van oormatige wyngebruik (geen drinker) nie, (vgl. vers 3 en Titus 1:7) maar hy moet ook geestelik gebalanseerd wees; vry van hartstog en geestelike bedwelming wat sy oordeelsvermoë kan beïnvloed. As hy nie nugter is nie kan hy nie 'n goeie insig hê in dwalinge en sondes in die kerk nie;
- ingetoë wees; eerbaar in sy uiterlike houding, nie verwaand en aanstootlik nie;
- gasvry wees;
- *bekwaam om te onderrig*; hy moet nie alleen kennis van die Woord van God hê nie maar ook in staat wees om die kennis oor te dra; hy moet tuis wees in die Skrifte;
- geen vegter (bakleier) en geen stryd lustige (twisgierige, rusiemaker) wees nie;
- geen *vuilgewinsoeker*; dit is iemand wat sy eie voordeel ten alle koste najaag nie, en ook geen *geldgierige*; een wat sy siel aan geld verpand het, wees nie;
- een wees wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in *onderdanigheid* hou (vers 4). Dit spreek vanself dat iemand wat sy eie huis nie kan regeer nie, nie in staat is om "vir die gemeente van God sorg" te dra nie. (vers 5). Die leiding en bestuur van sy gesin moet goed wees in die oë van die gemeente, eers dan kan daar 'n verwagting wees dat hy in staat sal wees om as opsiener die gemeente te dien (Vgl. Bouma 1942), p.134). Dit is veral belangrik dat sy kinders, deur sy optrede tot eerbied vir hom gedwing, hulle aan hom sal onderwerp. <sup>[95]</sup> Hier is nie sprake van 'n dwingland wat sy kinders met geweld onderdruk nie. Deur die opvoeding in die vrees van die Here (vgl. Ef. 6:4) word ook die vrees (eerbied) vir die vader gewek;
- geen *nuweling*; pas bekeerde wees nie. ('n Pas geplante boom). Ek meen daaruit kan ook afgelei word dat iemand wat pas ingetrek het in 'n gemeente en nog onbekend is, nie verkiesbaar is nie (vers 6);
- "ook *goeie getuienis hê van buitelanders ...*" (vers 7). Sy waardige, Christelike wandel, nie net in die gemeente nie, maar ook in die samelewing, moet teen wil en dank agting afdwing. Hy moet die adel van die Christennaam waardig wees, (vgl. Kol. 4:5; 1 Thess. 4:12 en 1 Petrus 4:15 en 16);



- *vashou aan die betroubare leer* en in staat wees om ander te *vermaan* en *teësprekers* te weerlê (vgl. Titus 1:9);
- ten slotte *homself kan beheers* (Titus 1:8); nie oplopend en gou om te oordeel wees nie.

## OUERDOMSGRENS

Die Skrif stel nie met soveel woorde 'n *ouderdomsgrens* vir wie verkiesbaar is nie. Tog lê in die naam *ouderling* reeds die gedagte *van rypheid in jare* opgesluit. Verder kan uit die eis dat hy sy eie huis goed moet regeer en sy kinders in onderdanigheid moet hou, afgelei word dat iemand reeds die rypere jare van onderskeiding en wysheid moes bereik het voordat hy verkiesbaar is vir die ouderlingskap. Oor die gebruik om geleerde jongmanne as geskik te beskou, moet weer nagedink word.

Bostaande vereistes vir die ouderlingskap is oorweldigend. Dit laat die versugting van Paulus met die oog op die las van die bediening: "En wie is tot hierdie dinge bekwaam" (2 Kor. 5:16), ook ons versugting word met die oog op die vraag na wie verkiesbaar is tot die diens. Niemand sou wees as Hy wat roep *nie* ook bekwaam maak (vgl. o.a. Exodus 3:12; en 4:10-17; 2 Kor. 4:7) deur sy Heilige Gees nie (vgl. Joh. 14:26). Daarom mag niemand hom ook willekeurig aan die roeping onttrek nie. Dit is die Here wat deur sy kerk roep en gehoorsaamheid betaam elkeen wat wettig geroep is. Alleen met opgaaf van gewigtige redes *waaroor* die kerkraad moet oordeel, kan iemand van die roeping onthef word. (Sinode Antwerpen 1563; Doornik 1563; Teurs 1563). Armentiers 1563 bepaal dat iemand wat die roeping afwys sonder wettige redes, vermaan moet word en daar *moet by hom* aangedring word en hy moet selfs gedreig word met die oordeel van God om die roeping op te volg (Kyk by F.L. Box. 1950). De Orde der Kerk. p.92).

**[96]** Daar moet in die kerke noulettend toegesien word dat genoegsaam rekening gehou word met hierdie vereistes wat die Skrif stel vir die verkiesing van ouderlinge.

## BEVESTIGING

Die bevestiging geskied volgens die formulier in teenwoordigheid van die gemeente. In die geval van die ouderlinge was daar nooit sprake van die oplegging van hande nie.



## [97] ARTIKEL 23: DIE AMP VAN DIE OUDERLINGE

**"Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle medeouderlinge en diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na nagmaal, om van die lidmate te vertroos en te onderrig en om ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek."**

### OUDERLINGE IS DIENAARS VAN CHRISTUS

Artikel 23 handel oor die amp van die ouderlinge. Ons het reeds in art. 2 daarop gewys dat die begrip amp geen persoonswaardigheid of hoogheid inhou nie. Dit dui alleen op 'n besondere taak wat deur Christus aan die wat Hy roep om in sy naam te spreek en te handel, opgedra is. Die woord amp kom dan ook van *ambag*; 'n sekere werk wat gedoen word. Vandaar dat amp in die kerkorde dieselfde beteken as diens. Die ouderlinge lewer *diens* aan Christus en *ten behoeve van die gemeente*.

Hulle is geen heersers oor die erfdeel van die Here met 'n eie waardigheid in of gesag uit hulleself nie (1 Petrus 5:1-4). Hulle is dienaars, slawe van Christus. Hulle het alleen aanspraak op die erkenning, liefde en hoogste agting van die gemeente as hulle in die Here arbeid. (1 Thess. 5:12, 13).

Hulle is herders van die kudde wat deur die kosbare bloed van Jesus verkry is (1 Petr. 1:19). En die Heilige Gees het hulle oor die kudde aangestel en hulle bekwaam gemaak vir hulle werk (Hand. 20:28).

### GESAG

Daarom geld die Woord van Jesus aan sy apostels ook vir die ouderlinge: "Wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My" (Lukas 10:16, vgl. ook Matth. 10:40).

Die gemeente word daarom ook beveel: 'Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie" (Heb. 13:17; vgl. verder ook Ef. 4:11 en 1 Petr. 5:3 en 3; 1 Tim. 5:17).

[98] Alleen kragtens die roeping en die diens aan Christus en die gesag van die *Woord* wat hulle bring, is aan die ouderlinge agting en onderwerping verskuldig.

### HULLE DIENS

"Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê..." En dit is om "die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind." Hulle taak is dus om saam met die bedienaar van die Woord die kerk te regeer (vgl. art. 1 oor die "betaamlik en ordelik" en verder art. 37 vir die gesamentlike regering as raad van die kerk).

Die ouderlinge moet sorg dat elkeen hom/haar in die huisgesin van God gedra soos dit behoort (vgl. 1 Tim. 3:15).

Hulle moet die voorskrifte vir die gedrag van die gelowiges uit die Woord naspeur (vgl. 1 Kor. 14:40). Verder moet hulle die wat hulle nie na die Woord van die Here skik nie, tug. (Vgl. Esegël 3:17 e.v.; 1 Kor. 5:1-8, Titus 3:10). Die heerskappy van Christus word so in sy gemeente deur die ouderlinge gerealiseer. (Vgl. Bouwman 1928), p.549; kyk verder art. 71 en volgende).

## TOESIG OOR BEDIENAARS VAN DIE WOORD

Hulle diens (taak, amp) is verder "om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle mede-ouderlinge en diakens hulle ampte getrou bedien ..."

Dit is 'n geweldige opdrag (vgl. Hand. 20:28-31). Die ouderlinge moet sorg dat die bedienaars van die Woord waardig die roeping waarmee hulle geroep is, wandel (vgl. Ef. 4:1 en Filippense 2:27, wat ook verband hou met die wandel van die besondere dienaars van Christus). Die volle aandag word in die artikel gevra vir die toesig op die *ampsbediening*. Dit sluit vanselfsprekend die toesig op die leer en lewe van die mededienaars in. Die persoon en die amp kan nie geskei word nie. Die dienskneg moet die diens waardig wees, al is dit só dat die skat in erdekruike is (2 Kor. 4:17). Die bediening mag nie beklad word nie (vgl. 1 Tim. 3:2 en 3,1 Kor. 2:17 en 2 Kor. 6:3; 1 Tim. 5:19 en 20). Daarom moet die ouderlinge kundig wees in die Skrifte deur die gedurige biddende ondersoek daarvan. Hulle moet hulle oefen in die kennis van die Skrifte om so die gawe van onderskeiding te kan ontvang. Hoe anders sal hulle kan toesig hou, veral oor die prediking?

### [99] HUISBESOEK

"Om huisbesoek te doen." (Vgl. Hand. 20:31). Die Heilige Gees noem die ouderlinge herders van die kudde wat Jesus Christus met sy eie bloed verkry het. Jesus Christus is die Goeie Herder en Hy eis dat die ouderlinge in hulle herderskap sy beeld as Goeie Herder moet laat sien (vgl. Joh. 10). Die aan wie Hy die herderskap gee, moet elke skaap wat aan sy sorg toevertrou is, ken soos Hy hulle ken (vgl. 1 Thess. 4:14 en 15). Daar word van die herder vir elke skaap rekenskap geëis (vgl. 1 Kor. 3:9-23; Esegieël 3:17 en 34:6; Jeremia 23:1 en volgende).

Die huisbesoek dien so tot stigting (opbou) van die gemeente (Ef. 4:11).

Getroue ouderlinge bou 'n lewendige, roepingstroue gemeente.

In die reël word die gemeente in wyke ingedeel om die ouderlinge se werk doelgerig en effektief te maak. Aan elkeen se sorg word dan bepaalde gesinne en 'n bepaalde getal enkellopers toegesê, soveel as wat hy wel persoonlik kan besoek op die gesette tye.

Dit sluit ook die gesinne van ampsdraers wat in sy wyk woon, in. As hy self in sy wyk woon, is hy ook verantwoordelik vir sy eie huisgesin (vgl. Sinode 7952, artt. 59, 131). Ingeval die ouderling in sy eie wyk woon, is dit egter gewens dat die kerkraad die sorg van die ouderling se gesin aan 'n genabuurse ouderling opdra.

## VERMANING

Die wyksouderling moet met elkeen in die wyk se lewenswandel en omstandighede vertrou wees, om elkeen persoonlik te kan aanspreek met die Woord van die Here tot vermaning, dit is tot vertroosting, bemoediging of bestraffing, na gelang dit nodig is. Die stryd teen die Satan, die wêreld en die eie vlees is vir die gelowiges dikwels oorweldigend. Hulle dreig om moed te verloor. Dan moet die ouderlinge hulle wys op en onderrig in die beloftes van die Here wat die strydseker van oorwinning. Daar kan ook slapheid wees in die stryd; die Skriflesing en bepeinsing kan nagelaat word, die gebed kan verflou en die heiligmaking kan al hoe meer ontbreek, alles dinge wat veragtering in die genade veroorsaak. Dan moet die ouderling nie skroom om die slapheid te bestraf nie (vgl. o.a. Hebr. 5:11 en 12; 6:1 en 2; 12:4 en Jak. 1:6-8).

Die ouderlinge moet so onderlê wees in die Skrifte dat hulle die lidmate gedurig kan herinner aan die werklikhede van die verbond en aan die eise wat dit ook in die besondere tyds- en lewensomstandighede aan hulle stel.

### [100] HUISBESOEK EN NAGMAAL

Die ouderlinge moet sowel voor as na nagmaal huisbesoek doen.

Met hierdie bepaling word die diens van die ouderling toegespits op die nagmaal. Heeltemal tereg ook, want die gemeenskap met God in Christus en mekaar, die *kerkwees van die kerk* word *verkondig* in die viering van die Nagmaal en sigbaar afgeteken en beseël in die tekens van brood en wyn wat uitgedeel en genuttig word. Dit gaan immers in die kerk om hierdie gemeenskap (1 Joh. 1; Romeine 8:15-17; 1 Kor. 12:12 e.v.).

Die nagmaal is die eksklusiewe maaltyd van Christus saam met sy gesin; 'n vooruitgryping op die bruilofsmaal van die Lam (Openb. 19:7-9). En dit is die taak van die ouderlinge om toe te sien dat die karakter van die sakrament behoue bly (vgl. 1 Kor. 11:17 e.v.) en dat die liggaam van Christus nie geskend word nie. Die indringers moet van die tafel en so uit die gemeente geweier word (vgl. Hand. 5:1-11 en 1 Kor. 5).

### **VOOR ELKE NAGMAAL**

Nagmaal mag dus nie gevier word sonder die voorafgaande huisbesoek en die daaruit voortvloeiende verslagvergadering van ouderlinge nie. Dit is 'n bedenklige praktyk om, in gevalle waar meer as vier keer per jaar nagmaal gevier word, sommige vieringe sonder die voorafgaande huisbesoek en verslagvergadering te laat plaasvind.

Die bepaling dat huisbesoek ook na die nagmaal gedoen moet word, sluit by die bostaande beginsel aan. Na die nagmaal moet verneem word of nagmaal gevier is en indien nie, waarom nie. As daar onverskilligheid op die spel is, moet die ouderlinge vroegtydig optree.

### **ANDER TOT DIE CHRISTELIKE GODSDIENS OPWEK**

Sommige lei hieruit af dat daar 'n spesiale ouderling vir evangelisasie moet of kan wees en dat die evangelisasie en sending aan die ouderlinge opgedra is. Dit sou egter beteken dat die amptelike prediking tot afvalliges en heidene nie meer die taak van 'n geroepe bedienaar van die Woord is nie, maar wel van die ouderlinge. Dit kan tog nie wees nie.

Die bepaling kan gekoppel word aan die feit dat die Gereformeerde Kerk met die Reformasie die heersende kerk geword het in die plek van die Roomse. Dit is gesien as die taak van die ouderlinge om elke burger wat nog nie gereformeerd was nie op te wek tot die gereformeerde godsdiens. Die nie-gereformeerdes moes aangespreek word om dit wel te word. Later, gedurende die Doleansie in 1886, het die Gereformeerdes ook weer die artikel in die sin toegepas. Dit is as die taak van die ouderlinge <sup>[101]</sup> gesien om die wat in die Hervormde Kerk agtergebly het op te wek om met die dolerendes mee te gaan. (Vgl. Bouwman I p.62). Hulle doen dit egter nie omdat hulle die dolererende kerk as die heersende kerk gesien het nie, maar omdat hulle dit as die suiwere en ware kerk gesien het teenoor die afvallige (vervalsde) Hervormde Kerk. Hierdie opvatting hou egter nie rekening daarmee dat ouderlinge *alleen toesig het op erkende lidmate van die kerk nie*.

Indien daar gemeen word dat hulle ook oor ander seggenskap het, kan die opvatting alleen gegrond wees in die volkskerkgedagte wat behels dat almal wat deel is van die volk ook vanselfsprekend deel is van die kerk.

Indien die bepaling dus in die historiese sin daarvan verstaan word, het dit geen plek in die artikel nie.

Dit kan alleen behoue bly as daaronder verstaan word dat ook en veral die ouderlinge, net soos al die gelowiges, deur hulle eerbare wandel en die agting wat hulle afdwing, ander tot die Christelike godsdiens moet opwek (vgl. Matth. 5:13 e.v. en Sondag XXXII vr. 86; vgl. ook Bouwman I p.563 en Meulink en De Wolff, p.70).

## [102] ARTIKEL 24: VERKIESING VAN DIAKENS

**"Wat gebruiklik is in die geval van die ouderlinge, moet ook onderhou word by die verkiesing, goedkeuring en bevestiging van die diakens."**

### VERKIESING VAN DIAKENS

In artikel 24 word die diakenskap, deur die wyse waarop die diakens verkies moet word te bepaal, *onderskei* van die ouderlingskap. Terselfdertyd bring dieselfde artikel na vore dat die diakenskap nie te *skei* is van die ouderlingskap nie. Beide is gewortel in die *diakonia*: die diens aan Christus *ten behoeve van* die gemeente. Tot hierdie diens roep Christus ouderlinge sowel as diakens op dieselfde manier: *deur die bemiddeling van die gemeente*.

### WIE VERKIESBAAR IS

In 1 Tim. 3:8-12 word die vereistes waaraan 'n diaken moet voldoen, opgesom. Hulle moet:

- *waardig* wees (vers 8). Daar moet na hulle opgesien kan word; hulle gewone optrede moet eerbied afdwing.
- *Nie uit twee monde praat nie*; nie tweetongig wees nie. 'n Diaken moet nie nou sus en dan so sê nie. Hy moet betroubaar wees; daar moet op hom staat gemaak kan word as een wat die waarheid lief het.
- Hy moet geen vuilgewinsoeker wees nie; homself nie op 'n ongeoorloofde manier verryk nie.
- 'n Diaken moet 'n man wees "*wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou*" (vers 9). Dit moet blyk dat hy 'n ware gelowige is uit sy optrede. Hy huigel nie, maar is opreg. Hy moet vol wees van die Heilige Gees en wysheid (Hand. 6:3).
- Hulle *vroue moet ewe-eens waardig* wees; agting afdwing. Geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles (vers 11).

Sommige laat hierdie vers sien op vroulike diakens (ampsdraagsters) in die volle sin van die woord. Ander betwis dit egter en sê dat dit hier gaan <sup>[103]</sup> om die vroue van die diakens. Dit sou immers vreemd wees as hier sommer so tussenin van vrouediakens gepraat word terwyl in die vorige en volgende verse daar spesifiek sprake is van manlike diakens.

C. Bouman 1942 (Kommentaar op het Nieuwe Testament, II Thimotheüs) in aansluiting by Joh. Jansen 1917, p.660, in navolging van Calvyn, huldig weer die gedagte dat hier wel sprake is van diakonesse, maar dan in die sin van helpsters *van die diakens*. Hulle sou dan nie *in die amp bevestig* wees nie. Die opvatting vind steun in die feit dat die lidwoord *by genaikós* ontbreek. Paulus praat in die gedeelte van groepe van mense: opsieners, diakens en vroue wat 'n taak het om in die gemeente te vervul. Dat die vroue midde in die perikoop oor die diakens genoem word, regverdig die afleiding dat hulle hulpdiens aan die diakens gelewer het. Vandaar die weglating van die lidwoord (vgl. ook Bouman I. p.577) wat betoog dat daar moes gestaan het *hulle vroue*, as daar sprake was van die vroue van diakens. Wat Paulus bedoel in die vers is vir hom onseker. Volgens die Afrikaanse Bybel met verklarende aantekeninge was dit vroue wat een of ander geestelike werk gedoen het. N.J. Hommes, 1951 (De Vrouw in de Kerk) kom eintlik, na 'n lang redenasie, ook niks verder as Calvyn nie en praat ook maar van diakonesse wat hulpdiens gelewer het en geen wesenlike amp beklee het nie.

Dat vroue wel hulpdiens gelewer het, ook in diakonale werk, is origens duidelik uit die Skrif. Veral is hulle dienste by die versorging van siekes gebruik en selfs waar die ouderlinge en bedienaars van die Woord vroue onder sekere omstandighede nie kon bereik nie. Dit bly egter 'n vraag of Paulus die helpsters in 1 Tim. 3:11 in die oog het.

- Die diaken moet 'n *man van een vrou wees* en sy kinders en eie huis goed regeer (vers 12). Dit is dieselfde vereistes as wat aan 'n ouderling gestel word (vers 4).
- Hulle moet ook eers 'n *proeftyd deurmaak* (vers 10). Daar moet nie oorhaastig te werk gegaan word nie. Voordat hy gekies en voordat hy bevestig word, moet noukeurig ondersoek ingestel word of hy sal deug. Hy moet die toets kan deurstaan. Dit moet duidelik wees dat sy lewensgedrag in orde is en dat hy dus oor die nodige geestelike en sedelike eienskappe beskik. Die nadruk word teweens in die hele perikoop op *eerlikheid* en *betroubaarheid* gelê (vgl. Jansen 1917, p.651).

Uit hierdie vereistes is dit duidelik dat iemand nie as diaken gekies mag word bloot omdat hy jonk en entoesiasties is nie, of om hom voor te berei vir die latere ouderlingskap nie. Die diakens moet net soos die ouderlinge beskik oor die nodige ampgawes voordat hulle tot die veeleisende diens gekies kan word.

**[104]** Indien daar nie op gelet word nie en voor die voet manne gekies word en hulle nie aan die eise beantwoord nie, geskied dit tot groot nadeel van die gemeente; eintlik *ten koste* van die gemeente.

Die *verkiesing*, *goedkeuring* en *bevestiging* van die diakens geskied op dieselfde manier as die van die ouderlinge.

## [105] ARTIKEL 25: DIE AMP VAN DIE DIAKENS

**"Die eintlike amp van die diens is om liefdesgawes in geld en goedere wat aan die armes gegee word, nougeset te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel volgens die eis van die behoefte aan sowel die behoeftiges in die gemeente as aan ander; en verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en om goed toe te sien dat die gawes nie misbruik word nie. Die diakens moet in die kerkraad verslag doen van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente wanneer die kerkraad dit geskik ag."**

### DIE EINTLIKE AMP

Die artikel wyk wat die formulering betref af van die ander waarin die amp omskryf word. In art. 23 word die inhoud van die ouderlingskap positief, duidelik omskryf. In art. 25 het ons die vreemde verskynsel dat die *eintlike* amp van die diakens omskryf word. Die formulering wek die gedagte dat dit bekend is dat die diakens meer doen as wat hulle amp behels. Deur die nadruk te lê op die *eintlike* amp, word dit wat hulle bykomend doen *nie afgekeur nie*, maar daar word tegelyk gewaarsku teen die gevaar dat die bykomende werk die *eintlike* kan verdring; en dit mag nie gebeur nie. Verklaarders van die Kerkorde gee nie besondere aandag aan die formulering van die artikel nie. Ek meen egter dat dit nie maar daar gelaat kan word nie. Aandag moet gegee word aan die agtergrond waarteen die formulering gesien moet word. Ek meen om steun by H. Bouwman 1907 te vind vir die verklaring dat kerkrade reeds tydens die reformasie en daarna seker ook op grond van die praktyk sedert die tweede eeu en veral vanaf die opkoms van die monargiese episkopaat, hoewel gebreek is met die Roomse praktyk as sodanig, nog allerlei bykomende opdragte aan die diakens gegee het (Het Ambt der Diakenen p.12 e.v., vgl. ook H. Bouwman 1928, p.565 e.v.). Veral die hulpdiens by die nagmaalsviering, die aangee van die beker en bord en die vul van die bakers, voorsiening van brood, dek van tafels en die beheer van die kerkgoedere, het verbonde gebly aan die diakenamp.

Sedert 1859 het hierdie dinge ook in die Gereformeerde Kerke in S.A. deel gebly van die opdrag aan die diakens. Die diakens was aanvanklik belas met die invordering van bydraes vir die instandhouding van die erediens sowel as die beheer daarvan.

Hoewel die diakens vandag nie meer prakties as finansiële kommissie dien nie, is dit nog gebruik dat hulle belas is met die insameling van die <sup>[106]</sup> kerklike bydraes en is hulle nog behulpzaam by nagmaalsvieringe. (Vgl. Acta, Reddersburg 1927, Meerderheidsrapport p.103).

Deur die formulering van die artikel word die praktyk gesanksioneer, maar daar word tegelyk gewaarsku dat dit nie moet lei tot die verdringing van die *eintlike* amp van die diakens nie. (Vgl. ook Minderheidsrapport van M. Postma en C.J.H. de Wet en medeonderteken deur die adviseurs J.D. du Toit en J.A. du Plessis, Acta Reddersburg 1927, p.107).

### KOMPONIS VAN DIE GEMEENSAP

Tot met die verskyning van die boek van dr. F.H. von Meyenfeldt (1955) "Die Diaken als Componist der Gemeenschap", is die armversorging in die Gereformeerde Kerke nog altyd as die *eintlike* amp van die diakens beskou.

Sedertdien is by ons op voetspoor van Von Meyenfeldt, die klem verlê na die "diens tot opbou van die gemeenskap van die heiliges."

Die *eintlike* amp van die diakens is volgens die beskouing dan om die gemeenskap (Koinonia) in die gemeente te realiseer. Die diakens moet die gemeente bewus maak van "haar heilige roeping tot stichting van een nieuwe samenleving." (Von Meyenfeldt



1955, p.59). Veral moet hulle elkeen wat dreig om buite die gemeenskap van die heiliges te staan te kom weer in die verband voeg (p.58). Alles wat verder dreig om die samelewing van die gelowiges te disintegreer soos rykdom, armoede, siekte, ouderdom en eensaamheid moet opgehef word deur die diakens; hulle is die integrasiefaktor in die gemeente (p.58). Dr. K.S. van Wyk de Vries 1964 ("Skopus van die Diakonaat" en "Barmhartigheid, barmhartigheidsdiens, die diakonaat en die praktyk" (In die Skriflig, Jaargang 12, nr. 47, Sept. 1978 p.33) sluit by hierdie gedagte aan. Hiervolgens sou dit ook die eintlike taak van die diakens wees om tehuise vir vereensaamdes, oud of jonk, vir siekes en verswaktes op te rig, ongeag hulle eie vermoë. Ek meen ek konkludeer reg as ek sê dat volgens hierdie opvatting is dit die taak van die diaken om met elke gelowige (en ook ander volgens K.S. van W. de V.) gemeenskap te oefen deur te sorg vir 'n woning, losiesplek, versorging by verswakking en so meer. Die diaken moet sorg dat jongmense veral nie in die stad vereensaam nie. Hulle moet *alle lyde* probeer ophef.

Aansluitend hierby is die besluit van die Sinode van 1979, wat besware teen sekere gedeeltes van die bevestigingsformulier gelyk gegee het as sou dit "die diens van die diakens tot armversorging beperk." (Agenda 1979, p.56; vgl. vir besluit Acta 1979). Die deputate vir advies oor die beswaarskrif verklaar dat "doel en sin van die diakenamp veel ruimer is, nl. die *liefdevolle gemeenskapsbeoefening met geloofsgenote* wat [107] konkreet tot openbaring kom (onder andere) in die gemeente se liefdegawes vir behoeftige lidmate" (Agenda 1979, p.57/58 e.v.).

Die beswaar teen die formulering van art. 25 is nie gehandhaaf nie. Die sinode verklaar dat die artikel nie die amp limitatief beperk nie. Dit spreek immers ook in wyere sin van "verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos ..." (Agenda 1919, p.58, vgl. ook Acta 1979, ter sake).

## ARMVERSORGING

Hieruit kan afgelei word dat die sinode die formulering: "*Die eintlike amp...*" so verklaar dat die fokus in die opdrag aan die diakens wel op die armversorging val, maar dan in die konteks van hulle opdrag tot die opbou van die gemeente wat hulle met die bedienaars van die Woord en ouderlinge gemeen het (vgl. o.a. Ef. 4:12). Hulle spits hulle dan konkreet op die armes, die wat uitgeskakel is uit die gemeenskap van die heiliges as gevolg van die gebrek aan bestaansmiddele, toe. Die gelowiges word deur al drie ampte opgeskerp, ook om mekaar op te skerp tot die konkrete gemeenskap van die heiliges, maar die *konkrete* beleving van die gemeenskap van die heiliges deur die *versorging* van hulle wat in hierdie sondige bedeling in hulle bestaan tog vasgeloop het ten spyte van die opdrag tot die konkrete gemeenskapsbeoefening, is dan die eintlike taak van die diakens.

Ek meen dat die vaders met die formulering van art. 25 'n besondere aanvoeling vir die sin van Handeling 6 e.v. verse openbaar het. Die grootsheid van die gemeenskapsbeoefening as vrug van die geloof (vgl. 1 Joh. 1:7) dien as agtergrond vir die begrip vir die instelling van die diakenamp. Waar in die sondebedeling die gemeenskapsbeoefening tog so gebrekkig is dat daar gelowiges is wat "in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is" (Handeling 6:1), daar gryp Christus vol erbarming as't ware nogeens in sodat sy kinders ten spyte van die gebrek aan volkome geloofsvrugte in die kerk in hierdie bedeling, tog nie ten gronde gaan nie. Ek meen nog in Handeling 6 nog in enige tydperk van die kerkgeskiedenis het die Gees ooit die kerk so gelei dat die diakens alleen die *hele* las om die gemeenskap van die heiliges in die kerk te konkretiseer, moes dra. Die diakens se eintlike taak is nie, soos Von Meyenfeldt dit stel, om die nuwe samelewing daar te stel nie, maar wel om waar die nuwe samelewing (die kerk) nog te kort skiet in die versorging van *alle* lede, tog te sorg dat die wat oor die hoof gesien is, versorg sal word. Die oor die hoof sien moet dan nie 'n aanduiding van 'n opsetlike roepingsversaking by die gemeente te wees nie, maar wel 'n herinnering daaraan dat die Koninkryk *naby* is - so naby dat 'n nuwe gemeenskap in onderworpenheid aan God reeds bestaan (die Kerk). Die Koninkryk moet egter nog in volkomenheid kom. Die nuwe samelewing (as die kerk) is nog maar 'n heenwysing na

die <sup>[108]</sup> nuwe samelewing in Christus (vgl. Openbaring 21:2-4).

Die eintlike diens van die diakens bly dan nog die armversorging deur middele, besoeke, trooswoorde uit die Heilige Skrif, *waardeur* die gemeenskap van die heiliges betoon word. Ook om hulle amp te vervul moet die diakens altyd in gedagte hou die kerk is "'n vergadering van gelowiges wat kragtens die gemeenskap met mekaar in Christus, die roeping het *om* hulle goed tot eer van God en dus ook tot welsyn van die gelowiges aan te wend" (Bouwman 1907, p.89; vgl. Bouwman 1928, p.565).

### **HOE SORG DIE DIAKENS?**

Die diakens moet "die liefdegawes ... wat aan die armes gegee word, nougeset versamel."

Liefdesgawes; geen opgelegde raming of hoofdelike aanslag nie. Maar elkeen moet gee namate die Here hulle in staat stel om te gee *uit liefde vir die Here en sy kerk*. Daar moet offervaardigheid wees; 'n bewoënhed oor die wat nie het nie, en dankbaarheid dat die Here aan jou gee. En hoe kan die diaken hierdie gesindheid tot die gee van liefdesgawes anders opwek as deur onder ander 2 Kor. 8 voor te lees?

### **IN DIE EREDIENS**

Omdat dit liefdegawes is wat uit die liefde vir die Here gegee word, pas dit in die eerste plek om dit af te dra wanneer Hy ontmoet word in die erediens. Daar gee die gelowiges hulleself met al wat hulle het aan die Here. Vandaar dat die insameling "Op elke eerste dag van die week" moet plaasvind (1 Kor. 16:2 en Heidelbergse Kat. Sondag VXXXIII). Vanselfsprekend kan dan by die insameling nie van straatkollekte of koerantfondse sprake wees nie.

### **PLEK VAN KOLLEKTE**

Oor die vraagstuk van die plek van die kollekte vir armes in die erediens is al baie gehandel. Dit is egter 'n liturgiese kwessie waarop hier nie ingegaan word nie. Volstaan word met die vermelding *van* die besluit van die Sinode 1964 dat dit 'n middelmatige saak is (Acta 1964, p.477). Dit sluit egter nie uit dat daar ook by die huise kan ingesamel word nie. Bouwman, Jansen en ander verklaarders van die kerkorde beklemtoon egter dat dit nie die reël moet wees nie. Alleen in tye van nood en tekorte moet, nadat tot groter offervaardigheid in die erediens opgewek is en daar nog nie die nodige fondse vir armversorging beskikbaar is nie, die insameling by die huise gedoen word.

### **[109] MET GESAMENTLIKE OORLEG UITDEEL**

Wat ingesamel is, moet "met gesamentlike oorleg getrou en vlytig" uitgedeel word "volgens die eis van die behoefte." Natuurlik word in die vergadering net besluit *wie* tot *watter mate* versorg word. Die gawes word by die huise deur die diakens afgedra. Die diakens het wysheid nodig vir hierdie taak. Daarom moet hulle manne vol van die Heilige Gees wees. Die gawes bestem vir die versorging van hulle wat daarin beproef word dat hulle hulself nie kan versorg of deur familie versorg kan word nie, mag nie bestee word aan verkwisters, dronkaards, dobbelaars, of ligvaardige mense nie. Luiaards moet aangesê word om te werk, anders kan hulle nie eet nie. Deur die regte weduwees en wese op die voorgrond te stel gee die formulier leiding oor wie versorg moet word.

### **VOORKOMING**

Dit kan ook inhou dat deur 'n eenmalige bedrag te voorsien of vir 'n kort rukkie 'n gesin te versorg, voorkom word dat 'n gesin permanent behoeftig word, al is hulle dit op die oomblik van versorging nog nie in die eng sin van die woord nie. Dink aan 'n broodwinner wat genoeg verdien om sy gesin eerbaar te versorg. Hy word egter siek en tydens sy siekte word sy salaris opgeskort. In die boubedryf het dit dikwels al gebeur.



Nou kan nie gewag word totdat sy huis verkoop, sy spaargeld opgebruik is en toegelaat word dat noodsaaklike assuransiepremies onbetaald bly nie. Daar moet deur die diakens gesorg word dat die gesin nie tydens die siekte van die broodwinner ten gronde gaan nie.

### **OOK AAN ANDER**

Die versorging strek verder as die gemeente. Ook "aan ander" moet uitgedeel word. "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof" (Gal. 6:10).

### **HUISBESOEK**

Die huisbesoek vorm 'n belangrike deel van die werk van die diaken. Sy huisbesoek moet egter anders ingerig wees as die van die ouderling en predikant. Hy is dienaar van Christus wat aan die wat in nood is met trooswoorde uit die Heilige Skrif moet toon dat Christus hulle nie in hulle nood vergeet nie. Dit wat die diaken bring, is wel van die gemeente maar eintlik van Christus deur die gemeente. Christus skenk alles, na siel en liggaam, wat vir sy kinders ook in hierdie lewe nodig is. Wie die koninkryk van die hemele ingegaan het, word elke dag van alles wat nodig is voorsien (Matth. 6:33 en ook Romeine 6:32). Die besoek van die diaken moet so wees dat hy verdwyn en Christus voor die een wat versorg word, staan.

### **[110] VERSLAG AAN DIE KERKRAAD**

Die diakens moet aan die kerkraad verslag doen. Die ouderlinge is immers die opsieners wat moet toesien dat ook die diakens hulle amp na behore vervul (vgl. art. 23). In die praktyk word hierdie verslag op die sogenaamde breë kerkraad; die vergadering van ouderlinge saam met die diakens, gegee.

Dit kan ook nodig wees om op versoek aan die gemeente verslag te gee. Dit is seker noodsaaklik dat dit veral sal gebeur in tye van nood wanneer daar besondere eise aan die gemeente gestel word. (Kyk verder oor die amp van die diakens Acta, Reddersburg 1927. p.98-108).

## **[111] ARTIKEL 26: OORLEGPLEGING MET ANDER LIGGAME**

**"Die diakens moet ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, versoek om met hulle oorleg te pleeg sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder die wat die meeste gebrek het."**

Oorspronklik het die artikel gedien om die diakens aan te spoor om te sorg dat die owerhede die inkomste van die kerkgoedere ook vir die versorging van die armes sou aanwend.

### **NUWE REDAKSIE**

Die nuwe redaksie van die artikel hou daarmee rekening dat ook die onwedergebore mens, al is dit dan net ter wille van selfbehoud, moet rekening hou met die bestaansnood van ander. Vandaar dat daar ook "ander liggame of instelling" is "wat aan die behoeftiges hulp verleen ..."

Daarby is daar ook liggame of instellings wat deur die inisiatief van gelowiges opgerig is of deur die owerhede opgerig en in stand gehou word.

### **VERHOUDING TOT ANDER LIGGAME**

Daar bestaan vandag soveel liggame, instellings en inrigtings dat dit maklik kan gebeur dat *van* die hulp wat uit verskillende oorde verkry kan word, misbruik gemaak word as die een nie van die ander weet nie.

Die staatsbestel waaronder ons vandag leef, gee aan elke burger 'n aanspraak op een of ander vorm van bystand. In die geval is die besluit van die Sinode van Antwerpen 1564, dat diakens hulle moet beywer dat armes onder hulle sorg "ook gehelp word met die algemene liefdegifte" sonder om hulle "te besoedel met afgodery en bygelowigheid," van belang.

Die diakens moet met die hulp van kundige welsynswerkers toesien dat ook aan die armes onder hulle die nodige bystand verleen word onder andere op mediese gebied, of met betrekking tot behuising, pensioen en so meer.

In gevalle waar gelowige bejaardes of kinders in tehuise opgeneem word wat onder beheer van ongelowiges of sektes is, sal die diakens alles <sup>[112]</sup> moontlik moet doen om vir hulle voorsiening te maak in tehuise of inrigtings waar hulle ook geestelik behoorlik versorg kan word.

### **DIE GEREFORMEERDE STIGTING**

Hoewel die stigting nie in die eerste plek vir armes voorsiening maak nie, kan ook weer nie beweer word dat hulle niks met die versorging van armes te doen het nie. Hulle bied ook 'n heenkome vir baie behoeftige (arm) oues van dae. Daarom is dit seker te meer die plig van die diakens om ooreenkomstig artikel 26 met die stigting oorleg te pleeg. Die oorlegpleging sal in die geval moet uitloop op 'n hegte samewerking waarin die stigting sy dienste tot beskikking van die diakens stel met die oog op die versorging van behoeftige oues van dae, en die diakens weer nie net vir die verblyf van diegene uit hulle kerke (gemeentes) sal bydra nie, maar ook andersins sover moontlik sal meehelp met die instandhouding van die stigting.

### **OORLEGPLEGING MET KENNIS VAN DIE KERKRAAD**

Artikel 26 moet in die lig van artikel 25 gelees word. Dit beteken dat wanneer daar oorleg gepleeg word, die kerkraad eers in die saak geken moet word. Daarna vind die oorlegpleging en samewerking plaas op 'n manier soos vasgestel deur die kerkraad saam

met die diakens. Normaalweg sal die diakens seker gemagtig word om die sake af te handel met rapport aan die kerkraad.

### **VERSKILLENDE BESLUITE**

As gevolg van die verskillende probleme wat in die praktyk voorkom met betrekking tot die verhouding van die diakens tot ander liggeme of instellings, word daar van tyd tot tyd indringend aandag aan gegee op meerdere vergaderings. Vir die besluite van verskillende sinodes oor die saak word verwys na die Handeling o.a. van 1939, 1942, en 1955.

## **[113] ARTIKEL 27: DIENSTYD VAN OUDERLINGE EN DIAKENS**

**"Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël soos hy tot die meeste stigting van die kerk ag. By periodieke aftreding na minstens twee jare diens of meer, moet 'n eweredige deel jaarliks aftree."**

### **NIE VOLTYDSE DIENS NIE**

Kragtens die aard van die diens van ouderlinge en diakens word nie beslag gelê op al hulle *tyd* en *kragte*, soos in die geval van predikante nie. Hulle lewer diens terwyl hulle ook vir hulle eie lewensonderhoud moet sorg.

Te Wesel 1568 is reeds nadruk op hierdie beginsel gelê in Caput V, De diaconis, artikel 17. Hoewel Jansen (1937) verklaar dat die artikel van die begin af teen die hiërargie gemik is, beweer prof. J.D. du Toit dat die besondere omstandighede in 1572 die sinode genoop het om te bepaal dat hulle elke twee jaar moes aftree. Die gedagte was dat die besondere eise wat toe deur die vervolgings en die ongeordende toestande van die kerke aan die ouderlinge en diakens gestel is, dit noodsaaklik gemaak het. Anders sou hulle persoonlike sake te veel onder die diens gely het. Later, sê prof. du Toit, het ander argumente gedien om die artikel te steun. So het Danaeus in 'n advies aan Middelburg 1581 beweer dat daardeur heerskappy uit die gemeente geweer word en dat daar meer persone op die manier in die kerkregering geoefen kan word.

### **GEEN VOORSKRIF NIE**

Die ou sowel as huidige *redaksie* van artikel 26 is dus bloot deur die praktyk bepaal. Johannes Polyander (Synopsis 2, vertaling Dirk van Dyk, p.113) sê dat hulle diens in die ou tyd "voortdurend was". Hy verdedig egter die latere gebruik van 'n onderbroke diens op grond van die onderbroke diens van die priesters en Leviete. Daarby kan ons voeg dat die artikel rus op die beginsel dat iemand wat as ouderling of diaken dien, nie ontslaan is van die eis om self vir sy lewensonderhoud te sorg nie. En die bedoeling van die ou redaksie was eintlik dat in die bepaling van die dienstyd van ouderlinge en diakens rekening gehou moes word met die moeite wat met die verkryging van die daaglikse brood gepaard gaan. Die Heilige Skrif gee in die verband ook geen bindende voorskrif nie.

## **[114] KONTINUÏTEIT NODIG**

Die slot van die artikel is 'n noodsaaklike reglementering om te verhoed dat die kontinuïteit in die diens sal ontbreek tot skade van die gemeente.

### **BEVESTIGING NA HERVERKIESING**

Ten slotte word die aandag nog gevestig op die vraag of iemand wat volgens beurt moet aftree, weer bevestig moet word. Die antwoord is dat elke nuwe roeping deur bevestiging opgevolg moet word. Dus, indien iemand ontslag gekry het en losgemaak is en daarna herkies is, moet hy weer bevestig word. Indien hy nog nie losgemaak was nie en sy herkiesing eintlik neerkom op 'n beslissing dat hy verder moet dien om een of ander rede, dien hy eenvoudig voort sonder om weer bevestig te word.

## **[115] ARTIKEL 28: PLIG VAN DIE AMPSDRAERS TEENOR DIE OWERHEDE**

**"Soos dit die plig van die owerhede as instellings van God is om aan die kerk en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied, so is dit die plig van alle predikante, ouderlinge en diakens om die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente in te skerp, en hulle moet trag om in die vrees van die Here, die guns van die owerheid jeens die kerke op te wek en te behou in belang van die kerke. Dit is ook die plig van die kerklike vergaderings om korrespondensie met die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig."**

### **OU REDAKSIE**

In die oorspronklike uitgawes van die Kerkorde word eerstens in artikel 28 aan die owerhede voorgeskryf wat hulle plig is. "Dit is die plig van die Christelike owerhede om die heilige kerkdiens op alle maniere te bevorder en met hulle voorbeeld die onderdane daartoe op te wek; en om aan die predikante, ouderlinge en diakens in alle voorkomende moeilikheid hulp te bied en hulle volgens die vasgestelde orde te beskerm." Vervolgens word beveel dat die ampsdraers as't ware 'n teëprestasie moet lewer. "Ewe so is alle predikante, ouderlinge en diakens verplig om by die hele gemeente getrou en ywerig in te skerp die gehoorsaamheid, liefde en eerbied wat hulle aan die owerhede verskuldig is. Alle kerklike persone moet deur hulle voorbeeld hierin die gemeente voorgaan en deur behoorlike agting en korrespondensie trag om die guns van die owerhede jeens die kerke op te wek en te behou, sodat, as elkeen wedersyds sy verpligting nakom in die vrees van die Here, alle agterdog en wantroue voorkom mag word en eensgesindheid onderhou mag word in belang van die Kerke."

### **ONTSTAAN**

Hierdie artikel kom vir die eerste maal voor by Dordrecht 1618/1619. Hoe die besluit "in de wêreld is gekomen, kan ek niet zeggen ... Geen enkel gravamen gaf er aanleiding toe ..." (H.H. Kuyper, Post-Acta p.146). H. Bouwman het hom nooit oor die Artikel uitgelaat nie (vgl. sy Gereformeerde Kerkrecht, 2 dele).

**[116]** Blykens die redaksie en inhoud van die artikel is dit duidelik dat met die formulering 'n poging deur die Dordtse vaders aangewend is "om de Overheid gunstig te stemmen tot approbatie van de Kerkenordening, (PostActap.146. Vgl. ook Joh. Jansen 1917, p.759). Volgens beide Kuyper en Jansen hoort die artikel soos te Dordt geformuleer, in elke geval nie in die K.O. tuis nie. Dit is niks meer as 'n kontrak wat die toekomstige verhouding van die kerken owerheid moes reël nie. Sou die owerheid die K.O. goedkeur, was dit vanselfsprekend aan die kontrak gebind. Waar dit uiteindelik nie goedgekeur is nie, druk dit tog nog die gevoel van die kerk uit oor hoe die verhouding gereël behoort te wees. (Jansen 1917, p.759).

Dit is so duidelik dat die eerste gedeelte, waarin die taak van die owerheid voorgeskryf word, al kom dit ooreen met art. 36 N.G.B., nie in die Kerkorde tuishoort nie, maar wel in die belydenis. Prof. J.D. du Toit skryf ook in sy Kerkreg-diktaat die gedeelte "klink sonderling in die K.O."

Die Sinode 1967 het dan ook geoordeel dat die artikel soos deur Dordt geformuleer, nie in die Kerkorde tuishoort nie. Die nuwe redaksie, soos tans gevind in artikel 28, is toe geformuleer.

Daar was wel 'n aanbeveling om die artikel te laat lees: "Dit is die plig van alle

predikante ..." Maar daar is tog gevoel om by wyse van aanleiding en in aansluiting by artikel 36 N.G.B., wel vergelykenderwys die stelling te maak aangaande die plig van die owerheid en dan voort te gaan met die voorskrif aan die ampsdraers.

Ook artikel 28, soos dit uit die geworstel met die redaksie daarvan blyk, het as agtergrond die feit dat die kerk nie *van* die wêreld is nie, maar tog wel *in* die wêreld. Met die owerheid, die instelling van God vir die ordelike reëling van die mensheidslewe op aarde, moet die kerk nie alleen rekening hou nie, dit moet dit ook eer as instelling van God en daarom gepaste gehoorsaamheid betoon.

## **PLIG JEENS DIE OWERHEID**

Die predikante, ouderlinge en diakens moet "die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente" inskerp.

Hier word nie net van *Christelike owerhede* gepraat nie, maar van *die owerheid* in die algemeen soos die Heilige Gees dit deur die apostel Paulus stel. Die owerhede is deur God gegee "sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (1 Tim. 2:2). Alles moet gedoen word om "die guns van die owerheid jeens die kerke op te weken te behou in belang van die kerke" - dit egter altyd behoudens die [117] verantwoording aan God. Daarom is bepaal dat hulle "moet trag (om) in die vrees van die Here, ..."

Korrespondensie is nodig om die nodige reëlings met die owerhede in belang van die kerk te tref. Die kerklike vergadering moet sorg dat die "kanale" na die owerhede oopbly om in voorkomende gevalle die nodige getuienis te lewer onder ander in geval van growwe volksondes of die sondige optrede van die owerhede. Ook is die medewerking van die owerhede verder onmisbaar by die behoorlike bediening van lidmate in die leër, in die beskikking oor eiendomme en so meer.

Artikel 28 is een van die artikels wat baie min aandag kry. Tog word dit in die bestaan van die kerk in hierdie wêreld, veral vandag, al hoe noodsaakliker om die artikel uit te voer. Teenoor die antichristelike wetteloosheid wat ons in ons bestaan al hoe meer kwel, moet die ampsdraers tydig en ontydig die Goddelike gebod van die *gehoorsaamheid aan en eerbied vir die owerhede as instellings van God verkondig*. Daarby moet elke ampsdraer ook in sy optrede in die gemeente deur eie voorbeeld die weg van gehoorsaamheid en eerbied aanwys. Tegelykertyd sal daar altyd in gedagte gehou moet word dat die guns van die owerhede nie teen elke prys gekoop kan word nie, byvoorbeeld deur te swyg as sondes van die owerhede ten hemel skrei. Dit moet altyd gesoek word net "in die vrees van die Here."

## **[118] HOOFSTUK 3: OOR DIE KERKLIKE VERGADERINGS ARTIKELS 29-52**

### **ARTIKEL 29: DIE KERKLIKE VERGADERINGS**

**"Kerklike vergaderings wat onderhou word, is: kerkraad, klassis, partikuliere sinode, nasionale sinode en algemene sinode."**

Die eerste deel van die Kerkorde handel oor die ampte of dienste soos dit aan die plaaslike kerk verbonde is.

Daar is egter reeds in verskeie artikels sprake van die klassis en/of die partikuliere sinode.

#### **TWEE BEGINSELS**

Daaruit blyk dat daar van die begin af twee beginsels in die kerkorde sterk na vore tree, naamlik die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die noodsaaklike beleving van die eenheid van die kerke in die kerkverband.

Die plaaslike kerk is die volledige en selfstandige openbaring van die liggaam van Christus op aarde. Dit is volledig kerk (Institusie IV. 1.9).

Die kerk op 'n bepaalde plek is egter nie *alleen* kerk nie. Daar is op talle ander plekke ook volledige, selfstandige kerke.

#### **BELEWING VAN EENHEID**

Omdat die kerke één in Christus is, en waar hulle eenheid blyk in die één belydenis, liturgie en kerkregering (één in leer, diens en tug) moet hulle hierdie eenheid onderling beleef en bewaar. Hulle is op mekaar aangewys vir hulle bestaan en roepingsvervulling in gehoorsaamheid aan hulle één Hoof, Christus. Christus is die band tussen die kerke wat met mekaar saam leef. Hierdie samelewing moet vanselfsprekend gereël word. Die organisasie van die kerke tot onderlinge samelewing en opbou is die vrug <sup>[119]</sup> van die eenheid in Christus en die verantwoordelikheid vir mekaar as soveel openbaringe *van* die een liggaam *van* Christus. Dit gebeur in die meerdere vergaderinge. Dit is vergaderinge van meer as een kerk wat kragtens die kerkverband beslis oor sake van gemeenskaplike belang (Vergelyk dr. A. le R. du Plooy 1982, Kerkverband. Proefskrif PU vir CHO). Prof. S. Greydanus handhaaf ten onregte die standpunt dat meerdere vergaderings wel geoorloof maar die noodsaaklik is nie (Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen.)

#### **TEN MINSTE TWEE VERGADERINGS**

Kragtens die beginsel dat die eenheid in Christus tussen die kerke ook organisasie tot gevolg het, is dit noodsaaklik dat daar ten minste *twee* kerklike vergaderinge onderhou moet word. Een wat die belange van die plaaslike kerke behartig en een wat oor gemeenskaplike sake beslis. In Artikel 29 word, na gelang die praktyk die verskillende belangesfere uitgewys het, bepaal dat vyf kerklike vergaderings onderhou moet word.

#### **KERKRAAD**

Die kerkraad behartig die belange van die plaaslike kerk en die ander *vier* die van kerke in verskillende belangesfere.

#### **KLASSIS**

Die volgende vergadering is die klassis. Dit is 'n vergadering waarin genabuurde kerke byeenkom om te beslis oor sake wat hulle gemeenskaplik raak en word daarom 'n

meerdere vergadering genoem. Die vergadering van meer kerke laat egter nie die kerke ineen smelt tot 'n nuwe kerk nie. Dit bly nog *aparte kerke* wat saam beslis oor wat Christus vir hulle elkeen afsonderlik en hulle almal saam beveel met betrekking tot die belydenis en wandel. Die onderlinge afhanklikheid van mekaar, wat die meerdere vergaderinge noodsaak, hef nie die plaaslike selfstandigheid op nie.

## **PARTIKULIERE SINODE**

Die partikuliere of provinsiale sinode behartig weer die belange van kerke wat veral spruit uit die streke waarin hulle hul in die staatkundige bedeling bevind.

## **INDELING**

In Nederland en Suid-Afrika het die staatkundige grense van die streke of provinsies aanvanklik ook die grense van die partikuliere sinodes bepaal. Die indeling wat deur die Sinode van 1976 gemaak is, laat egter die vraag <sup>[120]</sup> ontstaan of dit nog ten volle aan die gedagte, behels in artikels 29 en 47, reg laat geskied. Dit wil voorkom asof juis die belange wat 'n partikuliere sinode naas 'n klassis en nasionale sinode noodsaaklik maak, in die huidige indeling buite rekening gelaat is. Die provinsiale indeling het veral die oog op besondere omstandighede wat al die kerke in die provinsie raak en nie deur een klassis behartig kan word nie. Al die klassisse in die besondere streek of provinsie kom dan saam om veral ook aan die sake aandag te gee. Die huidige indeling wat klassisse uit verskillende streke en provinsies saam groepeer, ontnem aan die partikuliere sinode 'n groot deel van sy agenda. Dit word 'n vraag of die partikuliere sinode onder die huidige indeling bestaansreg het in Suid-Afrika waar die gereformeerde bevolking so yl is.

## **NASIONALE SINODE**

Die nasionale sinode is vervolgens die breedste vergadering van kerke onder 'n besondere volk (Art. 50). Die ou artikel het net met die vier vergaderinge volstaan.

## **ALGEMENE SINODE**

Die algemene sinode is 'n vergadering van alle kerke in Suid-Afrika met dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering wat sedert 1965 saam kom ter behartiging van sake wat hulle gemeenskaplik raak.

Eintlik kan die instelling van die algemene sinode beskou word as die eerste stap tot die instelling van 'n ware ekumeniese sinode.

Die Sinode van 1964 verklaar dat wat "die verband van die kerke onder verskillende volksgroepe betref sou die normale weg (d.w.s. by territoriale geskeidenheid) gewees het 'n ekumeniese sinode van gereformeerde kerke in verskillende lande insluitend die in Nederland, Noord-Amerika, Indonesië, ens ..." (Acta 1964; p.267).

'n Ekumeniese sinode in die ware sin van die woord kan nog nie 'n werklikheid word nie. Derhalwe is besluit tot die instelling van 'n "binnelandse ekumeniese sinode." "Daar sal dus 'n gewone ekumeniese sinode (binnelands) oor die volksgroepe heen, moet wees. Die betrokke Kerkorde-artikel sal aangevul moet word sodat die meerdere vergaderings sal bestaan uit klassis, partikuliere sinode, nasionale sinode en 'n ekumeniese (of Generale Sinode) ... "

Opdrag is ook gegee dat so 'n sinode spoedig moes byeenkom en dat dit self oor 'n naam sou beslis (Acta 1964 p.267, 268, 269).

<sup>[121]</sup> Die eerste algemene sinode gehou te Ikageng, Potchefstroom 1965, het besluit op die naam: Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. Acta 1967, p.347 (kyk ook vir die wysiginge van die betrokke artikels deur die Algemene Sinode Acta (Geref. K.S.A.) 1976 pp.431/2).



## **EKUMENIESE SINODE**

Daar was al verskeie pogings tot die instelling van 'n ekumeniese sinode van kerke wat een in leer, diens en tug in die wêreld is. Die Sinode van Burgersdorp 1930 het die saak so sterk op die voorgrond laat kom dat die Sinode van Arnhem hulle bereid verklaar het om 'n ekumeniese sinode van kerke uit Suid-Afrika, Nederland en Noord-Amerika in Nederland saam te roep. Die ekonomiese toestande van destyds - die depressie - laat die plan egter skipbreuk ly.

Na die Tweede Wêreldoorlog kom die kerke tog in Grand Rapids, V.S.A. byeen gedurende 1946. Tot die instelling van 'n ware ekumeniese sinode het dit egter nie gekom nie. Die vergadering wat daarna gereeld onder die naam van "Gereformeerde Ekumeniese Sinode" byeen kom, is in der waarheid niks meer as 'n konferensie van kerke wat dieselfde belydenisskrifte het, maar nie dieselfde kerkregering nie. Dit bly 'n ernstige vraag of dit kerkregtelik in orde is dat die kerke in Suid-Afrika afgevaardigdes na 'n liggaam stuur wat geen meerdere vergadering is nie. En dit is ook bedenklik dat sake deur die sogenaamde Ekumeniese Sinode op die tafel van 'n meerdere vergadering van gereformeerde kerke gebring kan word. Die hele aangeleentheid sal weer ernstig oorweeg moet word.

## [122] ARTIKEL 30: DIE AGENDA VAN KERKLIKE VERGADERINGS

**"Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort."**

Artikel 30 word deur die groot beginsel dat die kerk *in* die wêreld, maar nie *van* die wêreld is nie, beheers.

### DIE KERK EN WÊRELD

Die kerk is die liggaam van Christus; die vergadering van gelowiges en as sodanig die openbaring van die Koninkryk van die hemele wat naby gekom het. Die kerk wys heen na die toekoms terwyl dit in die hede op die aarde leef en 'n roeping het.

Die kerk moet nie opgaan in die wêreld en dit probeer oorneem en omskep tot die koninkryk van die hemele op aarde nie. Dit moet wel met woord en daad verkondig: "Bekeer julle want die Koninkryk van die hemele het naby gekom." En dit moet in belydenis en wandel die heerskappy van God in Christus erken. Die wêreld bly egter nog self verantwoordelik vir sy houding teenoor God. Al verkondig die kerk die heerskappy van God in Christus, is dit nog die verantwoordelikheid van die wêreld om onder leiding van die owerhede wat Hy oor die wêreld gestel het, hulle onder die heerskappy te skik. Die regering van die wêreld is nie uit die hande van die owerhede (staatkundige of maatskaplik) geneem en aan die kerk gegee asof die kerk reeds die koninkryk van die hemele is en dat alle dinge daaraan onderworpe is nie.

### DWALING VAN DIE KERK

Dit was die dwaling wat so vroeg as in 385 die kerk begin beheers het. Biskop Siricius van Rome het toe reeds duidelik verklaar soos ander voor hom, dat hy die erfgenaam van Petrus op aarde is en dat hy almal se laste dra sowel as die verantwoordelikheid vir die hele Christendom volgens 2 Kor. 11:28 aanvaar. Daarin skuil die gedagte wat sedert die vyfde eeu al sterker uitgebou is en in die elfde eeu deur Gregorius VII afgekondig is, dat die pous die *heer* van die wêreld is wat ook die wêreldlike gesag aan alle owerhede verleen. Hy sê: die staatsgesag ontvang die lig van die <sup>[123]</sup> pouslike gesag, soos die maan die lig van die son. Kragtens hierdie beginsel het die staatsreg (ook die maatskappyreg) in die kanoniekereg opgegaan. Die pouslike en sinodale dekrete, versamel in die Pseudo-Isodoriese bundel en aangevul deur Gregorius VII, het as kanon vir die hele lewe gegeld. Die pous het as plaasvervanger van Christus aan die hoof van die kerk te staan gekom en waar die kerk met die koninkryk van die hemele vereenselwig is, is alle dinge aan die kerk, dit is die pous, onderworpe.

Op kerklike vergaderinge hoort volgens die opvatting dus ook alle wêreldlike sake tuis. Vandaar dat die kanoniekereg alle terreine van die lewe dek.

### REFORMASIE

Die reformatore het die dwaling uitgewys en aangetoon dat hoewel die kerk in die wêreld is, is dit tog nie van die wêreld nie.

Christus sê self: "My ryk is nie van hierdie wêreld nie."

Op kerklike vergaderinge kan dus alleen kerklike sake; alleen sake wat pas by die aard en doel van die kerk, behandel word. Die vergaderinge kan hulle nie met politieke, maatskaplike, militêre of wetenskaplike sake besig hou nie. Hulle moet alleen die kerk regeer sodat die kerk kerk sal wees en bly.

Omdat die kerk in die wêreld is, daarin moet bestaan en 'n roeping het om te vervul, is daar raakvlakke tussen kerk en owerheid, kerk en maatskappy kerk en skool, en so meer. Die Sinode van Aliwal Noord het in 1942 (art. 45) artikel 30 in die verband nader verklaar in aansluiting by artikel 28 deur die weg van korrespondensie, onderlinge raadpleging, te volg. Maar so dat die kerk wel die lig van God se Woord op politieke sake, skoolsake, en so meer werp, maar nooit voorskriftelik daarin optree nie. Die kerk mag nie wette maak en aan die owerheid opdring nie of ook reglemente vir 'n vereniging oplê nie.

Die kerk moet verkondig en die owerheid moet die land regeer! "Maar wyl die kerk als een zuurdezem heeft te werken, is het haar taak het licht des woords te laten schijnen, en daardoor de volksconscientie te bewerken, opdat er vanuit het volk de drang ontsta dat de Overheid tot beter nakoming van haar plicht gedrongen worde." (Bouwman 1934, Geref. Kerkrecht II p.31). Die kerklike vergaderinge is geroepe om die kerk te regeer en nie om oor alles en nog wat te handel nie.

Belangrik is verder wat B. Spoelstra, 1966, skryf: "'n Blik in die handeling van kerklike vergaderinge ... toon dat daar 'n neiging is om van kerklike [124] vergaderinge "'n studie" of uitspraak te verlang oor maatskaplike, ... en ander opsienbare bewegings... Dit moet onthou word dat 'n kerklike vergadering geroepe is om in en oor die kerk (gemeente) te regeer. 'n Kerklike vergadering moet beslissinge neem en daarom *moet lidmate en ampsdraers studeer*. (Kurs. van my). Die Woord moet in prediking, kategeese, huisbesoek en tugoeffening amptelik bestudeer en aangewend word ..." (Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in S.A., p.184).

Dit is dikwels moeilik om te bepaal of 'n saak op 'n kerklike vergadering tuis hoort.

## **OP KERKLIKE WYSE**

Die gewone werkwyse van die parlement of enige vereniging kan nie net so deur kerklike vergaderings oorgeneem word nie.

Die kerk is 'n instelling van God en staan onder die heerskappy van Christus. Die vergaderinge is geroepe om die heerskappy van Christus in die kerke te verwesenlik.

Alleen sake wat met die bestaan en roepingsvervulling van die kerk te doen het, hoort op die agenda en die sake moet alleen volgens die voorskrifte van Christus afgehandel word. En Christus sê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie." In sy kerk word nie deur krag en geweld gehandel nie "maar deur My Gees, sê die HERE van die leërskaar" (Sagaria 4:6). Die kerk is aan die geestelike bestuurswyse onderworpe (N.G.B. art. XXX). Die kerklike vergaderinge kan nie *dwingend* nie maar moet *oortuigend, oorredend*, (1 Petr. 5:1-3) tereg wysend *en leidend* optree (Matth. 23:8, 10 en 11).

## **SELFSTANDIGHEID VAN ELKE KERK**

Daar mag ten slotte nie uit die oog verloor word dat die plaaslike kerk selfstandig en afhanklik is nie.

'n Kerkraad moet sy taak ten volle vervul en nie elke saak gerieflikheidshalwe na die klassis verwys nie. 'n Kerkraad doen byvoorbeeld geen moeite om die lig van Gods Woord oor 'n voorkomende saak te ontsteek nie en vra dat die klassis via die partikuliere sinode die nasionale sinode moet versoek om 'n studie daarvan te maak of hom daarvoor uit te spreek. Die mindere vergadering probeer dan nie eers om die saak af te handel nie. Ongelukkig kom die onselfstandige optrede van plaaslike kerke al hoe meer voor; vandaar dat meerdere vergaderinge ontaard in debatteer- en studieliggames. 'n Kerkraad behoort hom uit te spreek oor sake wat voor hom kom en as dit ander kerke ook raak, behoort die kerkraad se studie en beslissing vir beoordeling aan die klassis voorgelê te word.

## **[125] MAG NIE INGRYP NIE**

'n Meerdere vergadering het nie die reg om in sake wat die plaaslike kerk raak in te gryp terwyl die kerkraad dit self kan afhandel nie. Indien die kerkraad of enige mindere vergadering maar net 'n saak deurstuur sonder om self te probeer om dit af te handel, moet die meerdere vergadering dit na die mindere terug verwys.

## **ONDERLINGE AFHANKLIKHEID VAN KERKE**

Die plaaslike kerk is egter ook afhanklik van ander kerke. Daarom moet die plaaslike kerk die ander kerke om hulp vra (vgl. Handeling 15). Sake wat eintlik net by die plaaslike kerk tuishoort, kan op verskillende maniere ook op die tafel van 'n meerdere vergadering kom.

## **ONMAG**

Dit kan gebeur in die geval van onmag en/of onvermoë van 'n kerkraad om sy eie sake af te handel. In so 'n geval roep die kerkraad self die hulp van die meerdere vergadering in.

## **BEROEP OP MEERDERE VERGADERINGS**

Dit kan ook wees dat 'n kerkraad 'n saak afgehandel het, maar dat daar 'n minderheid van die kerkraad of van die gemeente is wat nie oortuig is dat die saak ooreenkomstig die Skrif, Belydenis en/of K.O. afgehandel is nie. In so 'n geval het die wat nie in die meerderheidsbesluit kan berus nie die reg van beroep op die meerdere vergadering waaroor in artikel 31 gehandel word.

## **WANBESTUUR**

'n Kerkraad kan voorts ook onwillig wees om 'n saak af te handel. Dan is dit wanbestuur en kan die klassis (en in die geval van 'n klassis, die partikuliere sinode) gevra word deur kerkraadslede en/of lidmate om in te gryp. 'n Meerdere vergadering het selfs in buitengewone gevalle sonder dat daar 'n beroep uit die mindere vergadering daartoe op die meerdere vergadering is, die plig om in te gryp in die sake van 'n mindere vergadering kragtens die bevel deur die apostel o.a. in Galasiërs 6:1 en 2, gebeur, het sake al baie ver ten kwade ontwikkel in 'n plaaslike kerk. Dit kan dan wees dat 'n kerkraad weier om op te tree teen 'n predikant wat openlik dwaalleer verkondig. In so 'n uiterste geval moet die meerdere vergadering kragtens die bevel deur die apostel o.a. in Galasiërs 6:1 en 2, sowel as Efesiërs 4:1-16, Titus 3:10 en 11 ingryp en doen wat des kerkraads is.

## **[126] VERSKIL ONDER GEREFORMEERDES**

Hieroor is daar veel verskil onder gereformeerdes. Die verskillende opvattinge oor die reg van meerdere vergaderinge was selfs al die oorsaak van kerkskeuring soos in die Gereformeerde Kerken in Nederland in 1944 en weer in die Gereformeerde Kerken (Vrygemaak) in die sestiger jare. (Vergelyk o.a. J. Kamphuis 1966, Verkeningen III, veral bl. 131 e.v. en bl. 153; J. Kamphuis 1967 Verantwoording van een Keus Anno Domini 1967; Ds. C. Jansen 1963, Schorsing en Kerkverband; S. Greijdanus, Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen).

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk hef egter nie sy afhanklikheid op nie. Daar is sake wat vanselfsprekend by die meerdere vergaderings tuishoort; dit is sake wat die plaaslike kerk nie kan afhandel nie. By die klassis hoort tuis alle sake wat die genabuurde kerk raak; by die partikuliere sinode weer alle sake wat die kerk in die streek of provinsie raak; by die nasionale sinode alle sake wat al die kerke onder die besondere volk raak en by die algemene sinode, alle sake wat al die gereformeerde kerke in Suidelike Afrika raak.

## [127] ARTIKEL 31: GESAG VAN DIE VERGADERINGS

**"Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep."**

### OORSPRONKLIKE REDAKSIE

Volgens Bouwman gaan dit in die artikel nog oor die agenda van 'n meerdere vergadering. 'n Beroep op 'n meerdere vergadering is maar 'n manier om 'n saak wat eintlik op die tafel van mindere tuishoort op die van die meerdere vergadering te bring. Hierdie verklaring moet gelees word in die lig van die oorspronklike artikel wat eintlik net die weg geopen het vir 'n klagte as daar gemeen word dat "iemand deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is." Wat dan besluit word op die meerdere vergadering met meerderheid van stemme, is vas en bindend. Dit veronderstel dat eintlik net een beroep in 'n saak op 'n meerdere vergadering gedoen kan word "tensy bewys word dat dit in stryd met Gods Woord is ...". Voor die verontregte hom dan van die klassis op die partikuliere sinode kan beroep, moet hy eers bewys dat die beslissing van die klassis teen Gods Woord of die Kerkorde is.

### NUWE REDAKSIE

Die redaksie is in 1964 sonder motivering gewysig. Hierdie wysiging het 'n wesenlike verandering in die artikel aangebring. Waar die ou redaksie net gehandel het oor die reg van appèl (of beroep), word in die huidige die gesagvolle afhandeling van die agenda op die voorgrond gestel, om daarna eers te stel dat appèl moontlik is wanneer besluite strydig is met Gods Woord of iemand veronreg.

### DIE MEERDERHEIDSTEM

Die lyk asof die verwyd teen die kollegialisme dat die heerskappy van Christus verdring word deur die meerderheidstem ook hier van toepassing kan wees. Wat in artikel 31 staan, is ook maar dat 'n bindende besluit op 'n kerklike vergadering geneem word deur die helfte plus een van die lede van so 'n vergadering. Dan lyk dit selfs veiliger om te bepaal dat in geval van gewigtige sake (soos by die N.G.K.) alleen besluite wat met 'n tweederde meerderheid is, bindend sal wees.

[128] Die reg tot verwyd is egter nie meer as skyn nie. Op 'n kerklike vergadering word immers nie menslike opvattinge teen mekaar opgeweeg om na 'n debat vas te stel watter opvatting die voorkeur moet geniet nie. Op 'n kerklike vergadering word nie gedebatteer nie, maar gevra wat sê die Here. Daar word biddend saam geworstel om vas te stel watter lig die Woord van God op die besondere saak werp (kyk 1 Kor. 5:3 tot 5; Handeling 15:4-29, veral vers 28; Handeling 16:4; Spreuke 11:14; 15:14; 15 en 22; 1 Tim. 3:15; Matth. 18:16 tot 19). Daar kan of mag dus geen *oorstemming* in 'n kerklike vergadering wees nie maar die Woord moet solank ondersoek word dat daar *ooreenstemming* kan wees. Die ideaal is dat besluite altyd met algemene stemme geneem word. Omdat ampsdraers egter ook sondige mense is, gebeur dit dikwels dat daar verskil van mening is oor wat die Woord met betrekking tot 'n saak eis. Dan moet gestem word met die gebed in die hart dat die Heilige Gees die regte beslissing deur die meerderheidstem sal laat val.

### KONFORMASIE

Nadat die meerderheid vasgestel is, is daar gedurende die sestiende eeu aanvanklik 'n tweede keer gestem om die minderheid die geleentheid tot konformasie te gee. Later is aanvaar dat die minderheid hulle stilswyend aan die meerderheidsbesluit onderwerp as

daar geen besware geopper is nie en is nie meer tweemaal gestem nie.

Dit is egter nog altyd raadsaam om in gewigtige sake te vra dat die minderheid konformeer deur op te staan. So word besluite dan eintlik *eenparig* geneem.

### WYSE VAN STEM

Op 'n kerklike vergadering word gewoonlik gestem deur opsteking van hande of per geslote stembriefie. Wanneer dit uit die bespreking blyk dat daar min of meer eenstemmigheid oor 'n voorstel is, kan die voorsitter ook net vra of dit aanvaar word en uit die reaksie kan vasgestel word of die meerderheid daarvoor of daarteen is.

Wanneer stemme staak oor *sake*, insluitend die toelating van 'n teologiese kandidaat tot die diens van die Woord, is die saak van die tafel af (1873) en oor persone moet die lot gewerp word na aanroeping van die naam van die Here (Sinode 1910). Joh. Jansen (1917) meld dat dit in Nederland ook die gebruik was dat as die stemme by 'n beroep sou staak, moes die oudste in jare as verkies verklaar word. Dit is egter nie aan te beveel nie.

### GEEN BESLISSENDE STEM NIE

'n Voorsitter het geen *beslissende stem* nie. Hy moet ook nie eers agterna, <sup>[129]</sup> as die uitslag gelykop is, sy stem uit bring nie. So 'n optrede kan sy persoon in gedrang bring. Dit wek ook die skyn dat hy 'n beslissende stem uitbring het.

### BESLUIE IS BINDEND

Besluite wat wettig geneem is, is bindend. Nie omdat die meerderheid dit geneem het nie, maar omdat hulle wat geroep is om die kerk te regeer uit die Woord vasgestel het dat dit die wyse is waarop die gelowiges hulle in die besondere saak moet gedra.

Wat die besluite van meerdere vergaderings betref, is dit bindend vir al die kerke wat by die vergadering betrokke is.

Dit wil nie sê dat al die kerke wat in een klassis saamkom juis teenwoordig moes gewees het toe die besluit geneem is voor dit vir die kerk bindend is nie. Al was die afgevaardigdes om een of ander rede verhinder om teenwoordig te wees op die klassis, of al sou 'n kerk nie op 'n partikuliere sinode direk verteenwoordig wees as gevolg van die sogenaamde getrapte afvaardiging nie, is die besluite nog bindend vir sulke kerke (Kyk Handeling 15:23-29; 16:4). Kerke wat nie teenwoordig was nie, moes die besluit van Jerusalem onderhou.

Bouwman (1934) beweer die teendeel (Geref. Kerkrecht II p.129). Sy opvatting vloei voort uit die verkeerde uitgangspunt dat 'n meerdere vergadering net afgeleide gesag het en dat die kerkrade besluite eintlik eers moet ratifiseer voordat dit gesag het, 'n opvatting wat ook deur S. Greijdanus en andere voorgestaan word (Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderings p.15). Die gesag van meerdere vergaderings was nog altyd 'n twispunt onder gereformeerdes sedert die Doleansie (kyk hieroor: G.P.L. v.d. Linde 1965, "Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel." Hoofstuk IV). Vir die standpunt wat neig tot die independentisme kan H. Meulink & T. De Wolff 1967, (Korte verklaring van de Kerkordening), geraadpleeg word. Hulle beland in die independentistiese vaarwaters as hulle sê: "Een meerdere vergadering mag de door voor ongegrond verklaarde besluiten over mindere vergadering dan ook zo maar niet casseren, d.i. vernietigen, maar *aanraden* met opgave van de gronden, waarop haar ongegrond verklaring berust, dat de mindere vergadering haar besluit intrekke." (p.79, kurs. van my).

Indien enigiemand of 'n vergadering weier om hom aan die beslissing van 'n kerklike vergadering te onderwerp, bly daar net een van drie weë oop:

- Of die vergadering wat die besluit geneem het, moet in geval van 'n minder gewigtige saak, die ongehoorsaamheid verdra op voorwaarde dat daar nie beroering in die kerk

of kerke ontstaan nie. <sup>[130]</sup>

- òf die tug moet toegepas word op die weieragtiges, na lankmoedige vermaning.
- Of die weieragtiges moet die kerk verlaat of as dit 'n kerk is, uit die kerkverband tree (kyk dr. A. le R. du Plooy 1982, Kerkverband, Proefskrif PU vir CHO).

## DIE REG VAN APPÈL

Die bindingskrag van besluite is altyd beperk deur die tensy van artikel 31: "tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde."

Deur die tensy word, anders as by Rome wat die pous onfeilbaar verklaar het of die kollegialiste wat die menslike rede die opperheerskappy toeken, met die menslike feilbaarheid in die besluitvorming rekening gehou. Kerklike vergaderinge kan dwaal en dwaal in vele besluite dikwels. Soms word *onopsetlik* gehandel uit onkunde of in oorhaastigheid, wanneer 'n groot agenda afgehandel moet word. Dan kan veral strydig met die K.O. of reeds genome besluite opgetree word. Soms word ook *opsetlik* gehandel wanneer 'n party wat die gesag van die Woord of die Kerkorde opsy skuif, hulle eie gedagtes afdwing op 'n kerklike vergadering. Dit het in Nederland ten tyde van die Remonstrantse stryd aan die einde van die sestiende en begin sewentiende eeue gebeur. Dieselfde het veral vanaf die jare sewentig in ons eeu gebeur toe die dwalinge van die nuwe teologie afgedwing is op die Gereformeerde Kerken in Nederland.

Met die sonde word rekening gehou, en nie alleen die weg oopgemaak nie, maar ook die verpligting opgelê in artikel 31 om sulke besluite wat strydig is met Gods Woord en/of die Kerkorde ter syde te stel.

## DIE BEWYSLAS

'n Besluit kan nie ligtelik tersyde gestel word nie. Die minderheid wat hulle nie aan 'n besluit kan onderwerp nie, is self ook aan 'n beperkte insig of sondige heersug onderworpe. En die tirannie van die minderheid kan 'n kerk ook eindeloos teister deur 'n soort obstruksiebeleid wat skuil gaan agter 'n vroomheidsmasker. Daar kan nie net beweer word dat 'n besluit die konsensie geweld aandoen omdat dit in stryd is met Gods Woord nie, of omdat dit 'n verkragting van die Kerkorde is nie. Wie nie kan konformeer nie, *moet* bewys *lewer* dat die besluit strydig is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde.

Die bewyse moet gelewer word of op dieselfde vergadering (artikel 46) of op 'n meerdere vergadering op wie 'n beroep gedoen is.

<sup>[131]</sup> Hier moet gewaak word teen die listigheid van diegene wat afwyk van die belydenis. Hulle weier dan om 'n besluit te *aanvaar*, *maar bewys nie dat dit strydig is met Gods Woord nie*. *Hulle verlang dan dat die vergadering bewys dat die besluit wel op Gods Woord rus*. Hulle dra die bewyslas van hulleself oor na die vergadering. Die klassieke voorbeeld van die listige optrede is die van die Remonstrante.

Meulink en De Wolff (1967) beweer andersyds dat dit genoeg is as die beswaarde in sy gemoed oortuig is dat die besluit in stryd is met Gods Woord. Dan hoef hy dit nie uit te voer nie. Daar word net kennis gegee dat hy dit nie uitvoer nie (p.80). Die artikel veronderstel egter dat dit *voor die vergadering* bewys moet word. As die vergadering die gewraakte besluit handhaaf, is al wat oorbly die weë soos hierbo aangedui.

## MINDERHEIDSAANTEKENING

Wanneer iemand beswaar het teen 'n besluit, gebeur dit dikwels dat net gevra word om "in die minderheid aangeteken te word." Indien dit wel gebeur, het dit volgens 'n sinodale uitspraak "geen kerkregtelike implikasies nie" (1958). Spoelstra (1966) neem aan dat in so 'n geval dit beteken dat hoewel die persoon hom onderwerp aan die meerderheidsbesluit, hy tog wil laat weet dat hy aanvanklik teen die besluit was. Ek meen dat aan so 'n versoek nie voldoen moet word nie. Daar moet óf gekonformeer óf



geappelleer word. Die weg tot sondige skeurmakery word al te gemaklik geopen deur die "minderheidsaantekening." Spoelstra se oordeel is te mild. Gewoonlik word die aantekening in die minderheid geëis omdat 'n persoon nie sy opinie wil prysgee nie en 'n agterdeur wil oophou om dit te propageer teen die meerderheidsbesluit. Alleen in die geval waar die aantekening in die minderheid as 'n kennisgewing van appèl dien, kan dit toegelaat word.

Wanneer die beswaar teen 'n besluit van 'n algemene sinode is, is daar geen appèl moontlik op 'n ander meerdere vergadering nie. Al wat oorbly is 'n beswaarskrif (gravamen) op 'n volgende sinode.

Meulink en De Wolff (1967) raak ook hier vas in die independentiese strik. Hulle verklaar dat in so 'n geval geen ander weg oop is "dan zich te beroepen op de kerken zelf" (p.79). Die standpunt kom ooreen met die van die independente wat meen dat 'n beroep op die gemeente teen die kerkraad gedoen kan word.

## **REGSKRENKING**

Die tweede deel van die artikel het betrekking op regskenking. Dit hoef nie net as die krenking van die persoonlike reg gesien te word nie. Daar kan selfs geappelleer word as iemand anders se reg of die van die kerk <sup>[132]</sup> onder andere in 'n grensreëling gekrenk is. Die klaer is dan as gelowige verongelyk deur die uitspraak van die mindere vergadering.

Indien 'n appèl slaag, is die besluit van 'n mindere vergadering daarmee nietig verklaar. Tensy die meerdere vergadering dit eksplisiet weer vir behandeling terug verwys, is die besluit so goed as nie geneem nie.

## **UITVOERING VAN BESLUIT**

Moet 'n besluit waarteen geappelleer is intussen uitgevoer word? Dit is 'n moeilike vraag. As reël moet geld dat gewag word met die uitvoering van so 'n besluit tot die appèl *ten minste op die eerste meerdere vergadering gediën het*. Die opskorting van 'n besluit oor 'n gewigtige saak kan vir die kerk egter skadelik wees en dan moet voortgegaan word met die uitvoering daarvan.

Daar kan byvoorbeeld 'n gunstige aanbod van 'n stuk grond wat benodig word vir die daargestelling van 'n kerkgebou wees. As die aanbod nie binne 'n sekere tyd aanvaar word nie, word die grond aan 'n ander toegesê en dit is al geskikte stuk grond wat vir die doel oop is in die dorpsgebied. Nou het iemand beswaar teen die aanvaarding van die aanbod omdat die kerkraad nog nie genoeg geld byeen het vir die oprigting van 'n gebou, soos vroeër besluit nie. En die besluit is nog nie verander nie.

Hoewel so 'n appèl formeel sterk kan staan, is die skade wat die kerk kan lei indien die aanbod nie aanvaar word nie, so groot dat 'n kerkraad nie anders kan as om die besluit uit te voer nie.

Wanneer daar beswaar gemaak word teen die bevestiging van 'n verkose ouderling, is dit wenslik om te wag op die uitspraak van die klassis. Om die bevestiging nie al te lank te vertraag nie kan desnoods aangedring word op 'n spesiale klassis vir die afhandeling van die appèl.

Indien die appèl nie slaag nie en die beswaarde hom op 'n partikuliere sinode beroep, word dit 'n vraag of die bevestiging langer kan uitgestel word. Met die bevestiging kan dan voortgegaan word omdat die sanksie van die klassis verkry is. Slaag die appèl later, is die kerkraad tog gedek en moet dan na bevind van sake gehandel word na so 'n uitspraak.

Wat ander sake betref sal dit ook van die uitwerking van 'n vertraging in die uitvoering van die besluit op die kerk afhang, of by voortgaande appèl nog gewag sal word met die uitvoering daarvan.



Daar moet in geval van appèl altyd rekening gehou word met die eer van God, die welsyn van die kerk en die beswaarde, by die besluit tot uitvoering of opskorting van die gewraakte besluit.

**[133]** In die geval van gewete-bindende besluite onder andere leerbeslissinge, moet met groot *versigtigheid* en *langsaam opgetree* word.

Daar moet liefse gewag word in so 'n geval tot die appèl afgeloop is; al moet 'n buitengewone klassis en/of partikuliere sinode en/of sinode byeengeroep word. Die beswaarde mag intussen nog met woord, nog in geskrif sy afwykende gevoelens propageer.

As reël moet een appèl genoeg wees as dit nie 'n beswaar is dat die besluit in stryd met die Skrif en/of Kerkorde is nie. By regskenning moet by die meerdere beraad van die een meerdere vergadering berus word. 'n Appèl mag nooit dien om die eie sin af te dwing deur soos 'n druppende kraan gedurig by meerdere vergaderings teenwoordig te wees met die een appèl op die ander oor dieselfde saak nie.

## **ADVOKAAT**

Die reël is dat elke appellant (of beskuldigde voor 'n kerkraad) sy eie saak stel voor die vergadering. Dit gaan immers om die broeder of suster se persoonlike verantwoordelikheid voor God. En niemand anders kan vir hom of haar in so 'n geval spreek nie. As 'n advokaat optree kan so maklik in die prosedure van die wêreldse hof waarin op vernuftige wyse die beste uitspraak vir die kliënt beding word, verval word. In so 'n geval gaan die persoonlike verantwoordelikheid van die beswaarde voor God verlore, en in die geval van 'n tugsak, van die beskuldigde.

In uitsonderlike gevalle is daar wel 'n pleitbesorger toegelaat om op te tree vir iemand in 'n kerklike vergadering. So iemand is dan liefse nie advokaat genoem nie, maar "mond". Daarmee is uitgedruk dat so 'n advokaat eintlik net aan die vergadering moet sê wat die persoon nie self kan doen nie. Dit kan onder andere wees vanweë 'n spraakgebrek, mensevrees of senusiekte. Die advokaat moet in so 'n geval hom dan ook onderwerp aan die kerklike manier van doen.

## **[134] ARTIKEL 32: ERKENNING VAN CHRISTUS AS HOOF**

**"Alle vergaderinge moet met aanroeping van die Naam van God geopen en met danksegging gesluit word."**

Artikel 32 het nog as agtergrond die beginsel dat Christus die Hoof van sy Kerk is. Ook as die ampsdraers in vergadering byeen is, is dit nie hulle wat besluit nie, maar Hy deur hulle. Calvin sê in sy Institusie (Vertaling Sizoo) dat 'n konsilie of enige kerklike vergadering alleen wettig is as dit bestuur word deur die Heilige Gees. 'n Vergadering word egter altyd deur die Heilige Gees bestuur as in die Naam van Christus vergader is (IV. IX.2). Christus moet die voorsitter van die vergadering wees. "En ik zeg, dat Hij dan eerst voorzitter is, wanneer Hij de ganse vergadering doorzijn Woord en Geest bestuurt" (IV. IX.1).

Vroeër is 'n preek gelewer met die opening ('S Gravenhagen 1586). Vandag word nog deur ons 'n bidstond gehou met die opening van sinodes. Die vergadering kom egter nie byeen tot stigting of onderlinge opbou nie, maar om te regeer. Vandaar dat hoogstens 'n Skrifgedeelte met die oog op die aard en verantwoordelikheid van die kerkregering gelees moet word. Die hoofsaak deur die bepaling in artikel 32 is dat Christus as die "Voorsitter" en Here van die vergadering geëer word. Sy diensknegte smee die bekwaamheid van Hom af om hulle opdragte te kan uitvoer. Ook dank hulle vir bewese genade tot roepingsvervulling. Die kerkregeerders toon so dat hulle *maar net diensknegte* is en bly.

## [135] ARTIKEL 33: SAMESTELLING VAN MEERDERE VERGADERINGS

**"Die afgevaardigdes na die meerdere vergaderinge moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring onderteken deur die wat hulle stuur. Elke afgevaardigde sal 'n keurstem hê, behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan."**

In artikel 31 het dit gegaan oor die afhandeling van die agenda en in artikel 32 oor die afhandeling daarvan in die Naam van die Here. Tans is die samestelling van sowel die meerdere vergaderinge self as die agenda daarvan en wie die stemreg het, aan die orde.

### DIE SAMESTELLING

Die kerke vaardig ouderlinge en predikante af na die meerdere vergadering. Hulle word gestuur "met las en volmag om namens hom (kerk) en volgens Gods Woord en die Drie Formuliere van Eenheid ... en die aangenome kerkorde in alle sake ... te help oordeel en besluit tot bloei van die gemeentes ..."

Die hoofsaak is dat die kerke byeenkom om mekaar by te staan in die kerkregering. Dit is dus nie 'n vergadering van persone soos 'n kerkraad nie, maar van kerke deur hulle afgevaardigdes. Hulle kom saam om as meer kerke die Woord van God te ondersoek met betrekking tot sake waarin die een die ander se hulp nodig het en sake wat in almal se belang is.

Die Presbiteriane beskou 'n meerdere vergadering, volgens Bannerman (The Church of Christ), egter net soos 'n kerkraad. Dit is net saamgestel uit die kerke van die buurt, streek of land, om oor die klassikale kerk te regeer. 'n Meerdere vergadering is dan maar net 'n groot kerkraadsvergadering, saamgestel uit verskillende kerke wat nou deur die groter kerkraad ook as "groter kerk" regeer word. Die konsekwensie van die standpunt is dat so 'n groter kerkraad dan *in die plek van die plaaslike kerkraad kom* en dit eintlik verdring. Die "groter kerkraad" laat dan net sake van geringer belang oor aan die plaaslike kerkraad. Ook M. Bouwman (1937) se opvatting moet hierop uitloop as hy 'n meerdere vergadering bloot as 'n vergadering van ampsdraers kwalifiseer (Voetius over het gezag der Synoden).

### [136] GELOOFSBRIEWE

Volgens artikel 33 het ons egter 'n heel ander toedrag van sake. Dit is wel ampsdraers wat saam vergader, maar hulle teenwoordigheid op die vergadering word bepaal deur die afvaardiging. Gestuur as *ampsdraer uit 'n plaaslike kerkraad* moet hy in naam van die kerkraad wat hom stuur saam met ander afgevaardigde ampsdraers beraadslaag oor en handel in die regering van die kerk (Kyk A. le R. du Plooy 1981, Ekklesia en meerdere vergaderings, PU vir CHO, en 1982, Kerkverband, Proefskrif PU vir CHO).

Daarom is geloofsbriewe nodig. Dit moet geteken wees deur twee gemagtigde persone, gewoonlik die voorsitter en skriba, uit die kerkraad (of mindere vergadering) wat afvaardig. Die geloofsbriewe of kredensiebriewe moet behoorlik opgestel wees met vermelding van die name en ampte van die wat gestuur word en wat hulle verplig om te handel in die naam van die kerkraad (of mindere vergadering) behoudens die grondslag waarop die kerkverband rus.

Die roepende kerkraad moet altyd noukeurig let op die kredensie- of geloofsbriewe. Geen afgevaardigde mag sittingsreg verleen word indien sy geloofsbrief nie in orde is nie. Dit word juis 'n geloofsbrief genoem omdat dit die aanspraak van die afgevaardigdes dat hulle wettig afgevaardig is, geloofwaardig maak.

Afgevaardigdes is kragtens die geloofsbrief gebonde aan die Skrif, belydenis en daarom ook aan die kerkorde in al hulle handeling ter vergadering.

## **OPENLIKE VERKLARING**

Daarom word daar by die aanvang van elke meerdere vergadering deur die lees van die openlike verklaring instemming met die belydenis gevra. Niemand wat weier om die instemming te betuig mag as lid van die vergadering toegelaat word nie.

## **DIE AGENDA**

Die afgevaardigdes moet benewens hulle geloofsbriewe ook opdragte saambring. Vroeër is gepraat van instruksies. Maar omdat instruksies in Afrikaans meer die betekenis het van net volgens 'n voorafbepaalde plan te praat en te stem, is die woord met die ruimer "opdrag" vervang.

Onder opdragte word hier verstaan dat aan die afgevaardigdes 'n lys van sake skriftelik mee gegee word van wat op die vergadering behandel moet word. Ons praat van beskrywingspunte.

**[137]** Die agenda van die vergadering word dus vasgestel wanneer die afgevaardigdes ter vergadering hulle opdragte oorhandig. Alleen opdragte van die kerkraade of mindere vergaderings kan by die agenda ingesluit word.

Ter wille van die ordelike samestelling van die agenda word in die praktyk verwag dat die opdragte vooruitgestuur word aan die korresponderende kerkraad. Daar moet geleentheid wees om die agenda op te stel en om dit ook nog voor die vergadering ter kennis van die kerke wat betrokke is te bring.

Dordrecht 1578 het bepaal dat sodanige opdragte (of beskrywingspunte) nie moet opgestel word voordat die Acta van die vorige vergadering nie gelees is nie, sodat wat reeds afgehandel is, nie meer voorgestel word nie. Dit is later egter hier weggelaat en by artikel 46 gevoeg.

## **GEEN OOP AGENDA NIE**

Behalwe hierdie opdragte en rapporte wat uit vorige opdragte voortgevoel het, mag daar niks anders op die agenda kom nie. 'n Meerdere vergadering het nie 'n oop agenda nie. Dit kan alleen behandel wat deur die kerke daaraan opgedra is om te behandel. 'n Meerdere vergadering is immers 'n regeerliggaam ten dienste van die kerke wat daarin verteenwoordig is.

Daar moet gewaak word teen die gevaar dat *nuwe* sake uit die rapporte van deputate op die agenda van die meerdere vergadering kom. Sulke rapporte moet alleen dien tot beantwoording van vrae wat spruit uit beskrywingspunte uit die kerke en dit mag nooit *nuwe* kwessies aansny vir behandeling nie. Gebeur dit, word die kerke belas met sake waarvoor hulle self op die stadium nog geen behoefte tot onderlinge raadpleging of hulp het nie. Dit kan tot onnodige beroering in die kerke lei.

## **KEURSTEM**

Artikel 31 bepaal dat met meerderheid van stemme beslis word. Artikel 33 skryf voor dat alleen wettige afgevaardigdes mag stem. Hulle het keurstem, dit is die stem waardeur vasgestel word watter voorstel die voorkeur moet geniet. Ander ouderlinge en predikante wat teenwoordig is, het geen keurstem nie. Die vergadering kan aan hulle hoogstens adviserende stem verleen.

Hoewel die kerke sedert die sestiende eeu die teenwoordigheid van die teologiese professore, veral ter sinode, op prys gestel het, het hulle nie keurstem nie. Daar was geleenthede waar aan hulle keurstem verleen is, maar dit is in stryd met die aard van 'n meerdere vergadering. Alleen die afgevaardigdes kan keurstem hê.

**[138]** 'n Afgevaardigde moet hom egter weerhou van die uitoefening van sy keurstem in sake wat sy kerk of persoon raak. Daar kan onder andere 'n appèlsaak teen 'n kerkraad dien. Dan mag die afgevaardigdes van die kerkraad nie stem by die beoordeling van die

appèl nie. Jy kan tog nie regter in jou eie saak wees nie. Dit geld ook vir kerkraadsvergaderings.

## **[139] ARTIKEL 34: OPTEKENING VAN WAT NOODSAAKLIK IS**

**"In alle vergaderinge moet by die praeses 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word."**

Die kern van artikel 34 is dat dit noodsaaklik is om alle besluite van 'n kerklike vergadering op te teken.

Die huidige redaksie is reeds so vasgestel op die Sinode van Middelburg 1581. Reeds die Sinode van Emden 1571 het bepaal dat die besluite van die kerklike vergaderings in 'n boek moes opgeteken word sodat, soos Dordrecht 1574 dit stel, "wat tot die regeringhe der Kerke dient" telkens op elke vergadering weer gelees kan word wat die vorige besluit het.

In artikel 31 is neergelê dat wat met meerderheid van stemme op 'n kerklike vergadering besluit is, vas en bindend is; tensy dit bewys kan word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde.

Die bepaling in artikel 34 wil nou verseker dat wat besluit is, *duidelik* (daarom *noukeurig* opskrywe) aan die kerke sal deurgegee word om uit te voer. Aan die einde van 'n vergadering moet wat opgeteken is, voorgelees en onderteken word.

### **WAT OPGETEKEN MOET WORD**

Die bewoording van die artikel laat geen twyfel oor *wat noodsaaklik* is om op te teken nie. Dit *moet* die *regering van die kerk dien* - dus besluite wees wat die regsforming of handhawing raak. Dit is nie wenslik dat beraadslaginge opgeteken sal word nie. Persoonlike opinies is nie van belang nie, net wat besluit is. Die optekening van beraadslaginge kan ook verwarring stig. Noodsaaklik en dienstig kan wees om in sekere gevalle nog die gronde waarop die besluite geneem is op te teken. Groot versigtigheid moet betrag word by die optekening van sake wat persone raak.

By meerdere vergaderinge wat vir 'n dag of langer duur, is dit nodig om aan beide die voorsitter en skriba hulp te gee in die persone van 'n ondervoorsitter (assessor) en hulpskriba.

## [140] ARTIKEL 35: DIE TAAK VAN DIE VOORSITTER

**"Op meerdere vergaderinge presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en al te heftig spreek die swye op te lê, en as hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is."**

Hierdie artikel reël die leiding van die meerdere vergaderings. Die gedeelte wat die taak van die voorsitter omskryf, dateer byna letterlik uit Emden 1571.

Die artikel is via Dordt 1618/19 deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika net so oorgeneem tot met die revisie van 1964 toe die eerste deel, naamlik dat 'n *bedienaar van die Woord* moet presideer, bygevoeg is. In die "Motivering" verklaar die deputate vir die revisie dat die "beginsel dat 'n bedienaar van die Woord moet presideer wat neergelê is vir die kerkraad (art. 37) en die klassis (art. 41), hier in artikel 35 deurgetrek is vir alle kerklike vergaderings."

### DIE WOORD VOOROP

Dit was seker voorheen maar altyd die bedoeling dat op meerdere vergaderings 'n bedienaar van die Woord presideer, maar nooit so eksplisiet genoem nie. In 1964 is dit tereg gedoen omdat dit logies aansluit by die voorgaande artikels waarin noukeurig aangetoon is hoedat kragtens die beginsel die wettige ampsdraers in vergadering tot die regsforming en handhawing van die reg vir die kerk kom onder leiding van 'n voorsitter en met behoorlike vasstelling van wat besluit is. Nou word die beginsel gestel dat die *ampsdraers* in vergadering deur die *Woord* beheers word. Die *Woord gaan voorop*: uit die Woord moet die gedrag vir die kerk bepaal word. Alleen 'n bedienaar van die Woord, belas met *die profetiese* amp kan na behore met die Woord, kragtens sy amp, leiding gee aan die vergadering.

Die artikel verhef nie die predikant bo die ouderlinge of een predikant bo die ander nie, maar hy tree op as voorsitter kragtens sy amp en as primus inter pares (eerste onder gelykes).

Die werk van die voorsitter word duidelik in die artikel omskryf. Bygevoeg kan word dat hy altyd prinsipiële leiding uit die Woord moet gee in sy <sup>[141]</sup> voordrag en verduideliking van sake. Die voorsitter mag nie sy persoonlike opinie afdwing of die vergadering tiranniseer nie! Hy moet *dien* en *lei* om die vergadering ryp te maak vir 'n beslissing oor elke saak. Hy moet hom behoorlik voorberei vir die vergadering.

Die "gepaste sensuur" dui op die vermaning van diegene wat hulle nie reg gedra op die vergadering nie.

Die werk en bevoegdheid (amp) van die voorsitter hou op by die uiteengaan van die vergadering. Hy is geen Moderator wat na die vergadering namens "die kerk" optree nie! Sy taak was net om die vergadering te lei.

## **[142] ARTIKEL 36: DIE VERHOUDING TUSSEN DIE VERSKILLENDEN KERKLIKE VERGADERINGS**

**"Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad wat die partikuliere sinode oor die klassis en die nasionale sinode oor die partikuliere sinode en die algemene sinode oor die nasionale sinode het."**

In artikel 36 word nog gehandel oor die vergaderings in die algemeen. Eers in artikel 37 word oorgesien tot die afsonderlike vergaderings. Dit is noodsaaklik vir die verklaring van die artikel om dit in gedagte te hou.

Artikel 29 bepaal *dat* daar en *hoeveel* vergaderings daar is.

Artikel 30 sê *wat* op die vergaderings in die algemeen toehoort (kerklike sake) en *wat* op *elke* vergadering toehoort.

Artikel 31 handel oor die gesag van die vergaderings terwyl artikel 32 uitgaan van die beginsel dat die kerklike vergadering hulle gesag alleen van Christus het.

Artikel 33 lê nadruk daarop dat die meerdere vergaderinge eers gesagvol kan optree as dit wettig saamgestel is en artikel 34 en 35 beklemtoon dat die ampsdraers nie die kerk individueel regeer nie, maar gesamentlik as vergadering. Daarom moet daar leiding wees in die vergaderings en sorg gedra word dat die besluite noukeurig opgeteken word.

In artikel 36 word nou nog in die algemeen die *verhouding tussen* hierdie *kerklike* vergaderinge as regeerliggame bepaal.

### **DIESELFDE SEGGENSKAP**

Dit gaan nog altyd oor die feit dat Christus sy kerk regeer deur ampsdraers gesamentlik. Hulle oefen gesag uit. Die verhouding tussen die ampsdraers onderling in die gesagsuitoefening is nou reeds bepaal: hulle het elkeen dieselfde gesag en regeer gesamentlik as vergadering; oefen die gesag in oorleg en in ooreenstemming met mekaar uit.

Om nou die verhouding tussen die vergaderings te verstaan moet gelet word op die eerste twee woorde van die artikel: "Dieselfde seggenskap." [143] *Dieselfde* beteken identies; gelyk (net soos) en *seggenskap* is die vertaling van *authoritas*, (Middelburg 1581 artikel 27) gesag.

Die vergaderings het dus dieselfde, dit is identiese, gelyke outoriteit of gesag.

Dit beteken dat die vergaderinge nie in hiërargiese rangorde van laag na hoog gerangskik kan word met laere, hoëre en hoogste gesag nie. Volgens die voorafgaande artikels het elkeen gesag van Christus ontvang. En elkeen oefen dieselfde gesag uit naamlik die wat Christus deur sy Woord, wat aan hulle toevertrou is, uitoefen (kyk Hand. 15:28).

Die kerkraad, klassis, en so meer oefen één en dieselfde gesag uit nl. die van Christus. Daarom verwerp prof. Van der Vyver in sy klasdiktat tereg die opvatting van Bouwman en Jansen en die van L.S. Kruger (et al) 1965 ("Die Handleiding") en F.L. Bos (De Orde der Kerk) en andere, dat die kerkraad wel oorspronklike gesag het, maar die meerdere vergaderings 'n afgeleide of gedelegeerde gesag. Daarom is die kerkraad se gesag hoër. Hy dra die gesag oor. Maar Christus het aan niemand 'n gesag in sy kerk gegee wat hy kan oordra nie.

Dit is die Roomse gedagte van die Pous wat Christus vervang. Die gereformeerde ampsgedagte is dat Christus 'n opdrag gee wat deur die een wat dit ontvang, uitgevoer moet word. Die gesag van die ampsdraers en daarom van die vergaderings is dus nie iets wat kan oorgedra word nie, want dit behoort nie aan hulle nie. Christus oefen sy



gesag deur hulle uit. Hulle is net instrumente. Geen plaasvervangers nie.

Elke vergadering het dan mag oor sake wat by hom tuishoort en dit is vir elke vergadering dieselfde mag of gesag om ter sake te handel; die gesag wat Christus deur hulle uitoefen.

Die kerkraad het nie minder seggenskap as die klassis nie en die klassis nie minder as die partikuliere sinode en so meer nie. Elke vergadering het dieselfde gesag, ook as meerdere oor die mindere.

Dit beteken nou verder dat die vergaderinge nie los van mekaar staan om hierdie gesag willekeurig uit te oefen, sonder dat die een hom aan die ander steur, soos die independente wil nie.

Elke vergadering het sy aangewese plek en taak (art. 30) van minder na meer. Dit moet egter nie in kwalitatiewe sin verstaan word nie maar wel kwantitatief.

Die klassis het gesag oor die kerkraad nie omdat die kerkraad minder "laer" (kwalitatief) is nie; maar omdat daar sake is wat nie net die een <sup>[144]</sup> kerkraad nie, maar wel die genabuurse kerkrade gesamentlik raak. In die geval hoort besluite oor die sake tuis by die klassis, dit is by meer kerkrade. Dit is sake van meer as plaaslike belang (kwantitatief) en die klassis neem net so gesagvol besluite as die kerkraad. En as die kerkraad selfs plaaslike sake nie kan behartig nie en ander, meer kerke, se hulp nodig het, moet hulle hul ook onderwerp kragtens die feit dat die sake "te veel" vir hulle was. Dit geld vir die klassis met betrekking tot die partikuliere sinode en daarna tot by die algemene sinode.

Al het die kerklike vergaderinge nie die reg om in mekaar se sake in te dring en oor sake te handel wat nie by hulle tuishoort nie, het die meerdere vergaderings tog gesag oor die mindere vergaderings in die sin dat hulle besluite neem oor "meerdere" sake (sake wat meer kerke raak). Die mindere vergaderings is verplig om hulle aan die gesag te onderwerp.

Die feit dat hier nie sprake is van die gesag van die kerkraad oor die gemeente nie, het niks te doen met 'n prinsipiële verskil tussen die oorspronklike gesag van die kerkraad en die van die meerdere vergaderings wat 'n afgeleide gesag is, soos Bouwman dit stel nie. Die artikel kan net sowel die lyn deurgetrek het van die seggenskap van die kerkraad oor die gemeente tot by die algemene sinode, want soos V.d. Vyver tereg sê: "Dit is dieselfde gesag wat in die meerdere vergaderingwerk as die wat in die kerkraad werk, te wete die gesag van Christus deur sy Woord en Hy gebruik hier dieselfde werktuie, sy ampsdraers wat Hy geroep het en bekwaam het om met sy Woord tot 'n beslissing te kom. Dit is handhawing van sy Koningskap."

Daar is dus geen wesenlike verskil tussen die gesag van 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie.

Die lyn word nie deurgetrek nie eenvoudig omdat dit in artikel 36 net gaan oor die vergaderings en wel in hulle onderlinge verhouding.

## **[145] ARTIKEL 37: DIE KERKRAAD**

**"In alle kerke moet 'n kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is."**

Artikels 29 - 36 het oor die kerklike vergaderings in die algemeen gehandel. Vanaf artikels 37 - 52 word bepalinge gemaak vir elke vergadering afsonderlik.

Die artikels sluit aan by die beginsel in die voorgaande artikels dat Christus sy kerk deur die ampsdraers gesamentlik en in oorleg met mekaar regeer.

### **AMP GEWORTEL IN DIE PLAASLIKE KERK**

Artikel 37 gaan uit van die grondbeginsel dat die amp gewortel is in die plaaslike kerk en daarom is die kerkraad die vergadering wat voorwaarde is vir die bestaan van alle ander kerklike vergaderings.

Die kerk wat regeer word, hang nie in die lug nie, maar is konkreet aanwysbaar; gebonde aan 'n plek. Die Skrif spreek as reël van die kerk te Rome, te Korinthe, te Efese, te Kolosse en so meer. Hoewel in Romeine net sprake is van geroepe heiliges en in Efese van heiliges en gelowiges, blyk dit uit 1 Kor. 1:2 dat dit die benaming is van die plaaslike kerk. Die Skrif beskou die plaaslike kerk as die volledige openbaring van die liggaam van Christus.

Nadat dit (uit 1 Kor. 1:2) duidelik geword het dat die gelowiges te Korinthe kerk (gemeente) is, word in 12:27 gesê: julle (die kerk) in Korinthe "is die liggaam van Christus en lede afsonderlik." Elke kerk nou wat die liggaam van Christus is, moet 'n kerkraad hê.

### **IN OORLEG MET MEKAAR**

Die ampte wortel in die plaaslike kerk. Christus roep en stel sy ampsdraers vir en in die kerk in diens (kyk Handeling 6:3-6, Titus 1:5). In die plaaslike kerk moet die ampsdraers gesamentlik en in oorleg met mekaar hulle taak verrig (kyk o.a. Handeling 20:17 en 28; Handeling 21:18 en 1 Tim. 4:14).

**[146]** Hierdie ampsdraers moet op elke plek gereeld saamkom. Volgens die ou redaksie, weekliks en vanaf 1964 gereeld.

### **WATTER AMPSDRAERS VORM DIE KERKRAAD?**

Volgens Sinode van Emden 1571 vorm die dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens die kerkraad.

Dordrecht 1574 verklaar die artikel egter nader. "Soo sullen de dienaars des Woordts, ouderlinghen en de diakennen de Consistorie maecken alsoo, dat de dienaren en ouderlinghen alleen onder hen versamelen sullen, oock de diaconen bijzonder, om hare eighen saecken ... te verhandelen ..." (17 Junie 4). Hier word Emden (en dan ook artikel 30 N.G.B. blykens Sinode 1945) so verklaar dat dit in die algemeen praat oor wie in die kerk ex officio iets te doen en te reël het, terwyl nader gereël word hoe sowel ouderlinge as diakens hul taak moet volbring. Die verklaring lyk vir my aanneemliker as die van Polman. (Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis) wat daarop neerkom dat die bedoeling van artikel 30 N.G.B. is dat die diakens as hulpouderlinge by kom.

Die kerkraad bestaan uit "twee soorte ouderlinge". (Kyk bevestigings-formulier vir ouderlinge). Die regering berus by die ouderlingskap soos gedifferensieer in die van leer- en regeerouderlinge. Die kerkraad dra sorg vir die kudde waaroor die Heilige Gees hulle gestel het.

## **BREË KERKRAAD**

Volgens die verklaring van Dordrecht 1574 en die bepalings van die Kerkorde onder andere in artikel 45, 10 en 25 is daar ook 'n "breë kerkraad", dit wil sê 'n vergadering van die kerkraad saam met die diakens. Op die vergadering word volgens gewoontereg by ons ook alle sake behandel wat nie spesifiek by die ouderlinge amp hoort nie, soos die aankoop en vervreemding van eiendomme, die beheer van die finansies en so meer.

## **GEMEENTE VERGADERING**

Dit is ook nodig dat die kerkraad saam met die gemeente vergader om ampsdraers te kies en verder saam te beslis oor allerlei ander sake. Die kerkraad behou egter altyd die leiding. Dit is geen gemeentevergadering in die sin dat die kerkregering uit die hande van die kerkraad gegee word nie.

## **[147] VOORSITTER**

Die bedienaar van die Woord is voorsitter van die kerkraad kragtens sy profetiese amp (kyk art. 35).

Wanneer daar meer as een bedienaar van die Woord in 'n kerk is, presideer hulle om die beurt om hiërargie te voorkom.

Wanneer 'n kerk vakant is, tree die konsulent in die reël op as voorsitter. Enige ander predikant van 'n kerk uit die kerkverband, daartoe versoek, kan egter voorsitter wees. Indien 'n ouderling in 'n noodgeval optree as voorsitter, moet die handeling van die vergadering later bekragtig word onder leiding van 'n wettige voorsitter.

## **ALGEMENE PRAKTIESE OPMERKINGS**

Kerkraadsvergaderinge is vertroulik en lidmate het nie vrye toegang nie. Hulle kan wel toegelaat word as hulle hul eie saak wil stel, maar wanneer beslis word, kan hulle nie teenwoordig wees nie.

- Van alle kerkraadsvergaderings moet aan elke lid behoorlik kennis gegee word (Heidelberg 1581).
- Konsistorievergaderinge voor of na die diens kan alleen wettig wees as daar 'n besluit is dat daar elke Sondag kerkraadsvergadering is. So iets is egter nie aan te beveel nie. Die meeste van die besluite op sulke vergaderings moet gewoonlik weer hersien word.

## **[148] ARTIKEL 38: INSTELLING VAN 'N KERKRAAD**

**"Waar 'n kerkraad vir die eerste maal of opnuut ingestel word, moet dit geskied met advies van die klassis. As die aantal ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word; dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouderlinge minder as drie is."**

Die artikel het nog dieselfde beginsel as artikel 37, dat die plaaslike kerk die volledige openbaring van die liggaam van Christus is, as agtergrond.

Uit die beginsel vloei voort dat daar nie willekeurig kerke ingerig kan word nie. Christus is één en sy kerk moet die eenheid soveel as moontlik ook organisatories laat blyk (1 Kor. 1:13).

### **OORSPRONG VAN ARTIKEL**

Op enkele wysiginge na is die artikel nog soos die Sinode van 'S Gravenhage 1586 dit geformuleer het. Voor dit was dit twee artikels.

Oorspronklik het die artikel gegaan oor kerke wat "van nieuws" opnuut, ingerig moes word. Dit was toe die verstrooide gelowiges na die verdrywing van die Spanjaarde na die Nederlande begin terugkeer het. Die terugkerendes moes opnuut as kerk georganiseer word. Nadat sake tot normaal teruggekeer het, is die artikel ook gebruik maar kerke vir die eerste maal georganiseer is. Die sinode van Utrecht 1905 het toe "voor het eerste maal" ingevoeg.

Dit is egter vreemd dat die Sinode van 1873 artikel 165 en die van 1955 artikel 213 ook van toepassing maak op persone wat nog nie in kerkverband met die Gereformeerde kerk geleef het nie. As dit beteken dat 'n kerk wat reeds geïnstitueer is, maar voorheen nie in kerkverband met die Gereformeerde Kerke was nie, nou eers moet ontbind en opnuut geïnstitueer word, moet daar beslis weer aandag aan die besluit gegee word. Dit is immers nie 'n geval waar 'n kerkraad vir die eerste maal of opnuut ingestel moet word nie. Hier gaan dit om die vraag of die reeds geïnstitueerde kerk met sy kerkraad een in leer, diens en tug is met die Gereformeerde Kerke. Indien wel, word "die groep" as kerk in die kerkverband opgeneem.

## **[149] GOEDKEURING VAN DIE KLASSIS**

Wanneer gelowiges op 'n plek saam kom om as kerk geïnstitueer te word, moet die kerke in die buurt hulleself behoorlik rekenskap gee of dit noodsaaklik is. Dit is nodig kragtens die beginsel dat die liggaam van Christus één is en dat die eenheid ook sover moontlik in die organisasie moet uitkom. Daarom bepaal die artikel dat die advies van die klassis nodig is. Die saak raak die kerke in die buurt en die kerke het 'n roeping om op mekaar ag te gee.

Advies beteken in die Kerkorde nie net raadgee; raad wat dan aanvaar of verwerp kan word nie. Advies het hierdie krag van oordeel en saam beslis; om na oorweging te sê hoe besluit moet word in die verwagting dat so gehandel sal word. Die gelowiges op die bepaalde plek, saam met die kerkraad onder wie se sorg hulle tot op daardie stadium was, is gebonde aan die advies van die klassis.

Die klassis moet onder andere saam oordeel of dit noodsaaklik is om 'n kerkraad in te stel; of die kerk wat so georganiseer word selfstandig kan wees deurdat die ampgawes teenwoordig is; of dit finansiële moontlik is; of naburige kerke nie benadeel sal word nie. Grense moet behoorlik vasgestel word; voorsiening vir die bediening van die Woord en leiding van die kerkraad moet gemaak word solank die kerk nog nie 'n eie predikant het nie en so meer. As meer as een klassis geraak word, moet beide se advies gevra word (Sinode 1955).

## **LEIDING BY DIE INSTELLING**

Die kerkraad onder wie se sorg die gelowiges tot op die (nuwe) instituering van die kerk was, neem die leiding by die verkiesing en bevestiging van so 'n nuwe kerkraad. In die geval vind die verkiesing en bevestiging op dieselfde dag plaas.

## **UITSONDERINGSGEVALLE**

Dr. J.D. du Toit wys daarop dat dit onmoontlik kan wees in die geval van skipbreukelinge op 'n eiland om die advies van 'n klassis te vra of onder leiding van 'n ander kerkraad te handel. Dan moet die gelowiges alleen die nodige doen om die kerkraad in te stel (Diktaat). Dit kan onder vandag se omstandighede gebeur in geval gelowiges onder andere in 'n strafkolonie byeengebring word deur die kommuniste. Dan kan die kerkverband nie funksioneer nie. Dit is egter noodgevalle waarin na bevind van sake so getrou moontlik volgens die voorskrifte van Christus gehandel moet word.

## **[150] ONTBINDING VAN 'N KERK**

Hoewel die artikel dit nie reël nie, is dit vanselfsprekend kragtens dieselfde beginsel noodsaaklik dat die klassis se advies ook gevra word by die ontbinding *van* 'n kerk wat meen dat dit nie kan voort bestaan as daar nie meer ampsgawes is nie en dus nie meer 'n kerkraad kan wees nie, of as die getalle te klein word sodat daar nie meer 'n kerk kan bestaan nie.

## **KLEIN GETAL OUDERLINGE**

Die artikel hou ook rekening daarmee dat dit wel noodsaaklik kan wees dat 'n kerkraad vir die eerste maal ingestel kan en moet word, maar dat dit nog so klein kan wees dat die regte regering daaronder kan ly. Dordrecht 1574 het al in so 'n geval gereël dat die diakens by die kerkraad gereken kan word. Hulle tree dan as hulpouderlinge op. Vanselfsprekend moet in so 'n geval die leiding by die ouderlinge bly. Die funksie van die diaken as hulpouderling is om hiërargie of eensydigheid te voorkom. In so 'n geval dien ouderlinge ook as hulpdiakens en is daar geen aparte vergaderinge van ouderlinge en diakens nie.

Die diakens *kan*, waar die getal ouderlinge klein is, bygereken word, maar *moet* as daar minder as drie is by die ouderlinge bygereken word. Die bevestigingsformulier waarsku dat waar die regering aan een of net 'n paar toevertrou word, kan hiërargie maklik intree.

## **KOMBINASIE**

Wanneer 'n kerkraad tog ingestel kan word, maar die kerk te swak is om 'n eie predikant te onderhou, kan 'n kombinasie gevorm word vir die doel deur twee of meer kerke. Dan word 'n behoorlike ooreenkoms met advies van die klassis gemaak. Die Sinode van 1939 het 'n leidraad gegee vir die kombinasievorming en 'n konsep-ooreenkoms vir sulke gevalle ter beskikking gestel (kyk bylae by artikel 4).

Volgens Jansen (1952) het Voetius gesê dat die gekombineerde kerkrade (vir die spesifieke doel) één kerkraad word wat met meerderheid van stemme beslis en nie "kerksgewys" stem nie. Indien dit so is dat hulle een kerkraad word, kan daar oorheersing van die groter kerk oor 'n kleiner kerk wees. Daarom het die Sinode 1939 ook beslis dat besluite net met wedersydse instemming van die betrokke kerkrade geneem kan word om oorheersing van een kerk oor 'n ander te voorkom.

## [151] ARTIKEL 39: VERSPREIDWONENDES

**"Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, moet deur die klassis onder die sorg van 'n naburige kerkraad gestel word."**

Die artikel het nog dieselfde agtergrond as die voorgaande twee: die plaaslike kerk is die volledige liggaam van Christus wat regeer word deur die kerkraad. In artikel 38 is rekening gehou met 'n kerk waar die ampsgawes gering is. Nou word gehandel oor 'n plek waar daar nog geen of genoegsame ampsgawes, of 'n te geringe aantal gelowiges is om 'n kerkraad in te stel.

### DIE PLEK

Eerstens moet ons weer let op die *plek*. Daarmee word bedoel die moontlikheid om op een *plek* saam te kom vir bediening van Woord, Sakramente en tug. Dus 'n kerk kan nog gerieflik op 'n plek wees, maar uitgestrek oor 'n paar voorstede of dorpe. Alle gelowiges kan egter saamkom en 'n gemeenskap vorm. Dit is die belangrike punt.

Gestel egter 'n dorp lê 30 of 100 km weg van die saamkomplek en die gelowiges het geen vervoer nie en kan nooit eredienste bywoon nie, dan is die dorp of distrik 'n plek "waar geen kerkraad kan wees nie." Die Sinode van 1955 gee aandag aan die probleem en besluit dat elke klassis moet oordeel wanneer artikel 39 toegepas moet word. Die lidmate wat hierbo bedoel word, is deur die sinode genoem "verspreidwonend". Die Sinode van 1961 gee verder riglyne vir die vasstelling van wie verspreidwonend is in bostaande sin.

### OORSPRONKLIKE DOEL

Histories het die artikel eers 'n ander toestand op die oog gehad. Waar die Roomse oorgegaan het tot die Reformasie moes hulle deur die klassis gehelp word om so gou as moontlik 'n kerkraad in te stel. Die Roomse kerke het immers geen kerkrade gehad nie (Dordrecht 1578 art. 11, nader toegelig deur Middelburg 1581 Partikuliere; vraag 10).

Dieselfde gedagte lê ook ten grondslag aan besluite wat geneem is tydens die Doleansie te Rotterdam 1887 en Leeuwarden 1890 en deur die Vrygemaakte Sinode van Groningen 1946, waarin gereël word dat die klassis 'n gedeformeerde kerk moet help om tot reformasie te kom waar die kerkraad weier om te reformeer.

[152] 'S Gravenhage 1586 hef die eensydige toespitsing op die reformasie van 'n kerk op en bepaal in die algemeen: "In der Plaatsen, daar noch geen kerckeraadt en is, sal middeler tijt by de Classe ghedoen worden 't ghene anders den kerken-Raat na uytwijzen deser kerckenordeninghe opgheleyt is te doen" (artikel 36). Dordrecht 1618/19 neem dit net so oor as artikel 39.

Die *nuwe* in die redaksie van 1586 is dat die klassis moet doen wat "des kerkraads" is: Hulle moet sorg vir bediening van die Woord, sakramente en tug.

Utrecht 1905, waarvandaan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dit in 1913 oorneem, verander die redaksie soos ons dit vandag het.

Volgens Jansen 1952 is dit 'n prinsipiële verandering. Hy sê ook Rutgers het beginselbesware gehad teen die bepaling dat 'n klassis moet doen wat deur 'n kerkraad gedoen moet word. 'n Klassis sou onder geen omstandigheid, hoe uitsonderlik ook al, die bevoegdheid hê om te doen wat 'n kerkraad andersins moet doen nie. (Korte verklaring van de Kerkorde p.180).

In die lig van die beswaar meen ek dat Utrecht se redaksie tog prinsipiële 'n verbetering is waar 'n naburige kerkraad belas is met die taak, al is dit nie juis om dieselfde rede as wat Rutgers daarvoor gee nie.

Daar kan nog buitengewone omstandighede wees waar 'n klassis of selfs partikuliere sinode moet doen wat des kerkraads is soos in die geval waar daar wanbestuur deur 'n kerkraad is. Maar vir gewone omstandighede is die beginsels van hulp en verantwoordelikheid vir mekaar (klassis) en die regering deur 'n kerkraad mooi gekombineer in die huidige redaksie. Die kerkraad reël dat sulke "verspreidwonende lidmate" wat onder sy sorg geplaas is, gereeld Woord- en sakramentsbediening ontvang. Gewoonlik word op 'n geskikte plek van tyd tot tyd Woord en sakramente onder toesig van die kerkraad bedien.

Die name van belydende sowel as dooplidmate moet noukeurig in die registers van die kerk onder wie se sorg hulle geplaas is, aangeteken word.

So gou as moontlik moet op die plek 'n ouderling en diaken gekies word, so nie moet ampsdraers van die kerk onder wie se sorg hulle gestel is, die werk doen onder die verspreidwonendes. Indien nodig moet so 'n kerkraad finansieel daartoe in staat gestel word. Van tyd tot tyd moet daar deur die kerkraad verslag gedoen word aan die klassis van die arbeid.

## **[153] ARTIKEL 40: SAMEKOMS VAN DIAKENS**

**"Die diakens moet gereeld saamkom om met die aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref en die bedienaar van die Woord moet daarvoor goed toesig hou en, indien nodig, daarby teenwoordig wees."**

### **ONTSTAAN**

Die artikel is in hoofsaak reeds so vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1574. 'S Gravenhage 1586 voeg die bepaling dat hulle moet handel met die aanroeping van die Naam van die Here "en dat die bedienaar van die Woord moet toesig hou", by. Utrecht 1905 voeg by die samekoms van elke week "indien nodig" en ons verander dit na "gereeld" in 1964.

Die artikel sluit aan by artikels 37-39, waar gehandel word oor die kerkraad. Artikel 38 het reeds melding gemaak van die diakens as hulpouderlinge. Ook het ons by artikel 37 daarop gelet dat kragtens artikel 30 N.G.B. die "ware kerk geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse wat onse Here ons geleer het in sy Woord, naamlik dat daar dienaars of herders moet wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien; ook opsieners en diakens om saam met die herders as die Raad van die Kerk te wees en deur hierdie middel... te sorg ... dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes."

### **WERK VAN DIE DIAKENS**

In artikel 40 word die plek van die diakens aangewys waar hulle saam met die herders en opsieners gestel is om as die "Raad van die Kerk te wees". Hulle vorm 'n aparte kollege om "die armes en bedruktes te help" en "te troos na die maat van hulle behoeftes." Ook hier dus die beginsel dat die kerkregering gesamentlik en in oorleg met mekaar uitgeoefen word. Let wel: *Kerkregering!*

Die diakens doen mee aan die kerkregering, maar anders as die opsieners. Die diakens regeer met betrekking tot die barmhartigheidsdiens. Hulle skryf voor *òf, hoe, wie en hoeveel* gehelp en getroos moet word volgens Gods Woord. Die ouderlinge weer bepaal op grond van die Woord *dat* gehelp word en *sien toe* dat dit gebeur (artikel 25).

Die diakens tree op as gesante van Christus om aan die ellendiges hulp te <sup>[154]</sup> verleen, vandaar dat hulle moet handel "met die aanroeping van die Naam van God ..." Hulle is ampsdraers deur wie Christus self in sy kerk en na buite sy gestalte as Barmhartige Here vertoon. Hy voorsien sy sorgbehoewende kinders ook in die tydelike lewe met wat nodig is.

### **TOESIG VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD**

Die volgende bepaling in die artikel dat die bedienaar van die Woord oor wat die diakens verhandel "goed toesig hou en, indien nodig, daarby teenwoordig moet wees", volg vanself uit die feit dat die diakens gesante, ampsdraers, van Christus is. Die Woord is hulle Bron en Rigsnoer om die wil van Christus en die wyse waarop sy wil uitgevoer moet word te bepaal. Daarom is dit vanselfsprekend dat die profetiese amp ook hier die leiding en toesig sal hê sodat die Woord van die Koning nagekom word.

Jansen (1952), Bos (1950) en andere koppel die toesig uitsluitend aan artikel 25. Die bedienaar van die Woord is dan verteenwoordiger van die kerkraad. Spoelstra (Handleiding p.257) wys tereg daarop dat dit hier in die eerste plek gaan *oor die* leiding deur *die Woord*.



## **KONFERENSIES**

### **Diakonale konferensies**

In die kerklike praktyk het in Nederland en by ons die diakonale konferensies vroeër 'n belangrike plek ingeneem. Dit het selfs gedreig om 'n aparte, selfstandige regeerliggaam soos die meerdere vergadering te word. 'n Sinode het die praktyk as strydig met die Kerkorde en belydenis afgewys. In die praktyk is die afwysing duidelik uit die besluit van die Sinode 1961 om nie meer 'n amptelike afgevaardigde van die diakonale konferensie te ontvang nie.

Prinsipieel het die konferensie in die ry van kerklike vergaderinge geen plek nie. As dit bedoel is om te dien bloot as samespreking van diakens om mekaar op te skerp in die ampsbediening, is daar seker geen fout mee te vinde nie. Daar moet net gewaak word dat geen drukgroep so gevorm word nie.

### **DIAKENS EN MEERDERE VERGADERINGS**

Oor diakens se plek op meerdere vergaderings word nog steeds besin. Tog lyk dit vir my prinsipieel die suiwerste om sake te laat bly soos dit is. Kragtens artikel 25 Kerkorde kan diakonale sake wel op meerdere vergaderings ter tafel kom deur die kerkrade. Gesamentlike optrede deur diakens uit die kerke en kerkvergaderings moet seker altyd gekoppel wees aan die plaaslike vergadering van diakens met verantwoording aan [155] die plaaslike kerkraad en verder aan die klassis en, indien nodig, aan ander meerdere vergaderings.

Prof. B. Spoelstra maak ter sake aanmerkings oor die konferensies wat werd is om op ag te gee in die Handleiding pp. 257/8 waar hy oor artikel 40 skryf.

Ten slotte moet gewaarsku word dat diakens op hulle vergaderings nie die metodes van liefdadigheidsverenigings of Volkswelsynsgebruike oorneem as hulle handel oor die sake wat hulle amp aanbetref nie.

## [156] ARTIKEL 41: DIE KLASSIS

**"Die klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig. Die plek en die tyd van die volgende vergadering word deur die vorige vergadering bepaal. Op hierdie vergadering moet die bedienaars van die Woord om die beurt presideer of anders die een wat deur die vergadering gekies word, maar dieselfde bedienaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie.**

**Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraadsvergaderings hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes en die skole versorg word, en of daar iets is waarin die kerk die oordeel en hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig het. Op die laaste vergadering voor die partikuliere sinode moet die afgevaardigdes na hierdie sinode gekies word."**

### BEGINSEL

In artikel 41 tree, net soos in die voorgaande artikels vanaf artikel 29, die grondliggende beginsel van die presbiteriale kerkregeringstelsel op die voorgrond. Die plaaslike kerk is die volledige openbaring van die liggaam van Christus, maar nie die enigste nie en is daarom op die ander kerke aangewys om in die kerkregering die wil van die Here na te *speur, toe te pas en te handhaaf*.

Die eenheid van die kerke sowel as die selfstandigheid van elke kerk kom nadruklik uit in Openbaringe 1:4 en 13. Johannes spreek in die Naam van Jesus Christus die Koning van die kerk die "sewe kerke" as die volheid van die kerk van Christus aan sonder om die plaaslike kerke op te los in 'n groot geheel. Christus is "tussen die sewe kandelaars" wat die sewe gemeentes is.

Hoewel kompleet en selfstandig is elke plaaslike kerk onderworpe aan dieselfde Hoof en Koning, Jesus Christus. Dit moet op dieselfde wyse regeer word (Handelinge 14:23, Titus 1:5). In elke kerk moet ouderlinge gekies word, dieselfde vereistes vir die wat verkies kan word tot ouderlinge en diakens word vir elke kerk gestel (1 Tim. 3). Die ouderlinge wat in elke stad verkies word, moet "as 'n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig nie ... een wat vashou aan die betroubare Woord wat volgens die leer is ..." (Titus 1:7 e.v.).

[157] Die kerke moet saam vasstel wat die wil van Christus vir sy kerk is (Hand. 15). Die kerke moet op mekaar ag gee dat na die wil gehandel word (Gal. 6:1). Hierdie brief word aan die kerke van Galasië geskryf (1:2) en daarom gaan die "Broeders" van 6:1 oor die grense van die plaaslike kerk om die kerke te vermaan tot onderlinge toesig en hulpbetoon.

1 Kor. 8 en 9 het in die eerste plek betrekking op die verantwoordelikheid wat die kerke vir mekaar het op die gebied van barmhartigheid, maar die diensbetoon rus in die eenheid van die kerke in Christus (8:9 en 23) wat hulle vir mekaar verantwoordelik maak. En om die verantwoordelikheid nate kom moet die kerke byeen kom. (Van daardie *klassis*, van kalein: om te roep, om bymekaar te roep).

Die klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig (kyk: A le R. du Plooy 1982. Kerkverband).

### HISTORIES

Reeds die kerke in die Suid-Nederlande sowel as die vlugtelingkerke in Emden en Engeland as in Frankryk, het spontaan in hulle nood die toevlug na mekaar geneem. Die

Sinode van Emden 1571 het die wesenskern van artikel 41 reeds geformuleer terwyl latere sinodes aangevul het. Utrecht 1905 het die huidige redaksie so aan ons oorgelewer. Met die revisie van 1964 het die sinsnedes: "Dit mag egter nie meer as drie maande uitgestel word nie", weggeval "omdat die beginsel in die voorgestelde bewoording behou is ..." en dat dit "onnodige reglementering is." Die sin staan in sommige uitgawes van die K.O. per abuis nog in die artikel.

## **NABURIGE KERKE**

'n "Klassis is 'n vergadering van naburige kerke." Die klassis is dus anders as 'n kerkraad wat 'n vergadering van *persone*, ouderlinge is. Om lid van die klassis te wees, moet aan twee vereistes voldoen word.

- Die persoon moet 'n *wettig verkose en bevestigde ampsdraer* in 'n plaaslike kerk wees en
- deur die *plaaslike kerkraad afgevaardig* word met las en volmag om saam met ander afgevaardigde ampsdraers te beraadslaag oor die regering van die kerke. Daarom is dit die presbiteres uit die verskillende kerke wat saamkom. Met Bouwman (1934) moet verskil word as hy sê dat dit nie noodwendig ampsdraers hoef te wees wat afgevaardig word nie. Hyself sê immers later dat Christus die ouderlinge geroep het om te regeer (p.135). Dit word ook uitdruklik bepaal dat dit leer- en regeerouderlinge moet wees wat die kerke verteenwoordig.

## **[158] AFVAARDIGING**

Die afgevaardigdes moet behoorlik gekies word deur die kerkraad uit sy eie geledere. Die praktyk om ouderlinge volgens toerbeurt af te vaardig is seker nie verkeerd nie, maar doen tog afbreuk aan die doel van die klassis, naamlik om oorleg te pleeg oor *hoe* die kerk regeer moet word en toe te sien *dat* dit reg regeer word volgens die Woord van die Here. Net die bekwaamste is daarvoor goed.

Omdat dit kerke is wat saamgeroep word en die klassis vorm, spreek dit vanself dat elke kerk eweveel afgevaardigdes sal hê. Groot kerkrade sal anders kleineres oorheers.

Bouwman (1934) beweer dat die kerk in letterlike sin teenwoordig sou wees as al die lede van die kerk na die vergadering kom. Dit is egter prakties onmoontlik. Daarom vaardig die kerkraad, as verteenwoordigers van die kerke, af na die klassis.

Myns insiens verloor Bouwman hier uit die oog dat die regering van die kerk deur Christus toevertrou is aan die ouderlinge en dat die ouderlinge nie namens en in opdrag van die lidmate regeer nie, maar in die Naam en opdrag van Christus. Bouwman raak hier in kongregationalistiese en independentistiese vaarwaters verseil.

Die bedoeling van die artikel is tog duidelik. *Afgevaardigde ouderlinge en predikante uit plaaslike kerke van dieselfde omgewing wat dieselfde belang het, kom byeen om hierdie belange te behartig in ooreenstemming met die Woord van die Here.*

## **DIE KLASSIS**

Die klassis is ook nie 'n *opperkerkraad*, saamgestel uit alle kerkraadslede van die kerke in die omgewing wat die plaaslike kerkraad vervang nie (kyk Bannerman, The Church of Christ).

Dit is afgevaardigdes van plaaslike kerke, al sou alle kerkraadslede op die klassis teenwoordig wees, wat mekaar net help en bystaan met die oog op die goeie bestuur van die kerke.

Omdat die wat byeenkom ampsdraers van die plaaslike kerke is, is hulle kragtens hulle amp in staat om beslissinge na oorleg te neem sonder dat elke kerkraad vooraf die agenda deurwerk en sy afgevaardigdes bindende opdragte gee. Dit is goed as 'n kerkraad vooraf die agenda deurwerk, maar hulle behoort hulle afgevaardigdes nie

verder te bind as om ooreenkomstig Gods Woord en die belydenis te besluit nie. Die sin van die klassis is juis dat ampsdraers uit verskillende kerke, gestuur deur <sup>[159]</sup> kerkrade, saam oorleg pleeg oor die *hoe* van die kerkregering ooreenkomstig die Woord van die Here en saam toesien *dat* die kerke so regeer word.

## **VOORSITTER**

Die bedienaar van die Woord moet presideer kragtens sy profetiese amp. Hy kan by toerbeurt of deur verkiesing aangewys word. Vanweë die gewigtigheid van 'n meerdere vergadering is dit, veral by ernstige sake, die beste om te kies. Andersyds - veral as sake normaal verloop - is toerbeurt goed om elke dienaar te oefen en om hiërargie te voorkom as die voorsitterskap, soos soms gebeur, net tussen twee persone wissel (Middelburg 1581).

Dit is miskien die beste om 'n voorsitter volgens toerbeurt aan te wys en dan 'n ondervoorsitter deur verkiesing langs hom te plaas. As sake moeilik word, is daar in so 'n geval 'n bekwame helper aan die sy van die voorsitter. Dieselfde persoon sal dan nie op die daaropvolgende klassis verkiesbaar wees as ondervoorsitter nie. As daar onder besondere omstandighede van die toerbeurt afgewyk word, mag die vorige toerbeurtvoorsitter nie by die verkiesing in aanmerking kom nie, al beweer Jansen (1952) dat dit wel kan gebeur omdat hy nie die vorige keer gekies is nie (p.191).

## **AGENDA**

Die tweede deel van artikel 41 handel oor die agenda van die vergadering. Benewens dit wat die kerke deur beskrywingspunte op die agenda plaas, vorm die sake wat in die artikel genoem word die kern van die agenda. Die sake hoef nie by wyse van beskrywingspunt op die tafel gebring te word nie, dit is vanself altyd op tafel. Die vrae deur die voorsitter benadruk die doel van die klassis. Die kerke kom byeen met die oog op onderlinge toesig en hulp ten opsigte van die regte bestuur van die kerk (Kyk met die oog op die toepassing van die artikel Acta 1955, p.179 e.v.).

## **[160] ARTIKEL 42: ADVISERENDE STEM**

**"Waar in 'n kerk meer as een bedienaar van die Woord is, kan ook die wat nie volgens die bogenoemde artikel afgevaardig is nie, in die klassis teenwoordig wees met adviserende stem."**

Die artikel lyk vreemd en onnodig. Tog onderstreep dit die beginsel dat niemand, al is hy ook 'n ampsdraer, sonder afgevaardig te wees die reg het om mee te doen op 'n klassis nie. Vroeër het kerke bepaal (Dordrecht 1578) dat predikante wat nie afgevaardig is nie geen keurstem het nie (Hoofstuk II, artikel 12) maar groot kerke het die reg vir al hulle predikante op keurstem geëis en Dordrecht (1618/19) het aan die druk toegegee. Utrecht (1905) het die artikel egter weer verander soos dit nou is.

Die toegewing is gemaak om dat 'n klassis die advies van iemand buite die vergadering kan nodig kry en dat predikante kragtens hulle amp altyd 'n vrugbare bydrae kan lewer, maar alleen as die vergadering dit toelaat. Jansen (1937 en 1952) beweer dat 'n predikant wat nie afgevaardig is nie, wel as voorsitter of skriba gekies kan word. Saam met Spoelstra meen ek egter dat die artikel so iets uitsluit (Handleiding 266).

## **[161] ARTIKEL 43: SENSUUR OP MEERDERE VERGADERINGS**

**"Aan die einde van die klassikale en ander meerdere vergaderings moet sensuur uitgeoefen word oor die wat iets tugwaardigs in die vergadering gedoen of die vermaning van die mindere samekomste verontagsaam het."**

Die vorige twee artikels het gehandel oor die samestelling van 'n klassis en nou word dit spontaan opgevolg met die eis dat die afgevaardigdes hulle waardig hulle roeping op die vergadering moet gedra. Dit het veral in die verwarde oorgangsperiode tydens die Reformasie nie altyd gebeur nie. Daar was nog weinig kennis van orde en reël sodat wangedrag gedurende die vergadering nogal voorgekom het. Artikel 43 bepaal nou wat moet gedoen word as iemand hom wangedra het. Aan die einde van die vergadering moet die gedrag by 'n rondvraag onder die aandag kom en bestraf word. Die oefening van sensuur moet ook gaan oor 'n algemene tendens van onordelikheid of 'n gesindheid wat stry teen die gesindheid wat op so 'n vergadering tuis hoort. Indien die broeders vergeet dat hulle gesante van Christus is, afgevaardig deur die kerke om besig te wees ooreenkomstig die Woord van die Here ten dienste van die kerke, moet hulle tereggewys word. In ons tyd het die artikel veral betekenis as meerdere vergaderings sou neig om te ontaard in 'n vertoning van die debatteerkuns en wanneer die Woord van die Here nie meer deurslag gee nie, maar die beste debatteerder die stemme meesleur. Ook wanneer groepe gevorm word om onder andere politieke druk uit te oefen. Dit word dan 'n regering deur 'n persoon of persone, of sentimente, in plaas van met die Woord van die Here. Dit kan ook nodig wees dat nie gewag word met die sensuur tot aan die einde van die vergadering nie, maar dat tydens die vergadering al opgetree word.

## [162] ARTIKEL 44: VISITASIE

**"Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk."**

### DOEL VAN VISITASIE

Die kerke bied mekaar die broederlike hand om deur kontak te verseker dat die ampte reg funksioneer tot opbouing van die kerk. Die gebeur nou net anders as in artikel 41. Dáár word in die algemeen navraag gedoen of die kerk reg bestuur word. Hier word in die plaaslike kerk *self ondersoek ingestel en vasgestel of en hoe die kerk volgens die voorskrifte van Christus ingerig is* en die reëls vir die gedrag van die gelowiges gehandhaaf word. In die ondersoek gaan dit veral oor die getroue ampsbediening en die suiwer handhawing van die leer. Dit is geen inspeksie waartydens ook 'n voorraadopname van eiendomme gemaak word nie. Daar moet net in die algemeen navraag gedoen word of die eiendomme en finansies van die kerk goed beheer word. Alleen wanneer wanbestuur in die opsig blyk, moet in besonderhede gehandel word.

Die ondersoek word gedoen deur enkele bedienaars van die Woord wat deur die jarelange getroue diens ervare en betroubaar bewys is om met raad en daad die kerke tot die regte regering by te staan.

### GEEN INSPEKSIE

Eintlik skep visitasie 'n delikate toedrag van sake. Daar is geworstel met die opdrag van Christus om op mekaar ag te gee. Dit lyk na inspeksie en inmenging in die sake van die plaaslike kerk en daarvoor was die kerke in die sestiende eeu baie bang. Dit kan egter vergelyk word met Matth. 18 maar kom ook ooreen met Gal. 6:1. Daar moet nie gewag word dat 'n formele klag ingedien word teen 'n kerk(raad) nie, ook nie die moontlikheid geskep word dat die ontroues hulle ontrouheid bedek deur <sup>[163]</sup> bedrieglik op die vrae onder artikel 41 te antwoord nie. Dit het gebeur toe die voorlopers van Arminius in die sestiende eeu beskerm is. Juis die bedrog het 'S Gravenhage 1586 ten spyte van die vrees vir hiërgargie, die artikel laat ontwerp en Dordrecht 1618/19 die visitasie verpligtend laat stel. Die visitasie het die eer van Christus en die welsyn van die kerke op die oog deur die broederlike belangstelling wat betoon word deur die twee vertroude bedienaars van die Woord. Jansen (1937) sê dit kan volgens Voetius ook ouderlinge wees omdat die regering van die kerk by hulle tuishoort. Die opvatting laat die vraag ontstaan of dit dan tog nie maar "inspekteurs of superintendente" is soos by die Roomse of kollegialiste nie.

Dr. A. Kuyper (1868), toe hy nog die genootskapsidee gehandhaaf het, wys daarop dat die gebruik om visitasie te doen reeds vanaf die Sinode van Laodicea ± 360 bestaan. Hy noem die visitatore *inspekteurs* wat moet toesien dat die dele van die kerkgenootskap hulle genootskaplike karakter moet bewaar. En die karakter is verskuil in die bediening van die Woord en sakramente. Die inspekteurs het gedelegeerde mag van die bestuur van die genootskap (Kerkvisitasie te Utrecht). Dit is egter baie duidelik dat die visitatore van artikel 44 nie gaan om te regeer in die strenge sin van die woord nie. Hulle gaan nie wette (of ordereëlins) afkondig en bevele uitvaardig wat nagekom moet word en rekenskap eis oor dinge wat nie in orde is nie. Hulle gaan om vas te stel hoe dit in die

kerk gaan en om waar nodig met raad en daad by te staan. Die vasstelling of beoordeling en die raad gee pas by die profetiese amp. As daar nalatigheid is deur onkunde, hef die bedienaars van die Woord die onkunde op deur die lig van die Woord te ontsteek of as daar van die goeie regering afgewyk word, word die kerkraad met liefde daarop gewys.

En eers as opset *blyk* by die kerkraad, waar die raad verwerp word, kan visitasie plek maak vir die verhoor op 'n aanklag en oordeel deur die klassis self. Dan word dit 'n vraag hoe met so 'n opsetlike dwalende kerkraad gehandel moet word. Die visitasie bly van begin tot end die opsteking van die lig van God se Woord met die nodige vermaninge, die nodige waarskuwinge en tereg wysinge daarby. Die kerkraad moet dit ter harte neem as dit wel goeie raad is, want dan is dit Christus wat deur die bedienaars spreek. Dit bly egter nog die saak van die kerkraad of hy die raad wil volg of nie.

## **DIE VISITATORE**

Uit bogaande spreek dit vanself dat dit uiters belangrik is *wie* die visitatore is. Daarom moet dit "minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikste bedienaars van die Woord" wees wat as visitatore benoem word. Daar kan dus geen sprake wees van toerbeurt nie. Visitatore moet gekies word om die mees ervare en geskikste broeders aan te wys.

### **[164] RAPPORTAAN DIE KLASSIS**

Die klassis stuur hulle. Vanselfsprekend moet hulle, liefs skriftelik, aan die klassis rapport doen. Die vraag wat die rapport alles moet behels, lewer dikwels moeilikheid.

Duidelik is dat die visitatore ten minste 'n algemene en ware beeld van die kerk wat besoek is aan die ander kerke moet voorhou. Sommige eis 'n noukeurige verslag. Maar dit sou inspeksie impliseer en dinge oopvlek wat miskien juis betyds gekeer is. Deur dit te openbaar word net die teenoorgestelde bereik as wat met visitasie bedoel is.

Andersyds kan visitatore - hulle bly mense - *verkeerde* raad gegee het en as dit nou verswyg word, is dit dalk te laat om die skade te voorkom as daar nie noukeurig rapporteer is nie.

Dit is dus 'n moeilike en delikate saak. Elke visitasie sal dus op eie meriete beoordeel moet word om die aard van die rapport te bepaal. In ernstige sake soos die interpretasie van die belydenis en kerkorde is dit gewens dat die visitatore se raad deur die volle klassis getoets sal word. Andersins kan net algemeen rapporteer word oor hoe sake gevind is en dat die kerkraad met raad bygestaan is. As die kerkraad self nie saamstem met die raad nie, kan gevra word dat die klassis dit toets. Die visitatore mag egter nooit vertrou skend nie, byvoorbeeld as raad in 'n tugsak gegee is. Daar moet gewaak word daarteen dat lidmate nie klagtes of skinderstories teen en oor veral die predikant aandra nie. Geen lidmaat moet te woord gestaan word sonder die wete van die kerkraad nie en sonder dat vasgestel is dat pogings aangewend is dat die kerkraad sy saak probeer oplos nie. Alleen as daar 'n dooiepunt is, of die geval so moeilik is dat kerkraad en lidmaat raad nodig het, kan die visitatore hulle met so 'n saak inlaat. Die visitasie-reglemente van die klassis wys gewoonlik die weg aan vir die praktiese toepassing van die artikel.

As hierdie artikel reg hanteer word, is die heilsame uitwerking van die toepassing daarvan van onskatbare waarde vir die kerke.

Maar as dit verkeerd toegepas word en daardeur die idee skep dat dit 'n instrument is om die besluite van hoëre gesag af te dwing, werk dit kerkverwoestend.



## **[165] ARTIKEL 45: ROEPENDE EN KORRESPONDERENDE KERKRAAD**

**"Elke meerdere vergadering benoem 'n korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie wat alle stukke en dokumente van die vergadering ontvang en bewaar en sy handeling op die volgende vergadering besorg.**

**Ewe-eens benoem elke meerdere vergadering 'n roepende kerkraad om die volgende vergadering op te roep en te ontvang op die vasgestelde tyd en plek of anders op die tyd en plek wat die roepende kerkraad in die geval van die partikuliere sinode, volgens advies van sy klassis, en in die geval van die algemene sinode, volgens advies van sy partikuliere sinode, bepaal."**

Die beginsel dat meerdere vergaderings net van tyd tot tyd byeen kom as vergaderings van kerke tot onderlinge hulpbetoning, noodsaak administratiewe reëlins. Omdat 'n meerdere vergadering geen permanente kollege met 'n permanente skriba is nie, moet elke vergadering reëlins tref vir sy opvolger. Daar moet gesorg word vir 'n adres waarheen stukke gestuur kan word wat bedoel is vir die volgende vergadering. Ook moet iemand sorg dat die handeling van die vorige vergadering voorhande sal wees sodat nie oor dieselfde sake gehandel sal word of teenstrydige besluite geneem word op volgende vergaderings nie.

Daar moet verder iemand wees wat die volgende vergadering byeenroep op die plek en tyd deur die vorige bepaal en die konstituering reël deur die kredensiebriewe na te gaan en leiding te neem by die verkiesing van die moderamen.

Die *iemand* moet 'n kerkraad wees in die geval van die saamroeping van die vergadering. Dit is kerke wat saam kom en daarom kan alleen 'n kerk die ander kerke saamroep en oordeel of afgevaardigdes wettig hulle kerke verteenwoordig.

Die ontvangs van stukke vir die agenda, die ordening daarvan vir die ordelike verloop van die vergadering en die bewaring van argiefstukke kan ook aan deputate (persone) toevertrou word onder beheer van die betrokke vergadering of 'n kerkraad wat daartoe benoem is. Tog is dit die veiligste om ook die korrespondensie aan 'n kerkraad op te dra.

## **[166] BEVOEGDHEID**

Die korresponderende kerkrade moet net alles gereed maak vir die vergadering en het geen beslissingsreg namens die kerke nie. Die korresponderende en roepende kerkrade kan alleen gesamentlik beslis of dit noodsaaklik is om die tyd en plek van 'n vergadering te verander en na die versoek van minstens twee mindere vergaderings, of daar 'n buitengewone vergadering opgeroep moet word.

## **OPROEP BUITENGEWONE VERGADERING**

In sulke gevalle handel die korresponderende en roepende kerkrade in oorleg met mekaar en die betrokke kerkrade of meerdere vergaderings.

In geval van 'n buitengewone klassis sal ten minste nog twee kerkrade en in geval van 'n buitengewone nasionale sinode, soos bepaal, ten minste nog twee partikuliere sinodes geraadpleeg en hulle toestemming tot die byeenroeping van so 'n buitengewone vergadering verkry moet word.

Oorspronklik is in artikel 45 net bepaal dat die kerkraad waar die laaste vergadering gehou is, moet sorg dat die handeling van die vorige op die volgende vergadering sal wees (Dordrecht 1578). Dit word so deur die Partikuliere Sinode van Tholen (1602) verklaar dat die roepende kerkraad ook alle stukke moes bewaar. Omdat waardevolle argiefstukke deur die wisseling van roepende kerkrade verlore geraak het, is later egter

besluit dat daar 'n vaste kerkraad benoem moet word net vir die ontvangs en bewaring van argiefstukke.

By ons het die sinodes van 1961 en 1964 behoorlike argief-reëlins gemaak te Potchefstroom en is korresponderende kerkrade net verantwoordelik vir die bewaring tot die stukke daarheen versend kan word.

## [167] ARTIKEL 46: VASSTELLING VAN DIE AGENDA

**"Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie; tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander."**

Die artikel is eintlik vanselfsprekend en reeds in 1571 in die Kerkorde opgeneem. Dit is vanselfsprekend omdat dit in die kerkregering gaan om die vasstelling van die Koningswoord wat vas is! Daar word in die nuwe teologie geopereer met die gedagte dat ander tye, ander norme te voorskyn roep. In hierdie artikel word kort en bondig geantwoord: die Woord van die Here is altyd dieselfde - gister, vandag en môre, "... sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie ...". Alleen nuwe sake kan in die agenda opgeneem word.

Daar is geen geleentheid vir byvoorbeeld 'n afwykende kerk om soos die druppende kraan wat die klip laat bars, vergadering na vergadering met dieselfde voorstel te kom totdat hy eindelik sy eie afwykende gevoel deurgedruk kry nie. Die uitspraak word eenmaal gegee oor hoe volgens God se Woord gehandel moet word en dit is afgehandel.

Die beginsel word sterk gestel. Maar daar volg ook "tensy ...", daar word hier ook, soos in artikel 31, gereken met die feilbaarheid van 'n meerdere vergadering. Dit is alleen die Woord van God wat onfeilbaar is. Dit kan noodsaaklik wees om "iets te verander" omdat

- die Woord van God verkeerd verstaan of toegepas is;
- die tye so verander het dat 'n besluit oor middelmatige sake nie meer toepaslik is nie;
- die besluite nie duidelik geformuleer is nie of nie rekening gehou het met alle omstandighede nie.

Die noodsaaklikheid dat die besluit moet verander word, moet bewys word in 'n gravamen of bewaarskrif.

Die Sinode 1964 het prosedurereëls waaraan 'n beswaarskrif onderworpe is, neergelê en bepaal dat 'n beswaarskrif "gerig word tot die vergadering wat die besondere besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word." Teen die bepaling het Spoelstra beswaar (Handleiding) [168] omdat dit sou impliseer dat dit *of* net kan beteken dat dit op dieselfde vergadering wat die besluit geneem het moet dien *of* dat die meerdere vergaderings permanente kolleges is (p.285). Op die letter af lyk dit of hy gelyk het, maar dit is duidelik nie die bedoeling nie. Die prosedurereël beteken net dat as 'n klassis 'n besluit geneem het waarteen beswaar aangeteken word, moet dit by 'n volgende klassis ingedien word en nie by die partikuliere sinode nie. Dit sluit nie uit, soos Spoelstra blykbaar redeneer nie, dat 'n beswaarde eers die oordeel van 'n mindere vergadering kan vra voordat hy dan kan beswaar maak of selfs appelleer nie.

Noodsaaklike veranderinge ten opsigte van middelmatige sake kan ook by wyse van 'n vraag of beskrywingspunt geskied, natuurlik met behoorlike motivering. In die sestiende eeu het die begrip gravamina beide beginselbesware sowel as vrae oor middelmatige of beginselsake behels. Tans het dit meer betrekking op beginselbesware.

Met die artikel moet besondere erns gemaak word anders word die leiding van die Heilige Gees in die geskiedenis van die kerk nie na behore geag nie.

Die Sinode 1964 het die prosedure waarvolgens beswaarskrifte ingedien moet word, vasgestel (Acta bl. 444; kyk bylae by artikel 46 K.O.).

## [169] ARTIKEL 47: DIE PARTIKULIERE SINODE

**"Die partikuliere sinode is 'n vergadering van naburige klassisse waarheen elke klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die partikuliere sinodes bepaal. Die partikuliere sinode vergader jaarliks; tensy dit na die oordeel van minstens twee klassisse noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep."**

Artikel 47-51 gaan van dieselfde begin uit as artikel 41-45, naamlik dat die kerke op mekaar aangewys is in die kerkregering. Die kring van kerke wat betrokke is, word net groter. Hier is sprake van sinode, wat beteken samekoms. Dit het 'n tegniese term geword om die kerklike vergaderinge van groter omvang as die klassis aan te dui.

### NABURIGE KLASISSE

Partikuliere sinodes is vergaderings van naburige klassisse. In hierdie vergadering word die sake wat die leer en praktiese kerkregering raak saamgetrek en word leerbeslissinge en kerkregtelike sake van algemene belang voorberei. Reeds die Sinode van Emden (1571) het bepaal dat sake aangaande die leer en dan aangaande die kerkregering, voorrang op die partikuliere sinode se agenda moet kry. As die partikuliere sinode goed funksioneer, behoort daar baie min sake rakende die kerkregering in soverre dit die praktiese sy betref op die nasionale sinodale tafel te kom. Daarom is 'n jaarlikse byeenkoms noodsaaklik. Tugsake behoort hier gefinaliseer te word en alle kerke behoort in sake van plaaslike aard waarvoor hulle hulp nodig het, naas die klassis genoeg te hê aan die partikuliere sinode sodat net sake rakende die belydenis en Kerkorde, wat alle kerke raak, deur die nasionale en algemene sinodes behandel hoef te word. Die pogings om die partikuliere sinode af te skaf is 'n openbaring van kortsigtigheid met betrekking tot die toepassing van die gereformeerde kerkregering waarin die sirkels altyd breër uitkring vanaf die plaaslike kerk na die onmiddellike omgewing en daarna die streek omvat en eindelik in die breedste kringe as die nasionale en algemene sinode saam kom.

Hoe omvattender die vergadering, hoe minder (kwantitatief) die sake wat op 'n tafel kom, maar dan ook juis meer in kwalitatiewe sin.

Die naburige klassisse wat byeenkom as die partikuliere sinode, dui op meer kerke wat byeenkom om beter hulp te kan bied en veral om sake in <sup>[170]</sup> 'n besondere streek waarin die kerke dieselfde belang het, te behartig. Die groepering van klassisse om 'n partikuliere sinode te vorm, mag dus nie willekeurig wees soos dit tans by ons die geval is nie.

Oorspronklik het 'n partikuliere sinode uit klassisse bestaan van kerke wat in dieselfde land 'n toevlug gevind het. So was daar eers die partikuliere sinodes van vlugtelingkerke uit Duitsland en Engeland, en die in Nederland. Na die bevryding is die klassisse volgens staatkundige indeling gegroepeer in die vorming van partikuliere sinodes in Nederland. Hier by ons is aanvanklik ook uitgegaan van die provinsiale grense, maar later meer van die getal klassisse. Die latere indeling neig so om meer rekening te hou met die aantal klassisse en minder met provinsiale grense. Dit lewer probleme op met die behartiging van sake van algemene provinsiale belang. Veral optrede in sake soos onderwys word bemoeilik en ook word die gedagte van onderafdelings van 'n groot geheel soos in die kollegiale sisteem gewek.

### AFVAARDIGING

Die afvaardiging na die partikuliere sinode is 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge uit elke klassis. Daar moet *ooreenstemming* deur *oortuiging* wees op 'n sinode en nie deur *oorstemming* van 'n klassis wat uit meer kerke bestaan as 'n ander een wat in die

partikuliere sinode verteenwoordig is nie.

Dieselfde vereistes vir 'n korresponderende en roepende kerkraad geld vir die partikuliere sinode as vir die klassis. 'n Klassis kan aangewys word om 'n roepende kerkraad te benoem of die partikuliere sinode kan self een benoem.

Die Sinode 1973 het besondere bepalinge insake die afvaardiging na 'n partikuliere sinode daargestel (Acta 1973, art. 141. Kyk bylae by art. 47 K.O.).

## **[171] ARTIKEL 48: ONDERLINGE KORRESPONDENSIE**

**"Onderskeie klassisse, partikuliere en/of nasionale sinodes onder kerke in algemene sinodale verband, kan met naburige klassisse, partikuliere en/of nasionale sinodes onderskeidelik, korrespondensie hou soos elkeen dit vir die algemene welsyn die beste ag."**

Die oorspronklike artikel is deur die Sinode van Dordrecht 1618/19 in die Kerkorde ingevoeg nadat die noodsaaklikheid daarvan veral vanaf 1586 geblyk het. Die Nederlandse owerhede het van toe af die nasionale sinodes verbied uit vrees dat die kerke deur die sinodes te selfstandig teenoor die owerhede sou word.

### **KORRESPONDENSIE**

Gedurende die tyd het die voorlopers van die Remonstrante al woelig begin raak en veral na die eeuwisseling het die partikuliere sinodes groot behoefte gehad aan die beleving van die kerkverband in die optrede teen die Remonstrante.

Op voetspoor van Suid-Holland, wat deputate vir korrespondensie na Noord-Holland gestuur het in 1593, het die soort korrespondensie voor 1618/19 algemene praktyk geword en het Dordrecht die praktyk in die Kerkorde gevestig.

Die korrespondensie het bestaan in die oor en weer afvaardiging van deputate wat adviserende stem gehad het en in alle sake wat albei partikuliere sinodes geraak het, 'n beslissende stem. Ook was daar briefwisseling en die agenda en Acta is uitgeruil.

Vandag, hoewel nasionale sinodes gereeld byeenkom, is die artikel nog nodig. Dit kan gebeur dat die nasionale sinodes om een of ander rede nie kan byeenkom nie. Maar selfs as hulle byeenkom, is die korrespondensie tussen partikuliere sinodes en klassisse onderling nog nodig in spesifieke sake wat meer as een partikuliere sinode of klassis raak en van tyd tot tyd na vore kom en wat tog nie by 'n nasionale sinode tuis hoort nie.

In hierdie artikel maak ons vir die eerste keer kennis met die term korrespondensie op 'n vlak wat geen probleme lewer nie en eintlik vanselfsprekend is. In artikel 51 kom die term weer na vore met betrekking tot die verhouding tussen kerke oor nasionale en taalgrense heen.

**[172]** Nou moet egter reeds vasgestel word dat van korrespondensie alleen sprake is waar daar eenheid van belydenis en kerkregering is. Die term korrespondensie word letterlik geneem; daar is ooreenkoms of ooreenstemming tussen die kerke daarom moet met mekaar oorleg gepleeg word in sake van algemene belang om tot 'n optrede wat ooreenstem te kom. Om korrespondensie te onderhou is dus 'n manier waarop die kerkverband beleef word; 'n gebrekkige manier as dit die plek van nasionale sinodes moet inneem (kyk vir die term Korrespondensie ook Sinode 1955 Acta bl. 7157).

## **[173] ARTIKEL 49: DEPUTATE**

**"Elke meerdere vergadering benoem deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag. Die partikuliere sinode benoem in elk geval deputate om aan klassisse hulp te bied in voorkomende moeilikhede en om teenwoordig te wees by die proponentseksamen (peremptoir). Vir die onderskeie belange moet soveel moontlik afsonderlike groepe deputate benoem word. Hierdie deputate hou van al hulle handeling notule om aan die meerdere vergadering verslag te doen. Slegs die betrokke meerdere vergadering kan hulle van hierdie opdrag onthef."**

Artikel 49 het in die Kerkorde gekom op die Sinode van Dordrecht 1618/19.

### **PLEK VAN DEPUTATE**

Dit het as agtergrond die beginsel dat meerdere vergaderinge nie permanente bestuurskolleges is nie. Daar moet dus gesorg word vir 'n weg waarlangs besluite, wat nie uitgevoer kon word tydens die vergadering nie, tog uitgevoer kan word.

Die kerke wat in die meerdere vergadering saam is, benoem dan persone wat geskik is om die besluite van die gesamentlike kerke uit te voer.

Deputate is dus nie regeerders wat na eie oordeel in naam van die kerke optree nie. Daar word geen sodanige mag aan hulle gedelegeer nie. Hulle is gebonde aan wat besluit is. Daarom "... van wat besluit is uit te voer volgens 'n wel omskrewe opdrag." Meerdere vergaderinge moet dus daarop let dat duidelike opdragte gegee word en deputate dat stip daarna gehandel word. Hulle moet ook aan die kerke byeen in 'n volgende vergadering verslag doen *dat* en *hoe* hulle hul opdrag uitgevoer het. Daar word van hulle verwag om 'n notule te hou van wat hulle doen.

Die artikel noem dan besondere deputategroepe wat deur partikuliere sinodes in elk geval benoem moet word en dit raak verskillende Kerkorde-artikels.

Waar die Kerkorde bepaal dat met advies van die deputate gehandel moet word en die klassis die advies nie aanvaar nie, mag die klassis die besluit nie uitvoer alvorens die partikuliere sinode na rapport van die deputate daaroor beslis het nie (vgl. ook H.C. Rutgers, Kerkelijke Deputaten).

## **[174] ARTIKEL 50: DIE NASIONALE SINODE**

**"Die nasionale sinode is 'n vergadering van al die partikuliere sinodes (of betrokke mindere vergadering) waarheen elke partikuliere sinode (of betrokke mindere vergadering) 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos die nasionale sinode bepaal, afvaardig. Die nasionale sinode vergader drie-jaarliks; tensy dit na die oordeel van minstens twee partikuliere sinodes (of betrokke mindere vergaderings) noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep."**

### **SAMESTELLING**

Die samestelling van die nasionale sinodes is uiteraard prinsipieel dieselfde as die van partikuliere sinodes. Die aandag word nog eens op die gelyke getal bedienaars van die Woord en ouderlinge wat afgevaardig word, gevestig.

Daar moet egter weer gelet word op die wyse van afvaardiging. Soms word die gedagte dat predikante volgens *toerbeurt* afgevaardig moet word, sterk voorgestaan. Dit kom voor dat dieselfde predikante by herhaling afgevaardig word, en so, word geredeneer, word die moontlikheid van hiërargie geskep. Verder sou dit 'n geleentheid aan predikante gee om op 'n sinode te kom wat anders nooit die geleentheid sou kry nie. Elkeen moet deur afvaardiging na die sinode die geleentheid kry om te leer en om belangstelling vir die werk van die breedste vergadering van kerke te kweek.

Hierop kan net saam met H. Bouwman (1934) verklaar word dat 'n meerdere vergadering (en veral 'n sinode) nie 'n leerskool is nie, maar wel 'n regeerliggaam ten bate van die kerke. Alleen die bekwaamste manne moet daarheen afgevaardig word om namens die kerke te beraadslaag en te besluit.

### **TYD VAN SAMEROEPING**

Sinodes is nie permanente vergaderinge soos 'n kerkraad nie. Eintlik behoort 'n sinode net saamgeroep te word wanneer die algemene belang van die kerke dit vereis, of wanneer 'n plaaslike kerk of kerke die hulp van al die kerke wat in verband met mekaar saamleef, nodig het, soos dit in Handeling 15 en gedurende die eerste drie eeue gebeur het.

**[175]** Dat daar nie volstaan is met 'n algemene bepaling dat daar wanneer nodig sinodes moet wees nie, maar oorgegaan is tot die stukkies reglementering in die voorskrif dat die sinode driejaarliks moet vergader, moet daaraan toegeskryf word dat dit in die praktyk geblyk het dat die algemene belang van die kerke sowel as die behoefte aan onderlinge hulp, van so 'n aard is dat dit die saamroeping van sinodes op vasgestelde tye vereis.

Daar word ook in die artikel rekening gehou met die moontlikheid dat die belange of behoefte aan hulp die samekoms van die kerke voor die vasgestelde tyd noodsaaklik kan maak. Daar kan egter nie ligtelik oorgegaan word tot die stap nie.

### **BUITENGEWONE SINODES**

Die kerk of mindere vergadering wat behoefte het aan so 'n buitengewone sinode (buitengewoon omdat die agenda net bestaan uit die buitengewone saak of sake wat ter beslissing voorgelê word), moet hulle deur die klassis na die partikuliere sinode wend om te oordeel of die saak wel van so 'n aard is dat dit 'n buitengewone sinode regverdig. Indien die partikuliere sinode dit nodig ag, word dit aan nog 'n partikuliere sinode voorgelê vir sy oordeel voordat die roepende kerk genader kan word om 'n buitengewone sinode byeen te roep.



## **VERVROEGDE SINODE**

Daar kan ook gevra word vir 'n vervroegde sinode. Dit is dan 'n sinode wat die gewone agenda van beskrywingspunte en rapporte afhandel, maar wat byeengeroep is voordat die drie jaar verstryk het omdat daar sake op die agenda is wat spoediger aandag moet geniet, maar tog nie 'n buitengewone sinode regverdig of op 'n ander wyse afgehandel kan word nie.

## **WERKWYSE**

(Kyk Bylae by artikel 50, Kerkorde)

Die doel van die reglementering is om die agenda so spoedig, maar ook so deeglik moontlik afgehandel te kry. So 'n groot vergadering kan nie vir 'n onbepaalde tyd byeen gehou word nie. Veral die ouderlinge afgevaardigdes vind dit moeilik om te lank van hulle werk afwesig te wees.

In Nederland is die oplossing deur die Gereformeerde Kerk en gesoek in die verspreiding van die sittingsperiodes, selfs oor jare heen. Volgens die metode konstitueer die sinode net en verwys die agenda dan na kommissies. Daarna gee die volle sinode periodiek aandag aan die rapporte van die kommissies totdat die agenda oor 'n tydperk van 'n jaar of meer afgehandel is.

## **[176] ARTIKEL 51: DIE ALGEMENE SINODE**

**"Die algemene sinode is 'n vergadering van al die nasionale sinodes waarheen elke nasionale sinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos deur die algemene sinode bepaal, afvaardig. 'n Buitengewone of vervroegde algemene sinode word opgeroep wanneer ten minste twee nasionale sinodes so 'n algemene sinode noodsaaklik ag."**

Hierdie artikel is van die begin af telkemale verander. Oorspronklik het dit die verhouding tussen die Waalse en Nederlandse Gereformeerde kerke gereël. Daarna die tussen die Nederlandse en Indiese kerke. In S.A. is die artikel na omstandighede aangepas. Eers om die verhouding van die kerke binne die Unie van Suid-Afrika en die daarbuite te reël, daarna om die verhouding en korrespondensie met die kerke oor die wêreld en nog later ook die met die kerke onder die nie-blankes in S.A. te reël.

Die Nasionale Sinode van 1979 het egter 'n nuwe artikel geformuleer en die ou artikel na artikel 52 verskuif.

Die verandering is vir goedkeuring van die Algemene Sinode van Pretoria-Brooklyn (1980) voorgelê, maar daar is versuim om die rapport van die kommissie wat oor die versoek 'n aanbeveling moes maak, te notuleer. Tog kan aanvaar word dat die artikel so goedgekeur sal word op 'n volgende algemene sinode.

### **DIE SAMESTELLING**

Die samestelling verskil nie prinsipiël van die van die ander sinodes nie. 'n Gelyke aantal predikante en ouderlinge word na die algemene sinode deur elke nasionale sinode afgevaardig. Tans is dit vyf predikante en vyf ouderlinge.

### **SAAMROEPING**

Die algemene sinode van 1980 het verder ook besluit dat daar elke vier jaar so 'n sinode saamgeroep moet word (kyk by artikel 29 hierbo oor die instelling van die algemene sinode).

## [177] ARTIKEL 52: KORRESPONDENSIE

**"Kerklike korrespondensie en samewerking of kontak (met kerke en kerklike instansies) buite die algemene sinodale verband, word in 'n algemene sinode gereël."**

### REDAKSIE

Oorspronklik het die artikel die sending gereël. Die Algemene Sinode van 1975 het die ou artikel 51 na artikel 52 verskuif. Die redaksie waarin bepaal is dat die korrespondensie deur die nasionale sinodes onder "goedkeuring van die algemene sinode" gereël moet word, het egter nie bevredig nie. Die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerk in S.A. het bostaande redaksie aan die Algemene Sinode van 1980 voorgelê. Die voorstel is egter deur dieselfde lot as die oor artikel 51 getref. Daar sal dus D.V. 1984 finaal oor die artikels besluit moet word.

Die bepaling oor die korrespondensie berus op *die eenheid in leer, diens en tug wat die kerke ook op organisatoriese vlak na mekaar toe dwing*, al verhinder lands- en taalgrense sowel as afstande dat hulle in sinodes saam vergader.

Langsamerhand is ook die praktiese implementering van die eenheidsbeleving soos in Artikel 48 uitgewerk, in die artikel bygetrek. Die Stategeneraal van die Nederlandse Republieke wou na Middelburg 1586 nie meer toelaat dat nasionale sinodes byeen kom nie. Daar is toe gereël dat die eenheid in leer, diens en tug, onder die omstandighede deur korrespondensie gehandhaaf word.

Korrespondensie is, histories gesien, dus 'n gebrekkige vorm van die praktiese beleving van die kerkverband. Deur briewe en/of afgevaardigdes het die partikuliere sinodes mekaar op hoogte gehou van hulle besluite en in geval van leerkwessies is aan mekaar se deputate keurstem verleen.

Korrespondensie het so onder sekere omstandighede soos in geval van afstand, taalverskil, owerheidsbemoeiing en so meer, waardeur die saamroeping van 'n sinode onmoontlik gemaak word, in die plek gekom van 'n sinode.

[178] Maar, net soos in die geval van 'n sinode, is by die beoefening van korrespondensie die eenheid in leer, diens en tug voorwaarde.

Hoewel die begrip korrespondensie deur die loop van jare ander betekenis gekry het en daar tans 'n neiging is om dit in die meer algemene betekenis van "kontak" te neem, kon dit in artikel 52 alleen geneem word in die sin van die praktiese beleving van die kerkverband kragtens die eenheid in leer, diens en tug. (Kyk verder hieroor onder andere Acta 1862 en 1869; ook G.P.L. v.d. Linde, Korrespondensie in die Goue Kandelaar 1973, asook dr. K.S. van Wyk de Vries, in In die Skriflig, Des. 1972, Acta Sinode 1976 pp. 243 en veral pp. 253 e.v., sowel as die bylae by artikel 52 K.O.)

## **[179] HOOFSTUK 4: OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES ARTIKELS 53-70**

### **ARTIKEL 53: ONDERTEKENING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE**

**"Die bedienaars van die Woord en ook die professore aan die teologiese skool moet die drie Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1618/19 onderskryf en onderteken en die wat weier om dit te doen, moet metterdaad in hulle diens geskors word deur die kerkraad of klassis, en in die geval van professore, deur die nasionale sinode, totdat hulle hul daarvoor volledig verantwoord het. As hulle hardnekkig weier, moet hulle heeltemal van hulle diens afgesit word."**

#### **VERBAND**

Deel I van die Kerkorde het gehandel oor die *dienste*. Christus versorg en regeer sy kerk deur geroepe *diensknegte*.

Hoewel hulle elkeen 'n persoonlike opdrag het (kyk o.a. Esegël 3:16 e.v., Matt. 4:19; 1 Tim. 3 ens.) is hulle tog verplig om hulle taak in oorleg met mekaar uit te voer (kyk art. 37). Daaroor handel Deel II; *oor die kerklike vergaderings*. Hulle handel nie net in die kerkraad gemeenskaplik nie, maar ook in meerdere vergaderings omdat die kerke op mekaar aangewys is.

Nou word in 'n nuwe afdeling weer teruggekeer na die diens self.

#### **NET DIENSKNEGTE**

Die kerkregeerders en versorgers mag nooit vergeet dat hulle maar net diensknegte is nie (Matt. 10:24). Die bediening van versoening is aan hulle toevertrou (2 Kor. 5:18-20). God spreek tot sy kerk deur die Seun (Hebr. 1:1 en Joh. 7:16-18). Sy diensknegte moet Hom, die Vleesgeworde Woord, *ná-praat* in hulle roepingsvervulling. Ook in die kerkregering.

**[180]** Jesus Christus en Hom as die Gekruisigde en verheerlikte Heiland en Here, moet in alles wat hulle doen, gehoor word. (Vgl. Joh. 10:1-29; 1 Kor. 1:17; 3:5-11). Hy is die fondament van die kerk waarop sy diensknegte moet bou (vgl. I Kor. 3:11 en Ef. 4:12 e.v.).

#### **DIE WOORD DIE BRON**

Wat die Here aan sy kerk wil deurgee, het Hy in sy Woord, die profetiese Woord wat baie vas is, (2 Petr. 1:19) gegee. Maar ons moet veral dit weet: *"dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie;* want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petrus 1:10 en 21). Die Heilige Gees het ook al vroeg in die bestaan van die Nuwe-Testamentiese kerk getoon dat Hy sy bedoelinge aan die kerk bekend maak deur die gesamentlike oorleg van die geroepe diensknegte wat uit die kerke en deur die kerke gestuur word om onder sy leiding raad te hou oor die betekenis van dit wat Hy in die profetiese Woord laat vaslê het (kyk Handeling 15). Wat die kerk só verstaan van dit wat die Goeie Herder bekend gemaak het tot ons heil, word saamgevat in die belydenisskrifte.

#### **DIE BELYDENISSKRIFTE**

Die belydenisskrifte is dus nie 'n bron naas die Skrif nie, *maar die stroom wat uit die Bron, die Skrif, vloei* om die dore na God te les (vgl. Ps. 42). Soos die waterstroom afhanklik is van sy bron, só is die belydenis afhanklik van en ondergeskik aan die Heilige Skrif. Van die belydenis af moet daar altyd weer by die Skrif gekom word.

## ONDERTEKENING

Wanneer daar nou geëis word dat "Die bedienaars van die Woord en ook die professore aan die teologiese skool moet die drie Formuliere van Eenheid ... onderskryf en onderteken ...", word hulle nie deur 'n papiere-pous gekwel nie, maar net weer eens herinner daaraan dat hulle dienaars van Christus ten behoeve van sy kerk is! Dienaars wat niks anders as die Woord van die Here moet verkondig nie. Hulle onderskryf, stem *in* met die belydenis en beseël hulle instemming - eintlik sterker: hulle *oortuiging* dat alles in die belydenis *ooreenkom* met God se Woord. Hulle teken omdat (quia) die belydenis ooreenkom met die Heilige Skrif (kyk die Ondertekeningsformulier p.80, Kerkorde-uitgawe 1978). Daarom verbind hulle hul om *net die Woord*, soos dit deur die eeue deur die Heilige Gees aan die kerk uitgelê is, te verkondig. Hulle erken dat die profetiese Woord geen saak *van eie uitlegging* kan wees nie. Alle subjektivisme word so by die wortel afgesny (vgl. J.V. Coetzee, 1943, Neocalvinisme K.J.B.F. en 1947: Geskiedenisversaking).

**[181]** Die predikant en professor wat ook nog bedienaar van die Woord is, beloof bewustelik deur die onderskrywing en ondertekening van die drie Formuliere van Eenheid om net dienskneg van die Here te bly en om nooit die plek van die Here te probeer inneem nie. Dit was die sonde wat die kerk vanaf die tweede eeu tot en met die Reformasie geteister het. Satan wou deur die Pous die Here uit sy kerk verdryf. Hy laat Hom egter nie verdring nie. Hy sal sy kerk nooit los laat nie (vgl. Joh. 6:37-40).

Die eis tot ondertekening van die belydenis is reeds vroeg deur die kerke van die Reformasie gestel. Die Franse kerke stel die eis deur die Sinode van Armentiërs, 1566. Emden 1572 volg die Franse kerke hierin. Die predikante (en ouderlinge) moes aanvanklik net hulle handtekening onder 'n afskrif van die belydenis plaas.

## ONDERTEKENINGSFORMULIER

Teen die einde van die sestiende en die begin van die sewentiende eeu het dit egter duidelik geword dat die betekenis van die onderskrywing en ondertekening meer eksplisiet gestel moes word. Die Remonstrantse troebele dwing die Klassis Alkmaar byvoorbeeld in 1608 om 'n nadere omskrywing te gee van wat die eis inhou. Ook Klassis Buren 1610 en die Partikuliere Sinode Zeeland 1610 volg met 'n formulier waarin

- gestel word dat die ondertekenaar die belydenis aanvaar as geheel en al konform die Heilige Skrif;
- onderneem word om die leer uit te dra en te verdedig;
- beloof word om ingeval daar twyfel oor enige punt van die belydenis ontstaan, dit nie in die openbaar te laat blyk nie, maar dit eers met die kerkraad, klassis, partikuliere sinode of nasionale sinode te bespreek en om hom aan die beslissing van die vergadering te onderwerp;
- verder beloof is dat indien 'n kerklike vergadering dit nodig vind om hom tot verantwoording te roep oor enige punt van die leer, hy hom sal verantwoord.

Dordt 1618/19 rond hierdie formuliere af deur 'n "accuraat-formulier" wat dieselfde punte bevat as die van Zeeland, ter vergadering op te stel. Nuut in die Dordtse formulier was die bepaling dat die ondertekenaar altyd die reg van appèl sou hê.

Hierdie formulier is deur die rasionalistegedurende die negentiende eeu as ondraaglik bestempel. Dit sou die predikante aan mensewerk bind en die belydenis bo die Skrif stel. Die resultaat was dat die ondertekenings-formulier van Dordt 1618/19 deur die 1816 reglement vervang is met een waarin die ondertekenaar hom aan die belydenis verbind alleen vir sover **[182]** (quatenus) dit ooreenkom met God se Woord. Prakties het dit daarop neergekom dat elkeen vir homself kan uitmaak wat hy aan die belydenis wou aanvaar en wat nie.

Die Afgeskeidenes 1834 en Dolorendes 1886 en die Verenigde Kerke 1892 het egter

weer die Dordtse formulier aanvaar. Dit is dieselfde wat ons ook nog het (vgl. K.O.-boekie 1978 bl. 80).

Die Gereformeerde Kerke in Nederland het enkele jare gelede weer die Dordtse formulier ingeruil vir een in die gees van die Hervormde Kerk van 1816 (vgl. vir die Quia-quotenus-kwessie ook H. Bouwman Deel II (1934) p.570 e.v.).

Die ondertekening moet na die bevestiging voor die gemeente plaasvind. Elke nuwe bevestiging eis 'n nuwe ondertekening.

Indien 'n predikant (professor) nie die belydenis wil onderteken nie, of nie 'n nadere verklaring van sy gevoele wil gee as hy aanleiding gegee het tot twyfel oor sy leersuiwerheid nie, moet hy geskors word deur die kerkraad of klassis. Die *òf* lyk hier vreemd. Dit moet eerder en wees ooreenkomstig artikel 79 Kerkorde. Alleen in geval die kerkraad weier om sy plig te doen moet die klassis dit alleen doen (vgl. artikel 79).

Daar moet met groot lankmoedigheid opgetree word. Die kerklike vergaderings sorg deur skorsing wel dat die kerk nie deur dwaalleer verwoes word nie, maar tegelyk word ook probeer om alles te doen om 'n dwalende predikant (professor) van sy dwaling te oortuig en te genees. Eers as daar hardnekkigheid is, volg die afsetting ooreenkomstig artikel 79 Kerkorde.

**[183] ARTIKEL 54: ONDERTEKENING DEUR OUDERLINGE EN DIAKENS**

**"Ook die ouderlinge en die diakens en diegene wat deur 'n klassis as proponente toegelaat word, moet die genoemde Formuliere van Eenheid onderskryf en onderteken."**

Reeds die Sinode van Emden 1572 het geëis dat ook ouderlinge, diakens en selfs onderwysers die belydenis moet onderteken. Spoedig is egter volstaan met die mondelinge onderskrywing van die belydenis deur die ouderlinge. Die owerhede het ook verhoed dat onderwysers en professore aan universiteite so gebind word.

Gedurende die sestiende eeu is die eis laat vaar en dit het eers weer finaal in die Kerkorde gekom in 1905, toe ook van die proponente verwag is om die belydenis te onderteken. Die Sinode van 1973 het 'n formulier vir proponente en die van 1967 een vir ouderlinge en diakens vasgestel. In hoofsaak kom dit ooreen met die van predikante.

## **[184] ARTIKEL 55: HANDHAWING VAN DIE SUIWERE LEER**

**"Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weer, wend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die uitoefening van hulle onderskeie ampte by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek, die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aan."**

Die vorige artikel bind die diensknegte van Christus aan sy Woord. Artikel 55 verplig hulle tot die handhawing en verdediging daarvan.

### **DIE REDAKSIE VAN DIE ARTIKEL**

Die artikel lewer ook weer bewys dat die Kerkorde geen dooie, formele dokument is nie. Dit is ingewef in die lewe van die kerk en het as't ware uit die kerk uitgegroe. Die redaksie wat prof. J.D. du Toit nog gebruik het in sy diktaat, lui: "Tot wering van valse leringe ..., *wat deur ketterse geskrifte baie toeneem, ...*". Toe die boekdrukkuns in 1453 uitgevind is, het die kerk - toe nog Rooms - dadelik te doen gekry met die probleem dat gedagtes wat vreemd is aan die leer van die kerk in geskrifte onder die lidmate versprei is, tot nadeel van die kerk. Om hierdie gevaar te bekamp is bepaal dat geen boek sonder kerklike goedkeuring gedruk mag word nie. 'n Bepaling wat veral in die reformatoriese tyd op allerlei maniere omseil is. Die gereformeerde kerke het ook dadelik die gevaar dat dwaalleraars ontrou en afval in die kerke kon bewerk, veral deur geskrifte, besef.

Die Sinode van Dordrecht 1618/19 het in artikel 55 die sogenaamde boekesensuur ingevoer. Dit het bepaal dat niemand van Gereformeerde Religie 'n boek mag laat druk; tensy dit van klassisweë goedgekeur is nie.

Sowel die Roomse kerk as later die Gereformeerde Kerke het dus nie teoreties-spekulatief reëlins ter handhawing van die leer getref nie, maar hulle daarop toegespits om die grootste bron van dwaalleer te probeer toestop.

Die poging van Dordt was egter net soos die van Rome tot mislukking gedoem en die Gereformeerde Kerken van Nederland het in 1905 die <sup>[185]</sup> artikel geredigeer om te lees soos hierbo aangehaal by prof. Du Toit. Daarmee is die beginsel duidelik gestel dat die diensknegte van Christus die suiwere leer moet handhaaf. Tegelyk is ook die een enkele groot gevaar, naamlik geskrifte waardeur die dwaalleer verbrei kan word, voor oë gehou. Boekesensuur is afgeskaf in die sin dat boeke alleen onder goedkeuring van die klassis kan verskyn, maar die noodsaaklikheid van sensuur oor lidmate en/of ampsdraers wat dwaalleer verkondig, ook deur boeke en artikels te publiseer wat nie ooreenkomstig die Skrif en belydenis is nie, is benadruk. Die kwaad wat deur sulke geskrifte gestig word, moet teengegaan word.

In die 1931-uitgawe van die Kerkorde is die verwysing na ketterse geskrifte weggelaat en die huidige redaksie is in 1964 aanvaar. Waarom die sinsnede "wat deur ketterse geskrifte baie toeneem" weggelaat is, is nie duidelik nie.

### **BELANGRIKHEID VAN DIE ARTIKEL**

Die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland het artikel 55 so verander: "De Ambtsdragers zullen met de hun ten dienste staande middelen de invloed tegengaan van onrechtzinnige, revolutionaire en zedebedervende lectuur en zowel in de prediking als bij de catechese en het huisbezoek waarschuwen tegen alles wat de zuiverheid van het christelijk leven bedreigt." Enersyds is dit so dat in ons huidige redaksie die beginsel dat die suiwere leer moet gehandhaaf word nou heeltemal duidelik uitstaan. Andersyds is dit jammer dat die groot bedreiging wat ketterse en sedebederwende geskrifte vir die suiwere leer inhou, nie ook langer uitgelig word nie. Veral in ons tyd is dit noodsaaklik



dat ampsdraers moet let op watter soort leesstof in die huis van gelowiges kom. Die aanslag van die Satan deur die sogenaamde kunsroman, gedigte, kortverhale en allerlei soort skrifverklarings, leerstellings uiteensettinge en so meer is so ontsettend dat die oë daarvoor nie gesluit mag word nie. Hier geld die waarskuwing deur Paulus: "As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, die is verwaand en verstaan niks nie,..." (1 Timotheüs 6:3-5). Ons verwag van die owerhede om deur die sensuurraad sulke soort geskifte te weer, maar wat doen die ampsdraers in Gereformeerde Kerke? Word daar nog ooreenkomstig artikel 55 teen sulke boeke en artikels gewaarsku?

## **STRYD TEEN DWAALLEER**

In artikel 55 word aan elke ampsdraer opgedra om deur lering in die prediking katekisasie en met huisbesoek die ware leer te handhaaf teenoor die dwaalleer wat vanaf platforms, in geskifte en oor die televisie verbrei word.

**[186]** Die bedienaar van die Woord moet in hierdie verband ook deur die prediking en katekisasie die gemeente leer, "om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie tot op die dag van Christus..." (Filippense 1:10). Hy moet hulle uit die Woord van God laat begryp dat 'n skrywer onder geen omstandighede dinge mag bevorder wat die leser kan aanmoedig om in leer of lewe af te wyk van "die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus nie." Hy moet die gelowiges leer dat slegte gesprekke en geskifte en verhale, goeie sedes bederf om nie eers te praat van die goedkoop tydskrifte waarin die Antichristelike wetteloosheid geroem word nie. Hy moet die gelowiges dus leer hoedat die Satan geskrewe middele sowel as die televisie, radio en selfs toesprake en konferensies gebruik om die suiwer leer te ondermyn ter voorbereiding van die ryk van die Antichris. Ook die ouderling moet by huisbesoek met erns die oë open vir die gevaar. Die gelowiges moet gewaarsku word en waar daar nie op die gevaar ag gegee word nie, moet vermaan en bestraf word. By verharding moet die skrywers en ander verbreeders van die dwaalleer en aanhangers daarvan, wat lede van die kerk is, getyg word.

In die lig van die groot debat rondom die sensuur oor geskifte is dit van belang om te let op die bedenkinge wat prof. J.D. du Toit saam met die Sinode van Leeuwarden 1890 teen die boekesensuur deur die kerk sowel as die staat laat hoor:

- Dit is moeilik om behoorlike beoordelaars na die vereiste van die Dordtse K.O. vir die toepassing van sensuur te kry. Oppervlakkige sensuur doen meer kwaad as geen sensuur nie. So is die *Sions Worstelinge* van die Rotterdamse predikant J. Fruytier verbied terwyl dit goed gereformeerd was en is die panteïstiese *De hemel op aarde* van ds. Leenhof met klassikale goedkeuring uitgegee. Daar kan in die verband ook gedink word aan soveel lasterlike en sedebederwende boeke en rolprente wat as nie-aanstootlik in Suid-Afrika deurgelaat word. En dink veral aan die kwaad wat gestig word omdat die norm wat tans by sensuur in Suid-Afrika aangelê word, nie die Woord van God is nie, maar dit wat vir die algemene publiek aanstootlik sou wees al dan nie.

- Sensuur op dag en weekblaaie is onmoontlik.
- Afgekeurde boeke kom tog in die lig en dan met sekere reklame.
- Die owerheidsensuur ten opsigte van godsdienstige boeke is geheel en al onmoontlik.

"Die goeie beginsel in hierdie artikel (die van die oorspronklike D.K.O.) is dat die geïnstitueerde kerk sal toesien wat daar deur sy lidmate gelees word ..."; (kladiktaat 1941-44).

## [187] ARTIKEL 56: DIE HEILIGE DOOP

**"Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van die Christene in die erediens met die Heilige Doop beseël word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is."**

Vanaf artikel 53 is maatreëls getref vir die suiwere *oordrag* en *bewaring* van die /eer. Let veral op die bevel "en /eer hulle om alles te *onderhou* wat *Ek julle beveel het*" (Matt. 28:19).

Die leer word vanweë ons stompsinnigheid en swakheid (art. XXXIII N.G.B.) afgeteken en beseël (Sondag XXV H.K. ant. 66) deur die sakramente. Woord en sakrament hoort bymekaar. Voorwaarde vir die sakramentsbediening is die bediening van die Woord. Die doop teken en beseël die inlywing in die kerk en die nagmaal die voeding en versorging van die lede van die kerk.

Hierdie beginsel bepaal dan die plek van die artikels oor die sakramente in die kerkorde.

Die bediening van die sakramente word vanaf artikel 56 tot 64 gereël.

### DIE VERBOND VAN GOD

"Die verbond ... moet ... beseël word ..."

In die vorige artikel is in die algemeen van "die suiwere leer" sprake. In artikel 56 word die leer nader aangedui as die leer van die verbond. Dit gaan in die kerk immers om die verhouding tot God en die regte gedrag van die gelowiges in hierdie verhouding tot Hom. Daarom ook dat die verbond beseël word. Die *egtheid* van die verbond word *gewaarborg*.

### BELOFTE

Wat is die verbond? Dit is die *ooreenkoms* wat God met diegene wat Hy na sy voorneme roep (Romeine 8:28), maak; waarin Hy beloof "om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7). Die ooreenkoms is eensydig (monopleuries). Dit kom net van God se kant af. *Hy kom* na die mens en *Hy beloof* aan die wat *Hy roep* dat Hy vir hulle en hulle kinders 'n God sal wees.

### [188] EIS

Hy *eis* egter ook: "Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag na jou van geslag tot geslag" (Gen. 17:9; kyk ook Handeling 2:39). *Hy sorg ook dat aan die eise voldoen kan word deur die verbondsbloed* (kyk Exodus 12:7; Hebreërs 8 en 9; Romeine 8:29).

Hoewel elke verbond (ooreenkoms) gewoonlik twee dele het naamlik beloftes en eise van die een kant wat beantwoord word met beloftes en eise van die ander kant, word in die verbond van God die beloftes *net deur Hom gemaak* en die eise *net deur Hom gestel*. Die ander party; die geroepenes moet alleen *sy belofte aanvaar en voldoen aan sy eise en daartoe maak Hy hulle ook bekwaam*. Hy gee ook wat Hy vra. Vandaar dat die verbond ook die *genadeverbond* genoem word. Lees verder oor die Verbond onder andere die volgende:

Calvyn: Institusie Boek IV, Hoofstuk XV;

Bavinck (1911): Gereformeerde Dogmatiek III Hfs. VII;

A. Kuyper (1909): De Leer der Verbonden (Volksuitgave. Kampen); en F.N. Lion-Cachet (1977): Die Kontinuïteit van die Abrahamitiese Verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. Ongepubliseerde Proefskrif PU vir CHO.

## DIE SEËL VAN DIE VERBOND

### Seël

Uit die voorgaande behoort dit duidelik te wees dat die verbond, kennis daarvan en handeling ooreenkomstig daarmee, die fondament is waarop die kerklike lewe gebou is. Daarin word die nuwe lewe in Christus geopenbaar en beheers. Vandaar dat God ook sy verbond beseël, die egtheid daarvan vir die met wie Hy dit opgerig het, waarborg (Gen. 17:10-13; Matt. 28:19). 'n Seël is in die ou tyd, en word vandag nog, gebruik om aan te dui dat 'n geskrewe dokument waarlik van die skrywer afkomstig is. As 'n koning 'n bevel onder sy seël uitgereik het, het die seël gewaarborg dat die bevel waarlik deur die koning uitgereik is en daarom gehoorsaam moet word (Ester 3:12 en 8:8). Die seël dien as waarborg vir die egtheid van die stuk. Die doop waarborg dan dat God aan die wat Hy deur Jesus Christus met Homself versoen en daarom geroep het, beloof het dat Hy hulle God sal wees en eis dat hulle sy volk moet wees, nadat Hyself hulle as sy volk geheilig het (1 Petr. 2:9). Waar Jesus Christus die Middelaar van die verbond is, geld ook daarvan: "Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg. Sodat ons deur twee onveranderlike dinge (naamlik die belofte en die eed) waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat <sup>[189]</sup> ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê, en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat... 'n hoëpriester geword het vir ewig" (Hebr. 6:17-20).

### TEKEN

Dit is in die lig hiervan opmerklik dat in artikel 56 net van die doop as seël van die verbond gepraat word. Die Kategismus noem dit ook "'n sigbare waarteken" (S. XXV antw. 66); die *doop* laat iets *sien*, dit maak iets *duidelik* (S. XXVI nr. 69). Die water wat as teken oor die dopeling gegiet word, laat *sien* hoe dat mens skoon gewas word en laat verstaan dat die bloed van Jesus die mens reinig (was) van al sy sondes (antw. 69).

Die sonde staan nie meer tussen die dopeling en God nie. God wys hom nie meer in toorn weg nie (Gen. 3:24) en die mens wil nie meer soos God wees (vgl. Gen. 3:5 en 6) en dus sy eie baas nie, hy wil hom weer aan God onderwerp. Die Heilige Gees vernuut hom; wederbaar hom sodat hy weer mens van God, volkome toegerus vir elke goeie werk, kan wees (2 Tim. 3:17 en ook H.K.S. XXXVI antw. 70 [?? HK S. 26 antw. 70]).

Dit moet elke verbondskind in die kerk deur die bediening van die doop altyd sien.

### VERSEKERING AAN DIE PERSOON

Die doop as teken en seël dien dus as anker vir die strydende gelowige op aarde. As die spotstem fluister: waar is jou God? (Ps. 42:4) gee God self aan ons deur ons doop die antwoord om aan die spotters te gee: "Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep, jy is Myne" (Jes. 43:1). Daarmee is dit ook duidelik waarom juis die naam van die dopeling so noukeurig uitgeroep word by die bediening van die *doop*: *dit is 'n waarborg van God wat gegee word aan die spesifieke persoon met die besondere naam*.

Calvyn sê dat die doop gegee is as 'n verseëlde handskrif waardeur die Here aan ons wil bevestig dat met al ons sondes weggedoen is; dit is deurgehaal en uitgewis. Dit sal nooit weer voor sy aangesig kom en nie vermeld en toegereken word nie (Inst. IV.XV.1). Deur sy doop is elke strydende en berouvolle sondaar lewenslank verseker dat sy sondes vergewe is en dat hy deur die genadewerking van die Heilige Gees tot 'n nuwe lewe in staat gestel word (IV.XV. 3,4; vgl. Rom. 7:24).

Die Provincial Assembly of London 1654 (Jus Divinum Ministerii Evangelici, or The Devine Right of the Gospel-Ministry) sê: "If we consider the nature, use, or efficacy of Baptism, it is called by the holy Ghost a saving Ordinance, and is unto believers and their seed in the New Testament, as <sup>[190]</sup> the Ark was to Noah and his family in the old world, who being in die Ark was saved from perishing in the waters, when the rest were drowned;

..." (p.23).

Die doop laat so *sien dat* en *wat* God *beloof* en *eis* in die Verbond en *waartoe* Hy ons in Christus *bekwaam maak* (vgl. Rom. 6:1-12; Rom. 7:21-25; 2 Kor. 5:17-19); dit *waarborg* ook die egtheid van die beloftes en eise, ook in die *gedoopte* se geval.

Die doop bring en stel die *verbond* voor die oë van die gemeente as 'n *allesbeheersende werklikheid*.

## DIE DOPELING

Die opdrag in artikel 56 is om die doop "aan die kinders van die Christene" te bedien.

Uiteraard word in die artikel gereken met die normale feit dat die wat God na sy voorneme wou roep, reeds geroep en vergader is as kerk. Vandaar dat die opdrag om hul kinders, die kinders van die Christene; dit is van die wat aan Christus behoort en sy dissipels is (Handelinge 11:26), te doop.

God roep die met wie Hy sy verbond wil oprig uit die gevalle mensheid (vgl.) Gen. 12 i.v.m. 11). Wie gelowig op die roeping die beloftes en die eise aanvaar, word gedoop (Gen. 17:10 en 11 en Handelinge 8:30-38 in die lig van Kolossense 2:11-14). Hy word so deur die doop in die kerk ingelyf (Handelinge 2:41 en 42). Die doop is die bewys dat so een tot die familie van God behoort (kyk Ex. 24:8 en Hebr. 9:4 en Calvyn Institusie, IV.XV.13 en Calvyn: Kategismus 1541, Vertaling Prof. dr. H.W. Simpson, T.S.P.-Publikasies, 1982). Die doop volg in die geval eers op die belydenis *van* geloof. God self sê egter verder dat Hy sy verbond oprig met die gelowiges en hulle nageslag. Daarom moet die verbond ook aan hulle kinders beseël word. (Gen. 17:7; 19:5 en 6; Hand. 2:39; N.G.B. Art. XXXIV; H.K.S. XXVII vr. en antw. 74).

## DIE KINDERDOOP

Die *kinderdoop* is 'n *instelling* van God. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom (Kol. 2:9-15). Daar word wel nêrens in die N.T. direk melding gemaak van die kinderdoop nie, tog word die saak dwarsdeur die N.T. veronderstel deur die nadruk daarop dat die Nuwe-Testamentiese kerk die Nuwe Israel is. "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Galasiërs 3:29; vgl. ook Rom. 11:16-18). Die verbond met Abraham en sy nageslag is mede-beseël deur die besnydenis van elke manlike seuntjie op die agtste dag.

[191] Die kinderdoop word voorts as vanselfsprekend geneem waar vermeld word dat iemand wat tot geloof gekom het en sy *hele huis* gedoop is. Die kinders is daarby ingesluit (vgl. die Sipier en sy huis Hand. 16:31-33).

Die eis van die wederdopers en ander sektes tot die *grootdoop* op grond van onder andere Mark. 16:16 "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; ...", wat eers 'n bewuste belydenis van geloof *voor* die doop veronderstel, hou nie rekening met die oorgangstadium tussen die Ou en Nuwe bedeling nie. In die tyd van die apostels moes *die verstrooide skape* van Israel *eerstens* vergader (tot geloof gebring) word (vgl. Matt. 10:6 e.v. in die lig van 9:35-38) en daarna die *uitverkorenes* uit *die heidene* of nasies toegebring word en is die grootdoop reël (vgl. Matt. 28:29 en Romeine 11:11 e.v., Gal. 2:7-9 en Handelinge 10 veral vers 35). In so verre die vergaderwerk gevorder het en kerke gevorm is, het die normale weer teruggekeer, naamlik dat die verbond van God ook aan *die kinders van die Christene beseël is*.

*Grond van die kinderdoop is dus die verbond van God* (H.K.S. XXVII vr. en antw. 74). Wie nie met die verbond reken nie, moet kom tot die verwerping van die kinderdoop (lees oor die kinderdoop: o.a. H. Bouwman: Geref. Kerkrecht II; Calvyn Inst. IV. XVI en Bavinck 1911: Gereformeerde Dogmatiek IV Hoofs. X, par. 58 en bls. 574). Oor die stryd in die Gereformeerde Kerken in Nederland oor die Kuyperiaanse leer van die doop op grond van die veronderstelde wedergeboorte bestaan daar 'n massa brosjures uit die jare 1940-46. Die stryd het uitgeloop op die vrymaking van 1944 (kyk onder andere

H.N. Ridderbos, s.j. Verbondscollectivisme. Tweede druk; H.N. Ridderbos: De belofte van het Genadeverbond; H.J. Spier: Het Mysterie van Gods verbond - Tweede druk. Dr. P.J.S. de Klerk: Belofte en eis *van* die Genadeverbond (Inougurele rede, Nov. 1949). F.L. Ros: *in* De Orde der Kerk, bls. 206-214 gee die ou sinode besluite oor die saak).

## PROBLEME IN DIE PRAKTYK

In die praktyk is dit soms moeilik om te bepaal of ons te doen het met 'n verbondskindjie of nie. H. Bouwman bespreek die probleme breedvoerig (Deel II, p.264 e.v.). Hier word net kortliks na enkele probleme verwys.

## MOET KINDERS VAN AFVALLIGE (KERKLOSE) OUERS GEDOOP WORD?

Die volkskerk gedagte naamlik dat die hele volk aan die offisiële landskerk behoort, ongeag belydenisaanvaarding, spreek mee in die beantwoording van die vraag.

[192] Die probleem raak dan veral mense wat spottend aangedui word as die wat net vier maal in die kerk kom: met hulle doop, huwelik en die doop van hulle kinders en hulle begrafnis. Kan kinders van sulke ouers nog tot die verbond gereken word? In S.A. is dit in sekere kringe vanselfsprekend dat sulke ouers wel die reg het om die doop vir hulle kinders te eis. Hulle het nog nie die kerk bedank nie. Ons vaders was in die opsig ook ruim van opvatting. Sulke kinders is wel gereken tot die verbond en moes gedoop word, *maar die ouers kon hulle nie self ten doop hou nie*. Hulle kon alleen gedoop word indien daar die *waarborg* is dat die grootouers of ander doopgetuies wat die kind dan voor doop hou, sal sorg vir die *verbondsoopvoeding*. Dit geld in elke geval waar ouers die gebruik van die nagmaal ontsê of onder een van die trappe van sensuur is. In bogemelde geval moet in 'n gereformeerde kerk egter tegelyk met tughandeling teen sulke ouers begin word. Waar die tug nog trou uitgeoefen word behoort die probleem in hierdie vorm nie veel voor te kom nie.

## KINDERS VAN AFGESNEDENES

Wat gebeur nou as die ouers afgesny word vanweë verharding in die sonde - geëkskommuniseer word? Sommige het in die sestiende eeu geantwoord: *Ja*, op voorwaarde dat grootouers nog in die verbond is. Die Skotse kerke het in 1560 gesê: *Nee*, sulke kinders kan alleen gedoop word indien die ouers weer opgeneem is of as die kinders self tot openbare belydenis van geloof gekom het.

Voetius maak die onderskeid in sy *Politica Ecclesiastica* I, 666, tussen kinders gebore *voor die afsnyding*, wat gedoop mag word op die voorwaardes hierbo genoem.

Kinders *na die afsnyding gebore* is egter net soos hulle ouers, buite die verbond en mag nie gedoop word nie. *Hierdie standpunt is seker die Skriftuurlike*. Kinders van heidene mag nie gedoop word nie. En hulle ouers is dan heidene en tollenaars (Matt. 18:17). As een van die ouers egter nog lid van die kerk in volle regte is, kan hy of sy wel die kind ten doop hou (kyk 1 Kor. 7:14).

## BUITE EG GEBORE

Wanneer 'n kindjie buite die eg gebore is geld in die geval van 'n berouvolle moeder dieselfde as in die vorige geval. Is die moeder verhard en die grootouers lidmate in volle regte kan hulle, of ander lidmate die kind laat doop op voorwaarde dat hulle kan sorg vir die verbondsoopvoeding.

## [193] ADOPSIE

Indien so 'n kindjie aangeneem word deur verbondsouers was die praktyk vroeër dat waar dit vasstaan dat so 'n kindjie uit die verbondskring is, die nuwe ouers dit ten doop kan bring. Indien 'n kind 'n vondeling is, het ons vaders gesê dat dit aanvaar moet word dat die kind in die verbondskring gebore is as dit in 'n oorwegend Christelike omgewing gevind is. Wanneer ook deur die kerkraad sekerheid oor die afkoms gekry moes word,

moes deur die ouderlinge en/of predikant met groot kiesheid opgetree word. Geen blote nuuskierighedsvrae mag gestel word oor die afkoms nie.

Tans is so 'n ondersoek deur die kerkraad egter nie meer noodsaaklik nie aangesien die Sinode van 1970 veral op grond van Gen. 17, besluit het dat wettige aanneming ook inlywing in die verbond beteken. Al waarvan 'n kerkraad hom dus tans in so 'n geval noodwendig moet vergewis, is dat die aanneming ook in wetlike vorm sy beslag gekry het en die ouers die aanneming beleef as 'n aanneming in die Here (Acta 1970, art. 73 bl. 137).

### **OUERS WAT DOOPLEDE IS**

Mag ouers wat wel dooplede is, maar nog nie van hulle geloof belydenis gedoen het nie, hulle kinders voor doop hou? Nee, maar die kinders moet wel gedoop word as geskikte doopgetuies gevind kan word om hulle ten doop te hou en op te voed. Die ouers moet intussen vermaan word om die verbondsbeloftes en eise bewustelik vir hulleself toe te eien sodat hulle hul plig ten opsigte van hulle kinders kan nakom.

### **OUER WAT NIE LID VAN DIE KERK IS NIE**

Mag die ouer (vader of moeder) wat nie lid van die betrokke Gereformeerde Kerk is nie wel saam met die een wat lid is, hulle kindjie ten doop hou?

As reël mag dit nie en wanneer dit tog in 'n uitsonderlike geval mag gebeur dat 'n *gelowige ouer* wat om gewigtige redes nie tot 'n Gereformeerde Kerk behoort nie, soos die Duitssprekende eggenoot wat vanweë kulturele faktore lid van die Lutherse kerk bly, tog toegelaat word om saam met die een wat die kindjie voor doop hou in die midde van die gemeente te verskyn, mag hy (of sy) in so 'n geval *nie antwoord* op die vrae wat gestel word nie. Net die ouer wat *lid is*, word in die vrae aangespreek.

### **[194] DOOP IN 'N ANDER KERK**

Ouers wat lid is van 'n Gereformeerde Kerk met wie in kerkverband geleef word elders en op besoek is by hulle ouers, kan toegelaat word om hulle kindjie in die kerk waar hulle op besoek is te laat doop *mits die kerkraad onder wie se sorg hulle woon daartoe toestemming* gee. Aan daardie kerkraad sal dan ook moet berig word *dat* en wanneer die doop wel bedien is. As reël moet die verlof skriftelik wees en onderteken deur twee lede van die kerkraad (kyk Art. 82 K.O.). Vanselfsprekend kan Gereformeerde ouers nie hulle kind in 'n nie-gereformeerde kerk laat doop nie.

### **LEEFTYDSGRENS VIR DIE KINDERDOOP**

Tot op watter leeftyd mag die kinderdoop nog bedien word? Daar is nog altyd tereg geantwoord dat dit afhang van die geestelike ontwikkeling van die kind. Sodra die kind *rekenskap van die geloof kan gee*, mag die kinderdoop nie meer bedien word nie. Dan moet die volwassendoop bedien word. Op 'n vraag in die verband het Rotterdam 1586 en Leiden 1592 geantwoord dat kinders van 7 of 8 jaar gedoop moet word en "dat de ouders zullen present verschijnen bij de doop en dat de dienaar des woords... waar het stichtelijk geschieden kan, zal handelen met afvraging van het onze Vader, de tien geboien, 't geloof en van de doop (d.w.s. betekenis van die doop), doch alzo dat dit in de vrijheid der kerken gesteld worde." Dit sal seker baie selde stigtelik wees om met kinders van 7 en 8 jaar so te handel! Leeuwarden 1592 besluit egter dat in die geval van kinders van 12-14 jaar die optrede wel stigtelik sal wees in die sin dat die kinders blykbaar sonder die bysyn van die ouers "voor de doop aldaar opzeggen de apostolische geloofsbelijdenis en het onze Vader enz. "Kinders vanaf ± 12 jaar moet in staat beskou word om self belydenis van hulle geloof te doen en dat die kinderdoop van min of meer die ouderdom af nie meer bedien kan word nie (Vgl. ook Rutgers: Kerkelijke Adviezen II p.67 e.v.).



## ERKENNING VAN DIE DOOP

In hierdie sondige bedeling waarin ons die verskeurdheid van die kerk beleef is die vraag na herdoop of nie, baie dringend. Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika het in die verband, in aansluiting by die kerke vanaf die Reformasie bepaal dat die doop erken word in elke geval waar die doop in 'n kring waarin Jesus Christus as Verlosser en Here bely word en in die Naam van die Drie-enige God bedien is met gewone suiwer water. Die sogenaamde heilige Jordaan-water wat aangery word, is 'n verkragting van die water as teken in die doop en 'n bygelowige praktyk. Die bediening moes ook geskied het deur 'n *bedienaar* wat wettig daartoe geroep is in die kerk waar die doop bedien is. Dit sluit egter die doop deur <sup>[195]</sup> ouers, 'n vroedvrou, geneesheer of vriend in geval van nood by die Roomse, uit. Hier kan geen sprake wees van enige *roeping* tot die diens nie. Dit sluit die doop deur 'n *ouderling* wat daartoe versoek is deur die kerk onder besondere en absoluut uitsonderlike omstandighede in omdat so 'n ouderling in die geval enigsins 'n roeping gehad het (vgl. J.D. du Toit, Diktaat).

Hierdie voorwaardes sluit ook die doop deur sektes in. Alleen wanneer die doop deur *anti-trinitariese sektes* bedien word soos Russelliete of Getuies van Jehova en die Unitariërs moet daar oorgedoop word omdat hulle vorige doop nietig of fiktief was. Verder toon Bouwman in verband met die donatistiese stryd, dat Augustinus daarop wys dat dit in die doop nie oor die persoon van die bedienaar gaan nie (II, p.327 e.v. vir die doop deur ketters).

Wanneer 'n lidmaat *hom of haarself deur 'n sekte* laat doop sluit hy/sy metterdaad by die sekte aan en hou hy deur verloëning van sy belydenis op om lid van die betrokke Gereformeerde Kerk te wees. So iemand kan alleen weer in geval van berou *opgeneem word na openbare belydenis van geloof* (Sinode 1945).

## KINDERS IN 'N INRIGTING

Verbondskinders in 'n gereformeerde kindertehuis of ander inrigting mag deur die gereformeerde huisouers of enige verantwoordelike gereformeerde persone deur die tehuiskommissie goedgekeur, vir die doop aangebied word (Sinode 1949, art. 145).

## TYD VAN DIE DOOP

Die verbond van God moet aan die kinders van die Christene "so spoedig moontlik" beseël word. Wat daarmee bedoel word, is duidelik uit Handeling 8, wat die *volwassenes* betref: Die belydenis van die geloof word direk met die doop opgevolg (vers 36-38, verder Hand. 10:47, 48, ens.). Wat die kinders betref is dit duidelik uit Gen. 17 en Kol. 2:9 e.v. waar bepaal word dat 'n seuntjie van agt dae besny moet word en derhalwe afgelei kan word dat 'n kind kort na sy geboorte gedoop moet word.

Die artikel is altyd so vertolk dat daar geen versuim mag wees om die verbond van God te verseël na die geboorte nie en versuim is as minagting van God se sakrament beskou. Geen waarde word in so 'n geval geheg aan sy waarborg vir die kind nie. Prof. Dr. J.D. du Toit het in die klas die beeld van die skaapboer gebruik: daar word gehaas om die pasgebore lammers te merk om sodoende die eienaarskap met betrekking tot die lammers onbetwisbaar te stel. Die kinders van God moet onverwyld as syne aangemerkt word.

<sup>[196]</sup> Op grond van hierdie beginsel kan die praktyk van doopsondae lei tot 'n vervlakking in die begrip van die doop as sakrament. In die Gereformeerde Kerke het ouers vroeër hulle kinders in die eerste samekoms van die gemeente na die geboorte laat doop. As reël het die vader die kind dan alleen presenteer.

Die ou praktyk was seker oordrewe as in gedagte gehou word dat die moeder tog ook deel het aan die verbond, sy is verbonds-moeder wat veral in die prille jeug feitlik die gehele sorg en opvoeding van die kind op haar het (vgl. Hanna, I Sam. 1 en 2). "So gou as moontlik" beteken dan sodra die moeder in normale gevalle so herstel het dat sy teenwoordig kan wees. In die praktyk sal die doop as reël dan nie langer as tot op die

derde Sondag na geboorte uitgestel kan word nie. Langer uitstel sou 'n sondige vertraging nie uitsluit nie; iets waarteen die Sinodes van 1958, artikel 69 en 1961, artikel 39 baie ernstig waarsku.

## **PLEK**

Die doop moet in die erediens (nuwe redaksie) of "in die openbare samekoms wanneer die Woord van God gepreek word" (ou redaksie) bedien word. Gewoonlik word dit bedien na die Skriflesing en voor die preek. Dit is seker prinsipieel meer juis om die doop *na* die preek te bedien. Die sakrament is tog 'n teken en seël om die Woord beter te leer verstaan en te bevestig. Voor die preek kan dit ook, die Woord is immers reeds gehoor en met betrekking tot die doop in die formulier uitgelê. Die sakrament mag nooit los van die Woord bedien word nie. Huisdoop is ongeoorloof in die sin dat die predikant net gou die kind doop.

Die doop is ook die sakrament waardeur die verbondskind openlik in die kerk ingelyf word. Dit bring mee dat dit in die midde van die vergaderde gemeente moet geskied. Daarom, as die Sinode van Dordt 1618/19 op aandrang bepaal dat die doop in "grootte nood" wel in die huis bedien kan word, word ook bepaal dat dit alleen kan gebeur in bysyn van die kerkraad. Daar moet dus 'n vorm van erediens gehou word; 'n vorm van amptelike samekoms wees. (Vgl. ook F.L. Rutgers, Kerkelijke Adviezen 11 p.10 e.v.).

## **DIE BEDIENAAR VAN DIE DOOP**

Kragtens die aard van die sakrament as 'n teken en seël by die Woord kan dit nie anders as dat die wettig geroepe bedienaar van die Woord die doop bedien nie (vgl. Matt. 28:19). Die doopsbediening is 'n amptelike handeling in die Naam van Christus deur die dienaar van die Woord (F.L. Bos, 1950, p.206; en Bouwman II p.317 e.v.).

## **[197] WYSE WAAROP DOOP BEDIEN WORD**

Moet die doop deur besprenkeling of onderdompeling geskied? Hierdie vraag is van besondere betekenis vir die wederdopers wat aanvaar dat Christus die doop deur *onderdompeling* beveel en dat die ou kerk dit in praktyk gebring het. Breed kan ons hier nie daarop ingaan nie. Dr. A. Luiks (1975) toon egter aan dat, hoewel die doop deur die ou kerk soveel moontlik in *lopende water* bedien was, het *onderdompeling waarskynlik nooit voor die negende eeu voorgekom* nie. Oorgieting uit 'n kruik of met die hande was van begin af die gebruik. So vroeg as die tweede eeu kom die doop deur *besprenkeling* ook reeds voor in noodgevalle. (Baptisterium. Kok, Kampen). Cyprianus beroep hom in die helfte van die derde eeu vir die besprenkeling in gevalle van siekte op Esegïel 36:25. Die besprenkeling het eers sedert die twaalfde eeu algemeen in die plek van die oorgieting gekom en indompeling kom sedert die vyftiende eeu nog net selde voor.

Bouwman meen op grond van Handeling 2:41 dat die apostels reeds deur besprenkeling gedoop het. Dit was nie moontlik om die 3000 in Jerusalem op een dag deur onderdompeling te doop nie (kyk ook Hand. 10:47, 48; Handeling 16:15, 33). Walaeus stel dit dat *baptoō* en *baptizōō* eintlik beteken *bevogtig*. Dit sien in N.T. op die seremoniële wassing van die O.T. Die hoofsaak by die doop is dat *die betekende saak, die geestelike reiniging duidelik deur die doophandeling uitgedruk word*. Dan sou onderdompeling meer eksplisiet wees, maar terwyl die toepas sing daarvan moeilik is, beantwoord besprenkeling ewe goed aan die vereiste van die sakrament en is die kerk gelei deur die Heilige Gees om die besprenkeling as reël te aanvaar (Synopsis Purioris Theologiae, Vertaling deur Dirk van Dyk, 1965).

Die bedienaar van die sakrament moet egter waak daarteen om die teken nie heeltemal te verswak deur net enkele druppels op die voorhoof as't ware te smeer nie. Daar moet genoeg water gebruik word (H. Bouwman II p.312, e.v.).



## **DIE FORMULIER**

Die bepaling dat die verbond met die Heilige Doop beseël moet word volgens die formulier dien om seker te maak dat die suiwere leer oor die doop gehandhaaf bly (kyk ook Prof. Dr. V.E. d'Assonville (1981). Die Gereformeerde Doopsformulier. Marnix. Potchefstroom).

## [198] ARTIKEL 57: AANVRAAG VAN DIE DOOP

**"Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanvra."**

Artikel 57 stel 'n mens aanvanklik voor die vraag of die *ouderling* dan nie moet toesien dat vaders, of die wat in sekere omstandighede in hulle plek kom, hulle verpligting tot die doop van hulle kinders nakom nie? Waarom word die taak hier aan die bedienaars van die Woord opgedra?

### NADERE ONDERRIG NOODSAAKLIK

Op soek na die antwoord tref dit weer eens hoe fyn die opstellers van die Kerkorde onder leiding van die Heilige Gees onderskei het. In aansluiting by artikel 55 gaan dit hier nog om die suiwer houding van die leer van die verbond, soos afgeteken en beseël deur die doop. Die betrokkenes moet nader onderrig word oor wat die Skrif leer aangaande die doop voordat hulle hul kinders aanbied om gedoop te word en die taak hoort by die bedienaar van die Woord.

Toe die Kerkorde opgestel is, was die kennis aangaande die doop nog in die duisternis van die Roomse dwaalleer gehul. Die verbond was glad nie meer ter sprake by die doop nie. Inteendeel; die sakrament is losgemaak van die Woord en het volgens Rome op sigself die genade bewerk vir elke individuele kind, ongeag die verbond, wat gedoop is.

Die natuurlike band tussen ouer en kind wat in die verbond so deurslaggewend is vir die kinderdoop (Hand. 2:39), is vir die Roomse juis 'n hindernis met die oog op die verwerping van die genade deur die doop. Die doop skenk (beseël nie) genade. Die ouers is oorsaak dat hulle kinders in sonde ontvang en gebore is. Ander moet as doopgetuies optree sodat die kind die genade kan verwerf.

Hierdie opvatting vloei voort uit die Roomse teenstelling tussen natuur en genade. Hy wat geestelik wil word moet breek met die natuurlike. Daarom kan, ook volgens die besluit van die Sinode van Mainz 813, die vaders nie meer die doop vir hulle kinders aanvra nie, maar twee getuies, genoem die peter en meter, moes dit doen. Hulle doen dan in die plek van die kind belydenis van geloof en presenteer die kind vir die doop; die [199] kind is op hulle geloof gedoop (vgl. J.D. du Toit, Diktaat, en H. Bouwman II, p.306 e.v.; en H. Bavinck, Ouders of Getuigen).

Hierdie dwaling, net soos elke ander dwaling wat insake die doop getroetel word, moet met krag geweer word. En waar dit in die sestiende eeu eerstens gegaan het om onkunde en nie om 'n dwaling wat willens en wetens aangehang is nie en dit vandag ook nie altyd gaan om bewuste dwalinge by ouers aangaande die doop nie, is hier nie sprake van die *tug* nie, maar wel van *onderrig uit die Woord aangaande die suiwer leer van die doop*. En die taak berus by die bedienaar van die Woord kragtens sy profetiese amp. Die suiwer leer aangaande die doop moet in die gemeente gehandhaaf en valse leringe daaromtrent geweer word (vgl. F.L. Bos, 1950, p. 214), sodat die vader as hoof van die verbondsgesin self sy plig sal doen. Ontbreek die vader in die gesin, gaan sy taak oor op die moeder of die voogde (vgl. art. 56).

## **[200] ARTIKEL 58: GEBRUIK VAN DOOPFORMULIERE**

**"Die bedienaar van die Woord moet by die doop van sowel klein kinders as die volwasse persone die onderskeie formuliere gebruik wat daarvoor vasgestel is."**

Artikel 58 sluit nog aan by die voorgaandes waarin gewaak word dat die suiwere leer in die kerk verkondig en gehandhaaf word.

### **FORMULIERE NOODSAAKLIK**

Die duiwel is listig en op sy gevaarlikste as hy hom voordoen as engel van die lig terwyl hy die diensknepte van Jesus Christus vir sy doel gebruik. Veral waar dit gaan om die misterie van die verbond soos beseël deur die doop, kán so maklik deur verkeerde aksente of die weglaat van enkele woorde, 'n heeltemal verkeerde voorstelling daarvan gegee word. By die doopbediening moet dus nougeset gewaak word teen dwaalleer (kyk: V.E. d'Assonville (1981); Die Gereformeerde doopsformulier).

Daarom het die kerke die verklaring van die doop sowel as die vrae, gebede en die formules wat met die doopbediening gepaard gaan, nie in die vryheid van die individuele bedienaars van die Woord gelaat nie. Die sinode self het dit wat gesê moet word by die doopbediening in formulier vasgelê.

Dit is tewens duidelik dat daar reeds in die Nuwe-Testamentiese tyd min of meer vasstaande formules was vir die belydenis waarmee ingestem moes word voor die doopbediening (Hand. 8:36-38). Natuurlik het die doopsformule van die begin af vasgestaan, Matt. 28:19: "... in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ..."

Hoe nodig dit was dat formuliere opgestel word en dat predikante verplig is om dit te gebruik, het onder andere geblyk uit die stryd teen die Remonstrante in die sewentiende, en later die rasionaliste in die negentiende eeu, toe deur die wysiging van enkele woorde in die formulier, en selfs in die gebed of in vrye toesprake en gebede by die doop die dwaalleer die kerke ingedra is deur predikante wat hulle nie streng aan die formuliere gehou het nie. (Kyk S.D. v.d. Veen: Eene Eeuw van Worsteling; Dr. B. Wielenga (1920) Ons Doopsformulier, Kampen).

## [201] ARTIKEL 59: VOLWASSE DOOP EN DIE NAGMAAL

**"Volwassenes word deur die doop in die gemeente van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem en daarom is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het om te doen."**

Die artikel bring die gelykheid en onderskeid tussen die doop van volwassenes en die van die kinders op die voorgrond.

In beide gevalle word die verbond van God deur die doop beseël (art. 56). Vir beide is die doop die openlike inlywing van die dopeling in die kerk.

### VERSKIL TUSSEN KINDER- EN VOLWASSEDOP

Die gevolge van die beseëling is egter nie in beide gevalle dieselfde nie. So verplig die doop van 'n kind *die ouers om die kind godsalig op te voed* om te kom tot die bewuste aanvaarding van die verbond; om die kind te behandel as eiendom van God sodat die kind self kan handel as sy eiendom (Ef. 6:1-4). Die *volwassene spreek egter persoonlik by die doop sy hartlike voorneme uit* om altyd Christelik te wandel en die wêreld en sy sondige begeerlikhede te versaak, hy belooft "om te wandel waardig die roeping waartoe (hy) geroep is ..." (Ef. 4:1).

Die *gedoopte kind* moet deur die ouers en die amptelike bemoeiing van die kerk *daartoe gebring word om bewus die verbond te aanvaar, terwyl die bewuste aanvaarding van die verbond juis voorwaarde vir die doop van die volwassene is* (Formulier om die Heilige Doop aan die Volwassenes te bedien). Die volwassene moet dus eers belydenis van geloof doen voordat hy/sy gedoop kan word. Dit veronderstel weer dat daar 'n tyd van behoorlike onderrig aan die doop moet vooraf gaan.

Wanneer die volwassene dan deur die doop "in die gemeente van Christus ingelyf (universele kerk) en as lidmaat van die kerk opgeneem" (instituut) is, moet hy bewustelik die verbond belewe. Hy moet leef uit die beloftes van God en hom onderwerp aan die regering van Christus soos Hy dit verwerklik deur die amp. Hy moet Christus bely en sy dood verkondig in die nagmaal en moet hom aan die Woord, soos beseël in die nagmaal tot voeding van die geloof, onderwerp. Hy moet homself dus ook *doelbewus onder die sorg van Christus* stel soos Hy dit in sy kerk voltrek in die bediening van Woord en sakramente. Dit word van hom geëis by sy doop (vraag 4 van die Formulier).

Die volwassendoop moet vanselfsprekend ook voor die gemeente in die erediens plaasvind.

## [202] ARTIKEL 60: DOOPREGISTER

**"Die name van die gedooptes en van hulle ouers of voogde sowel as die datums van geboorte en doop moet opgeteken word."**

### BEGINSELAGTERGROND

Hierdie artikel is eintlik administratief van aard. Nie net die kerk nie, maar ook die owerheid het belang by die bepaling. Die aantekening van die name van gedooptes was die enigste aantekening van geboortes in die tyd toe die owerheid hom nog nie met die registrasie van geboortes bemoei het nie.

Die aanlê van doopregisters sluit egter ook aan by die verbondsgedagte. In hierdie sondige wêreld is dit nodig om met sekerheid te kan vasstel of iemand deur die doop in die kerk ingelyf is of nie en ook om te bepaal wie vir die opvoeding verantwoordelik is. Dit kan nodig wees om 'n indringer so aan die kaak te stel, of, en dit is veral die beginselagtergrond vir die artikel, dit gee die kerk bevoegdheid om kragtens die kennis uit die doopregisters geput, toe te sien dat verbondskinders ooreenkomstig die doopsbelofte opgevoed word deur die wat dit op hulle geneem het.

Dit verseker ook die bevoegdheid van die kerk om bemoeienis te maak met 'n gedoopte kind wat wees geword het of wat geskei is van sy ouers en omgewing. Verbondskinders kan ook op een of ander manier onder die sorg van mense wat vreemd is van die kerk, kom, soos kinders wat onder staatsorg en in 'n inrigting beland. Dan moet die kerk sorg dat hulle weer in die verbondskring opgeneem word.

'n Mens huiwer, en wil geen vergelyking maak nie, maar die artikel laat tog dink aan die wie se name in die boek van die lewe opgeskryf is (Openb. 3:5, 11; 13:8; 20:15; 21:27 en 22:14 asook Filippense 4:3).

### NAAMGEWING

Die reël is dat die verbondslin uit die naam moet blyk, vandaar die familienaam. Daar moet egter, so het die Sinode van Rustenburg 1863 reeds besluit, gewaak word teen te veel name.

Vanselfsprekend moet bedienaars van die Woord seker ook toesien dat daar nie name gegee word wat nie by 'n verbondskind pas nie. Dit geld onder andere name waaraan *bygeloof* kleef, die van *filmsterre*, *sporthelde* en so meer, wat dui op 'n *verkleefdheid* aan die wêreld (1 Joh. 2:15 en 16).

## [203] ARTIKEL 61: DIE NAGMAAL

**"Tot die Heilige Nagmaal word alléén diegene toegelaat wat volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit. Sonder sodanige getuienis moet ook diegene wat uit ander kerke (van dieselfde kerkverband) kom, nie toegelaat word nie."**

Die Heilige Nagmaal is die maaltyd waardeur die geloof gevoed en versterk word.

### DOOP EN NAGMAAL

Dit is 'n gemeenskapsmaal van die wat aan Christus behoort met Hom en mekaar gedurende die tyd voor sy wederkoms (Lukas 22:16-20; N.G.B. Art. 35).

Die doop is die *eenmalige waarborg* dat ons aan Christus behoort waarvan die werking dwarsdeur die lewe van die gelowige heen voortduur.

Die nagmaal is die *telkens terugkerende waarborg* dat Hy ons gedurigdeur versorg as gelowiges; dat Hy ons nooit loslaat nie (kyk Johannes 6:37 en 39).

Doop en nagmaal is beide sakramente wat wel te *onderskei*, maar nooit te *skei* is nie. Beide *teken* en *beseël die verlossing* deur Jesus Christus. Elkeen benadruk egter 'n *ander aspek* van die werk van Christus. Hy was en reinig ons van al ons sondes en wederbaar ons tot kinders van God; dit word afgeteken en beseël deur die doop as die sakrament van die inlywing.

Die heilige nagmaal weer wys ons daarop en verseker ons daarvan dat ons ingelyf is in die liggaam van Christus; dat ons gemeenskap het aan die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is, en aan al sy goed (N.G.B. art. 35, H.K. Sondag XXVIII, vr. 75).

Die doop sê dus jy is kind van God en die nagmaal sê Hy sorg dat jy sy kind bly (vgl. H.K. Sondag XXVIII antw. 76; N.G.B. art. 35; Calvyn Inst. IV, XVII.1).

[204] Daarom lei die doop tot die nagmaal; wie gedoop is, moet nagmaal vier. Vandaar dat die volwassene wat gedoop word ook by sy doop reeds moet belowe dat hy die nagmaal van die Here (dadelik) sal gebruik. Die volwassendoop gee tegelyk toegang tot die nagmaal. Die volwassendoop vind daarom meestal ook plaas by die voorbereidingsdiens *na die aflegging* van belydenis (en nie andersom soos soms gebeur nie), sodat die nagmaalsviering direk kan volg.

### DIE TAFELGENOTE

Die voorwaarde vir deelname aan die viering van die nagmaal is die *geloof* en *bekering* (Hand. 2:41 e.v.; 1 Kor. 11:27 tot 29; 2 Kor. 13:5; H.K. Sondag XXV; vs. 65; Sondag XXX vraag en antw. 81 en 82. N.G.B. art. 35).

Die opsieners moet sekerheid hê dat die wat by die tafel aansit gelowiges is (1 Kor. 11:31 en 32 en Nagmaalsformulier); dat hulle Jesus Christus waarlik erken en liefhet as verlosser en Here (kyk Bouwman 11 p.368 e.v.; Calvyn Inst. IV. XVII-40).

'n Blote historiese geloof is nie genoeg om te kan aansit aan die tafel nie.

Opsieners kan vanselfsprekend nie die innerlike lees en so sekerheid kry dat die nagmaalsganger 'n ware geloof het nie. Vandaar dat in artikel 61 nadruk gelê word op *die uitwendige kentekens* van die inwendige geloofsgesteldheid en bepaal word dat

- belydenis van "die Gereformeerde godsdiens" gedoen moet word en die belydenis versier moet word met 'n daarby-passende lewe (Lukas 6:43-45 en vraag 3, Formulier by die aflegging van Belydenis van geloof).

Die uitdrukking Gereformeerde godsdiens moet teen die historiese agtergrond gesien word. Dit staan teenoor die Rooms-Katolieke, Anabaptistiese en ander dwalinge. Bedoel word dat belydenis gedoen moet word dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is (vgl. Matt. 16:13 e.v. in verband met Matt. 10:32 en 33 en 1 Tim. 6:12), en dat die belydenis 'n nadere uitdrukking vind in die drie Formuliere van Eenheid (vrae 1 en 2, Formulier by die aflegging van Bel. van geloof).

Diegene wat so deur belydenis van geloof toegelaat word tot die nagmaal, kan heidene wees wat deur die doop ingelyf word in die kerk en daarom "verplig is om die nagmaal van die Here te gebruik" (K.O. art. 59).

Dit kan ook dooplede wees wat tot volwassenheid gekom het en die verbondsbeloftes bewustelik vir hulleself toe-eien en die eise op hulle neem. Daar kan nie 'n presiese ouderdom vir volwassenheid bepaal word <sup>[205]</sup> nie. Dit hang af van die geestelike ontwikkelingspeil en of daar reeds 'n onderskeidingsvermoë by die persoon aanwesig is.

Calvyn en andere het uitgegaan van die standpunt dat die nodige onderskeidingsvermoë op 14 tot 16-jarige ouderdom as reël aangetref word. H. Bouwman stel dit op 17 tot 21-jarige leeftyd.

### **AFLEGGING VAN BELYDENIS**

Elke kerkraad moet elke aansoek tot belydenisaflegging noukeurig op meriete behandel en sover moontlik vasstel of die ware geloof aanwesig is en daaroor met vrymoedigheid gesprek kan word.

Hulle moet "toegelaat word tot die Heilige Nagmaal", dit wil sê tot belydenis van die Gereformeerde godsdiens "volgens gebruik van die plaaslike kerk."

In die Gereformeerde Kerke in S.A. is dit gebruik dat diegene wat belydenis wil doen dit eers na behoorlike kategetiese onderrig deur die ouers en predikant kan doen (vgl. 2 Tim. 3:14 e.v.). Op die daarvoor bestemde tyd meld hulle hulle by die ouderlinge wat ondersoek instel na die kennis wat hulle het aangaande God se verbond, aan. Dit moet meer wees as 'n verstandelike kennis. Dit moet 'n *hartlike kennis* wees. Die ouderlinge moet ook vasstel of hulle lewenswandel ooreenkom met hulle geloof (Jak. 2:14-26). As die kerkraad oortuig is van hulle geloof, word hulle toegelaat om belydenis van die geloof af te lê.

### **TOELATING DEUR VOLLE KERKRAAD**

Die gewoonte om die *hele ondersoek en toelating aan 'n kommissie van die kerkraad op te dra* kan nie aanbeveel word nie. In die praktyk is dit ook dikwels die oorsprong van onvergenoegdheid en selfs vyandigheid rondom die persoon van veral die predikant.

Wanneer deur 'n kommissie besluit word dat iemand nie toegelaat kan word nie en daar word gekla, word die verantwoordelikheid gewoonlik op die paar lede van die kommissie met die predikant in die middelpunt afgeskuif. Die ander ouderlinge ontken dan verantwoordelikheid en so kom daar partyskap.

Hierdie bose vrug word gepluk van 'n boom wat self nie goed is nie. *Elke* ouderling is verantwoordelik om vas te stel of diegene wat vir die eerste keer aansoek doen om toegelaat te word tot die nagmaal, wel toegelaat mag word. *Elke* ouderling moet *persoonlik* oortuig wees van die waaragtigheid van die belydenis van diegene wat vantevore nog nie toegelaat is nie.

<sup>[206]</sup> Die ouderlinge is aangestel as wagters (kyk Eseg. 3:16 e.v. in verband met o.a. 2 Kor. 5:20; Hand. 20:28) oor die huis en kudde van God. En hoewel hulle gesamentlik as kerkraad hulle roeping vervul, bly dit nog die ouderling wat persoonlik wagter is. Die kerkraad, en dit moet altyd in gedagte gehou word, is nie *die opsiener*, dit wil sê 'n liggaam wat soos 'n bestuur of parlement deur 'n meerderheidstems regeer nie. Die *ouderlinge* bly altyd *persoonlik die opsieners* wat juis ook *gesamentlik beraadslaag* oor hulle optrede om seker te wees dat alleen volgens die Woord van God gehandel word.

Die kerkraad is 'n *vergadering van opsieners* wat opdragte wat aan elkeen persoonlik deur die Here gegee is, in oorleg met mekaar uitvoer.

Daarom kan die verantwoordelikhede van die opsieners nie oorgedra word aan kommissielede nie.

## **VOOR DIE GEMEENTE**

Wanneer die kerkraad die wat aansoek gedoen het, toelaat, doen hulle belydenis van hulle geloof *voor die gemeente, tydens 'n erediens*, deur te antwoord op gewetensvrae (vgl. Formulier vir aflegging van Belydenis).

Hulle word sodoende as mondige lede van die liggaam van Christus opgeneem in die volle gemeenskap van die volk van God (Hand. 2:41; 42; kyk ook verwelkoming in die Formulier by die aflegging van Belydenis van geloof).

## **AANSLUITING UIT ANDER KERKE**

Diegene wat "uit 'n ander kerkgenootskap hom wil voeg by 'n Gereformeerde Kerk, moet deur die volle kerkraad of 'n kommissie (vgl. wat hierbo oor 'n kommissie gesê is) uit die kerkraad ondersoek word oor die redes vir sy oorkoms" (Burgersdorp 1873). Die besluit behels wesenlik dat vasgestel word *of so 'n persoon reeds in die openbaar "die goeie" belydenis van geloof gedoen het en waar en of dit as eg aanvaar kan word*. Ook moet die kerkraad oortuig wees dat die aansoeker met *suiwere motiewe*, en juis omdat hy/sy suiwer in leer en lewe is, die gemeenskap waar hy aanvanklik belydenis gedoen het, verlaat en of hy/sy bereid is om hom/haar te *onderwerp aan die toesig van die ouderlinge*.

So een wat uit 'n kring kom waar die belydenis selfs op punte minder suiwer is, bekragtig dan die wesenlike belydenis dat Jesus die Christus die Seun van die lewende God is, wat vroeër openlik afgelê is, weer *voor die kerkraad* en is dit nie nodig dat weer voor die gemeente belydenis gedoen word nie.

**[207]** Wanneer iemand uit 'n *ketterse gemeenskap* (soos die Getuies van Jehowa of die Jodendom, en so meer) hom by 'n Gereformeerde kerk wil voeg, moet sy/haar opregtheid in die ware belydenis *getoets word* voordat daar sprake van opname en toelating tot die nagmaal kan wees. Na die onderrig en toetsing moet so een *voor die gemeente belydenis doen, desnoods met die herroeping van die dwaalleer wat hy voorheen aangehang het*. Dit moet in elke geval gebeur as die persone bekende kettters is wie se ketterye baie ergernis aan die kerk gegee het.

## **HUISBESOEK**

Deur die gereelde huisbesoek voor die nagmaal word toegesien dat die wat reeds belydenis gedoen het, gereeld nagmaal vier en dat hulle waardige deelgenote aan die tafel van die Here is (1 Kor. 11 en K.O. art. 23).

## **TOELATING UIT ANDER GEREFORMEERDE KERKE**

Die beginsel dat alleen ware gelowiges toegang tot die nagmaal mag kry, bly. Die verskil is egter dat die wat uit ander Gereformeerde Kerke kom en wil aansit aan die tafel van die Here, reeds belydenis gedoen het in 'n kerk met wie in kerkverband geleef word. In die geval word alleen vereis *dat getuienis aangaande hulle belydenis en wandel voor die kerkraad gelewer moet word* voordat hulle toegelaat kan word tot die nagmaal.

Die getuienis kan geld in geval van verhuising en van besoekers wat vir 'n tyd in die gemeente vertoef. In die eerste geval word 'n attestasie ingelewer waarop die verhuiser lid word van die kerk waar hy dan woon en toegelaat word tot die nagmaal (Art. 82 K.O.).

In die tweede geval word die getuienis of attestasie net gegee met die oog op 'n *bepaalde nagmaalsviering*. Ook hierdie getuienis behoort skriftelik deur twee ouderlinge



onderteken te wees. In geval van mondelinge getuienis in uitsonderlike gevalle moet met groot versigtigheid opgetree word. Die getuienis moet altyd van 'n kerkraad wees. (Kyk ook F.L. Rutgers, Kerkelijke Adviezen II p.104 e.v.; H. Bouwman II, p.367 e.v.; Calvyn Inst. IV. XVII).

Die artikel maak geen voorsiening vir die toelating van persone wat aan kerke behoort met wie nie in kerkverband geleef word nie.

## [208] ARTIKEL 62: DIE MANIER OM NAGMAAL TE VIER

**"Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat na die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word."**

Die wyse waarop die nagmaal gehou moet word, word aan die vryheid van elke kerk oorgelaat in soverre dit die middelmatige dinge aangaan.

### MIDDELMATIGE DINGE

Onder die middelmatige dinge is altyd nog verstaan of die nagmaal sittende of staande gevier moet word. Verder of daar tydens die viering gedeeltes uit die Skrif gelees en toepaslike Psalms gesing moet word of nie.

In hierdie dinge bind die Here die kerke nie in sy Woord nie. Vandaar dat die meerdere vergaderings onder die leiding van die Heilige Gees ook geen las in die verband op die kerke gelê het nie. Daar moet net altyd wat die kerke betref, gesorg word dat die kerke deur die gebruikte opgebou word.

### DINGE WAT NAGEKOM MOET WORD

Daar is egter dinge waarop al die kerke altyd moet ag gee by die viering van die nagmaal. Onder hierdie dinge word gereken:

- *maaltydskarakter* van die nagmaal wat vereis dat by 'n tafel aangesit moet word (die aantal is weer 'n middelmatige saak);
- die *instellingswoorde* wat by die bediening van die sakrament gebesig moet word, mag inhoudelik nie afwyk van die in Markus 14:22 en 24; Lukas 22:19, 20; Matt. 26:26-28 of 1 Kor. 11:24 en 25 nie;
- gewone *brood en wyn* wat as tekens die aandag op die voeding en lafenis vestig, moet gebruik word;
- dat die *brood voor die oë* van die tafelgenote *gebreek moet word*; [209]
- die *gemeenskaplike beker* mag nie deur aparte bekertjies of kelkies vir elke nagmaalsganger vervang word nie. Die gemeenskap met die bloed van Jesus verg dat die een beker rondgegee word. Só het Jesus dit blykens al die gedeeltes waarin die Heilige Gees die instelling van die nagmaal laat verhaal, self gedoen.

Prakties is dit nie altyd moontlik om met een enkele beker te volstaan nie. Die viering sou dan in 'n groot gemeente te lank uitgerek word.

Die gebruik van drie of vier bekere in groter kerke is aan te beveel, hoewel die ideaal een beker bly. Die gebruik van meer bekere verswak wel die simboliek van die eenheid van die nagmaalsgangers met Christus en mekaar, maar hef dit tog weer nie op nie. Die *gemeenskap aan die een beker bly egter behoue* deur die feit dat elke beker onder 'n groep tafelgenote rondgegee word. Die gebruik van meer as een beker kan dus nie op een lyn gestel word met die van individuele bekertjies of kelkies nie.

### ARGUMENTE VIR DIE GEBRUIK VAN KELKIES

*Higiëniese* argumente is die grootste dryfveer agter die aandrang tot gebruik van kelkies. Daar word gewys op onsindelekhede (die pruimpie storie) wat kan voorkom en veral op die gevaar dat aansteeklike siektes so by die nagmaalstafel opgedoen kan word.

Hierdie argumente spruit in baie gevalle enersyds uit 'n liefdelose hovaardigheid, waar sommige broeders en susters benede die beswaardes gereken word. Andersyds kan dit spreek van ongeloof. Die Sinode van Burgersdorp 1930 sien die poging om kelkies in te voer as deel van die duiwel se eie werk in sy poging om die kerk te vervals. (Sien Acta p.48 e.v. en p.157 e.v.). Dit spreek egter vanself dat daar besondere reëlins vir mense met hoogs besmetlike siektes getref sal word (Middelburg 1581), as daar sulkes teenwoordig sou wees.

## **DRUIWESAP**

Deesdae is die geliefde argument dat nagmaalsviering 'n gerehabiliteerde dronkaard weer tot sonde sal verlei. Daarom moet van druiwesap by die nagmaal gebruik gemaak word. Hierdie beswaar toon egter dat daar by die beswaarde weinig begrip is vir die aard van die sakrament. Die Heilige Gees *werk* en *versterk* die geloof deur die sakrament. Daar kan geen sprake wees van verleiding tot sonde by die ware nagmaalsganger nie en die vervanging van die wyn met druiwesap of ongegistie wyn is ongeoorloof kragtens die feit dat Jesus *wyn* en niks anders nie, as teken in die nagmaal gegee het.

## **[210] BYGELOOF**

Bygeloof moet vermy word. Hierdie bepaling moet veral gelees word teen die agtergrond van die Roomse leer dat brood en wyn in die vlees en bloed van Christus verander en dat veral die brood (hostie) daarom by geleenthede aanbid is. Hoewel hierdie opvatting by ons nie meer te vinde is nie, meen Van der Vyver (diktaat) dat iets dergeliks by ons gevind word in die praktyk dat mense wat selde of ooit by die Woordbediening teenwoordig is, baie gesteld daarop is om nagmaal te gebruik. Hulle ag nie die Woord nie, maar heg 'n bygelowige waarde aan die nagmaal. Hierdie bygeloof moet vermy word deur toe te sien dat sulke veragters van die Woord nie aan die tafel van die Here toegelaat word nie.

## **NA DIE PREEK**

Die nagmaal moet na die preek gehou word. Dit spreek vanself kragtens die wese van die sakrament.

In die praktyk het 'n verskil tussen artikel 56 en 62 in hierdie opsig ontstaan. Die doop word, deur 'n sinodale reëling (Reddersburg 27) voor die preek bedien. Die reëling is enersyds in stryd met die aard van die doop as sakrament en andersyds, as geredeneer word dat die doop wel op die Woord volg omdat die Skriflesing en die lees van die formulier reeds Woordbediening is, is dit inkonsekwent. Waarom kan die reël dan nie ook vir die nagmaal geld nie?

## **DIE FORMULIER**

Die bediening van die nagmaal kan eers plaasvind nadat die formulier en die gebede wat daarby hoort, gelees is. Vir die noodsaaklikheid van die bepaling geld dieselfde gronde as wat reeds uiteengesit is in verband met die doop. Die bedienaars van die sakrament word, ter wille van die suiwerheid van die leer oor die nagmaal, aan die formulier gebind. Dit gaan nog steeds om die suiwer handhawing van die belydenis.

Die formulier moet voorts voor elke nagmaalsviering gelees word al is daar twee vieringe op dieselfde Sondag.

## **TWEE VIERINGE OP EEN SONDAG**

Daar kan geen sprake wees van die oggendviering wat die aand of die volgende Sondag voortgesit word nie. Elke samekoms van die gemeente <sup>[211]</sup> tot Woord en sakramentsbediening is 'n afgeslote byeenkoms (kyk Acta 1967, p.165 en F.L. Rutgers: Kerkelijke Adviezen II p.124 e.v.).

Die besluit van 1967 is geneem na aanleiding van 'n gelykluidende besluit van 1933 wat

egter na 'n beswaar teen die twee nagmaalsvieringe op een dag, waarby elke keer net 'n deel van die gemeente aansit, gewysig is om te lees dat die tweede viering op dieselfde Sondag nie opsioneel mag wees nie. Met ander woorde almal wat teenwoordig is by die eerste viering en almal wat teenwoordig is by die tweede viering, moet aansit al het hulle al die oggend nagmaal gevier. Dit meen, prinsipieel gesien, dat die hele gemeente met die aandviering weer saam met die paar wat die oggend nie teenwoordig kon wees nie, die nagmaal moet vier. Prakties meen dit dat òf die tweede viering moet afgeskaf word òf net die wat die oggend nie teenwoordig *kon* wees nie moet die aanddiens bywoon en daarteen is ook prinsipiele besware. Dit lyk asof met die besluit van 1967 nog nie die laaste woord oor die saak gespreek is nie.

## **VOORBEREIDING**

Die Sinode van Dordrecht 1574 het op 'n vraag of op die Saterdagmiddag voor die Sondag waarop die nagmaal gehou word, 'n voorbereidingspreek gehou moet word, geantwoord dat tot voorbereiding van die nagmaal "eene simpele predication" gehou sal word waarin gehandel moes word oor die "beproevinge des menschen ende versoeninghe met God ende den naesten, met vierighen (vurige) ghebeden. (F.L. Rutgers 1889, Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw. 'S Gravenhage. p.147). Nog vroeër het a'Lasco in die vlugtelingekerk van London geëis dat die nagmaal veertien dae voor die tyd bekend gestel moet word sodat elkeen hulleself deeglik voor God kan beproef. Calvyn het weer in Straatsburg verwag dat alle voornemende nagmaalsgangers hulleself gedurende die weke voor die nagmaal by hom en die ouderlinge sal aanmeld met die oog op behoorlike voorbereiding. Die voorbereidingspreek is egter eers vanaf Dordrecht 1574 vereis. Die Sinode van 'S Gravenhage het die vereiste egter weggelaat en sedertdien is daar alleen sprake van voorbereiding vir die nagmaal in die sin van a'Lasco en Calvyn in die Kerkorde (kyk artikel 23). Dit is egter al gewoontereg om 'n voorbereidingsdiens te hou in Gereformeerde kerke.

## [212] ARTIKEL 63: TYD VAN DIE NAGMAALSVIERING

**"Die nagmaal van die Here moet minstens elke drie maande gehou word."**

Die nagmaal is 'n teken en seël om "die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël" (H.K. Sondag XXV). Daarom moet dit gereeld gehou word en bepaal die kerk dat dit minstens elke drie maande gehou word.

Calvyn wou dat die nagmaal elke Sondag gehou word in ooreenstemming met die gebruik van die vroeg-Christelike kerk. Daar is uit Handeling 2:46 en 20:7 afgelei dat dit elke Sondag gevier is (Jansen 1952 p.277).

Die probleme in die praktyk soos die owerheidsverset daarteen in Genève, en seker ook die vrees by die meeste Protestante dat deur so 'n gebruik die Roomse bygeloof wat aan die nagmaal gekleef het, sou voortduur, het verhinder dat die ideaal van Calvyn verwesenlik is. Vandag word daar weer geywer vir die ideaal (Prof. dr. D.C.S. van der Merwe, Elke Sondag nagmaal). Daar is egter gevaar dat 'n weeklikse nagmaalsviering kan meewerk tot die verdringing van die preek (F.L Bos 1950, De Orde der Kerk).

In artikel 63 word die aantal kere wat die nagmaal gehou moet word, nie gereguleer nie. Kragtens die wese van die sakrament mag dit egter nie te ver uitmekaar gehou word nie. Die apostel Paulus sê dat aan hom oorgelewer is dat Jesus met die instelling van die nagmaal gepraat het van 'n *herhaalde* en *dikwelse* viering van die nagmaal: "doen dit so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis" (1 Kor. 11). Ek meen dat daar nie uit die woorde kan afgelei word dat die nagmaal in die ou kerk altyd en oral elke Sondag gevier is nie. Daarom het die Heilige Gees dan ook die kerke in die praktyk so gelei dat die vieringe dikwels en minstens driemaandeliks moet plaasvind.

## [213] ARTIKEL 64: PLEK WAAR DIE NAGMAAL BEDIEN WORD

**"Die bediening van die nagmaal vind alleen in 'n erediens plaas onder toesig van die ouderlinge."**

As ons dink aan die wese van die sakrament is hierdie artikel eintlik oorbodig. Die sakrament hoort by die Woord: sonder Woordbediening kan daar geen sakramentsbediening wees nie (kyk artikel 56). Die Sinodes van Dordrecht 1574 en 1578 het bepaal dat geen nagmaal gehou sal word waar nog nie 'n kerk geïnstitueer is nie. Benewens die Woordbediening moet daar ook die wettige toesig van ouderlinge wees voordat die nagmaal gehou kan word.

In uitsonderlike gevalle, soos in geval van langdurige siekte of verswakking, kan die nagmaal volgens baie gereformeerdes wel aan die huis van die pasiënt bedien word *mits daar tog 'n erediens gehou* word. Die toegewing mag egter net *in hoogs uitsonderlike gevalle* gemaak word (Calvyn aan Farel, Okt. 1562 en aan Olivianus Des. 1562).

L.S. Kruger (1964) wys daarop dat die uitsondering liefers nie gemaak moet word nie omdat die nagmaal 'n gemeenskapsmaal vir die hele huisgesin van God is (Handleiding). Alleen die *minagting* van die nagmaal stel jou skuldig en nie die *nie-gebruik* onder omstandighede buite jou beheer nie (kyk Jansen 1953 p.281).

Hierdie artikel sluit die viering van die nagmaal deur konferensiegangers en selfs kerklike meerdere vergaderings as sodanig uit. Alleen die kerk, onder toesig van die ouderlinge, kan die nagmaal hou (F.L. Rutgers II, p.186 e.v.).

## **[214] ARTIKEL 65: GEEN LYKPREDIKASIES**

**"Lykpredikasies of lykdienste mag nie ingevoer word nie."**

Dat hierdie artikel in die Kerkorde voorkom, kan alleen begryp word as ons daaraan dink dat ons nog altyd besig is met die artikels waarin gewaak word dat die belydenis suiwer gehandhaaf sal word, ook in die seremonies wat nagekom word in die kerk.

### **WAAK TEEN DWAALLEER**

Die dood bly 'n saak wat diep ingryp in die lewe van elkeen wat daarmee te doen kry. En dit is te begrype dat ook begrafnispraktyke wat deur gelowiges gevolg word altyd op een of ander manier uitdrukking sal gee aan watter belydenis oor die dood en die toestand na die dood, daarop nagehou word.

In artikel 65 word op konkrete manier gewaak teen die dwaalleer in hierdie verband deur die Roomse praktyk te verbied. Met die lykdienste is 'n predikasie gehou en gebede gedoen om die afgestorwene se siel tot rus te bring. Die praktyk spreek van 'n opvatting oor die dood en die toestand daarna, wat maar altyd by die oue mens gevind sal word en dreig om in die kerk in te dring, wat geheel in stryd is met onder andere 1 Kor. 15, art. XXXVII N.G.B., H.K. Sondag XVI, XVII en XXII). Die Sinodes van 1933 en 1952 het ook die lykverbranding, wat 'n heidense opvatting oor die dood kan laat posvat, hier te pas gebring en daarteen gewaarsku.

### **FAMILIESAAK?**

Die begrafnis mag nie onder die kerklike sakramente of seremonies gereken word nie. Verskillende sinodes onder andere die van 1967, het al verklaar dat dit 'n familiesaak is. Tog is die kerk ook ten nouste daarmee gemoeid. Die dood van 'n gelowige raak nie net die naasbestandes en vriende nie. Dit raak die kerk ook. Die verskillende ampte het 'n opdrag waar die dood ingetree het. Veral die herders, die bedienaars van die Woord en ouderlinge het 'n taak ten spyte van die verwante van die afgestorwene, sowel as die kerk waarvan hy/sy lidmaat was. Die bedienaar van die Woord het kragtens sy profetiese roeping die opdrag om in die eerste plek die bloedverwante pastoraal te versorg. Die pastorale sorg kulmineer dan in die trooswoord met die begrafnis, waarby ook die <sup>[215]</sup> gemeente betrek word. By sulke samekomste tydens 'n begrafnis moet veral gewaak word teen mensverheerliking sonder om noodwendig herinneringe aan die oorledene opsy te skuif. Soberheid en geloofsnugterheid is betaamlik by 'n begrafnis. Allerlei seremonies soos die strooi van grond of blomblare op die kis en pogings om die dood met blomme te verfraai, moet vermy word.

## [216] ARTIKEL 66: DAE VAN VEROOTMOEDIGING EN GEBED

**"In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, moet die klassis wat daarvoor deur die algemene sinode aangewys is, 'n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe."**

Die artikel het as agtergrond Skrifgedeeltes soos Ps. 18:7; 50:15; 86:7; 118:5 en soveel ander, waarin gewag gemaak word van die benoudheid waarin die gelowige verkeer en waaruit die HERE hom verlos op sy hulpgeroep.

In Ps. 50:14 en 15 word beveel "Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste, en roep My aan in die dag van benoudheid". Daarby kom die *belofte*: "Ek sal jou uithelp"; sowel as die eis: "en jy moet My eer."

### 'N REG KRAGTENS DIE VERBOND

Eintlik het ons hier 'n weergawe van die onuitspreeklike reg wat die Here ons kragtens sy verbond gee om by Hom aan te dring om verlossing uit die nood (Lukas 11:5-13, die gelykenis van die onbeskaamde vriend; en ook Jes. 62:6 en 7). Hy *is* onse God en Vader en ons *is* sy kinders. Ons *moet* van Hom eis op sy trouverbond en Hy skenk mildelik as ons smeek (vgl. Ber. Ps. 8:12 en Rom. 8:31 en 32).

### BESONDERE NOOD

Die benoudheid waarvan in die bovermelde Psalms sprake is, dui op 'n besondere nood, wat veroorsaak dat die gelowige op besondere manier onafwendbaar voor sy skuld en totale magteloosheid en so sy volkome afhanklikheid van God, gestel word. Die gedagte van Ps. 27:13 en 14 kom ook hier na vore: "O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie ... wag op die HERE! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE".

Die benoudheid dryf uit na die HERE, die Verbondsgod wat ons in Jesus Christus die vrymoedigheid gee om die heiligdom te betree (Heb. 10:19) en met vrymoedigheid na die troon van genade te gaan "sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word" (Heb. 4:16).

## [217] HISTORIESE AGTERGROND

Artikel 66 moet egter ook teen die historiese agtergrond gesien word. Gedurende die sestiende eeu is die kerke vasgevang in die bloedige Roomse vervolginge en die oorlogsgeweld van Philips II van Spanje. Ook was pesepidemies 'n verskrikking vir die stede terwyl algemene volksrampe soos die oorstroming van die Nederlandse laaglande, voorgekom het.

Die redaksie "In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe ..." herinner nog aan hierdie besondere nood waarin die kerke verkeer het. Dit gaan dus nie in die artikel oor individuele of persoonlike benoudheid nie. Die druk moet "*oral in die kerke gevoel word*."

Dit spreek vanself dat die Here deur elke verbondskind of elke gesin of elke kerk (gemeente) in hulle besondere benoudheid aangeroep moet word.

In artikel 66 word egter voorgeskryf dat, bo en behalwe die vanselfsprekende gereelde persoonlike gebede in die binnekamer, gesinsgebede in die huisgodsdiens en kerklike gebede elke erediens, die kerke hulle gesamentlik voor die aangesig van die Here moet stel wanneer hulle almal saam sug in benoudheid.



## UITSKRYWING

In so 'n geval "moet die klassis ... 'n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe." Die ou Dordtse redaksie laat met sy "vast ende bededaghen" nog duideliker uitkom dat die opstellers van die kerkorde die "tye van oorlog, pestilensie" ensovoorts, veral as *tekens van God se toorn gesien het*. Die artikel het deur die nadruk op die "verootmoediging" vandag nog die toestand in gedagte waarin die kerke en/of die volk op die knieë gedwing is deur *die oordele van die Here vanweë 'n volharding in die sonde*.

## SKULDBELYDENIS EN SMEKING

Die "vas" hou immers in 'n erkenning, met skrik, *dat* en *wat* daar gesondig is, gepaard met 'n diepe berou wat betuig word onder die opsysetting van alle liggaamlike behoeftes om in volle oorgawe met God te worstel totdat Hy die sondaar genadig is en sy kastydende hand weer ophef. Dieselfde gedagte word uitgedruk in die "dag van verootmoediging." 'n Hele dag dus waarin die gelowiges saam worstel in hulle skuld voor God en saam "uit die dieptes gans verlore ... uit diep van donker nagte," roep: "o HERE hoor en laat (ons) jammerklagte tog opklim in u oor." (Ps. 130 en ook Ps. 38).

[218] Die erediens waarin die lig van die Woord op die grootheid van die skuld wat ons op ons deur verbondsbreuk laai, maar ook op die ondeurgrondelike ontferminge van die Here moet val en waarop deur die voorganger gewys en waarin deur amptelik aangewese broeders, van wie die gebedsgawe reeds geblyk het, gesmeek word om vergifnis en verligting, vorm dan die hoogtepunt van die dag se omgang met God.

## AANGEWESSE BROEDERS

Hier is sprake van amptelik aangewese broeders omdat die Here aan sy kerk voorgangers gee, ook in tye van nood. Gewoonlik sal dit ouderlinge wees. Hier is seker van toepassing Jakobus 5:14 en 15. Hoewel dit in Jakobus gaan om 'n besondere persoonlike nood, geld die opdrag om die ouderlinge in te roep tog seker juis ook in die geval van 'n algemene nood van die kerk.

## GEEN AFDWINGING NIE

Uit die Skriftuurlike sowel as historiese agtergrond is dit duidelik dat die artikel nie misbruik mag word om die kerk en volk gedurende 'n droogte as't ware te monster om met een stem reën af te dwing nie. Die vraag is of sommige hedendaagse biddae nie meer die karakter van 'n *betoging* as die *van verootmoediging het nie*. Daar moet gewaak word teen die sondige gebruik van die gebed soos dit ook voorkom in die sogenaamde kettinggebede.

Tereg wys die Handleiding by die Kerkorde (1964) dat die uitskrywe van so 'n biddag nie ten doel moet hê om *skuldbesef en verootmoediging te kweek nie*, maar die klassis wat in opdrag van al die kerke moet oordeel of so 'n dag uitgeskrywe moet word, moet oortuig wees dat die druk, wat oral gevoel word, die kerke daartoe dwing om die aangesig van die Here *in berou, bekering en smeking te soek* p.401. Ook Rotterdamse Sinode 1887, by F.L. Bos 1950).

## UITSKRYWING IN DIE PRAKTYK

In die praktyk kom dit daarop neer dat elke kerk (gemeente) wat oortuig is dat 'n besondere daad van die Here die kerke oral so in die engtes gedryf het dat hulle met skrik die sonde van die kerke en of die volk besef en nou gedring word tot ootmoedige skuldbelydenis en smeking om van die ellende verlos te word, die oortuiging aan die benoemde klassis moet voorlê.

Die klassis oordeel dan in die lig van die reaksies uit die kerke (gemeentes) of dit wel so is dat die druk oral so gevoel word. Indien wel, skrywe hulle so 'n dag uit. In geval van 'n volksramp behoort die "ander [219] kerkgroepe" en/of die Christelike owerheid geraadpleeg te word. Is daar samewerking met die ander groepe sowel as die owerheid,

maak die klassis aan elke kerk (gemeente) die besonderhede bekend waarop ooreengekom word en elke kerk en kerkgroep neem die dag waar volgens eie beginsels. Die ooreenkoms sluit dan in dat ander kerkgroepe in eie kring die oproep op eie wyse bekend maak (kyk rapport, Acta 1970 bl. 105 e.v.).

## [220] ARTIKEL 67: CHRISTELIKE FEESDAE

**"Die onderhouding van die Christelike feesdae, Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag word aan die vryheid van die kerk oorgelaat."**

Voorheen het die artikel gelees: "Die gemeentes *moet; behalwe die Sondag*, ook Kersdag, Paasfees ... onderhou" (kursivering van my).

### MOTIVERING VIR HUIDIGE REDAKSIE

Die motivering deur die deputate vir die hersiening van die Kerkorde vir die huidige redaksie was: "Die voorgestelde bewoording stel die onderhou van die bepaalde feesdae swakker as die bestaande Kerkorde om die volgende redes:

"(i) Daar is prinsipiële bedenking teen die gelykskakeling van mens-bepaalde feesdae met die Skriftuurlike Sondag."

"(ii) Daar is geen Skrif- en selfs geen deugdelike historiese gronde vir die onderhouding van die feesdae nie."

"(iii) Die betekenis van die dae word selfs bo die Sondag oorspan, bv. vir die sogenaamde kerklike jaar waardeur hierdie dae die preekstof vir bepaalde Sondae voorskrywe."

"(iv) Die huidige redaksie laat dit volkome vry vir kerke wat dit onderhou, terwyl dit geen kerk beswaar wat dit nie onderhou nie."

### HOORT DIE ARTIKEL SÓ TUIS IN DIE KERKORDE?

In die lig hiervan kom die vraag op of artikel 67 wel in sy huidige redaksie in die Kerkorde tuishoort. "Indien dit sou lui: Die kerke moet die dag van die Here (of Sondag) onderhou" hoort dit vanselfsprekend in die Kerkorde tuis (kyk o.a. 1 Kor. 16:2 en Hebr. 10:25).

Nou is egter *selfs die verwysing na die Sondag weggelaat* en daarmee kom die artikel *onder verdenking*. Presies waarom die verwysing na die Sondag weggeval het, is nie duidelik nie. Die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland het artikel 67 seker tereg so gewysig dat die verpligting tot die heiliging van die dag van die HERE voorop staan. "De Kerken zullende dag des Heren heiligen naar Gods Wet" (Kerkorde van de Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland. Dordrecht, 1979).

## [221] ONDERHOUDING VAN DIE SONDAG

Wat was die oorspronklike bedoeling met die artikel? Volgens F.L. Bos (1950) wil dit voorkom of die artikel oorspronklik wel *die onderhouding van die Sondag in die oog gehad het*. Ook volgens Dordrecht 1574 wat bepaal het "dat men met den Sondach alleen tevreden zijn zal" (De Orde der Kerk p.239).

### FEESDAE

Maar omdat die kerklike feesdae deur Roomse gebruik so 'n houvas op die volk gehad het, is die onderhouding van die feesdae as toegewing naas die Sondag ook voorgeskryf.

H.H. Kuyper toon dat Voetius daarop aangedring het dat die kerklike feesdae afgeskaf moes word in weerwil van artikel 67 Kerkorde. Die feesdae is nie in ooreenstemming met die Skrif nie en die bepaling daaromtrent het alleen in die Kerkorde gekom omdat die volk die feesdae wou vier (Die verkiesing voor het Ambt).

Runia stel dit dat die jong Christelike kerk net die Sondag gevier het. Paasfees is eers teen die middel van die tweede eeu ingevoer en nog later Kersfees, wat eers as

Epifaniefees op 5 Januarie gevier is en toe verskuif is na 25 Desember. Dit het waarskynlik gebeur sodat Kersfees die fees "sol invictus" (die onoorwinlike son) kan vervang. Hierdie ontwikkeling sou toon dat die Christelike kerk vanaf die tweede helfte van die tweede eeu die lyn terug na Israel met sy weeklikse feesdag en sy terugkerende jaarlikse feesdae, gevolg het (Gereformeerde Weekblad, 1 Dec. 1979).

### **ALLEEN TOEGEWING**

Onder gereformeerde kerkregtelikes is daar 'n konsensus dat die bepaling omtrent die feesdae, selfs in die huidige afgewaterde vorm, *alleen by wyse van toewyding* 'n plek in die Kerkorde het en ook dat die gewoonte wat daarmee saamhang "om zich bij de prediking te houden aan de gang van het kerkelijken jaar, is in geen enkel opzicht verbindend" (F.L Bos 1950, p.245).

Dr. J.D. du Toit sê oor die artikel: "Tog is dit goed dat die kerke sig t.o.d.v. konformeer. Seker is dit nie gereformeerd om die feesdae tot buitengewone dae te verhef nie ... Die sonde lê nie in die vier nie, maar in die buitengewone verheffing daarvan." (Diktaat).

### **[222] GOEIE VRYDAG**

Dit is opvallend dat Goeie Vrydag nie genoem word nie. Dit is nie 'n oorsig nie. Die Gereformeerde kerke van die Reformasie en daarna wou die dag nooit onderhou nie. "De vergadering verlangt betreffende de Goede Vrijdag, dat de dag *volstrekte niet* feestelijk gevierd worde" (Zwolle 1854, Bos 1950, p.245). Later is 'n meer toegeeflike houding ingeneem en net verbied dat die nagmaal op Goeie Vrydag gevier word (Rotterdam 1887 en Leeuwarden 1890, by Bos 1950, p.245).

## [223] ARTIKEL 68: KATEGISMUSPREDIKING

**"Die bedienaars van die Woord moet op Sondag, gewoonlik in die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitleë en soveel moontlik jaarliks afhandel volgens die Sondagsafdeling daarvan."**

Hierdie artikel het in die verlede al baie kritiek uitgelok. Die kritiek kom daarop neer dat 'n menslik saamgestelde stuk op een lyn met die Heilige Skrif gestel word. Om uit die Kategismus te preek is om 'n mensewoord aan die gemeente van die Here op te dring.

Hierdie kritiek word weerspreek deur die feit dat die Heidelbergse Kategismus 'n belydenisskrif van die Gereformeerde kerke is. Dit is 'n geskrif waarin die kerke die Bybel napraat. Die Bybel word daarin weergegee.

### WOORDBEDIENING

'n Kategismusprek is dus Woordbediening. Hoe die bediening ingeklee moet word, word in die homiletiek behandel.

Na die segswyse van Voetius is die naaste doel van die voorskrif in artikel 68 om *die hoofinhoud van die Christelike leer* by die gemeente in te skerp. Die gelowiges moet hulle belydenis ken en daarvolgens leef. Vandaar dat ook die jeug by die kategismusprediking betrek is gedurende die sestiende eeu. In die namiddagdiens moes een van die kinders die sondagsafdeling wat aan die orde van behandeling was, opsê en daarna is dit in die predikasie uitgelê.

Die verwyderde doel waarheen die Heilige Gees die kerke in die besluit gelei het, is seker dat aan elke kerk "die hele raad van God" verkondig sal word (Hand. 20:27). Daar mag nie gebly word by die begin van die prediking aangaande Christus nie (Hebreërs 6:1). Alles wat opgeskryf is aangaande die tekens wat Jesus gedoen het, moet geglo word (Joh. 20:30 en 31).

Hierdie woorde moet gesien word in die lig van 2 Tim. 3:16, waar dit betrek word op die hele Skrif. "Die *hele Skrif* is nuttig tot lering ..."

[224] Sonder dat dit so bedoel is, ondervang die artikel so enige behoefte om die Rooms-georiënteerde kerklike jaar te bestendig. Dit bring mee dat die hele raad van God aangaande ons verlossing jaarliks sover moontlik, as die Kategismus deurgepreek word, aan die gemeente voorgehou word. Die bedienaar van die Woord word sodoende gedwing om nie net by die begin van die prediking aangaande Christus te bly of net geliefkoosde Skrifgedeeltes aan die gemeente voor te hou nie. Dit verhoed andersyds ook dat gedurende die sogenaamde lydensweke, asof Christus net die paar weke voor sy kruisdood sou gely het en nie "die ganse tyd van sy lewe op aarde" nie (H.K. Sondag XV), op geforseerde en dikwels kunsmatige en daarom oneerbiedige manier, probeer word om die lyde van Christus Sondag na Sondag aaneen uit te beeld.

Die weeklikse prediking uit die Heidelbergse Kategismus bevrug dan ook die sogenaamde vryestof-prediking in die mate dat die gemeente deur die verkondiging van die hele raad van God gebring word tot geestelike volwassenheid sodat hulle nie soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke wind van lering nie.

Die gewoonte dat ook probeer word om die Nederlandse Geloofsbelydenis te preek moet sterk *afgekeur* word. Meestal slaag sulke pogings ook nie. Onthou moet word dat die *Kategismus* die sogenaamde *troosboek vir die kerk* en die *N.G.B. die standpuntstelling van die kerk teenoor die wêreld* is. Die doel en opset van die twee belydenisskrifte verskil van mekaar en daarom kan die een nie in die ander se plek gebruik word nie. Wil die gelowige hom *verdedig en verantwoord* teen die wêreld, het hy die N.G.B. as

uitnemende wapen in die hand. Soek hy egter troos; vra hy wat hy aan sy belydenis het, word die kategismus hom voorgehou.

Daarom ontaard preke oor die N.G.B. gewoonlik in dogmatiek-lesings in plaas van die verkondiging van die Woord van die Here te wees.

## [225] ARTIKEL 69: DIE KERKLIED

**"In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge wat die sinode goedgekeur het, word aan die vryheid van die kerkrade gelaat."**

### VERBONDSGEMEENSAP

Dit gaan hier om die intieme verhouding tussen God en sy kerk in die erediens. Die verbondsgemeenskap word hier op 'n besondere manier beleef.

Met vrymoedigheid word die heiligdom in die erediens deur die bloed van Jesus betree om aan God die lof en dank te bring wat Hy eis; maar ook om die reg, om alle node en behoeftes aan Hom bloot te lê, uit te oefen (Hebr. 10:19-22 en Matt. 7:7-11 en Lukas 11:5-13).

Dit gebeur veral in die gebed en gesang. Daarom is dit die gemeente en *nie 'n koor wat sing nie*. En waar die HERE reeds in die Ou Testamentiese erediens aangedui het dat Hy gee wat Hy eis en ook die liedere waarin die lof en dank en smeking na vore kom deur die Heilige Gees ingegee is (die Psalms) en daar klaarblyklik in Kol. 3:16 en Ef. 5:19 hierop terug gegryp word, het die kerke van die Reformasie van die begin af uitgegaan van die stelreël: In Gods huis, Gods lied. Dit was ook die uitgangspunt van ds. D. Postma in sy antwoord aan die Algemene Vergadering van die Ned. Hervormde Kerk van die Z.A.R. in 1859 toe hy onder andere verklaar het dat die kerk wat hom alleen by die gesange hou "waarvan de tekst in den Bijbel gevonden wordt, die is zeker op den veiligsten weg."

Toe die kerke van die Reformasie weer, veral onder leiding van Calvyn, die gemeentesang in ere herstel het, het hulle sterk standpunt ingeneem teen die sogenaamde *vrye lied*. Die vrye lied wat opkom uit die subjektiewe ervaring of beleving van die digter hou die wesenlike gevaar in dat die mens met sy idees op die voorgrond kom in die plek van God en sy Woord. Dit was dan ook veral die beswaar teen die opgedronge Evangeliese Gesangebundel aan die einde van die sewentiende eeu. En dit is verder opmerklik dat die aandrang op die vrye lied in die gereformeerde kringe op die sterkste na vore kom in tye van geestelike <sup>[226]</sup> verval. In Nederland het dit gebeur onder leiding van die Remonstrante in die vorige eeu en sedert die eerste dekades na die Tweede Wêreldoorlog onder leiding van die aanhangers van en simpatiseerders met die nuwe teologie.

### SKRIFBERYMINGE

Daarom word in artikel 69 bepaal dat alleen die 150 psalms en bepaalde Skrifberyminge, dit is liedere waarvan die teks in die Heilige Skrif te vinde is, gebruik mag word. Die Skrifberyminge is van die hand van dr. J.D. du Toit en sedert 1939 in gebruik. Die liedere wat in die artikel genoem word, ook die Twaalf Artikels, as belydenisstuk, is gegrond op die Woord. Die ander goedgekeurde Skrifberyminge wat aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat word, kon nie op die Sinode van 1939, 1942 of 1964 met algemene stemme voorgeskryf word nie. Die feit dat die gebruik daarvan aan die vryheid van die kerke oorgelaat is, spreek van verdeeldheid oor die Skrifberyminge. Ons leef nog in 'n sondige wêreld en is in vele dinge nog so kortsigtig dat eenstemmigheid nie maklik verkry kan word nie, en is ons daarom verplig om mekaar te verdra. Die kerke is dit egter eens dat die wat die goedgekeurde Skrifberyminge gebruik, nie sonde doen nie. Daarmee is al ver gevorder op die pad na eenstemmigheid.

## **DIE ORREL**

Dr. J.D. du Toit wys op die gebruik van die orrel. Die Reformatore, veral Calvyn, wou dit nie in die kerk hê nie. Tog is dit 'n middelmatige saak of die Psalmgesang met orrelbegeleiding of nie sal geskied. Die orrel moet egter in die erediens net *dien* en op die agtergrond bly. Die feit moet onder orreliste se aandag gebring word!

## **EENHEID BEWAAR**

Die artikel is weer eens 'n voorbeeld van hoedat daar in die kerkregering alles moontlik gedoen moet word om sonder om die jus divinum te oortree of die beginsel te verkrag, die eenheid onder die gelowiges te bewaar.



## **[227] ARTIKEL 70: DIE HUWELIK**

**"Kerkrade moet toesien dat die huwelik as heilige verbintenis in die Here aangegaan word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is."**

Met die revisie van die Kerkorde in 1964 is die ou redaksie voorlopig gehandhaaf. In 1967 het daar 'n lywige meerderheids- sowel as 'n minderheidsrapport gedien, waarna die huidige redaksie vasgestel is.

Die huidige formulering van artikel 70 is veral gebaseer op 1 Kor. 7:39 en Efesiërs 5:22-33.

### **INSTELLING VAN GOD**

Die huwelik is 'n heilige instelling van God, ook dienstig aan die verbond in soverre die Here sy verbond met ons en ons kinders opgerig het en omdat Hy die verbondsverhouding daarin afbeeld (Ef. 5:22-33).

Die kerk moet toesien dat die huwelik heilig gehou word van die begin af en daarom moet dit met goedkeuring van die ouers of voogde en in teenwoordigheid van die gemeente gesluit en die seën van die Here daarvoor afgesmeek word. Die bedoeling was dat dit in 'n gewone samekoms van die gemeente moet geskied. Die "troudienste" waar baiekeer net die bruid en haar familielede van die kerk is, is nie in ooreenstemming met die artikel nie. Die bedienaar van die Woord, wat ook hier in sy profetiese amp voorgaan, bevestig die huwelik onder toesig van die kerkraad. Daarom moet daar ook vooraf aan die kerkraad en gemeente kennis gegee word van die voorneme om in die huwelik te tree.

### **GEBOOIE**

Die sogenaamde gebooie moet afgelees word vir 'n tyd, gewoonlik drie Sondae na mekaar, sodat lidmate geleentheid kan kry om beswaar te maak indien hulle van iets weet wat so 'n huwelik volgens Gods Woord ongeoorloof maak.

### **VOLGENS DIE FORMULIER**

Ook hier geld wat oor die formulier aangeteken is in artikels 56 en 58 hierbo. Dit is veral vandag noodsaaklik dat aan die Skriftuurlike <sup>[228]</sup> huweliks-opvatting soos in die ou formulier vervat, in hierdie tyd van huweliksminagting vasgehou word. Die huidige verkorte formulier is 'n jammerlike verskraling van die oue. Veral moet betreur word dat die slotvermaning oor die onverbreekbaarheid van die huwelik en dat egskeiding ongeoorloof is, weggelaat is (kyk Acta 1979).

### **VERBODE HUWELIKE**

Die kerkraad mag nie toelaat dat 'n verbode huwelik tussen 'n gelowige en ongelowige, tussen broer en suster, tussen ongeoorloofde geskeides of 'n geskeide en 'n ander lidmaat, en nog erger soos tans gebeur in sommige lande, tussen man en man kerklik bevestig word nie. Selfs al sou die owerheid ook 'n huwelik goedkeur, wil dit nog nie sê dat die kerk dit moet goedkeur nie. Die kerk het Gods Woord as finale maatstaf en moet Hom gehoorsaam. Ook moet huwelike selfs tussen Christene wat nie een in belydenis is nie afgeraai word (Rotterdam 1581, Goes 1597 en Middelburg 1581, By Bos, 1950, p.260).

### **HUWELIKSBEVESTIGER**

Die bedienaar van die Woord alleen kan kragtens sy profetiese amp die kerklike huweliksbevestiging wees.

Die owerheid het ook 'n funksie by die huwelik en waar hulle die kerklike huweliksbevestiging erken en die predikant as huweliksbevestiger benoem, moet ook aan die wetlike vereistes as huweliksbevestiger voldoen word. Daar is egter die voorbehoud dat hy nooit die Skrif en Kerkorde mag verkrag in sy optrede as staatsamptenaar nie. Daar moet noukeurig ag gegee word op die *huwelikswetgewing* en *die vereistes* wat aan huweliksbevestigers gestel word indien die predikant ook deur die owerheid aangestel is as huweliksbevestiger.

Ten slotte moet daarop gewys word dat hierdie artikel ook veronderstel dat daar maar een grond vir egskeiding kan wees naamlik hoerery (vgl. Matt. 19:9; kyk ook Rapport en besluite Sinodes 1924; 1927; 1939; 1970 en 1973; kyk verder bylae by artikel 70 Kerkorde in die Kerkorde-uitgawe 1980, p.89).

## [229] HOOFSTUK 5: OOR DIE KERKLIKE TUG ARTIKELS 71-86

### ARTIKEL 71: DIE KERKLIKE TUG

**"Die kerklike tug is geestelik, daarom is, afgesien van die burgerlike straf, die kerklike sensuur noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem."**

Daar is veral drie terme deur die eeue gebruik om die saak waaroor dit hier gaan, aan te dui naamlik *tug*, *dissipline* en *sensuur*.

#### TUG

*Tug* kom van 'n Middelnederlandse woord *tien* wat beteken regtrek, van kwaad weghou, beskerm teen vergroeiing. Die afgeleide betekenis is dan om *op te voed*.

Die woord laat dink aan die gebruik om 'n jong boompie wat skeef groei reg te trek met 'n lyn of draad aan 'n ankerpaal. Die lyn of draad beskerm die boompie dan teen vergroeiing.

#### DISSIPLINE

Die woord *dissipline* is van Latynse afkoms en laat meer na vore kom *waarmee* en *hoe* reggetrek en beskerm word. Daar is 'n teregwyding deur middel van lering en onderwys. Wie weggedwaal het, word tot orde geroep; gewys op wat reg is en daarheen, weg van die kwaad, teruggeroep.

#### SENSUUR

Dit gebeur nadat daar 'n *oordeel* (*censura*) gevel is oor die gedrag. Daar is geoordeel dat van die goeie afgewyk is en dat wat kwaad is, aangehang word en daarvan moet afgesien word.

[230] Die drie woorde hou dus al drie die gedagte in van iemand wat van die voorgeskrewe weg afgedwaal het en nou deur berisping, vermaning of bestraffing daarop gewys word. Daar word dan by hom aangedring om van die verkeerde weg af te sien en terug te keer na die voorgeskrewe, regte, weg. Reeds ooreenkomstig die betekenis van die woord veronderstel *tug* dus altyd *die redding van 'n persoon en kan dit nooit aangewend word om van 'n lastige persoon ontslae te raak of om jouself te handhaaf nie*.

#### ONDERSKEID TUSSEN TUG EN STRAF

Artikel 71 dui die onderskeid tussen die kerklike tug en die burgerlike straf aan. Laasgenoemde is *vergelding* waardeur die geskonde reg gewreek word, ongeag berou of bekering.

Kerklike tug het ook te doen met geskonde reg, die kerkreg, die voorskrifte van die Here vir sy kerk, maar nie om te vergeld nie; wel om te sorg dat die Naam van die Here nie gelaster en die kerk as liggaam van Christus geskaad en die sondaar self nie in die oordeel kom nie. Dit het dus die liefde tot God, die sondaar en die kerk (gemeente) as grondslag. By die toepassing van die tug mag daar dan ook nooit op dieselfde manier 'n geding gevoer word soos in die burgerlike hof nie.

#### DIE TEMPEL VAN GOD MAG NIE GESKEND WORD NIE

Die kerk is die vergadering van die gelowiges, die tempel van God, die huisgesin van God. Die liggaam mag nie geskend, die tempel nie ontheilig en die gesin nie verskeur

word nie. Wie die tempel van God skend, laster God en kom in die oordeel. Christus self beveel dat die sondaar vermaan en bestraf word (Matt. 18:18 e.v.). Deur die apostel Paulus beveel Hy dat die gelowige hom aan 'n man "wat partyskap verwek, ná die eerste en tweede vermaning" moet onttrek (Titus 3:11). Aan die Korinthiërs word gesê dat die bloedskenner "aan die Satan" oorgelewer moet word (1 Kor. 5:5).

## **DIE KERK MOET KERK GEHOU WORD**

Die kerk moet deur die tug kerk gehou word. Deur vermaning, bestraffing en afsnyding in geval van verharding, word gewaak dat indringers, ongelowiges nie 'n wettige plek in die kerk van Christus kry nie en dat dwalendes nie vervreemd raak van die liggaam van Christus nie (Esegiël 3:16 v.v. ook 1 Kor. 5), en dat daar nie struikelblokke in die kerk gelaat word vir ander om oor te struikel nie. Daarom is die tug ook 'n wesenskenmerk van die kerk (N.G.B. art. XXIX).

### **[231] TUGMIDDEL**

Die middel waardeur getug word, is nie geweld nie, maar die Woord waardeur die Heilige Gees werk; dus geestelik, in die sfeer van die Heilige Gees.

Daar word tereggewys, vermaan en bestraf *om te oorreed tot bekering* en as daar nie bekering kom nie, uiteindelik verklaar dat die onbekeerde sondaar nie in die vergadering van die gelowiges tuishoort nie (Matt. 18, 2 Tim. 4:1 v.v. ens., kyk ook N.G.B. Art. 30 en 32; H.K. Sondag 30 en 31, vrae 81-85).

## **VOORWERP VAN DIE TUG**

Die tug gaan oor die sondaar, nie soos by die Roomse ook oor dooie dinge (geboue) of massas nie. Dit gaan oor die individu wat lid is van die kerk kragtens doop en belydenis.

## **TUG OOR DOOPLIDMATE**

Daar was en is stryd oor die vraag of 'n dooplid werklik voorwerp van tug is. a'Lasco, in sy *Forma ac Ratio*, sê *ja*, as 'n dooplid nie by sy twintigste jaar openbare belydenis, waartoe hy/sy verplig is in opdrag van Christus (Matt. 16), gedoen het nie, moet hy na vermaning, by volharding, geëkskommuniseer word. Voetius weer sê, volgens Rutgers, net soos die Dordtse Sinode 1578, nee. Hulle is wel in die verbond maar nie in die kerk as instituut nie, daarom moet sulke mense wat gedoop is, maar nie belydenis doen nie, net beskou word as nie behorende tot die kerk nie. Die Sinode van 1961 het die standpunt van a'Lasco aanvaar as die juiste.

Dooplidmate moet beskou word as lede van die kerk kragtens die genadeverbond en hulle is ook voorwerpe van die tug; hoewel die toepassing nie op dieselfde wyse kan geskied nie. Daar kan onder andere nie die afhouding van die nagmaal wees nie. By afsnyding, so het die sinode besluit, moet die nodige wysiginge aan die formulier vir die ban gebring word.

(Kyk dr. J. de Jong 1918, Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht 1618-1619. College-voordrachten van Prof. F.L. Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht, Deel IV. Rotterdam; H. Bouwman, 1912, De Kerkelijke Tucht; Joh. Jansen, 1913, De Kerkelijke Tucht; Jan Visser (1979), Die Kerklike Tug. K.J.B.F. en G.P.L. van der Linde (1959). Die noodsaaklikheid van die kerklike tug, *in* Die Brandende Doringbos, Jaargang VII, no. 26).

## [232] ARTIKEL 72: HEIMLIKE SONDES (1)

**"As iemand dan ten opsigte van die suiwerheid van die leer of vroomheid van die wandel sondig, moet, in sover dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word soos Christus duidelik in Matteus 18 voorskrywe."**

Waarin artikel 71 gesê is wat die tug en die doel daarvan is, kom artikel 72 tot die tug self.

### WANNEER WORD OPGETREE?

Daar word eerstens vasgestel wanneer dit nodig is om iemand terug te bring. Dit is wanneer hy afdwaal, dit is sonde doen, in opstand teen God en in ongehoorsaamheid aan die Here Christus, leef.

Dit gebeur wanneer iemand die suiwerheid van die leer aantas en daarom ook sondig ten opsigte van die vroomheid van wandel.

### DIE BELYDENIS AANTAS

Die belydenis of leer is die fondament waarop die kerk gebou is. Dit is die belydenis dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is (Matt. 16:16 tot 18). Die kerk is ook pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15). Geroep deur die Here om 'n lig vir die wêreld te wees (Matt. 5:14 v.v., ook Matt. 10:31 -33). Wanneer die roeping nie vervul word nie en die openbaring (waarheid) van God aangetas word deur dwaalleer, hetsy in die geheel deur verwerping van die gesag van die Skrif, hetsy in dele soos onder andere deur die loëning van Christus se waaragtige Godheid, sy opstanding of enige ander geopenbaarde waarheid, word in opstand teen God die Here gelewe. Daar word dan in die duisternis gewandel en so die gemeenskap met Hom en sy kerk verbreek. In die geval moet dadelik opgetree word om die dwalende terug te bring.

As die vroomheid van die wandel ontbreek, as die gewone gedrag nie ooreenkom met die uitgesproke geloof in Christus nie, geld sy Woord: "Nie elkeen wat vir My sê Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (Matt. 7:21 v.v.).

## [233] WANDEL

Die keuse van die woord *wandel*, 'n woord wat steeds in die Skrif gebruik word, is belangrik. Dit benadruk die gewone, alledaagse doen en late. Mens kan sê die spontane optrede waardeur die innerlike blootgelê word, die vrugte wat pas by die boom. Die artikel wil dan ketterjagtery of 'n lewenskwellery voorkom. Elke mens is 'n sondaar en struikel in vele en dikwels (kyk Jak. 3:2). Maar die gelowige erken sy/haar sonde, stry daarteen en sy daaglikse bekering is duidelik te sien. Dit kom uit in die wandel. Maar as in die wandel, dit is in die gewone gedrag, nou uitkom dat *nie rekening gehou word met God se Woord nie; dat om sonde te doen die spontane, gewone handeling is en nie 'n struikeling nie, dan het dit die tyd geword vir tug*. Die optrede om die persoon van die verkeerde weg terug te kry is dan nodig. Op die bekeringsweg, as dit die wandel is, word die strydende sondaar begelei met die prediking en pastorale sorg, dit is met die bediening van die Woord in die openbaar en aan die huise. Maar die dwalende word verder ook met die tug begelei.

Die artikel stel tweedens vas hoe gehandel moet word as die sonde ten opsigte van die leer en/of wandel heimlik is.

## HEIMLIKE SONDES

Wanneer is 'n sonde nog geheim? Die Skrif laat dit in Matt. 18 uitkom. Dit is nog 'n heimlike sonde as dit nie in die gemeente en ook in die samelewing, bekend is nie. Dit gaan oor 'n sonde "teen jou" dit sluit enige sonde in. Wat teen God is, is teen jou. Maar in die geval 'n sonde waarvan net jy weet. Dit sou seker nie kennis van enkele persone uitsluit nie. Die bekendheid is in elk geval nie van so 'n aard dat meer as een of 'n paar hulle daaraan kan erger nie.

Vanaf die vroegste sinodes het die kerklike vergaderinge dit nie gewaag om presies te omskryf watter sondes of wanneer sondesgeheim is nie. Dit moet in elk geval beoordeel word. Ek noem 'n voorbeeld. Die sewende gebod is oortree en 'n dogter is swanger. Niemand behalwe die dogter en miskien haar medepligtige weet dit nie. Sy openbaar dit egter voordat dit merkbaar word aan 'n ouderling of predikant. Dan sou dit nie as 'n geheime sonde behandel kan word nie, want die *aard van die sonde* is sodanig dat dit op die duur tog bekend word! Dit kan ook gebeur dat iemand dronk was en selfs al ver heen is op die weg van gewoonte dronkenskap, maar hy sluit hom in sy kamer toe as hy dronk word. Net hy en een of twee persone weet daarvan. Dit kan aanvanklik as 'n geheime sonde behandel word totdat verharding blyk. Hier moet egter versigtig opgetree word. 'n Dronke het na elke fuif berou, maar bekeer hom moeilik.

**[234]** Nog 'n voorbeeld is wanneer 'n persoon in 'n oomblik van swakheid van my geld steel en hy kry berou en bring wat hy gesteel het dadelik terug. Dan bly dit net tussen ons. Dan moet ek hom vermaan en vergeef en daarna is die saak afgehandel.

## ONDER VIER OË

*Geheime sondes word onder vier oë bestraf* (Matt. 18:15) en as daar berou en bekering is, bly dit onder vier oë vgl. ook 1 Kor. 13:4-7; Jak. 5:19-20; ook Gal. 6:1; 1 Thess. 5:14, 15; Hebr. 3:13). Die tug begin dus by die *lidmate onderling*. (Calvyn IV 12.2).

## **[235] ARTIKEL 73: HEIMLIKE SONDES (2)**

**"Die heimlike sondes waaroor die sondaar berou het nadat hy deur een persoon afsonderlik of in teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie."**

### **VERGIFNIS NA BEROU EN BEKERING**

In artikel 73 word die voorskrif in Matt. 18 benadruk. Onder geen omstandighede mag 'n geheime sonde wat heimlik bestraf en waaroor berou betoon is en wat opgevolg is deur bekering, openbaar gemaak word deur 'n aanklag by die kerkraad of andersins nie. Die doel van die tug, soos dit eerstens deur die gelowiges onderling uitgeoefen moet word, is dan bereik en verdere optrede teen die sondaar sou liefdeloos wees. Eers as die sondaar nie luister nie, moet hy saam met een of twee ander weer vermaan word. Die getuies moet wyse en gerespekteerde lede van die kerk (gemeente) wees. Op hierdie stadium moet die ouderling of predikant alleen in hoogs uitsonderlike gevalle betrek word. Indien hulle wel betrek word op die stadium, geskied dit nog in persoonlike hoedanigheid. Eers by verdere verharding word die sonde aan die kerkraad geopenbaar (kyk Rutgers volgens De Jong 1918, p.35-38).

## [236] ARTIKEL 74: OPENBARE SONDES

**"As iemand, nadat hy deur twee of drie persone in liefde oor 'n heimlike sonde vermaan is, geen gehoor gee nie of 'n openbare sonde bedryf het, moet dit by die kerkraad aanhangig gemaak word."**

Artikels 72 en 73 skryf die weg van die *onderlinge tug* voor aan die gelowiges. Die gelowiges moet op mekaar ag gee, mekaar vermaan, bemoedig en ondersteun (Gal. 6 en 1 Thess. 5:14 en 15). Die opsieners moet toesien dat die gelowiges hulle taak uitvoer en mag dit nie op hulleself neem nie. So maklik fluister lidmate dit in 'n opsiener se oor: "het jy gehoor dat so en so, dit en dat gedoen het? Die mense weet nie daarvan nie, maar ek weet. Moet net nie dat hy agterkom dat ek dit gesê het nie." So iemand moet bestraf (vermaan) word om kragtens Matt. 18 sy roeping te vervul.

### OPENBAAR DEUR VERHARDING

Eers as daar verharding blyk, as twee of drie agbare lidmate gehelp het met die bestraffing, moet dit by die kerkraad aangegee word. Die doel van die tug is die eer van God, die welsyn van die gemeente en die behoud van die sondaar. Daarom moet die tug deurgaans tot op die end. Wat heimlik was, word openbaar deur verharding. Die verharding noodsaak die wat weet van die sonde om dit aan die kerkraad te openbaar sodat hulle amptelik, in die naam van Christus, die sondaar kan bestraf; hom kan aansê dat hy geen deel het aan Christus as daar nie bekering kom nie.

### HOE DIE SONDE AANGEGEE WORD

Dit is dan noodsaaklik dat die klaer die klag liefsvol skriftelik, duidelik formuleer en met bewyse aan die kerkraad voorlê. Daar moet bygevoeg word dat reeds volgens Matt. 18 gehandel is. Die klaer kan ook 'n buitestander wees. In so 'n geval moet egter met versigtigheid opgetree word. Die kerkraad moet dan behoorlik vasstel of dit wel 'n tugwaardige sonde is wat begaan is en of dit nie sommerkwaad of plaerskade is nie. Daarna moet die kerkraad behoorlik vasstel of die aangeklaagde wel skuldig is of nie. Veral as die aangeklaagde skuld ontken, moet *betroubare getuies* opgeroep word. Indien die sondaar erken dat hy die daad gepleeg het, alhoewel hy miskien ontken dat dit sonde is, hoef daar nie verder getuies ingeroep te word nie.

### [237] SONDAAR MOET SY SAAK SELF STEL

Voorts moet die sondaar altyd die reg kry om sy saak behoorlik te stel. In uitsonderlike gevalle, waar die sondaar om een of ander rede nie in die vermoë is om self sy saak te stel nie, kan iemand vir hom intree, nie as advokaat nie, bloot om sy saak reg te formuleer. Dit gaan immers om die persoonlike verhouding tussen die sondaar en Christus, wat nie met advokaters reggestel kan word nie.

### BESTRAFFING

Na die ondersoek beslis die kerkraad of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is en bestraf hom/haar ernstig in die naam van die Here by skuldigbevinding. Die sondaar word opgeroep tot berou en bekering. Die bestraffing moet uit die Woord gedoen word, van aangesig tot aangesig. Indien die sondaar weier om voor die kerkraad te verskyn kan die bestraffing opgedra word aan 'n kommissie uit die kerkraad en desnoods kan dit skriftelik gedoen word.

### NOUKEURIG OPTEKEN

Vanaf die aanklag tot die bestraffing moet alles *noukeurig* deur die skriba *opgeteken* word sodat later vasgestel kan word of reg geskied het ooreenkomstig die opdrag van



Christus.

## OPENBARE SONDES

Wat geld vir 'n heimlike sonde wat openbaar geword het, geld ook vir 'n openbare sonde. Die verskil is net dat 'n openbare sonde dadelik aangegee *moet* word by die kerkraad. Die aangewer moet die sonde, tyd en plek waar die sonde gedoen is, verstrek.

Wanneer is 'n sonde openbaar? Daar is sondes wat in die geheim gedoen is, maar uiteraard nie geheim kan bly nie. Dit is sondes wat na hulle aard openbaar is soos onder andere hoerery, diefstal en moord. Ander sondes is gepleeg in 'n *openbare plek*, en al sou op die oomblik nie baie mense teenwoordig wees nie is dit seker dat die gerug daarvan vinnig sal versprei. Dit gebeur in geval van openbare dronkenskap, openbare verkondiging van dwaalleer, vloekery, gewelddadigheid en so meer. 'n Sonde is ook openbaar wanneer dit so gruwelik is dat dit 'n openbare bestraffing vereis. Dit kan 'n Godslastering in teenwoordigheid van een of twee persone of poging tot skeurmakery of opstokery tot geweld, al het dit misluk, wees (Dordrecht 1578, Partikuliere vraag 54, by Rutgers 1889, p.277).

[238] Nadat die kerkraad nou so 'n sondaar bestraf het en hy/sy, sy/haar sonde erken en dadelik berou betoon, het jy die sondaar gewin en dan word ooreenkomstig artikel 75 opgetree.

## SÊ DIT AAN DIE GEMEENTE

Ten slotte moet aandag gegee word aan die opdrag van Christus: "Sê dit aan die gemeente" Matt. 18:17.

Die Wederdopers of Anabaptiste en Independenten sê dit beteken net dat die gelowiges byeengeroep en die saak aan hulle voorgelê moet word vir beslissing en optrede. Die tugmag berus uitsluitlik by die gemeente as vergaderde gelowiges.

Die Gereformeerdes daarteenoor het vanaf die Reformasie die opvatting verwerp. Eksegete soos Grosheide, H.N. Ridderbos, Stier en kerkregtelikes soos Bouwman, Rutgers en Jansen verklaar dat ekklesia in Matt. 18:17 op die georganiseerde gemeente dui: "de gemeente offisieel", dit is die gemeente soos dit later onder die leiding van die ampsdraers gekom het. Stier en Grosheide lê nadruk op die lidwoord wat wys op die bepaalde gemeenskap van gelowiges, plaaslik en dus noodwendig georganiseerd. *Die klag word dus deur die kerkraad as die orgaan wat aan die gemeente gegee is om hulle te regeer opgeneem.* Die kerkraad is die orgaan van Christus wat aan die kerk gegee is om in die tug te handel. Hulle voer nie die wil van die gelowiges in die tug uit nie, maar wel die opdrag van Christus. Die ampsdraers is organe van Christus ten behoeve van die gemeente. Daarom mag hulle nooit los van of sonder die gemeente optree nie. In die tug is dit die bedorwe lid wat die hele liggaam kan bederf, wat uitgewys en afgesny moet word deur die opsieners. Daarom moet *die gelowiges meewerk tot die uitwys van die bederf* (aangee) en die *genesing* (spreek met en bid vir) en by verharding *uitwerping* (soos heidenen en tollenaar) (kyk Rutgers by De Jong 1918, p.39 e.v.,) wat egter sê dat die kerkraad optree as orgaan van die gemeente. Dit is 'n independentistiese siening, J. Visser 1979, Die Kerklike Tug.

## [239] ARTIKEL 75: VERSOENING

**"Die versoening oor alle sondes wat uit hulle aard of deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel. Indien daar verskil is in die kerkraad oor die vraag of die versoening in bepaalde gevalle in die openbaar moet plaasvind, moet daarvoor met advies van twee naburige kerkrade beslis word."**

### AS TUG DIE DOEL BEREIK

Die artikel gaan uit van die veronderstelling dat die tug sy doel bereik het. Die verskillende stadia (art. 72-74) van vermaning het daartoe gelei dat die sondaar sy *skuld bely*, sy berou *betuig* en hom *bekeer* van sy verkeerde (bose) weg. Met vreugde word dan verklaar dat sy sondes vergeef en hy/sy met God en die kerk versoen is.

### GENOEGSAME TEKENS

Die kerkraad moet egter seker maak dat die tug sy doel bereik het. Daar moet "genoegsame tekens van boetvaardigheid" wees. Die kerkraad is geen hartekeenners nie en kan maar oordeel op uitwendige tekens, op *beroubetuiging* en *bekering*. Die gevaar van valsheid of onopregtheid en oppervlakkigheid by die sondaar is altyd aanwesig. Veral by sekere sondes moet eers baie seker gemaak word of die berou eg en die voorneme tot bekering sterk genoeg is. In so 'n geval word 'n proeftyd gegee. Dit moet feitlik in elke geval by sondes soos dronkenskap, owerspel, dobbelary en so meer gedoen word, omdat so maklik in die sonde terug geval word. En *ware berou* sonder *opregte bekering* bestaan nie.

### WYSE VAN VERSOENING

Soms is dit nodig om 'n tydjie te wag voordat, na die vergifnis, die sondaar se verhouding tot die gemeente genormaliseer word. In gevalle van ergerlike sondes, dit is growwe sondes wat die sondaar ook eerloos maak in die oë van die wêreld en wat groot en algemene beroering verwek het tot skande vir die kerk, moet eers seker gemaak word dat die berou en bekering so algemeen aanvaar word dat daar nie meer sprake van ergernis in die kerk kan wees nie. Dit moet onder andere gebeur by openbare [240] godslastering, moord, owerspel, landsverraad en so meer. Die berouvolle sondaar sal nie dadelik tot die nagmaal toegelaat kan word nie, al is die kerkraad oortuig van berou. Die stigting van die gemeente vereis dat gemoedere eers geleentheid kry om te bedaar. Hy word dan nog afgehou van die nagmaal ter voorkoming van ergernis. Voetius noem dit *abstentio simplex*, die eenvoudige afhouding wat nie deel uitmaak van die afsnydingsproses nie. Dit is ook tot welsyn van die sondaar omdat hy/sy maklik in die tyd van worsteling om weer die broeders en susters in die oë te kan kyk, ontmoedig kan word deur onbegrip van medegelowiges wat nie behoorlik voorberei is om vergifnis te skenk nie.

Hoe moet die versoening nou plaasvind nadat die kerkraad oortuig is van berou en bekering en dat versoening tot eer van God en stigting van die gemeente en welsyn van die sondaar sal wees? Op die vraag kan net geantwoord word dat elke geval op meriete beoordeel moet word. "Die versoening ... moet... in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel." Die kerkraad oordeel en nie 'n kommissie of 'n paar lede nie.

In die algemeen kan gesê word dat as dit gaan oor 'n sonde wat nie uiteraard openbaar is nie of 'n openbare sonde wat nie algemene opspraak verwek het in die kerk nie, moet

die kerkraad volstaan by 'n skuldbelydenis en betoning van berou voor die kerkraad en hoogstens die verontregtes (Dordrecht 1578).

### **OPENBARE VERSOENING**

In die geval van sondes soos openbare dwaalleer wat verkondig is, Godslastering, moord en so meer, wat groot ergernis veroorsaak het en vir die kerk uiters skandelik was, moet die versoening openbaar geskied.

### **DEUR 'N AANKONDIGING**

Dit kan gebeur of deur 'n *aankondiging* dat 'n sekere broeder en suster wat die of daardie sonde begaan het, na bevrediging van die kerkraad berou betuig en bekering bewys het en dat die gemeente die sondaar moet vergeef en weer as broeder of suster in volle regte moet aanvaar (kyk Schoonhoven 1579 en Middelburg 1591 in Bos 1950). Die sinodes bepaal egter dat die naam ook in so 'n geval genoem moet word. Wanneer die berou en bekering egter plaasvind voordat die naam afgekondig is, moet die naam van die sondaar liefste nie genoem word nie. Die berouvolle sondaar moet so ver moontlik gespaar bly al is die publieke versoening ook nodig. Deur die verswyging van die naam bly hy ook net in die kring bekend wat van begin af op hoogte was van die sonde wat begaan is.

### **[241] VERSKYNING VOOR DIE GEMEENTE**

In uiterste gevalle moet die sondaar opgeroep word om in die midde van die gemeente openbare skuldbelydenis te doen en berou te betoon op 'n manier waaroor die kerkraad besluit. Dit sal uiteraard net moet gebeur omdat die eer van God en die stigting van die kerk sowel as die welsyn van die berouvolle sondaar dit vereis. Die beslissing daartoe moet altyd geneem word met 2 Kor. 2:6 en 7 in gedagte. Die berouvolle sondaar mag nie bo die maat bedroef word nie.

### **MET ADVIES**

In die slotbepaling van die artikel word benadruk dat dit in die Kerkorde om 'n besondere regspleging gaan. Dit gaan nie om vergelding nie, maar om herstelling van die geskonde verhouding tussen die sondaar en God, en die sondaar en die gemeente. Daarom word die menslike beperktheid in ag geneem en moet met groot versigtigheid gehandel word waar dit gaan oor die eis tot openbare skuldbelydenis en beroubetoning.

As daar verskil is in die kerkraad, waardeur 'n duidelike onvermoë getoon word om tot 'n eenheidsbeslissing te kom, moet die hulp van twee naburige kerke ingeroep word. Die kerkraad en die twee naburige kerke moet dan saamstem oor hoe opgetree moet word; "met advies" beteken hier dat daar tot 'n gemeenskaplike oordeel gekom moet word.

Miskien moet die advies tog in elk geval gevra word, veral as 'n kerkraad klein is (De Jong 1918, p.47 tot 51).

## [242] ARTIKEL 76: OPTREDE BY VERHARDING IN DIE SONDE

**"Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp en ook die wat 'n openbare of anders 'n growwe sonde gedoen het, moet van die sakramente van die Here afgehou word."**

In artikel 76 word eerstens bepaal hoedat met die tughandeling voortgegaan moet word by 'n heimlike sonde wanneer ook die bestraffing van die kerkraad geen berou en bekering gewerk het nie. Daar moet dan voortgegaan word met die vermaning om by voortgaande verharding die sondaar tot heiden en tollenaar te verklaar. Hy/sy word dan aangesê dat hy/sy geen deel aan Christus het nie.

### LANG PROSES

Dit is egter 'n lang proses. Artikel 76 benadruk implisiet eerstens die lankmoedigheid wat betrag moet word in die tug. Daar word nie, selfs onder die ergste uittarting van die sondaar, hals-oor-kop opgetree nie. Die artikel veronderstel reeds herhaalde vermaninge, soos die waarvan in artikel 72 en 74 gespreek word.

Dit beteken in die reël vermaninge oor 'n korter of langer tydperk wat 'n geheime sonde betref. Selfs as daar hardnekkigheid is by die sondaar, word nie dadelik oorgegaan tot die afsnyding nie. Daar word nog eers 'n voorlopige stap geneem. Die hardnekkige sondaar word eers van die nagmaal afgehou. Walaeus noem dit die klein ban. Dit is 'n laaste en die ernstigste bestraffing met die daad voor die afsnyding (Synopsis 2, p.264).

### DIE KLEIN BAN

Die afhouding van die nagmaal of die klein ban (*excommunicatio minor*) is nog nie die eintlike afsnyding nie. Dit *ontneem* nog nie regte wat aan die gelowige behoort en so die lidmaatskap nie. Met die klein ban word die *gebruik van die regte opgehef* en so word die sondaar voor die uiterste werklikheid van die ban gestel. Soos die (voor) regte nou nie mag gebruik word nie, kan dit *geheel weggeneem* word as daar *nie bekering* kom nie.

Onder die regte waarvan nie gebruik gemaak kan word nie, word die verstaan wat eksklusief net aan die lidmate toekom. Dit is eerstens die aansit aan die tafel van die Here, dan die doop van kinders, die stemreg en <sup>[243]</sup> verder alles wat behoort by die lidmaatskap aan die liggaam van Christus. Vroeër was die teenwoordigheid onder die bediening van die Woord hierby ingesluit. So het Ambrosius keiser Theodosius II die bywoning van eredienste belet totdat hy genoegsaam boete vir sy oortreding gedoen het. Vanaf die Reformasie is die uitsluiting uit die erediens egter nie onder die klein ban gereken nie. Enigeen kan na die Woordbediening luister, ons moet ons selfs beywer om ook ongelowiges onder die diens van die Woord te kry. Slegs in gevalle soos tydens vervolginge, waar die sondaar 'n gevaar in die kerk kan wees deur verraad, moet hy nie toegelaat word in die samekoms van die gemeente nie.

### HARDNEKKIGE VERWERPING VAN VERMANINGE

Die klein ban word eers toegepas as die vermaninge van die kerkraad *hardnekkig* verwerp word.

Hardnekkig beteken volhardend aanhou om geen ag te slaan op die vermaninge nie.

Verharding: daar is verharding as 'n onverskillige houding aangeneem en maar in die sonde voortgeleef word.

Die kerkraad word dan teëgespreek of die gesag van die kerkraad word ontken, soos die Remonstrante met die Sinode van Dordrecht gedoen het. Alle oproepe om verantwoording te doen word dan verontagsaam en die sonde goedgepraat.

Nadat alles gedoen is om die sondaar sover te kry om hom/haar te onderwerp en dit nie help nie, word in die geval van geheime sondes wat deur hardnekkigheid openbaar geword het, die gebruik van die nagmaal die sondaar ontsê.

### **OPENBARE SONDES**

In geval van openbare growwe sondes word die sondaar dadelik as die sonde bekend raak, van die nagmaal afgehou vanweë die ergernis wat dit veroorsaak. Maar dan is dit nog nie die klein ban of dissiplinêre afhouding nie. Dit word genoem die *eenvoudige afhouding* veral met die oog op die heilighouding van die nagmaal. Die klein ban word ook in geval van 'n openbare growwe sonde toegepas slegs na verharding. In die geval van 'n openbare sonde word die sondaar van die nagmaal afgehou nadat die kerkraad 'n klag teen die lidmaat ter tafel geneem het en terwyl die klag ondersoek word. Solank as wat die saak nog ondersoek word, kan die lidmaat, in oorleg met die kerkraad, self besluit dat hy nie aan die nagmaal sal deelneem alvorens die saak waarin hy betrokke is, nie opgehelder is nie. Maar al meen hyself nie dat dit nodig is nie, moet die kerkraad hom <sup>[244]</sup> afhou in geval van 'n ernstige klagte. Ook hierdie eenvoudige afhouding kan alleen deur die kerkraad toegepas word, nie deur die predikant of 'n ouderling nie.

Wanneer die kerkraad die saak deeglik ondersoek en bevind dat die lidmaat wel die sonde begaan het en daar geen berou en bekering is nie, gaan die eenvoudige afhouding oor tot die dissiplinêre afhouding of klein ban. As daar berou en bekering is, mag die eenvoudige afhouding nog voortgesit word vir een of twee nagmaalsgeleenthede om te dien as proeftyd sodat die egtheid van die berou kan blyk en om die beroering wat in die gemeente veroorsaak is weg te neem.

Wanneer die eenvoudige afhouding oorgaan tot die klein ban, word dit nog nie aan die gemeente bekend gestel nie. Dit vorm nog deel van die oorreding tot berou en bekering. Eers as die klein ban ook nie help nie, as die sondaar selfs nadat hy verskillende kere van die nagmaal afgehou is, nog volhard in die sonde, word oorgegaan tot die afsnyding of excommunicatio major, soos voorgeskryf in artikel 77.

Voordat egter tot die afsnyding oorgegaan word, moet die notule 'n afdoende beeld gee van die skuld van die sondaar en wie hy/sy is en dat daar herhaaldelik vermaan is deur die kerkraad, maar dat die sondaar in sy/haar sonde volhard het.

## [245] ARTIKEL 77: DIE AFSNYDING

**"Diegene wat na afhouding van die sakramente en na herhaalde vermanings geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie, maar hardnekkig in die sonde volhard, moet eindelijk met die laaste tugmiddel, die afsnyding van die gemeenskap van die kerk afgesny word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.**

**Die finale afsnyding moet voorafgegaan word deur drie openbare aankondigings daarvan aan die gemeente, waarin vermeld word wat die oortreding van die sondaar is, dat daar veel arbeid aan hom bestee is deur bestraffing, afhouding van die sakramente en menigvuldige vermaninge en dat hy hom nie bekeer het nie. In hierdie aankondiginge moet die gemeente opgewek word om met die sondaar te spreek en vir hom te bid.**

**By die eerste aankondiging moet die naam van die sondaar, om hom enigsins te spaar, nie genoem word nie.**

**By die tweede moet met advies van die klassis ook sy naam genoem word.**

**By die derde moet aan die gemeente bekend gemaak word dat die sondaar, as hy hom nie bekeer nie, van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word, sodat sy afsnyding met die stilswyende bewilliging van die gemeente kan plaasvind as hy hardnekkig bly.**

**Die kerkraad bepaal die tyd wat in elke afsonderlike geval tussen die drie aankondiginge moet verloop."**

Die eerste gedeelte van die artikel was oorspronklik die slot van artikel 76. Met die hersiening van 1964 is 'n redaksionele wysiging gemaak sodat die slotparagraaf van artikel 76 nou die begin van artikel 77 vorm.

Wanneer die sondaar nie na die vermaning in die klein ban luister nie, is die einde van die pad bereik. Dan moet tot die tweede stap in die ekskommunikasie oorgegaan word. Die groot ban of excommunicatio major moet dan uitgespreek word.

### **DIE GROOT BAN**

Dit is 'n verklaring dat die sondaar geen deel het aan Christus of sy ryk nie, en daarom ook nie langer erken kan word as lid van die kerk nie. En waar <sup>[246]</sup> die verklaring in gehoorsaamheid aan Christus en ooreenkomstig sy Woord gemaak word, meen dit dat die hemelryk vir so een toegesluit is. Nie die kerkraad sluit toe nie, Christus sluit toe en die kerkraad verklaar net in sy Naam dat Hy dit doen (Matt. 18:18-20; Kyk Visser, 1979, die Kerklike Tug).

Die groot ban is van geweldige erns, eintlik huiweringwekkend. En tog mag daar nie voor teruggedeins word nie. Maar daartoe mag eers oorgegaan word as *voortgaande verharding* by die sondaar vasgestel is na die afhouding van die nagmaal en herhaalde vermaninge.

Die groot ban of afsnyding val uiteen in drie stappe. Rutgers wys tereg daarop dat dit 'n fout is om hier te spreek van drie trappe van sensuur. Daar is net twee trappe van sensuur. Die eerste is die afhouding van die nagmaal en die tweede die groot ban. In die groot ban is geen graduele toename in die sensuur nie, wel 'n afsnydingsproses. Die lid word langamerhand afgesny en met elke stap geskied prinsipiële dieselfde, die sondaar word vermaan om tog nog tot bekering te kom (De Jong, 1918 p.83/4).

## EERSTE STAP

Die eerste stap van afsnyding is dan om aan die gemeente mee te deel wat die sonde is, dat die sondaar reeds herhaaldelik tevergeefs vermaan is, ook deur die afhouding van die nagmaal.

Voorts word aan die gemeente opgedra om met die sondaar te spreek en vir hom/haar te bid. Die naam mag wel nie genoem word nie, tog gaan dit om 'n openbare sonde en sal die sondaar, indien nie by almal nie, dan tog by sommiges bekend wees. Die naam word nog nie genoem nie om die sondaar enigszins te spaar.

Voor dit so ver kom, moet die notule duidelik toon dat vanaf die besluit tot afhouding van die nagmaal gedurig aandag aan die sondaar gegee is. Daar moet rapport op elke vergadering kom van die wyksouderling en of kommissie aan wie die verdere vermaning van die sondaar opgedra is.

## TWEEDE STAP

Bly bekering nog uit, moet met advies van die klassis die tweede aankondiging of openbare vermaning geskied. Hierdie keer moet die naam van die sondaar wel genoem word. Die advies van die klassis word ingeroep vanweë die erns van die saak. Dit raak tog die ewige wel of wee van die sondaar. Daarom wend die kerkraad hom tot die naburige kerke om hulp, sodat in die groot verantwoordelijkheid met des te meer sekerheid gehandel kan word. Rutgers sê die kerkraad doen dit net <sup>[247]</sup> kragtens ooreenkoms in die Kerkorde en met die daad beperk die kerkraad sy eie mag vrywillig. Die verklaring van Rutgers oor waarom die advies ingeroep word verswak egter die hele gedagte wat die bepaling beheers, naamlik dat in so 'n magtige saak meerdere hulp in opdrag van Christus ingeroep moet word (kyk artikel 41).

Die advies is dan ook nie raad vra om dan met die raad na goeddunke te handel nie, dit is advies vra om dienoooreenkomstig te handel om tot 'n ooreenstemming te kom.

## INLIGTING VAN DIE KERKRAAD

Die klassis oordeel in hierdie geval net op *inligting van die kerkraad* dat 'n afsnydingswaardige sonde gepleeg is en dat daarin volhard word na herhaalde vermaning en afhouding. Indien nodig, skets die afgevaardigdes die verloop van sake aan die hand van notules en ander stukke. Die informasie kan ook net deur 'n stuk wat deur die kerkraad voorberei is, voorgelê word. Deur desnoods verduidelikings te vra stel die klassis dan vas of daar volgens inligting van die kerkraad alles gedoen is wat Christus voorskryf vir die tug. Dan word beslis of die kerkraad eers nog moet arbeid en of met die tweede stap tot afsnyding voortgegaan kan word.

*Die klassis ondersoek nie op hierdie stadium self die saak nie.* Dit gebeur eers by eventuele appèl. Daarom prejudiseer die advies ook nie 'n moontlike appèl nie. *Die advies gaan oor die vraag of die kerkraad, na eie inligting, genoeg gedoen het om verder te kan gaan.*

## DERDE STAP

Nadat die tweede aankondiging gemaak is en daar weer 'n tydlank sonder vrug vermaan is, volg die derde aankondiging waarin meegedeel word dat, tensy daar bekering is voor 'n sekere tyd, die finale afsnyding in 'n erediens volgens die formulier wat daarvoor bestaan (deur 'S Gravenhage 1586 opgestel), sal plaasvind. Die tyd moet nie te kort wees nie, maar ook nie te lank uitgerek word tussen die derde stap en die finale afsnyding nie.

Daar moet genoeg tyd wees dat die sondaar die skriftelike besluit kan ontvang en om finaal met hom/haar te kan spreek. En as eindelijk tot finale afsnyding oorgegaan word, moet die sondaar daarvan skriftelik kennis kry met aanduiding van sy sonde en verharding.



## SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES

Die tydperk tussen die ander stappe word ook deur die kerkraad bepaal. Daar moet genoeg geleentheid wees vir herhaalde vermaning en om definitiewe verharding te kan vasstel.

[248] Walaeus skryf in die Synopsis (II p.265) dat tot die derde stap alleen oorgegaan word as die sonde teen die Heilige Gees gepleeg is. Dit sou dan die "Anathema Maranatha" van 1 Kor. 16:22 wees. Enersyds kan wel gesê word dat die sondaar die Heilige Gees in sy verharding weerstaan het, maar andersyds is dit tog weer nie te aanvaar dat die kerkraad moet verklaar dat dit juis die sonde teen die Heilige Gees is wat gepleeg is nie. As dit so was, sou artikel 78 wat van boetvaardigheid spreek, seker nie in die Kerkorde kon gewees het nie.

## VERHOUDING TOT DIE AFGESNEDENE

Wanneer die sondaar afgesny is, moet die gemeente geen intieme, broederlike omgang meer met so een hê nie. (Matt. 18:17 en 1 Kor. 16:22). Natuurlike bande of gewone samelewingskontak soos daar noodwendig tussen Christene en heiden bestaan, sal ook nog met so 'n afgesnedene teen wil en dank onderhou moet word. 'n Vrou hoef immers nie van haar afgesnede man te skei of te weier om saam met hom aan dieselfde tafel te eet nie (1 Kor. 7:10-15). Die sondaar het egter geen deel aan die kerklike gemeenskap meer nie en met hom/haar mag geen onnodige omgang gemaak word nie, sodat hy/sy tot skaamte gebring word (Emden 1571, Dordt 1578, by Rutgers, 1889).

## KINDERS VAN AFGESNEDENES

Die vraag word ook gestel: wat van afgesnedenes se kinders? Is hulle na die afsnyding van hulle ouers (of een ouer) nog in die verbond en daarom lid van die kerk?

Die wat *gedoop is voor die afsnyding* bly in die verbond en lede van die kerk. Dit gebeur gewoonlik egter dat hulle uit die kerk geneem word deur die ouers en dat die kerk hulle nie meer as lede kan behandel nie. Feit bly egter dat as dit moontlik is, mag sulke kinders nie losgelaat word nie.

Kinders wat na die afsnyding uit die afgesnede ouers gebore is, is *nie in die verbond nie*. As net een ouer, vader of moeder, afgesny is, heilig die man die vrou of andersom volgens 1 Kor. 7, en die ouer wat nog lid is kan dan *alleen* die kind ten doop hou.

## AS DIE SONDAAR DIE KERK BEDANK

Ten slotte is die vraag aktueel of met die afsnyding voortgegaan kan word as die sondaar hom gedurende die proses offisieel aan die kerk onttrek. Sommige meen dat lidmaatskap net deur die tug beëindig kan word. Dit is egter 'n foutiewe opvatting. 'n Kerkraad mag iemand wel nooit bloot skrap nie. Christus dring die gelowige deur sy Gees om homself by die kerk te voeg, of om daarin te bly as hy kragtens geboorte en doop lid van die kerk [249] is. Maar as die sonde die oorhand kry en die hunkering na die wêreld te sterk is, of as in verset teen Christus na 'n *ander kerk gehardloop word om die tug te ontduik*, dan het so 'n lidmaat hom of haarself, *self van die liggaam van Christus losgeruk of afgesny*. Die feit moet met die nodige versigtigheid en leedwese aan die gemeente gestel word. Rutgers stel die teendeel. Bekendmaking sou ander swakkes en twyfelendes aanspoor om ook te bedank. Met die afsnyding ooreenkomstig artikel 77 kan in elk geval ook nie voortgegaan word nie (vgl. Kerkelijke Adviezen I p.304).

Wanneer iemand metterdaad aangesluit het by 'n ander kerk of hom weer by 'n sekte laat doop het sonder om die kerkraad kennis te gee, kan nog voortgegaan word met die afsnyding, mits dit duidelik aan die sondaar gestel word en hy/sy hom/haar nog nie verwerdig om offisieel te bedank nie.

In so 'n geval moet versigtig opgetree word. Veral as so een in teenwoordigheid van twee of meer getuies verklaar het dat hy hom aan die kerk onttrek, kan verdere



tugstappe lei tot hofsake waarin die kerkraad dan moeilik 'n verweer kan hê omdat hy iemand getug het wat wel afdoende laat blyk het dat hy hom aan die toesig van die kerk onttrek het (vgl. Rutgers, Kerkelijke Adviezen I, pp. 304/5; De Jong, 1918, p.80-96).

## [250] ARTIKEL 78: VERSOENING EN WEEROPNEMING

**"As iemand wat afgesny is hom weer deur boetvaardigheid met die gemeente wil versoen, moet dit - voor die viering van die Heilige Nagmaal of anders wanneer dit geleë is - tevore aan die gemeente bekend gemaak word sodat hy by die eersvolgende nagmaal, as niemand daarteen beswaar inbring nie, openlik met betuiging van sy bekering weer opgeneem kan word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is."**

Hierdie artikel kan die sluitstuk oor die gedeelte wat handel oor die tug van lidmate, genoem word.

Die sondaar het hom verhard ten spyte van alle vermaninge. Die verharding het die kerkraad genoodsaak om openlik aan die sondaar te sê dat sy/haar gedrag nie ooreenkom met die van 'n begenadigde wat uit die slawehuis uitgelei is nie. Die gedrag is die van 'n indringer in die huisgesin van God en daarom moes die persoon as indringer 'n verdere plek in die kerk ontsê word deur die ban.

Die stap is ook nog 'n genaderoop van die Heilige Gees tot berou en bekering. Dit is asof Hy deur die kerk in artikel 77 ook nog laat hoor dat Hy loslaat en uitstoot om te red (vgl. Esegïël 9:1-11). Daarom moet die kerk nog altyd vir die afgesnedene bid. Dit kan nog 'n ware verbondskind wees wat so diep geval het dat daar menslik gesproke geen tekens van die verbond behalwe die feit van die doop, oorgebly het nie. En dan is die ban die magtige hand van God die Here om sy kind weer uit die dieptes op te ruk.

### BOETVAARDIGHEID

Hy doen dit langs die weg van *boetvaardigheid*. Die profeet Nathan is gebruik om die verharde Dawid daartoe te bring dat hy hom in berou en met boetvaardigheid voor God verootmoedig het. Die *gebed* van die kerk en die *amptelike vermaning* van tyd tot tyd deur ouderlinge kan die boetvaardigheid werk. Sommige noem sulke afgesnedenes voorwerpe van evangelisasie. Ek bly liever by die skriftuurlike spreekwyse van die amptelike vermaning van die afgedwaalde en die soek van die verlore deur die bondige vermaningswoord: "Bekeer jou ..."

In die evangelisasiepraktyk het die afgesnedenes, formeel afgesny sowel as informeel deur die kerk te bedank, die geleentheid om hulle sonde en die verharding te omseil en weer op so 'n effense algemene belydenis na veel aandrang van die evangelisasiekommissie opgeneem te word.

[251] Van *boetvaardigheid* en *versoening* met die gemeente is daar dan geen sprake nie. Die soort evangelisasie ontkrag die tug, net soos die gewoonte om verharde sondaars in die gemeente onder die amptelike sorg van die ouderlinge uit te neem en aan die evangelisasiekommissie oor te gee. Artikel 78 eis kragtens Ps. 31, 51, Jak. 5:16; Matt. 5:22 v.v. egter boetvaardigheid en berou; 'n *gebrokenheid van hart oor die spesifieke sonde*. Dit eis verder die drang om weer openlik as lid van die liggaam van Christus opgeneem te word deur in die openbaar skuld te bely, berou te betoon en 'n verbetering van die lewe te beloof (formulier van Wederopneming).

### WEEROPNEMING

Die drang om weer met die gemeente versoen te wees moet bekend gemaak word soos dit in die eerste gedeelte van die formulier gebeur. Die gedeelte behoort minstens twee Sondae voor die weeropneming gelees te word sodat die gemeente die geleentheid kan hê om wettige besware, as daar is, in te dien. Daarom eis artikel 78 ook dat die begeerte om te versoen vroegtydig bekend gemaak moet word. Hier moet gewaak word teen kleinlikhede van mense wat in hulle hart onversoenlik is en selfs 'n berouvolle sondaar nie wil vergeef nie. Diesulkes moet ernstig bestraf word.

Wanneer die gemeente geen wettige besware het nie, word die berouvolle sondaar met die formulier, om willekeur te voorkom, weer opgeneem as lid van die liggaam van Christus.

### **VERBAND MET DIE NAGMAAL**

Die weeropneming word in verband gebring met die nagmaal.

Tereg, die sondaar het die dood van die Here verag, dit vir hom as onnodig beskou; Hom weer gekruisig met sy verharding. Nou gryp hy weer die gekruisigde Christus aan; soek sy gemeenskap om ook in die gemeenskap van sy dood verseker te wees van sondevergiftig. Daarom, as dit enigsins kan, geskied die versoening met die gemeente, wat alleen kan deur die versoeningsbloed van Christus, net voor die viering van die nagmaal. Aan die tafel word die versoende sondaar dan opnuut verseker van die gemeenskap met Christus en die broeders en susters; met die Hoof en die lede.

### **OPNAME NA VERHUISING**

Dit kan gebeur dat 'n afgesnedene vertrek het uit die kerk waar hy of sy afgesny is. As hy dan begeer om opgeneem te word, geskied dit in die kerk waar hy woon. Daar moet in elk geval waar dit moontlik is met sy vorige <sup>[252]</sup> kerkraad oorleg gepleeg word om die redes vir die afsnyding en selfs ook hulle gevoelens oor die weeropneming te verneem. Die volle verantwoordelikheid van die weeropname berus egter uitsluitlik by die kerk waar die berouvolle sondaar woon.

In sy Kerklike Adviezen sê Rutgers en hy word deur Joh. Jansen (1952) daarin gevolg, dat die wederopname in die ou gemeente moet geskied. Kruger (1966) in Handleiding skryf Jansen hier na. Die opvatting moet egter as in stryd met die beginsel dat iemand net lid van die kerk is waar hy/sy woon, afgewys word.

Dit sluit die noodsaaklikheid van oorlegpleging egter nie uit nie. Iemand kan juis verhuis om van die lastigheid van die eis om sy sonde konkreet "goed te maak", te ontvlug. Hoewel die weeropname dus ten volle die saak bly van die kerk waar die afgesnedene nou woon, mag daar tog ook weer nie gehandel word asof hy nooit elders gewoon het nie.

## [253] ARTIKEL 79: TUG OOR AMPSDRAERS

**"As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat in die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade in hulle amp geskors of daarvan afgesit word.**

**Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word."**

Die vorige artikel is die sluitstuk van die tug oor lidmate genoem. Dit is die triomftog van die Heilige Gees met die sondaar wat deur die uiterste middel, die ban, die sondaar gewin het, wat in die artikel beskryf word.

Artikel 79-81 is dan 'n intermezzo. Daar moet nog aandag gegee word aan dieselfde sake wat nou net afgehandel is, maar nou ten opsigte van besondere persone in die kerk. Nie dat daar 'n aansien van die persoon is nie, dit mag nie, sê die Heilige Gees deur Jakobus.

Dit gaan in die artikels egter oor die besondere persone wat Christus self in die kerk geplaas het, sy *gesante*. Hulle wat in sy Naam die kerk moet regeer; die heiliges moet toerus vir hulle dienswerk en die kerk moet bou op die fondament Jesus Christus (Ef. 4:11 v.v. en 1 Kor. 3:9 en v.v.). Hierdie bediening mag nie beklad word nie (2 Kor. 6:3).

### DIE BEDIENING BEKLAD

Die oomblik wat 'n dienaar sondig, geld al die voorgaande artikels ook vir hom, maar eers gaan dit oor die bediening wat beklad is. Die groot vraag is nou of die sonde van so 'n aard is dat met die bediening voortgegaan kan word of nie. Kan, *selfs by berou en bekering*, die berouvolle sondaar nog met *vrug* en gesag die Woord van Christus bedien, hetsy in die profetiese, priesterlike of koninklike amp?

Dit staan *voorop in die artikels*. Nie die *vergifnis van die sonde* en/of redding van die sondaar nie, dit ook. Die gewone tug word toegepas na die ampsaak afgehandel is - maar eerste en *laaste geld hier die amp, die moontlikheid om verder as gesant van Christus op te tree*.

[254] Daarom gaan dit nie om *onbenullighede* nie. Om seker te maak dat daar begrip is vir die aard van die sondes wat 'n persoon *onwaardig maak* om langer gesant van Christus te bly is artikel 80 bygevoeg. Dit gaan oor *openbare, growwe* sondes wat vir *die kerk skandelik* en ook by *die owerheid strafbaar* is.

Dus, indien daar 'n klag by die kerkraad teen die predikant, ouderling of diaken inkom, moet dadelik eers geoordeel word of die klag 'n sonde wat *die amp in gedrang bring*, raak. *Is dit openbaar grof, skandelik, strafbaar*, en *stel dit die ampsdraer eerloos*. Indien wel, mag die kerkraad geen oomblik huiwer om die klag ter tafel te neem nie (Kyk ook J. Visser 1981, Tug oor Ampsdraers, Proefskrif PU vir CHO).

Voorwaarde is egter dat die *klag gegrond* is, dit moet nie somer losse praatjies wees nie. Blykens 1 Tim. 5:19 mag 'n klag nie eers ter tafel geneem word as dit nie deur *twee getuies gestaaf word* nie. Dit wil sê daar moet eintlik twee klaers, of noem dit twee *wat die klag steun*, wees. Juis omdat veral predikante so maklik belaster en vervolgd word, moet baie streng hierop gelet word.

Daar is egter sake wat evident is soos wanneer 'n predikant in die openbaar dronk was of in die openbaar dwaalleer verkondig het. In so 'n geval moet die kerkraad kragtens

die evidensie self die saak ter tafel neem sonder dat daar spesifiek klaers van buite is. Maar dan konstateer die kerkraad kragtens eie kennis die *sonde, plek* en *tyd* en *konfronteer* die predikant, ouderling of diaken daarmee. Ontken hy, dan is die kerkraad self getuie teen hom. Die kerkraad stel dus self die klag op.

## **REG VAN VERWEER**

'n Aangeklaagde ampsdraer het reg om te weet wat *die aanklag teen hom is* en hy het die volle reg van verweer. Dr. du Toit behandel die vraag of 'n aangeklaagde kan eis dat aan hom meegedeel word wie die klaer is. "In die algemeen moet die vraag ontkenning geantwoord word, want dit het niks met die saak te doen wie die aan klaer is nie. Wel is van belang wie die getuies is en die aangeklaagde moet dit weet. Dus as die aanklaer ook as getuie optree, moet hy dit weet." Dr. du Toit het hier seker op die oog dat by die ondersoek die aangeklaagde met *die getuies gekonfronteer* word sodat hy hulle kan antwoord. Hy sê immers: "Daar mag nooit op 'n getuienis afgegaan word as die aangeklaagde nie geleentheid gehad het om die getuie te antwoord nie" (Diktaat).

## **INSAE IN BESWARENDE STUKKE**

Verder het die aangeklaagde reg op al die beswarende stukke om hom te kan verdedig. Hy mag ook net uittreksels uit die notule kry oor besluite.

### **[255] OORDEEL SONDER PERSOONLIKE VERWEER**

Alleen in die geval van weiering om ter verantwoording te verskyn of om hom te verantwoord, kan 'n kerkraad 'n oordeel oor 'n klag teen 'n ampsdraer vorm nadat die getuienis wat hy voorhande het, aangehoor is, sonder om hom te hoor. So is met die Remonstrante by die Dordtse Sinode gehandel (Donner en van den Hoorn, Acta of Handelingen der Nationale Synode).

## **DIE KERKRAAD HANDEL**

As daar dan nou 'n klag op tafel kom teen 'n ampsdraer, hoe moet die kerkraad handel? Die kerkraad, dit is die ouderlinge en predikante moet handel, en nie soos L.S. Kruger (1966) sê dat diakens ook moet by wees nie (Handleiding p.467).

## **HULP VAN NABURIGE KERKE**

Die erns van die saak, waar dit hier gaan om geroepe diensknegte, gesante van Christus en dat sy eer op besondere wyse gemoeid is met die gesant, kom ook in die wyse uit waarop voorgeskryf is om met ampsdraers te handel. Die hulp van die naburige kerk moet ingeroep word. Kragtens die verhouding tussen die kerke wat aan die een Koning en Hoof, Jesus Christus onderworpe is en kragtens die feit dat dit gaan oor die voortgesette waardigheid al dan nie van persone deur Hom geroep en geplaas in die kerk, is die kerke op mekaar aangewys om seker te maak dat reg aan die persone geskied en dat die eer van die Koning nie aangerand en die bediening in sy Naam nie beklad word nie.

Die kerkraad is en bly verantwoordelik, maar die kerke het geoordeel dat dit 'n las is wat so swaar is dat dit ten minste met die naburige kerkraad saam gedra moet word wat ouderlinge en diakens betref.

Wat predikante betref kom nog by dat hulle kragtens hulle roeping en bevestiging ook regte verkry het in die ander kerke, en daarom moet in nog 'n breër kring hulp gevra word in hulle geval.

## **DEPUTATE**

Die artikel bepaal in die geval van ouderlinge en diakens dat die kerkraad plus 'n naburige (naasgeleë) optree of as die hele naburige kerkraad nie opgeroep word nie, dan wel deputate uit twee naasgeleë (naburige) kerkrade. Volgens die Sinode van 1936

artikel 87 moet uit elkeen van die kerkrade die bedienaar van die Woord met minstens twee ouderlinge gedeputeer word. Indien die predikant aangekla is en die konsulent, wat [256] dan voorsitter van die kerkraad is, van die naasgeleë kerk is, moet liefs uit 'n ander kerk gedeputeer word (Sinode 1907 artikel 155).

Die keuse van 'n genabuurse kerkraad (of naasgeleë) moet nie so rigoristies geneem word asof dit juis altyd net die naaste aangrensende kerkraad moet wees nie. Daar kan praktiese omstandighede wees soos dat die naaste kerk vakant is of dat deur familiebande of ander belange tussen die kerke daar vooroordeel kan bestaan. Dan moet 'n ander kerk uit dieselfde klassis geneem word.

### **WAAK TEEN WILLEKEUR EN VOORoorDEEL**

Hier moet egter ook *weer gewaak word teen willekeur en vooroordeel by die kerkraad wat 'n ander moet byroep*. Die naasgeleë kerkraad kan in die praktyk (en dit het al gebeur) juis verbygegaan word omdat gevrees word dat die kerkraad nie met die roepende kerkraad sal saamstem nie! Die sonde lê altyd en loer, veral in die belangrike saak van die kerkregering!

### **BESLIS SAAM**

Die kerkrade word ten slotte nie net om raad gevra nie, maar *hulle beslis* saam. Die beslissing van die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade moet ooreenkom met die plaaslike kerkraad alvorens tot skorsing en/of afsetting oorgegaan kan word. As daar nie tot ooreenstemming gekom kan word nie, moet die hele saak na die klassis (ingeval van ouderlinge en diakens) en in die geval van 'n Bedienaar van die Woord, na die partikuliere sinode verwys word. Advies beteken in die artikel ook in ooreenstemming met; *saamstem*.

### **PROSEDURE**

Samevattend is die prosedure wat ouderlinge en diakens en predikante betref dan, as daar 'n skorsingswaardige klag is, dat die kerkraad die ampsdraers voorlopig skors indien daar op gesigswaarde genoeg gronde en grondige getuienis bestaan. Die ampsdraer word deur die kerkraad alleen voorlopig die reg ontsê om sy amp uit te oefen.

In die geval van 'n predikant geskied die *voorlopige skorsing* ook deur die kerkraad alleen. Daarna word die saak in die geval van ouderlinge en diakens behoorlik ondersoek en 'n oordeel word gevel deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad (of deputate van twee naburige kerkrade). Die skorsing word dan by skuldigbevinding bevestig en voortgesit vir 'n bepaalde tyd na die aard van die sonde en houding van die sondaar en dan opgehef, of *hy word geheel afgesit*. Dieselfde prosedure geld die predikante *behalwe dat die verhoor en beslissing tot skorsing geskied* [257] *deur die kerkraad en naburige kerkrade, daarna oordeel die Klassis met advies van die deputate vanweë die partikuliere sinode of hy afgesit moet word of nie*.

### **BESLUIT OOR AFSETTING**

Voorheen het artikel 79 gelui: "... moet sowel die ouderlinge as die diakens dadelik deur die voorafgaande oordeel van die kerkraad van daardie en van die naasgeleë gemeente in hulle diens geskors of daarvan afgesit word, maar die dienaars moet alleen geskors word.

Die klassis moet met advies van die deputate van die partikuliere sinode genoem in artikel 11 oordeel of hulle heeltemal van die diens afgesit moet word." Jansen (1952) en v.d. Vyver (Klasdiktaat) het op grond daarvan verklaar dat as die kerkraad en die naasgeleë kerkraad of deputate van kerkrade oortuig is dat 'n bedienaar van die Woord wat 'n openbare growwe sonde bedryf het wat vir die kerk skandelik is, tog nie afgesit hoef te word nie, kan hulle volstaan met skorsing vir 'n tyd sonder medewerking van die

klassis met deputate van die partikuliere sinode. Jansen beroep hom vir die standpunt op Voetius. Die skorsing sou dan volgens Jansen selfs net ten dele kon wees. So 'n dienaar word dan verbied om te preek, maar nie om katekisasie te hou en krankes te besoek nie. Van so 'n skorsing moet net aan alle klassisse kennis gegee word sodat die geskorste nie uit onkunde elders toegelaat word om te preek nie (Jansen: Korte Verklaring van de Kerkorde, p.342).

Rutgers (De Jong 1918), Bouwman en prof. J.D. du Toit spreek hulle nie direk oor die saak uit nie. Hulle beklemtoon net die noodsaaklikheid dat die klassis oordeel oor die afsetting al dan nie.

F.L. Bosch (1950) beklemtoon dat die tugreg oor ampsdraers berus by die plaaslike kerk "welke nimmer mag worden gepasseerd" (de Orde der kerk, p.306/7). Tog is van die begin af geoordeel dat die klassis ook deel het aan die tug oor ampsdraers (Emden 1571, Dordrecht 1578). Middelburg 1581 besluit verder aangaande bedienaars van die Woord. "Wanneer enig dienaar beschuldigd wordt ... zullen in dat geval de personen, by welke het beroepen der dienaren staat ... byeenkomen; en nadat zij deze zaak naarstig onderzocht zullen hebben en bevinden dat deze beschuldigingwaarachtig is ... zullen zij straks denzelven - met advies van den classis - in zjjn dienst schorsen ..." Bosch wys daarop dat die laaste sin nie in die oorspronklike teks voorkom nie, maar in latere uitgawes wel omdat dit die oorspronklike bedoeling was. Dit word gestaaf deur partikuliere vraag 3 ad. 3 (d.w.s. oor K.O. artikel 3) waarvan die slotsin lui: "Ende wanneer iemandt daar teghen doet, ende meermaal vermaent zijnde niet afstaet, zoo zal de Classe oordeelen, of men hem voor eenen scheurmaker verklaren ofte op enighe andere wijze straffen zal". (Rutgers <sup>[258]</sup> Acta van de Synoden der XVI & Eeuw p.377)

In die lig van die artikel is geantwoord dat 'n dienaar wat verdink word van dwaalleer, vermaan sal word en as hy in sy opvatting volhard "sal de sake met raedtes kerkenraedts inde Classe gebracht worden" (a.w. p.433).

Hoewel hier nie gepraat word van skors of afsit nie, is dit tog die enigste afleiding wat gemaak kan word dat die klassis saam beslis oor skors en/of afsit.

Toegegee dat uit historiese oogpunt daar miskien wel iets voor te sê is vir die verklaring dat die bewoording van die ou artikel die indruk skep dat die klassis eers by afsetting te pas kom, dit wil sê eers as die kerkraad met naasgeleë kerkraad (rade) geoordeel het dat die dienaar afgesit moet word, moet tog gelet word op die bewoording van artikel 79 soos dit in 1964 goedgekeur is: "... Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, *waarna* die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hul amp afgesit moet word." (My kursivering).

Hierdie bewoording hou volgens my mening net soos die ou artikel, 'n *voortgaande procedure in*. Die kerkraad en naasgeleë kerkrade besluit dat 'n dienaar skuldig is aan 'n growwe openbare sonde wat vir die kerk skadelik is en dat hy geskors moet word, waartoe dan oorgegaan word. Die vraag of hy afgesit moet word of nie, berus egter by die klassis met deputate van die partikuliere sinode. *Indien die saak*, soos Jansen en Van der Vyver wil, kan afgehandel word met 'n *skorsingsbesluit alleen*, sonder die klassis, *beteken dit dat daar ook sonder die klassis en deputate van die partikuliere sinode besluit is oor die afsetting*. Daar is geoordeel dat die bedienaar van die Woord nie afgesit moet word nie! En dit kan nie. Alleen die klassis met deputate van die partikuliere sinode kan so 'n besluit neem. Daarom lui artikel 79 tans: "*Waarna* die klassis... oordeel..." Dit is die afsluiting van 'n hele procedure.

Hoe dit ook al sy, alle sondes wat vir skorsing en/of afsetting volgens artikel 80 in aanmerking kom, is so ernstig van aard dat daar in *die praktyk altyd die volle weg tot by die klassis met die deputate bewandel moet word om reg te laat geskied*.

Met hierdie opvatting bevind ek my in geselskap van prof. J.P. Jooste (1957) wat verklaar: "In die geval van 'n predikant kan die betrokke kerkraad met sy buurkerkrade se deputate slegs voorlopig skors en daarna moet die hele saak dien voor die klassis wat



dan moet bepaal of *dit skorsing of afsetting* uit die amp moet wees" (my kursivering, Diktate Gereformeerde Kerkreg. Pro Rege Pers Beperk, p.110).

#### **[259] ONTSLAG AANVRAAG DEUR 'N AANGEKLAAGDE**

Rutgers sê dat 'n ampsdraer wat berou het oor sy sonde juis sy berou bewys deur dadelik ontslag te vra. Die kerkraad oordeel dan daarvoor en gee hom ontslag, maar nie eervol nie. Dit sal ook in die ontslagaankondiging moet uitkom, al sou so 'n broeder ook soveel moontlik gespaar moet word (De Jong 1918).

#### **GEEN MAKLIKE WEG TERUG NIE**

Hierdie weg mag egter nie beskou word as die maklikste weg terug na die amp nie. Indien die bedienaar van die Woord sonder oorleg met sy kerkraad bedank sodra met 'n tughandeling begin word of reeds aan die gang is, verlaat hy sy diens troueloos en tree eiewillig uit die diens. Die optrede maak die weg terug eerder moeiliker.

#### **HERSTEL IN DIE AMP**

Die weg terug word deur baie faktore bepaal. Dit is opmerklik dat geen reëlins vir die sogenaamde herstel in die amp getref is in die Kerkorde nie. Vanaf 1571 tot 1581 is "die moontlike rehabilitasie" gereël maar vanaf 1586 is die artikel nie weer opgeneem nie. Die oorsaak is seker daarin geleë dat die sonde waarvoor veral 'n dienaar van die Woord afgesit word, van so 'n aard is dat indien dit verdere vrugbare diens in die amp nie onmoontlik maak nie, dit tog so bemoelijk dat nie verder met seën gearbei sal kan word nie. En al het jare verloop en die saak al in die vergeetboek geraak, kan dit tog so maklik weer opduik en voor so 'n ampsdraer se hoof geslinger word om hom kragteloos te maak in sy bediening.

Dr. Du Toit sê egter in sy diktaat dat die reëling oorgeslaan kon gewees het vanweë drukke werk. Bouwman benadruk dit dat by skandelige sondes soos by oortreding van die sewende gebod, 'n sonde waarin ook weer maklik teruggeval kan word, baie versigtig moet opgetree word as daar aansoek om herstel kom. So iemand kan eintlik nie weer met stigting in die kerk dien nie. So iemand moet liefers ter wille van die kerk en ter wille van homself nie weer terugkeer na die amp nie (Gereformeerde Kerkrecht).

#### **EIEWILLIGE NEERLEGGING VAN DIE AMP**

Wanneer 'n predikant bedank, sy amp dus eiewillig neerlê, loën hy sy roeping. Hy kan egter nie nog, soos die Algemene Vergadering van die Zuid Afrikaanse Republiek met ds. N.J.R. Swart gedoen het, (Jooste 1950, De Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in S.A.) geskors en afgesit word nie. Daar kan alleen volgens artikel 76 en 77 met hom gehandel <sup>[260]</sup> word. As hy weer wil terugkeer, moet hy eers 'n aanbeveling van die kerkraad en klassis waar hy uit die diens is en van die kerkraad waar hy dan lidmaat is, kry en daarna weer by die partikuliere sinode waar hy woon, aansoek doen om beroepbaar gestel te word (Acta 1973, p.317/318. Dit spreek vanself dat so iemand baie moeilik weer toegelaat kan word.

#### **OUDERLINGE EN DIAKENS**

Die Sinode van 1958, artikel 68, het bepaal dat die kerkraad en die klassis oordeel of 'n diaken of ouderling na afsetting weer met stigting kan dien. Daarna kan hulle weer langs die gewone weg verkies en bevestig word.



## **[261] ARTIKEL 80: AFSETTINGSWAARDIGE SONDES**

**"Onder die growwe sondes wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander, meineed, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoonte-dronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag - kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak."**

Die artikel is eintlik net 'n nadere verklaring van wat onder die openbare, growwe sondes wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, verstaan moet word. Dit is maar voorbeelde en nie 'n lys wat vasgestel is waarbuite nie mag opgetree word nie. (Kyk oor die aard van die sondes Bouwman II, pp.666/7). Hierdie sondes kom ookal in Calvyn se sondelys, opgestel te Genève, voor.

Wesel 1568 het reeds onderskeid gemaak tussen skorsing en afsettingswaardige sondes en die wat net bestraffingswaardig is in die openbare vergadering van die klassis (kyk Bouwman II p.664/5). Daar sal in elkgeval noukeurig op die meriete van die saak ingegaan moet word om vas te stel of net tot skorsing of ook tot afsetting oorgegaan moet word.

### **ONBEKWAAMHEID**

Wanneer dit uit 'n bedienaar van die Woord se optrede duidelik is dat hy vanweë gebrek aan ampsgawes onbekwaam is vir sy diens, spreek dit vanself dat dit ook 'n grond vir afsetting kan wees (Bos 1950, p.303).

## **[262] ARTIKEL 81: ONDERLINGE SENSUUR**

**"Die bedienaars van die Woord, die onderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan."**

Artikel 81 het nog as agtergrond die verhewe erns van die amp. Die bediening is iets groots. Kosbare skatte word deur die Koning van die kerk aan sy onderdane uitgedeel. Uit die volheid van die Hoof ontvang die lede van die liggaam deur die dienswerk van hulle wat daartoe geroep is, genade op genade.

### **ERNS VAN ONDERLINGE SENSUUR**

Calvyn het besondere erns van die onderlinge sensuur gemaak. Omdat die skat in erdekruike geberg word (2 Kor. 4:7) moet daar altyd gewaak word dat die kruik nie breek nie. Die Nederlandse kerke het die beginsel van onderlinge toesig by die ampsdraers ook van die begin af benadruk. Reeds Wesel 1568 stel dit op die voorgrond.

Die voorskrif in artikel 81 aan die ampsdraers kan vergelyk word met die aan die gelowiges om onderling op mekaar ag te gee en mekaar se laste te dra, (1 Thess. 5:14 en 15; Efesiërs 4:1-3; Galasiërs 6:1 e.v.; Kol. 3:13-17; 1 Tim. 5:20).

Daar moet gelet word op mekaar sodat elkeen sal weet hoe hy hom in die huisgesin van God moet gedra (1 Tim. 3:15).

Net so min as wat met waarskuwing en vermaning gewag mag word totdat jou broeder of suster in die sondestrik trap terwyl jy sien dit gaan gebeur, net so min mag ampsdraers wag totdat 'n medeampsdraer in die strik van die duiwel val voordat hy optree. En net so min as wat sondes in die gemeente, al is dit nog nie afsnydingswaardige sondes nie, oogluikend toegelaat kan word, net so min mag die sondes van ampsdraers, al is dit nie skorsing of afsettingswaardige sondes nie, onbestraf gelaat word.

Die ampsdraers "moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen ..." Hulle moet mekaar in die lig van die opdrag en die vereistes waaraan Christus hulle gebind het, beoordeel. En as daar nalatigheid, slordigheid of eiewilligheid, wat tot ampsontrou kan lei, is, of as daar met versoekinge <sup>[263]</sup> (vuur) gespeel word, of as enigiets wat ook al die bediening bedreig, bespeur word, moet vroegtydig gewaarsku, bestraf en bemoedig word.

### **GEEN FORMELE AANKLAG NIE**

Dit gaan dus in die artikel nie oor 'n formele aanklag nie, wel oor 'n broederlike en vriendelike vermaning om 'n aanklag te voorkom en om die broeders op te skerp in die behoorlike uitoefening van die amp.

Hier moet gewaak word teen sondige kleinlikhede wat net kwaad kan stig. Daar moet nie probeer word om deur die onderlinge sensuur die broeders in 'n dwangbuis te druk en die ampswerk in 'n patroon te dwing na die persoonlike smaak van een of meer broeders nie. Die artikel mag ook nooit misbruik word om 'n broeder onder verdenking te bring nie. Al sou 'n saak wat teen 'n broeder geopper is as ongegrond bevind word, bly daar tog iets agter. Die gefluister: "waar 'n rokie is moet darem 'n vuurtjie wees", ontstaan so maklik.

Geen skinderpraatjies of persoonlike vooroordele of griewe mag onder die artikel 'n plek kry nie. Wanneer die sensuur uitgeoefen word, moet dit weloorwoë wees en as 'n broeder meen dit is nodig om 'n ander broeder aan te spreek moet dit vir elkeen duidelik wees dat daar grond voor is. Die een wat vermaan word, *moet* die vermaning ook met 'n

goeie gesindheid aanvaar.

## **BEMOEDIGING**

Dit kan ook nodig wees dat die vermaning in die sin van bemoediging gegee word. Mens dink aan 'n geval soos die van Calvyn wat veel laster moes verduur oor sy getroue prediking en eise dat die tug in 'n losbandige stad toegepas moet word. In so 'n geval moet daar bemoedig word.

Aan die anderkant moet 'n predikant wat onder andere slordig is op sy persoon; gedurig laat is en afsprake nie nakom nie, sy preke nie behoorlik voorberei nie of onverstaanbaar "geleerd" preek, ernstig vermaan word in die vergadering saam met die diakens. Dieselfde geld van ander ampsdraers wat hulle ampswerk betref.

## **LEER EN LEWE**

Hoewel die klem gelê word op die bediening van die amp, kan die artikel tog ook weer nie losgemaak word van die leer en wandel van die ampsdraers nie. Vandaar dat vroeër gespreek is van "Sensura Morem", die sensuur oor die sedes. 'n Broeder kan geneig wees om ydele geselskappe op te soek, predikante kan soms al te vrypostig optree <sup>[264]</sup> teenoor die vroulike geslag of al te eersugtig en heersugtig wees uit die aard van die plek wat hy in die samelewing inneem. So is daar baie dinge wat *sondige neigings* openbaar, maar nog nie so uitbreek het dat 'n klag onder artikel 79 en 80 ingedien kan word nie, wat dan deur die toepassing van artikel 81 onder oë gesien moet word. So word die sonde in die kiem gesmoor.

Die noukeurige, liefdevolle toepassing van die onderlinge sensuur dien tot versterking en redding van die erdekruik waarin die groot skat geberg word.

## **VOOR ELKE NAGMAAL**

Vroeër is bepaal dat die onderlinge sensuur voor elke nagmaal uitgeoefen moes word. Die bepaling het tans uit die artikel verdwyn, maar dit bly tog maar die beste om dit voor elke nagmaal te doen.

Rutgers, Bouwman en ander beveel aan dat elke broeder wat aan die beurt kom, eers moet buite staan en dan bespreek word en as daar iets strafwaardigs gevind is deur die bespreking moet die voorsitter hom namens die vergadering bestraf. So bly die persoon wat die saak aan die lig gebring het ook onbekend.

Hierdie optrede is egter nie aan te beveel nie omdat dit eerstens te tydrowend is, maar veral agterklappery in die hand kan werk. As 'n broeder meen dat 'n medebroeder vermaan moet word, moet hy die moed hê om dit in sy gesig te doen, op 'n vriendelike en waardige wyse.

Die beste metode is om in die volle vergadering aan elke broeder persoonlik te vra of hy iets aan te merk het op enige ander broeder in die bediening van sy amp.

Die onderlinge sensuur het niks met Matteus 18 te maak nie. Dit gaan immers hier nie oor 'n aanklag nie, maar oor 'n vermaning dat die amp behoorlik bedien moet word.

## **[265] ARTIKEL 82: ATTESTASIES**

**"Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, moet die kerkraad 'n attestasie (getuienis) van hulle belydenis en wandel saamgee wat deur twee van sy lede onderteken is."**

Artikel 82 sluit aan by artikel 56 en 62. Beide veronderstel die lidmaatskap aan die plaaslike kerk. Die doop is die sakrament van die inlywing in die kerk en word net bedien aan kinders van die Christene wat in die plaaslike kerk vergader is. Die nagmaal as gemeenskapsmaaltyd van die gelowiges met Christus en mekaar kan uiteraard net plaaslik wees en mag alleen gevier word as daar sekerheid is dat almal wat wil aan sit gelowiges is. Die sekerheid word alleen vasgestel in die plaaslike kerk waar die gelowige deur belydenis van geloof openlik sy of haar plek inneem in die huisgesin van God.

### **VERHUISING**

Vertrek 'n gelowige uit die plek wat hy in die huisgesin van God ingeneem het, is hy of sy verplig om by die kerk aan te sluit in die plek waar hy/sy nou gaan woon. Hy/sy hou op om lid te wees van die kerk waar hy/sy eers gewoon het. Die gelowige mag hom/haar nie aan die kerk onttrek om op sy eie te bestaan nie. Hy/sy is verplig om hom daarby aan te sluit en daarmee te verenig om so in die gemeenskap en sorgende liefde van Christus te bly, soos dit was met Israel in die woestyn (N.G.B. Art. XXVIII).

Om egter aanvaar te word as lid van die liggaam van Christus en daarom opgeneem te word in die openbaring van die liggaam in die plek waar die gelowige nou gaan woon, moet hy/sy eintlik "volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde Godsdiens" doen.

Maar omdat die plaaslike kerke dieselfde belydenis en kerkregering het, mekaar bystaan in alle sake, is die getuienis aangaande 'n vertrekkende gelowige genoegsaam om te kan oordeel of iemand toegang verleen kan word tot die kerk in die plek waar hy gaan woon.

### **PLIG VAN DIE KERKRAAD**

Dit is dus die plig van die kerkraad om "aan diegene wat uit die gemeente vertrek", 'n attestasie (getuienis) van hulle belydenis en wandel" saam te gee.

## **[266] SAAMGEE**

Die getuienis moet *saamgegee* word. Oorspronklik was dit nodig gedurende die Reformasie dat iemand sy attestasie by hom sou hê om voortgehelp te kan word deur medegelowiges tydens die vervolginge. Baie rondlopers het hulle voorgedoen as vlugtende gelowiges en dan geteer op die milddadigheid van die kerk. Daarom was dit moeilik om iemand op sy woord te neem dat hy 'n vlugtende lid van die een of ander kerk sou wees. Daar is bepaal dat hy getuienis van die kerkraad moes vertoon voordat hy voortgehelp en in 'n vlugtelingkerk opgeneem is.

Onder normale omstandighede is dit nog nodig om die attestasie saam te gee sodat die gelowige dit tegelyk met sy aansoek om opgeneem te word as lid van die kerk in die plek waar hy nou gaan woon, kan inlewer.

Deur onbekendheid met grense of selfs onsekerheid van woonplek by die vertrek of deur ander praktiese oorsake, kan die gelowige vra dat die kerkraad die attestasie later aanstuur aan die kerkraad ter plaatse.

### **OP AANVRAAG VAN DIE LIDMAAT**

Dit kan alleen geskied op aanvraag deur die lidmaat self. Indien dit nie gebeur nie, is dit

vanselfsprekend dat so iemand buite die kerk van Christus te staan kom. Weet die kerkraad vanwaar hy/sy vertrek het sonder om attestaat aan te vra, waar hy/sy woon, kan alleen kennis gegee word aan daardie kerkraad om so 'n persoon te vermaan om attestasie aan te vra. Self moet die ou kerkraad ook so 'n gewese lid vermaan om attestasie aan te vra en om hom/haar by die kerk ter plaatse te voeg. Indien daar 'n periode van etlike maande verloop voordat die attestasie aangevra word, moet die kerkraad getuig dat die persoon reeds 'n geruime tyd weg is. Die kerkraad wat so 'n verouderde attestasie ontvang, moet dan oordeel oor die oorsake van die versuim om die attestasie aan te vra en in te lewer en vasstel of die persoon weer openbare belydenis van geloof moet doen voordat hy/sy opgeneem kan word.

### **NET AAN KERKE IN KERKVERBAND**

Geen attestasie mag afgegee word wat gerig is aan 'n kerk wat nie een is in belydenis of kerkregering met die kerk wat attesteer nie. Dit sou ten minste daarop neerkom dat die afwykinge in daardie kerk gesanksioneer word, terwyl die kerkraad ook meewerk dat die gelowige deur aansluiting by 'n dwalende of valse kerk, aan sy belydenis ontrou word. Daar kan alleen geattesteer word na kerke wat in kerkverband leef met mekaar.

**[267]** Indien iemand egter die plaaslike kerk bedank of by vertrek weier om weer by 'n kerk van dieselfde belydenis en kerkregering aan te sluit, moet die kerkraad alleen met spyt en droefheid die ontroue onttrekking van die lidmaat erken.

### **GEEN REISBILJET NIE**

Die attestasie is geen blote kennisgewing van verhuising of sogenaamde bewys van lidmaatskap nie, maar wel 'n getuienis van die kerkraad oor die leer en lewe van 'n gewese lid waarop die kerkraad van die kerk in die plek waar die gelowige gaan woon, vrymoediglik kan handel wanneer so iemand aansoek doen om lid te word van die kerk ter plaatse.

Dit geld vir sowel doop as belydende lede.

### **REIS ATTESTASIE**

Wanneer 'n gelowige net vir 'n tyd vertrek en dan nog van plek tot plek gaan, word 'n reisattestasie aan so 'n persoon afgegee met vermelding van die omstandighede.

Die Sinode van 1970 het hieroor 'n breedvoerige rapport aanvaar. (Acta 462/3). In kort kom die besluit van die sinode daarop neer dat aan so 'n rondtrekkende lid van die een plaaslike kerk deur ander kerke vir 'n tyd gasvryheid verleen word en daarvan aantekening maak op die attestasie wat die lid met hom/haar meeneem en telkens vertoon. By die terugkeer word die attestasie weer ingelewer om te dien as getuienis vir sy belydenis en wandel gedurende die tyd van afwesigheid.

### **ONDERTEKENING**

Die artikel bepaal ten slotte nog dat die attestasie deur twee lede van die kerkraad onderteken moet word.

Die kerkraad getuig en deur twee getuies word bevestig dat dit die getuienis van die kerkraad is en dat die getuienis die waarheid is.

Attestasie mag nooit deur die predikant of skriba alleen afgegee word nie. In 'n buitengewone geval waar nie gewag kan word vir 'n kerkraadsvergadering nie, kan die predikant en/of skriba wel 'n attestasie afgee na raadpleging met die wyksouderling en 'n paar ander ouderlinge. Dit moet egter uitsondering wees en van so 'n handelwyse moet op die eerste kerkraadsvergadering rapport gedoen word om bevestiging van die getuienis te verkry.

## **[268] VORMS**

Die aard van 'n attestasie naamlik dat dit 'n getuigskrif is, maak die gebruik van enersluidende vorms onwenslik. Op die gebruikelike vorms is afgedruk die noodsaaklike gunstige getuienis voordat iemand in 'n ander kerk opgeneem kan word.

Nou gebeur dit dat 'n kerkraad so 'n offisieel gedrukte *gunstige* getuienis afstuur met 'n begeleidende brief waarin net die *teenoorgestelde* getuig word. Daar is ook kerkrade wat niks anders as die gedrukte attestasie erken nie; 'n handgeskrewe getuienis oor leer en lewe word dan nie as attestasie aanvaar nie. Dit toon 'n totale wanbegrip oor wat 'n attestasie is; 'n wanbegrip wat mede deur die gedrukte vorms aangehelp is.

Daar moet gewaarsku word teen die gebruik om elke Sondag voor die erediens attestasies in die konsistorie te behandel. Attestasies moet op 'n kerkraadsvergadering behandel word en die samekoms in die konsistorie is geen kerkraadsvergadering in die gewone sin nie.

## **BESONDERE VRAE**

Binne die raamwerk van die beginsels wat met betrekking tot die attestasie bepaal is, kom daar sekere netelige vrae maar altyd weer na vore. Op enkele word die aandag gevestig.

## **AFSTIGTING**

Moet by afstigting attestasie ooreenkomstig artikel 82 afgegee word aan die lidmate wat die nuwe kerk vorm. Rutgers antwoord nee. Niemand verhuis nie. Daar word net 'n register van belydende en dooplede wat voortaan die nuwe kerk sal vorm, gereed gemaak en oorhandig (Kerkelike Adviezen).

Tog is dit nie heeltemal so eenvoudig nie. Die kerkraad sal by die samestelling van die register verplig wees om aan te dui of die lede suiwer in leer en lewe of ander kerklike tug is.

In die sin is so 'n register tog weer 'n attestasie van buitengewone aard.

## **MAG 'N ATTESTASIE AANGESTUUR WORD SONDER DAT DIE LIDMAAT DIT AANVRA?**

Rutgers beantwoord die vraag ook ontkennend omdat niemand gedwing kan word om by die plaaslike kerk aan te sluit nie (Adviezen).

In so 'n geval moet die kerkraad waar so iemand gewoon het, indien hulle <sup>[269]</sup> weet waarheen hy verhuis het, kennis gee aan die ander kerkraad van die ontroue gewese lid. Die nuwe kerkraad moet dan vermaan dat die ontroue tog attestasie aanvra. Indien hy bly weier, het hy homself van die kerk afgesny.

In 1957 het ek die standpunt ingeneem dat die kerkraad - kragtens die feit dat die persoon lid van die liggaam van Christus deur belydenis is, en daarom verplig is om hom by die plaaslike kerk te voeg - genoodsaak is om die attestasie ongevraagd aan te stuur as 'n laaste liefdesplig teenoor so 'n ontroue lid. En indien die ontroue lid dan nog volhard in onverskilligheid, moet die gewone weg tot afsnyding gevolg word. (Die Attestasie volgens die Gereformeerde Kerkbegrip. Verhandeling, PU vir CHO).

Met die standpunt het ek egter die werklikheid uit die oog verloor dat jy nie iemand kan tug wat geen lid is en wil wees van die kerk waarheen hy verhuis het nie. Daarom moet volstaan word met die kennisgewing.

Die aanstuur van 'n attestasie sonder dat die lid self dit aangevra het, kan ook regsimplikasies hê ingeval van iemand wat onder tug is, of van wie iets nadeligs getuig moet word. So 'n kerkraad stel hom bloot aan laster as iemand na verhuising hom nie weer by die plaaslike kerk wil voeg en dus nie attestasie aanvra nie.

## MOET 'N ATTESTASIE ALTYD AANVAAR WORD?

Kragtens die kerkverband moet 'n kerkraad 'n attestasie uit die kring van kerke wat in kerkverband leef, altyd sonder voorbehoud aanvaar. Indien dit nie geskied nie, word die attesterende kerkraad prakties uit die kerkverband gestoot. Alleen wanneer daar soos in die Amsterdamse kwessie tydens die Doleansie, reeds 'n feitelike breuk in die kerkverband ontstaan het, kan attestasie geweier word.

Dit kan wees dat die attestasie nie ooreenstem met die waarheid soos die persoon homself ter plaatse openbaar nie, of soos lede van die kerk waarheen hy verhuis het hom vroeër op een of ander manier leer ken het nie. Dan moet met die kerkraad wat geattesteer het in verbinding getree word om die saak in die reine te bring.

Moet iemand as lid aanvaar word op 'n ongunstige getuienis? As getuig is dat hy/sy dwaal in die leer of 'n sondige lewe lei, hoewel daar nog nie tugstappe geneem is nie omdat die saak pas voor die vertrek aan die lig gekom het, of dat die broeder/suster gesensureer is, moet die kerkraad die saak eers met die aansoeker opneem voordat hy/sy as lid aanvaar kan word.

In so 'n geval word veronderstel dat die betrokke lidmaat attestasie <sup>[270]</sup> aangevra en ingelewer het met die oog op aansluiting by die plaaslike kerk.

Kragtens die beginsel dat die attestasie dien as getuienis dat iemand suiwer in die leer en lewe is en derhalwe nie weer belydenis van geloof hoef te doen voordat hy/sy as lid van die liggaam van Christus erken word nie, is dit volgens my mening vanselfsprekend dat so 'n persoon nie as lid opgeneem kan word alvorens hy/sy nie vermaan is en so tot berou en belydenis gebring is nie. By verharding moet hy as heiden en tollenaar verklaar word. In die geval wel nie by wyse van afkondiging nie, maar net by wyse van aansegging aan die persoon dat as gevolg van die verharding van die sonde wat reeds in die vorige kerk gepleeg is, kan hy/sy nie as gelowige erken word nie. Daar word dan inderwaarheid aan hom/haar verkondig dat hy/sy geen deel aan Christus het nie.

Rutgers het 'n ander siening in die verband. Hy sê om 'n persoon "met zijne ongunstige attestasie eenvoudig af te wijzen" mag die maklikste weg wees, maar dit is ongeoorloof. 'n Lid word so in feite geskrap sonder om die weg van artikels 71-77 te volg. So 'n attestasie (van 'n gesensureerde) gee reg *op formele inskrywing as lid*, hoewel hy/sy nie deel in die eintlike kerklike gemeenskap nie. Afhangende van die getuienis moet by inskrywing dadelik sensuur toegepas of vermaan word (Kerkelijke Adviezen).

In hierdie opvatting van Rutgers skuil volgens my oordeel nog iets van die genootskapsidee: jy is lid van die genootskap en elke *tak* moet jou ontvang onder elke omstandigheid. Rutgers beroep hom vir sy standpunt op die kerkverband. Maar dit versterk juis my opvatting hierbo. Die een kerk sê aan die ander deur die attestasie dat so en so homself nie meer as lid van Christus gedra het nie. Ons kan nie sonder meer aanbeveel dat julle hom erken as gelowige nie. Stel eers ondersoek in voor julle hom/haar opneem!

As mens soos Rutgers in sy adviese oor die saak redeneer, is die attestasie net 'n reisbiljet.

Die gevaar wat Rutgers wil voorkom, is dat iemand sonder bearbeiding by verhuising, liefdeloos summier afgesny word. Dit laat hom uit die oog verloor dat iemand by vertrek uit 'n kerk geen lid meer is nie en weer opgeneem moet word in die kerk waar hy gaan woon, 'n beginsel wat hyself sterk beklemtoon!

Verder verloor hy uit die oog dat al kan die gewone stappe soos voorgeskryf in artikels 71-77 nie letterlik gevolg word nie, dit tog na die gees gevolg word as gehandel word op die wyse hierbo beskryf. Daar is vermaning, langdurig waar moontlik en daar blyk verharding voordat <sup>[271]</sup> finaal gesê word dat op grond van die attestasie en van ons bevinding ons jou nie as huisgenoot van die geloof kan erken nie.

Rutgers beklemtoon dit egter ook dat daar geen sprake kan wees van die opname van 'n

gesensureerde as gesensureerde sonder dat hy/sy nie *self* die *attestatie aanvra* en *inlewer* nie. *Daaroor is ons dit eens.*

Ten slotte word verwys na die besluit van die Sinode 1955 (Acta p. 290-298) vir die aanlê van 'n behoorlike lidmateregister. Dit is onontbeerlik vir die behoorlike uitreiking van attestasies. Die sinode beveel 'n kaartstelsel aan.



## **[272] ARTIKEL 83: VERTREKKENDE ARMES**

**"Aan armes wat om gegronde redes uit die gemeente vertrek, gee die diakens soveel middele as wat hulle nodig oordeel en hulle pleeg oorleg oor die verdere versorging met die diakens van die gemeente waarheen die armes vertrek het."**

Uit die geskiedenis blyk dit dat artikel 83 'n aanvulling is by artikel 82. Veral gedurende die vervolginge was dit noodsaaklik dat die diakens die vlugtendes moes voorsien. Van die hulp is op diskrete wyse aantekening op die attestasies gemaak sodat ander diakens kan vasstel of en watter behoeftes daar is.

Soos die artikel nou lui, sien dit op gewone omstandighede waarin armes meen om 'n beter heenkome elders te vind. Die diakens moet dan oordeel of daar wel 'n beter heenkome te wagte is en die armes met advies dien. Hulle moet gewaarsku word teen 'n doellose rondtrekkery.

Wanneer hulle dan om gegronde redes vertrek, moet die diakens hulle "soveel middele as wat hulle nodig oordeel" meegee. Dit kan reisgeld, voedsel en 'n bedrag om opnuut te begin, insluit.

Aan die diakens van die gemeente waarheen die armes vertrek, moet dan kennis gegee word sodat daar met die versorging by die aankoms van die armes voortgegaan kan word. Die artikel spreek ook van "oorleg pleeg" in die verdere versorging. Dit sien onder andere op oues van dae of gestremdes wat na 'n inrigting gaan. Die plaaslike diakens kan vanselfsprekend nie al die arm oues van dae of gestremdes plaaslik versorg nie en daarom sal die diakens wat meegewerk het aan die verhuising van so iemand nog steeds die versorging, of 'n deel daarvan, moet waarneem.

## [273] ARTIKEL 84: GEEN HEERSKAPPY

**"Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie."**

Hierdie artikel vloei voort uit die grondliggende beginsel dat Christus Koning van sy kerk is en wat deur die Roomse kerk verkrag is.

### **POUS SE PRETENSIE**

Nadat die kerk in 381 tot staatskerk verhef is, het die Weste onder leiding veral van biskop Damasus van Rome en later op grond van die sogenaamde brief van biskop Clemens aan Jakobus die broer van die Here, al hoe meer aangesluit by die vroeg-katolieke gedagte dat die biskop van Rome die primaat onder die biskoppe het. Hy sou erfgenaam van Petrus en daarom van Christus op aarde wees in die sin dat Christus sy mag aan Petrus en elke opvolger van Petrus op aarde oorgedra het. Rome is die moederkerk omdat Petrus juis net vir Rome, en nie vir ander kerke waar hy biskop was, 'n opvolger benoem het nie. Daarom moet almal hulle aan Rome, dit is aan die biskop van Rome, onderwerp. Dit geld van alle ander kerke sowel as ampsdraers, wat ook weer onderling in rang en status verskil.

Dit het in die Reformasie juis oor hierdie pretensie van die Pous (of biskop van Rome) gegaan dat hy alle mag in die plek van Christus op aarde uitoefen, wat deur Luther verwerp is.

Daarom is dit nie vreemd dat die Gereformeerdes van die begin af hierdie Roomse beginsel verwerp het en in die plek daarvan die Koningskap van Christus gehandhaaf het nie.

Onder leiding van Calvyn het die Franse Sinode te Parys in 1559 ons huidige artikel 84 as artikel 1 in die Kerkorde geplaas. Die Suid-Nederlanders het so vroeg as 1563 op die partikuliere sinode dieselfde beginsel gehandhaaf.

## [274] CHRISTUS ALLEEN HOOF

Christus het sy gesag aan niemand op aarde oorgedra nie. Hy handhaaf dit self deur sy Gees en Woord in die bediening daarvan deur mense. Die ampsdraers is dus net dienaars van Christus wat 'n opdrag het om uit te voer en is as sodanig dus gelyk. Hoewel hulle opdragte onderling kan verskil en die opdragte selfs van meer of minder gewig is, is en bly die bedienaar van die Woord, ouderling en diaken elk dienaar van Christus. Elkeen moet sy eie opdrag uitvoer en mag geen heerskappy oor die ander uitoefen nie. Hulle is medewerkers in die diens van Christus. Hulle oefen hulle amp uit in oorleg met en in aanvulling van mekaar (1 Petr. 5:1-4; 1 Kor. 3:4-15; Matt. 20:25-28 en Art. 31 N.G.B.).

Daar is wel in die vergaderinge so-iets soos 'n primus inter pares. Soms is dit nodig dat één die leiding moet neem, ook kragtens besondere gawes aan hom verleen; dan egter nie om oor die ander te heers nie, maar wel om die ander te dien in die uitoefening van hulle amp. Die gereformeerde kerkreg ken dus geen biskop, superintendent of moderator nie; dit het ook geen plek vir 'n episkopale element soos Plomp beweer nie (Presbyteriaal Episcopaal?).

Dieselfde beginsel geld vir die kerke in die meerdere vergaderinge. Elke kerk het dieselfde seggenskap omdat elke kerk 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus is. Getalle, rykdom of wat ook al gee geen seggenskap oor kleiner en armer kerke nie. Moederkerke in die sin van kerke deur wie se sendingwerk daar ander kerke ontstaan het, mag nooit oor die sogenaamde dogterkerke heers nie. Hulle het ook

selfstandige kerke geword by instituering. Dit neem egter nie weg dat die kerke op mekaar aangewys is in die kerkregering nie en dat meerdere vergaderinge seggenskap oor minderes het nie. Maar ook in die geval is dit 'n dienende gesag en geen heerskappy nie. In die meerdere vergaderinge word alleen maar gesamentlik geluister na die stem van Christus en gee die een kerk ag op die ander in opdrag van die Here.

## **[275] ARTIKEL 85: VERHOUDING TOT BUITELANDSE KERKE**

**"In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie."**

Volgens Rutgers pas artikel 85 nie meer in die hoofstuk oor die tug nie. Daar kan geen sprake van wees dat die Nederlandse Kerke "tucht zouden hebben met betrekking tot de buitelandse kerken" (De Jong 1918, p.163). Jansen laat hom nie oor die saak uit nie terwyl F.L Bosch (1950) by implikasie die standpunt hieronder uiteengesit, steun (De Orde der Kerk. Art. 86 pp. 338 e.v.).

Met Rutgers moet verskil word. Die artikel handel oor die tug in ekumeniese verband. Dit waarsku juis teen rigorisme in die toepassing van die tug. As 'n buitelandse kerk in leer, diens en tug in essensie een is met die Gereformeerde Kerk in S.A., mag die korrespondensie; die beleving van die eenheid en die erkenning van mekaar as kerke van Christus nie opgehef word deur middelmatige dinge nie. Dinge wat nie wesenlik is en dus die eenheid in belydenis raak nie, mag nie verwydering bring nie. As 'n kerk in die plek van die N.G.B. die Westminster konfessie aanvaar, mag die bande nie gebreek word nie. Dit behels ook sake soos een of driemaal besprenkeling by die doop. Ook die sit of staan by die nagmaalsviering is geen beginselsaak nie. So is ook die dienstyle nie algemeen eenvormig vas te stel nie.

In teenstelling met wat Rutgers sê, het die kerke kragtens artikel 85 wel tugreg oor buitelandse kerke. 'n Goeie voorbeeld van hoe die tug uitgeoefen word, is die geskiedenis van die verhouding tussen die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerken in Nederland die afgelope jare. Die tugprosedure volgens Matt. 18 is toegepas van stap tot stap totdat in 1974 op las van die Sinode van 1973 'n finale vermaning tot die kerke gerig is. Daarna, toe daar geen bekering was oor die toleransie van die dwaalleer en die dwaalleraars nie, is die korrespondensie verbreek. In wese kom dit daarop neer dat verklaar is dat die G.K.N. die ware belydenis verloën het en deur verharding daarom, ten spyte van vermaning, nou as heiden en tollenaar beskou word. 'n Mens huiwer om dit te sê, maar die breuk wat alleen op grond van artikel 28 en 29 N.G.B. kon plaasvind, hou in dat verklaar is dat die G.K.N. die merktekens van die valse kerk vertoon en daarom kan daar geen gemeenskap meer wees met die kerke nie.

## [276] ARTIKEL 86: VERANDERING VAN DIE KERKORDE

**"Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel en aangeneem met algemene stemme dat hulle, as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, klassis of sinode het egter die reg om dit te doen nie, maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou totdat 'n algemene sinode anders verorden nadat geleentheid vir advies deur die kerk gegee is deur middel van die onderskeie nasionale sinodes."**

Die hoofstuk oor die tug is afgesluit met artikel 85.

Artikel 86 is 'n slotartikel waarin meer aangesluit word by artikel 1 wat bepaal het dat die kerk ooreenkomstig die wet van Christus geregeer moet word. Die voorgaande artikels is dan bedoel om "die wettige orde van die kerk" te waarborg. *Wettig*, omdat dit uit die Skrif deur die gesamentlike ampsdraers as afgevaardigdes van die kerkrade opgestel en vasgestel is. Dit is nie deur die owerhede aan die kerke opgedring nie.

### AKKOORD VAN GEMEENSKAP

Ds. T. Spoelstra (1964) sê dat die kerke deur hulle gedeputeerdes op die eerste Sinode 1571, "begin om 'n grondslag te kry vir samewerking sodat in behoorlike kerkverband saamgewerk kan word. Hier kry ons dan die eerste formulering van 'n kerkorde. Dit is die betekenis van die kerkorde: dit is die wettige ooreenkoms die duidelike afspraak deur die kerke, waarop die kerke in kerkverband met mekaar saamlewe, in ooreenkoms gegrond op die Skrif en die eenheid in belydenis." (Handleiding, p.504).

Hierdie stelling laat dink aan die kollegialistiese voorwaarde vir die kerkverband, naamlik dat die Kerkorde die grondslag vir samewerking is in plaas van die belydenis. Dit beteken dan dat die Kerkorde die akkoord van kerklike gemeenskap is. En die gedagte lê glad nie in artikel 86 of enige artikel van die Kerkorde nie. Soos reeds aangetoon, konstateer artikel 86 dat die Kerkorde deur die kerke opgestel en vasgestel is vir die regering van die kerke. Die kerke het op grond van die eenheid in belydenis saamgekom en die Kerkorde as die gesamentlike bevinding van die kerke aangaande die wyse waarop Christus wil dat sy kerk geregeer word, daargestel. Vandaar "Wettige orde", orde dan in die betekenis van 1 Kor. 14:40.

### [277] MET ALGEMENE STEMME

Die wettige orde is "met algemene stemme (of gemeen akkoord) opgestel en aangeneem." Daarmee word bedoel dat by die finale opstelling en aanname alle verskil van opvatting bygelê is. Met die opstel van die artikels was daar seker verskil van mening. Die meerderheidsbeslissing is egter aanvaar deur die minderheid en sodoende kan van "met algemene stemme" gepraat word. In die sestiende eeu was dit reël om in sake van die aard twee maal te stem. Die eerste maal om die meerderheidstem te bepaal en die tweede maal om die minderheid te laat konformeer. Wie nie in so 'n geval konformeer nie, is verplig om 'n beswaarskrif in te dien en op grond van Skrif, belydenis van K.O. aan te toon waarom hy nie kan konformeer nie (Art. 31 K.O.).

Rutgers se standpunt dat die plaaslike kerk op 'n sekere hoogte vrywillig afstand doen van sy reg "in zooverre zij zich onderwierp aan de besluiten der meerderheid" (De Jong 1918, p.179) is independentisties gekleur. Hier is geen sprake van prysgawe van 'n reg kragtens die selfstandigheid van die plaaslike kerk nie, maar wel van gehoorsaamheid aan Christus wat deur sy Woord en Gees in die sinode sy wil laat vasstel met die oog op die regering van sy kerk.

## KERKLIKE VERGADERINGS KAN DWAAL

Die sinode kan wel dwaal, maar dan moet dit bewys word uit die Skrif en belydenis. As die beswaardes dit nie doen nie en tog weier om te konformeer, kom dit neer op 'n poging van oorheersing deur die minderheid. Wie nie kan of wil konformeer, selfs na afgewese beswaarskrif nie, het de facto die kerkverband verbreek.

## VERANDERING

Hoewel die kerke die Kerkorde as vrug van die naspeuring van die wil van Christus vir die regering van die kerk onder leiding van die Heilige Gees aanvaar, wil dit nog nie sê dit is onveranderlik nie.

'n Meerdere vergadering kan dwaal en dan moet die dwaling reggestel word, al sou dit eers na jare blyk dat gedwaal is.

Omstandighede kan verander sodat sekere byvoegings of weglatings gemaak moet word. Maar dit geld alleen in sake waarin òf die Skrif in die verlede nog nie duidelik genoeg verstaan is nie en daarom weggelaat is òf wat nie die Skrifbeginsels raak nie.

Rutgers noem in die verband selfs mindere toegewings aan 'n heerssugtige owerheid soos in die geval van Dordrecht 1618/19, en bygevoeg kan word soos wat Calvyn verplig was om in Genève te maak tydens sy <sup>[278]</sup> tweede verblyf aldaar. Voorwaarde is egter dat veranderings en vermeerderings nie die Skrif geweld mag aandoen nie. Sake soos dat iemand eers beroep moet word voordat hy die Woord en Sakramente mag bedien (artikel 3) mag nooit verander word nie.

Wat wel kan verander word, is onder andere die wyse waarop die kandidate vir die diens van die Woord kerklik geëksamineer moet word. Met behoud van die beginsel dat die eksamen *kerklik* moet wees kan dit so verander word dat dit of deur die klassis, partikuliere sinode of selfs nasionale sinode geskied.

## GEEN GROOT BEHOEFTE NIE

Omdat die Kerkorde op die Skrif gegrond is en deur die eeue onder die leiding van die Heilige Gees gegroei het, is dit vanselfsprekend dat die behoefte aan verandering nie groot is nie en dat die kerke eers na ernstige en biddende besinning daartoe moet oorgaan. Vanaf 1571 tot vandag toe het die Kerkorde baie redaksionele veranderinge ondergaan. Daar is ook onder staatsdruk veral ten opsigte van die patronaatsreg met betrekking tot die beroeping van predikante van tyd tot tyd iets bygevoeg wat later weer weggelaat is. Wat die hoofsaak betref het dit in kerke waar die Woord van God nog die grondslag vir die Kerkorde bly, egter basies dieselfde gebly. Die tyd het geleer dat die belang van die kerk vereis dat daar so min veranderinge as moontlik aan die Skriftuurlike gefundeerde Kerkorde gemaak moet word.

Dit is vanselfsprekend dat indien daar verander moet word, dit net deur 'n algemene sinode, waarin al die kerke verteenwoordig is, kan geskied. Indien 'n plaaslike kerk verandering noodsaaklik ag, moet dit langs die kerklike weg op 'n algemene sinode bewys word dat dit noodsaaklik is en wat die verandering moet wees. Eers as 'n algemene sinode die wysiging aangebring het, is dit wettig.

Die vraag ontstaan ten slotte of die Kerkorde na die letter onderhou moet word gesien die bewoording "hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou ...". Met die woorde word enersyds 'n formalistiese wettisisme en andersyds willekeur afgesny. 'n Plaaslike kerk is miskien ver verwyder van andere en herderloos. Onder die omstandighede kan nagmaal net twee keer per jaar gehou word in plaas van ten minste vier keer soos die Kerkorde bepaal. Omdat dit nie anders kan nie, sondig so 'n kerk nie in die afwykig nie. So kan, waar kerke min is, een meerdere vergadering die werk van die klassis en die partikuliere sinode doen. Sulke afwykinge moet egter noodsaaklik wees en ook as noodsaaklik deur die meerdere vergaderinge erken word. Die Kerkorde word dan nie verander nie, maar net plaaslike onder besondere omstandighede in beginsel nog wel

toegepas op 'n ander manier. Hoewel daar dus enersyds afwyking van die letter van die Kerkorde kan wees, mag daar andersyds weer nie teen die gees daarvan gehandel word nie. (Kyk F.L Bos, 1950, p.345).